

DIE LEWE EN WERK VAN WALTER BATTISS  
MET BESONDERE VERWYSING NA SY  
GRAFIESE KUNS

deur

MURRAY GEORGE SCHOONRAAD

Voorgelê ter vervulling van 'n deel van die  
vereistes vir die graad

MAGISTER ARTIUM

in die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte  
Universiteit van Pretoria  
Pretoria

JANUARIE 1974

Hierdie verhandeling is onderhewig aan regulasie G.35  
van die Universiteit van Pretoria en dit mag in geen  
vorm geheel of gedeeltelik gereproduseer word sonder  
skriftelike toestemming van hierdie Universiteit nie.

*OPGEDRA AAN MY VROU,  
ELZABÉ*

## INHOUDSOPGAWE

HOOFSTUK	Bladsy
INLEIDING EN DANKBETUIGING ... ..	1
VERKORTE CHRONOLOGIESE BIOGRAFIE VAN WALTER WHALL BATTISS ... ..	3
1 LEWENSOORSIG VAN WALTER BATTISS ... ..	6
1.1 <u>Inleiding</u> ... ..	6
1.2 <u>Herkoms van die naam Battiss en 'n kort geskiedenis van die voorouers van die kunstenaar</u> ... ..	7
1.3 <u>Kinderjare (1906-1924)</u> ... ..	10
1.4 <u>Rustenburg (1924-1929)</u> ... ..	19
1.5 <u>Johannesburg (1929-1936)</u> .. ..	27
1.6 <u>Pretoria (1936-1959)</u> ... ..	37
1.7 <u>Grahamstad (1959)</u> ... ..	68
1.8 <u>Pretoria</u> ... ..	71
1.8.1 <u>1960-1971</u> ... ..	71
1.8.2 <u>1971-</u> .. ..	76
2 WALTER BATTISS DIE MENS . ... ..	81
2.1 <u>Die bydrae van Walter Battiss tot die navorsing oor die prehistoriese kuns</u> ..	81
2.2 <u>Battiss as opvoeder</u> ... ..	90
2.2.1 <u>Onderwyser</u> ... ..	90
2.2.2 <u>Universiteitslektor</u> . ... ..	94
2.3 <u>Battiss se rol in kunsverenigingslewe</u> .	96
2.3.1 <u>Nuwe Groep</u> ... ..	96
2.3.2 <u>Art Club of "The South African Section of the International Art Club"</u> .. ..	109
2.3.3 <u>Suid-Afrikaanse Kunsvereniging (SAK)</u> ... ..	116

HOOFSTUK

Bladsy

2.3.4	<u>South African Council of Artists (SACA) — Suid-Afrikaanse Raad van Kunstenaars</u> ... ..	121
2.3.5	<u>Africa Council for Art</u> ... ..	123
2.4	<u>Buitelandse reise</u> ... ..	124
2.5	<u>Battiss se rol in die publieke lewe</u> ...	137
2.5.1	<u>Aankoop van Utrillo-skildery deur die Johannesburgse Kunsmuseum</u> ...	137
2.5.2	<u>Pierneef-panele op die Johannesburgse Spoorwegstasie</u> ... ..	139
2.5.3	<u>Verwydering van die Kottler-beeld van die Bevolkingsregistergebou te Pretoria</u> ... ..	141
2.5.4	<u>Uitstalling van internasionale grafiese kuns - Johannesburg</u> ...	142
2.5.5	<u>Battiss se mening oor sekere openbare aangeleenthede</u> ... ..	146
2.5.6	<u>Beoordelaar van kunskompetisies</u> .	152
2.5.7	<u>Stryd teen sensorskap in Suid-Afrika</u> .. ... ..	154
2.5.8	<u>Lesings en radio-praatjies</u> ...	161
3	'N KORT SAMEVATTING VAN DIE GESKIEDENIS VAN DIE GRAFIESE KUNS . ... ..	162
4	DIE GRAFIESE MEDIA WAARIN WALTER BATTISS GEWERK HET . ... ..	171
4.1	<u>Inleiding</u> ... ..	171
4.2	<u>Houtsnee</u> ... ..	173
4.3	<u>Houtgraving</u> . ... ..	180
4.4	<u>Linosee</u> ... ..	184
4.5	<u>Ets en verwante diepdrukprosesse</u> ...	188
4.6	<u>Litografie</u> ... ..	191

HOOFSTUK	Bladsy
4.7 <u>Monotipe</u> ... ..	193
4.8 <u>Syskermdruk</u> ... ..	195
4.9 <u>Fotografie</u> . ... ..	202
4.10 <u>Illustrasies</u> ... ..	204
4.11 <u>Tekstielontwerp</u> .. ...	208
5 WALTER BATTISS AS GRAFIESE KUNSTENAAR ...	210
5.1 <u>Bydrae van Walter Battiss tot die grafiese kuns in Suid-Afrika</u> ... ..	210
5.2 <u>Gevolgtrekking</u> ... ..	212
6 UITSTALLINGS, MUSEUMS EN OPENBARE VERSAMELINGS WAARIN WERKE VAN BATTISS VERTOON IS	216
6.1 <u>Uitstallings</u> ... ..	216
6.1.1 <u>Inleiding</u> ... ..	216
6.1.2 <u>Lys van uitstallings waaraan Walter Battiss deelgeneem het</u> .	221
6.2 <u>Galerye en museums waarin werk van Walter Battiss verteenwoordig is</u> ...	234
6.3 <u>Openbare versamelings waarin werk van Walter Battiss verteenwoordig is</u> ...	235
6.4 <u>Muurpaneel in openbare geboue</u> ...	235
BEKRONINGS EN TOEKENNINGS ... ..	238
BATTISS STAMBOOM ... ..	240
WALTER WHALL BATTISS : BIBLIOGRAFIE ...	241
<u>PUBLIKASIES DEUR WALTER BATTISS</u> .. ...	241-(i)
<u>Boeke deur Walter Battiss</u> ... ..	241-(i)
<u>Tydskrifartikels en vooroorde tot katalogusse deur Walter Battiss</u> ...	241-(iii)

HOOFSTUK	Bladsy
<u>Koerantartikels</u> deur Walter Battiss	241-(ix)
<u>VERWYSINGS NA WALTER BATTISS IN PUBLIKASIES</u>	241-(xiii)
<u>Boeke</u> ... ..	241-(xiii)
<u>Ongepubliseerde verhandelings en proef=</u> <u>skrifte</u> . ... ..	241-(xv)
<u>Tydskrifartikels</u> ... ..	241-(xvi)
<u>Koerantartikels</u> ... ..	241-(xxvii)
ADDENDA EN ERRATA . ... ..	241-(lxvii)
LITERATUURLYS ... ..	242
BYLAE . ... ..	246
OPSOMMING ... ..	306
SUMMARY ... ..	308

---

Katalogus van grafiese werk van Walter Battiss: Beskikbaar by die Kunsargief, Departement Kunsgeskiedenis en Beeldende Kunste, aan die Universiteit van Pretoria.

## INLEIDING

Op 12 Mei 1973 het Walter Whall Battiss een van die weinige Suid-Afrikaanse kunstenaars geword om 'n ere-doktorsgraad aan 'n Suid-Afrikaanse Universiteit te ontvang. Die Universiteit van Suid-Afrika het aan hom die D. Litt. et Phil. (honoris causa) toegeken vir sy uitstaande bydrae tot kuns in Suid-Afrika.

Dit is derhalwe paslik dat gegewens wat gedurende die afgelope 25 jaar oor die lewe en werk van hierdie kunstenaar versamel is, geboekstaaf word. Dit was egter van die staanspoor af duidelik dat dit 'n onbegonne taak sou wees om binne die bestek van 'n M.A.-verhandeling reg te laat geskied aan elke aspek van die werk van hierdie grootse Suid-Afrikaanse kunstenaar. Daar is derhalwe besluit om hierdie studie te beperk tot 'n breedvoerige verslag oor die lewe van die kunstenaar, waarin die verskillende invloede op al die aspekte van sy kuns nou verweef is; om die bydrae wat hy as persoon tot die kunslewe in ons land gemaak het bekend te stel; en om 'n enkele aspek van sy kuns waarin hy uitmuntende werk gelewer het, naamlik sy grafiese kuns, van nader te bekyk.

Hierdie studie is ook onderneem met die doel om leemtes wat daar in die bestaande kennis van die lewe en werk van Suid-Afrikaanse kunstenaars in die algemeen bestaan, aan te vul. Hierdeur sluit die studie aan by die werk wat in die Departement Kunsgeskiedenis en Beeldende Kunste van die Universiteit van Pretoria gedurende die afgelope twee dekades oor die lewe en werk van Suid-Afrikaanse kunstenaars gedoen is. In 1963 het mnr. Laurence Scully, as deel van hierdie projek, 'n M.A.-verhandeling met die titel The life and art of Walter Battiss, voltooi. Sedertdien het reeds tien jaar verloop waarin hierdie kunstenaar 'n verdere vername bydrae tot Suid-Afrikaanse kuns gelewer het wat verdere studie geregverdig het. In hierdie opsig behoort veral die bibliografie; inligting aangaande Battiss se bydrae tot

die studie van die prehistoriese kuns in Suid-Afrika, tot die Suid-Afrikaanse kunsverenigingslewe, en tot die kuns in die twintiger en dertiger jare; asook die evaluering van sy grafiese kuns wat in hierdie studie vervat is, 'n bydrae te lewer.

Walter Battiss hou geen rekord van gebeurtenisse in sy lewe nie en dateer sy kunswerke uiters selde. Biografiese gegewens is derhalwe verkry uit publikasies vervat in die saamgestelde bibliografie, uit talle onderhoude met verskeie persone en die stelselmatige versameling van inligting deur die jare. Die datums van meeste van die kunswerke is afgelei van die wyse van hantering van die onderwerp en die medium. Waar die name van kunswerke in hierdie studie in Engels aangegee is, is hulle deur Battiss self op die oorspronklike werke geskryf.

Briefwisseling word in die voetnota's deur die naam van die skrywer, 'n aandagstreep, die naam van die ontvanger en die datum, in hierdie volgorde, aangedui.

#### DANKBETUIGING

Vir die vriendelike hulp wat ek van die volgende persone en instansies by die versameling van materiaal ontvang het wil ek graag my innige dank uitspreek: prof. en mev. Walter Battiss vir hul gewaardeerde vriendskap wat oor baie jare strek; mev. Doreen Eaton (gebore Battiss) vir inligting in verband met die geskiedenis van die Battiss familie en samestelling van die Battiss stamboom; mnr. Alfred Battiss vir diverse inligting, mnr. W. Domanski vir die beskikbaarstelling van korrespondensie; mnr. L. Bennet vir die nagaan van die transkripsie van onderhoude wat in Engels gevoer is, en alle kunsmuseums, kunstgalerie en privaat versamelaars wat hulle gegewens so gereedelik tot my beskikking gestel het.

My besondere dank en waardering gaan aan my vrou, Elzabé, wat my in alle stadia van hierdie projek ondersteun en bygestaan het. Hierdie verhandeling het tot stand gekom onder leiding van professor F.G.E. Nilant.



VERKORTE CHRONOLOGIESE BIOGRAFIE VAN WALTER WHALL BATTISS

- 1906 Walter Whall Battiss gebore te Somerset-Oos, Kaapprovinsie op 6 Januarie 1906.  
Eerste skoolopleiding aan Gill College, Somerset-Oos.
- 1917 Die Battiss-gesin verhuis na Koffiefontein, O.V.S.  
As seuntjie word die eerste rotsgravures aan Walter Battiss gewys deur William Fowler, naby Koffiefontein.
- 1920 Battiss-gesin verhuis na Fauresmith, O.V.S.
- 1922 Battiss verkoop sy eerste skildery aan dr. N.C. Havenga, latere Minister van Finansies, vir £1.1.0. Waterverf 24,2 cm X 17,8 cm.
- 1923 Lê die matriekeksamen aan die Fauresmithse Hoërskool af en begin in 'n bank werk.
- 1924 Aanvaar 'n betrekking in die Landdroskantoor te Rustenburg. Gedurende sy verblyf op Rustenburg ontmoet Battiss en raak bevriend met die kunstenaar Erich Mayer.
- 1925 Eerste artikel "That Archie" in die Rustenburg Heraut gepubliseer.
- 1927 Augustus: Eerste eenman-kunsuitstalling in die Masonic-saal te Rustenburg.  
Desember: Ontvang sy eerste formele kunsonderrig vir twaalf dae aan die Johannesburgse Kunsskool.
- 1929 Word na die Hooggeregshof in Johannesburg verplaas.  
Woon saans kunsklasse aan die Kunsskool van die Witwatersrandse Tegniese Kollege by en skryf vir 'n aantal vakke vir die BA-graad in aan die Universiteit van die Witwatersrand.
- 1930 Studeer voltyds aan die Johannesburg Teachers' Training  
-1932 College en Universiteit van die Witwatersrand, waarna hy 'n Onderwysdiploma verwerf.
- 1933 Begin op 17 Januarie sy loopbaan as onderwyser by Park School in Turffontein, Johannesburg.  
April: Sien die eerste keer rotsskilderinge op die plaas van die LeRoux's, Molopodraai, O.V.S.
- 1936 Word na die Pretoria Boys' High School gesekondeer as kunsonderwyser en begin in alle erns sy studie van die rotskuns.
- 1938 Mede-stigter van die Nuwe Groep.  
Onderneem sy eerste reis na Europa waar hy onder andere Van Gogh se werkplek in Frankryk besoek en die Abbé H. Breuil ontmoet.
- 1939 Battiss se eerste boek oor die rotskuns The Amazing Bushman, verskyn.

- 1940 12 Maart: Tree in die huwelik met die kunstenaress Grace Anderson.  
Gaan woon in Giotto's Hill, 20ste straat, Menlopark, Pretoria.  
Behaal die BA (Skone Kuns)-graad aan die Universiteit van Suid-Afrika.
- 1942 Doen aktief mee aan die oorlogspoging.  
-1943
- 1944 Hou 'n uitstalling van sy kopieë van rotskuns in Johannesburg.
- 1948 Publiseer The Artists of the Rocks.  
Besoek die Namibwoestyn en jag saam met die Boesmans.  
Ontvang 'n brons medalje en diploma vir kuns op die 14de Internasionale Olimpiade-uitstalling: Victoria and Albert Museum, Londen.  
Stigting van die tydskrif Aurora van die Suid-Afrikaanse Kunsvereniging, Noord-Transvaalse tak, met Battiss as eerste redakteur.
- 1949 Stigter, International Art Club - South Africa.  
Neem Suid-Afrika se bydrae tot die International Art Club-uitstalling na Turyn.  
April: Ontmoet Picasso in Parys.  
Eerste gekose voorsitter, Suid-Afrikaanse Kunsvereniging, Noord-Transvaalse tak.
- 1950 Gee 'n reeks lesings by die Lenteskool, Tzaneen, Transvaal oor Suid-Afrikaanse kuns.  
Julie: Verteenwoordig, saam met ander kunstenaars, vir die eerste keer Suid-Afrika op die Biennale in Venesië.
- 1951 Publiseer Fragments of Africa.  
Doen navorsing oor die rotsskilderinge van die Limpopovallei en Rhodesië in samewerking met die skrywer.
- 1952 21 en 28 Februarie en 6 Maart: Gee 'n reeks van drie lesings oor Suid-Afrikaanse kuns aan die Universiteit van Londen.
- 1953 Stigter en verkies tot eerste president van die South African Council of Artists.  
Hoof, Kunssentrum, Pretoria.
- 1954 2-19 Julie, Lourenco Marques: Eerste eenman-uitstalling buite die grense van Suid-Afrika.  
September: Besoek Europa. Verteenwoordig die Unie van Suid-Afrika op die First International Art Congress, Venesië.  
Dien op die uitvoerende komitee van die International Association of Plastic Arts, Unesco (1954-1958).  
Verkies as Fellow of the Royal Society of Arts, Londen.
- 1956 Junie-Julie: Besoek Europa.  
Stal uit by die Imperial Institute, Londen - eerste eenman-uitstalling in Europa.  
Ontvang die Pro Arte-medalje van die Universiteit van Pretoria.
- 1958 Keer terug na Pretoria Boys' High School as kunsonderwyser.

- 1959 Werk aan die muurskilderinge vir die Transvaalse Provinsiale Administrasie-gebou, Pretoria, neem 'n aanvang.  
1 Julie: Aanvaar die pos as professor in Skone Kuns, Rhodes Universiteit.
- 1960 Januarie: Keer terug na Pretoria Boys' High School.  
25 Mei: Word verkies as Fellow of the International Institute of Arts and Letters.
- 1961 Julie: Besoek Tanzanië.  
Besoek die Midde-Ooste en onder andere Bagdad, Persië en Arabië.
- 1963 Julie: Besoek Engeland en Europa.
- 1964 Ontvang die Erepennig vir Skilderkuns van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns.  
Julie: Besoek die Bajun-eilandgroep aan die Ooskus van Afrika.  
November: Word aangestel as professor in Beeldende Kunste aan die Universiteit van Suid-Afrika.
- 1965 Maart: Word verkies as Erelid van die Akademie van Florence deur die Kollege van Professors, Florence.  
April: Besoek die Hadramut, Suid-Arabië.  
Desember: Besoek Jordanië.  
Eerste uitgawe van De Arte verskyn.
- 1966 Besoek Griekeland in Desember.
- 1967 Augustus: Besoek 16 Griekse eilande.  
Bring besoek aan Daniel Spoerle.
- 1968 Besoek Griekse eilande.  
Nesos verskyn.  
Sluiting van Internasionale Grafiese uitstalling, Johannesburg.
- 1969 Op uitnodiging van die Deutscher Akademischer Austauschdienst besoek Duitsland en ander Europese lande.  
Ontmoet Josef Kroll en doen sykermdrukke saam met hom.  
In Londen werk hy saam met Chris Betambeau aan sykermdrukke.  
November: Nasionale Filmraad maak 'n film oor vier Suid-Afrikaanse kunstenaars, onder andere oor die werk van Walter Battiss.
- 1970 Stig saam met Cecil Skotnes die Africa Council for Art.  
Voltooi muurpaneel vir Standard Bank-gebou.
- 1971 Besoek Spanje en Londen.  
15 Oktober: Spesiale uitgawe van De Arte word aan Battiss aangebied.  
Desember: Tree af as professor aan die Universiteit van Suid-Afrika.
- 1972 Bring twee besoeke aan die Seychelles-eilande asook 'n besoek aan Europa.
- 1973 Mei: Ontvang D.Litt.et Phil. (honoris causa) van die Universiteit van Suid-Afrika.  
Besoek Londen.

## HOOFSTUK 1.

### LEWENSOORSIG VAN WALTER BATTISS.

#### 1.1 Inleiding.

"My father was a waterfall, my mother a butterfly" sê Walter Battiss.<sup>1)</sup> Hierdie stelling simboliseer in wese Battiss se kuns. Die waterval is die stortvloed van idees wat voortdurend uit sy kuns vloei en die skoenlapper tipeer die ewige soek na nuwe uitdrukkingsmoontlikhede. Walter Battiss is 'n dinamiese en tegelykertyd vrolike ontdekkingsreisiger in die Suid-Afrikaanse beeldende kuns. Hy is altyd op pad êrens heen, nooit staties of stagnant nie. Die visuele resultaat wat hy verkry is 'n weerspieëling van sy besondere kunstalent, gekoppel aan sy lewenskragtige persoonlikheid asook die klaarblyklike genot wat die beoefening van sy kuns hom verskaf.

Alhoewel Battiss se kunswerke dikwels verbeeldingsvlugte in ruimte en tyd is, of eksotiese fantasieë, is hulle nogtans gebaseer op studies van die werklikheid en is dit vir hom noodsaaklik om keer op keer na die natuur, waaruit hy die temas vir sy werk put, terug te keer.

Die uitstaande eienskappe van Walter Battiss se persoonlikheid wat ek gedurende die afgelope 25 jaar leer ken en waardeer het, is sy intense, nooit verveelde belangstelling in die lewe; sy menslikheid; sy diep meegevoel met sy medekunstenaars; sy poëtiese siening van die natuurskoon en boweal sy onvermoeide werkywer.<sup>2)</sup>

- 
- 1) Battiss, W: Limpopo, p.5. Die waterval verwys hier na die Glen Avonwaterval op die plaas Glen Avon, Somerset-Oos-distrik (sien afbeelding). Aangesien die Battissgesin dikwels verhuis het (elf keer in Fauresmith alleen) simboliseer die skoenlapper vir Walter Battiss sy moeder se rusteloosheid. (Onderhoud met Walter Battiss 23 Augustus 1963.)
  - 2). Schoonraad, Murray: Walter Whall Battiss. De Arte, 10, Oktober 1971, p.15. Daar het 'n drukfout by hierdie artikel ingesluip. Die korrekte spelling van Walter Battiss se tweede naam is WHALL. Die naam Whall is afkomstig van sy ouma in Londen.

Hierdie studie behels hoofsaaklik die grafiese kuns van Walter Battiss maar dek ook die persoon en persoonlike lewe van die kunstenaar. Battiss se lewensgeskiedenis hang, net soos dié van Vincent van Gogh en Paul Gauguin<sup>3)</sup>, baie intiem saam met die ontwikkeling van sy kuns, sodat dit onmoontlik is om die twee van mekaar te skei. Battiss self beskou kuns as 'n nuwe-produk van die lewe.<sup>4)</sup> As hierdie stelling van kuns in die algemeen waar is, is dit sekerlik waar van die kuns van Walter Battiss. Battiss lewe sy kuns.<sup>5)</sup>

## 1.2 Herkoms van die naam Battiss en 'n kort geskiedenis van die voorouers van die kunstenaar

Die naam Battiss is suiwer ou-Engels. Dit is oorspronklik as Baetti gespel. Die naam het geen besondere betekenis gehad nie en kan nie in moderne Engels vertaal word nie. Die etimoloog G.G. Wood vermeld oor die naam dat "When the settlement of the Anglo-Saxons commenced in England in 450 AD after the departure of the Roman garrisons, the Beattis were among the first to arrive and they took up land in East Anglia. The area of farm land they acquired was divided by a small river which was easy to cross so the Old English word of Ford was added, thus making it substantial and the area was known as Beteforda. They appear to have dwelt and prospered there for at least six

---

3) Rewald, John: Post-Impressionism, 1962

4) Bokhorst, M: Voorwoord in Chait, Thelma: Hello up there.

5) In die jongste tyd verf Battiss sy skoene in verskillende kleure met akriliese verf. Battiss beskou dit as deel van die uitlewing van sy kuns. Hy vertoon ook onder andere grafiti op die sinkmure van 'n bushalte-afdak op een van sy uitstallings (sien ook Hoofstuk 6.1 Uitstallings: Pretoria, Ou Nederlandse Bank-gebou 27 Nov. - 9 Des., 1967. Pretoria, Ou Nederlandse Bank-gebou 30 Okt. - 11 November, 1972).

hundred years. When the "Doomsday Book" was compiled in 1086 they were entered as Betesfort and in the Feet of Fines of 1191 and the Pipe Rolls of 1242 it was listed as Batesford and it was finalised as Battisford. It is to be found in Suffolk and it is there at the present time. When surnames began to be used early in the 12th century they adhered to their original appellation and never used the suffix of Ford."<sup>6)</sup>

Battiss beweer dat sy voorouers van Normandië na Engeland gegaan het toe die Hugenote uit Frankryk gevlug het, maar hy verwys na geen bron waaruit hy sy inligting verkry het nie.<sup>7)</sup>

Walter Battiss se grootoupa, John Battiss het as lid van die 72nd Royal Engineers<sup>8)</sup> vir Lord Charles Somerset forte in die Oostelike Kaapprovinsie gebou, asook meegehelp aan die aanplant van 'n laning eikebome in Somerset-Oos. Hierdie laning bestaan vandag nog.<sup>9)</sup> John Battiss is in 1828 getroud met Sarah Hartley (1808-1872), 'n suster van die bekende grootwildjagter en avonturier Henry Hartley (1815-1876), vriend van Thomas Baines (1820-1875).<sup>10)</sup>

Henry Hartley word uitgebeeld in verskeie van Baines se skilderye.<sup>11)</sup> Hy was die ontdekker van die goudvelde

- 
- 6) G.G. Wood, Etymologist, London. Ongedateerde brief.
  - 7) Battiss, W: t.a.p., p.5.
  - 8) Doreen Eaton (geb. Battiss) - Schoonraad, 6 Augustus 1973. Morse Jones, E: Roll of the British Settlers in South Africa. Part I up to 1826 en Hockly, H.E: The Story of the British Settlers of 1820 in South Africa noem nie John Battiss as lid van die 72nd Royal Engineers nie, en dit is waarskynlik 'n familie-oorlewering.
  - 9) Sien afbeelding, 1971.
  - 10) Chaplin, A.J: Henry Hartley, Pioneer and Hunter. African Monthly, vol. 3, 1907 pp.243-248; Turner, R.W.S: Henry Hartley 1815-1876. Rhodesiana, Publication no. 12, September 1965; Sien ook Battiss Stamboom.
  - 11) Souvenir Catalogue of the Thomas Baines Exhibition. 14 Mei - 17 Julie 1960 Rhodes National Gallery.

van Tati.<sup>12)</sup> Die Hartley-familie was 1820-settelaars.

Walter Battiss se oupa, John Hartley Battiss (1836-1914) het meegehelp aan die bou van die stadsaal en N.G. Kerk in Somerset-Oos.<sup>13)</sup> Hy was die tweede oudste van sestien kinders.<sup>14)</sup>

Van sy familie van moederskant sê Battiss: "My mother<sup>15)</sup> came out with "Uncle George" Webster in 1902 from London and was first at Middleton and then in Somerset East. This side of the family is related to the 1820 Settlers. My mothers' brother Alfred Price, was an artist and an outstanding student at the Royal Academy Schools. Later, as hack work, he designed costumes for Chu-Chin Chow. Another member of the family was a French uncle, Uncle Alias, who was a costumier, under Royal Patronage. Charles Alias has been described as a great genius in the creation of fantastic costumes and head-dresses, even greater than the famous Clarkson in these fanciful creations. A. Nathan writes: "The Alias reproduction of the designs by Picasso for the Three-cornered Hat are some of the loveliest we have.

---

12) Walter Battiss het so 'n bewondering vir Henry Hartley, dat hy 'n pentekening (sien afbeelding 1970), van hom gemaak het na 'n foto in Hockly, H.E.: The Story of the 1820 Settlers - Hy het my opdrag gegee om die graf van Henry Hartley in Wes-Transvaal te soek. Dit het geblyk op die plaas New Thorndale te lê. 'n Gedeelte van hierdie plaas behoort nog aan 'n agterkleinkind van H. Hartley, nl. mnr. Adrian Hartley.

13) Hierdie feite is persoonlik op Somerset-Oos in Januarie 1971 bevestig. In die Stadsklerk se kantoor hang een van die geraamde dokumente teen die muur.

14) Battiss, W: t.a.p., p.5

15) Battiss, W: t.a.p., p.5 "In 1902, my mother, who was told by her London doctor that she was dying and must certainly have no children, came to South Africa with Uncle George Webster of Middleton, Eastern Province. The Websters were 1820 Settler stock. Uncle George and my mother travelled in the first motor car seen in the Eastern Province in 1902."

Alfred Price was killed in the first World War in Flanders in 1917."<sup>16)</sup>

### 1.3 Kinderjare (1906-1924)

Walter Battiss is op 6 Januarie 1906 te Somerset-Oos gebore. Hy beskryf die dag van sy geboorte skertsend: "I was born in Somerset East, Cape Province, on Saturday, the sixth of January, 1906, at ten to eight in the morning while the doctor and my father had stolen off for a quick round of golf."<sup>17)</sup>

Battiss se geboortedorp lê aan die voet van die dig begroeide Boschberg in die Karoo en hierdie is die omgewing waar hy sy eerste indrukke van die natuur gekry het. Tydens 'n gesamentlike besoek van Battiss en die skrywer in Januarie 1971 aan hierdie streek het baie herinnerings vir Battiss na vore gekom. Hy vertel dat hy sy jeugjare met bergklim, uitkamp, maar ook met skets en skilder verwyd het. By Glen Avon in die Boschberg is die pragtige 300 voet hoë waterval wat Battiss aan sy vader herinner en waaroor hy onlangs soos volg skryf: "There was a great waterfall that shot like a White Roc's tail over a red krantz studded with flowering aloes into a pool of great beauty. The valley below in which I wandered was shaded from the burning sun by the tallest yellow wood trees. Here Bokmakiri's sang their liquid duets. Above the high rooikrantz baboons barked. Nature split herself with green beauties and flowering plumbago and wild chestnuts so that I walked along mountain paths alone in a paradise of scents and crushed odours."<sup>18)</sup>

Die natuur het van jongs af 'n sterk invloed op Battiss uitgeoefen en hy was altyd intens bewus van sy omgewing.

---

16) Scully, L: The Life and Art of Walter Battiss. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1963, p. 5.

17) Battiss, W: t.a.p., p. 5

18) Battiss, W: Skriftelike mededeling, 1973.



Sy eerste lewensherinnering is dan ook 'n ligte aardskok en die verskyning van Halley se komeet in 1910.<sup>19)</sup>

Sy ontluiking as kunstenaar het nou saamgehang met hierdie bewustheid van sy omgewing. Hy vertel die volgende verhaal om te verduidelik hoe hy waarskynlik sy kunstenaarsloopbaan begin het:

Battiss se moeder was een aand besig om hom met die alfabet touwys te maak. Onder haar toesig het dit goed met die A en B gegaan en hulle het die stereotipe vorms aangeneem, maar die dansende kersvlam het die vierjarige seuntjie al hoe meer betower. Toe hy die C moes aandurf, kon hy sy entoesiasme nie langer beteuel nie en hy het die druppende kers en die mot wat om die vlam dartel, langs die konvensionele A en B geteken.<sup>20)</sup> Van dié dag was dit vir hom 'n uitgemaakte saak dat hy 'n loopbaan as kunstenaar wou volg en hy het dit dan ook so aan sy moeder gestel.<sup>21)</sup> Hy onthou dat hy reeds op sesjarige leeftyd 'n sketsboek vol geteken het. Hy beken self: "I was art crazy."<sup>22)</sup> Sy moeder het van jongs af 'n positiewe en aanmoedigende houding teenoor sy kunsneigings ingeneem en Battiss voel dat hy sy talent van sy moeder geërf het.<sup>23)</sup>

Battiss se vader<sup>24)</sup>, daarenteen, was minder simpatiek. Hy was sportmal<sup>25)</sup>, veral oor fietsry en rugby. Hy het 'n fietswinkel in Somerset-Oos gehad en het dikwels aan fietswedrenne deelgeneem waarvoor hy meer as 'n honderd pryse losgeslaan het.<sup>26)</sup> Battiss het sy vader vir hierdie uitermate

---

19) Battiss, W: Limpopo, p.5.

20) Schoonraad, Murray: t.a.p., p. 15.

21) Battiss, W: Persoonlike mededeling, 1957.

22) Battiss, W: t.a.p., p.5.

23) Pols, I.V: Die uitbeelding van die dier van die veld in die Suid-Afrikaanse Skilder-kuns. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1959, p.82.

24) Walter Battiss, 1879-1963.

25) Battiss, W: t.a.p., p.5.

26) Scully, L: t.a.p., p.5.

sportentosiasme verkwalik: "At the age of six I found it easy for my father and the waterfall to be one and the same manifestation of paternal energy... Later he grew up to be a champion cyclist, moving as fast as the waterfall."<sup>27)</sup>  
"My father could see nothing in art for me."<sup>28)</sup>

Die Battiss-familie het later die eienaars van die "Battiss Temperance Hotel" in Somerset-Oos geword. Op nege-jarige leeftyd het die seun reeds die hotelgaste met sy tekentalent verstom. Vir homself was dit egter 'n spontane uiting en genot en hy was eintlik verbaas oor die bohaai wat daarvoor gemaak is. Hy kon self net nie begryp waarom alle ander mense nie ook gesit en teken het nie. Sy laerskoolopleiding het hy aan Gill College, Somerset-Oos ontvang. In 1917<sup>29)</sup> het die familie na Koffiefontein getrek waar Battiss se vader 'n pos as boekhouer vir die firma Jones & Hallatt's aanvaar het. In die omgewing van Koffiefontein kom 'n rykdom vindplekke van prehistoriese petrogliewe voor. Volgens 'n opname wat in 1952 deur prof. C. van Riet Lowe gemaak is<sup>30)</sup> is daar in die Fauresmith-Koffiefontein omgewing nie minder nie as 27 plase waarop petrogliewe voorkom. Veral die fynlynpetrogliewe is hier volop verteenwoordig. Hulle is van die beste voorbeelde van hierdie kunsvorm wat in Suid-Afrika aangetref word. Dit verwek nouliks verwondering dat hierdie petrogliewe al spoedig die jong Battiss se aandag getrek het. Hy het bevriend geraak met 'n plaaslike ingenieur, William Fowler<sup>31)</sup> en het dikwels saam met hom langs die Rietrivier rondgestap en petrogliewe gesoek.

---

27) Battiss, W: t.a.p., pp.5-7.

28) Battiss, W: Skriftelike mededeling, 1970.

29) Eaton, Doreen - Schoonraad, 6 Augustus 1973. Scully, L: t.a.p., p.73 en Schoonraad, M., t.a.p., p.42, beweer dat die verhuisingsdatum 1915 was, maar dit is onjuis.

30) Lowe, C. van Riet: Die verspreiding van voorhistoriese rotsgravures en- skilderye in Suid-Afrika, p.47.

31) Fowler se stokperdjie was die opspoor van petrogliewe in die Fauresmith-distrik.

In 1920<sup>32)</sup> het die familie weer eens verhuis, hierdie keer na Fauresmith. Hier het Battiss op 16-jarige leeftyd sy eerste kunsopdrag ontvang wat sy loopbaan as professionele kunstenaar ingelui het. Die opdrag het van dr. N.C. Havenga gekom, lid van die Volksraad, latere minister van Finansies en destydse prokureur van die firma Olivier en Havenga op Fauresmith.<sup>33)</sup> Hy het Battiss versoek om sy huis vir sy vrou as verjaardaggeskenk te skilder. As vergoeding hiervoor het Battiss £1-1-0 in kontant ontvang en baie ingenomenheid.<sup>34)</sup> As Battiss se ouderdom in ag geneem word, is die uitvoering van hierdie waterverfskildery 'n merkwaardige prestasie. Battiss self beweer dat hy in hierdie tydperk reeds kunskompetisies onder andere in die Farmer's Weekly gewen het. Hiervan kon egter geen bevestiging gevind word nie.

In Fauresmith loop die treinspoor in die hoofstraat tot dit met 'n skerp draai stasie toe swaai. Die Battiss-familie se huis het op die draai gestaan en hul tuinhek het deels oor die spoor ooggemaak. Battiss onthou nog die stasiemeester se boodskappe dat hulle die hek moes toemaak sodat die trein kon verbystoom.<sup>35)</sup>

Battiss se jeugherinneringe aan Fauresmith het hom tot so 'n mate beïnvloed dat hy nie minder nie as drie werke

- 
- 32) Doreen Eaton - Schoonraad, 6 Augustus 1973. Scully, L: t.a.p., p.73, Schoonraad, M:, t.a.p., p.42, en Battiss, W:, t.a.p., p. 5 beweer verkeerdelik dat hierdie verhuising in 1917 plaasgevind het.
- 33) Holloway, J.E: Havenga, N.C. in SESA vol. 5, pp.450-452.
- 34) Hierdie skildery is aan familielede van dr. Havenga nagelaat en na baie briefwisseling en persoonlike besoeke is dit in 1965 in Bloemfontein by die huidige eienaars opgespoor. Walter Battiss het die volgende agterop 'n foto daarvan (sien afbeelding, Oktober 1922) geskryf: "Klasie Havenga, Minister of Finance, sent me a cheque of 1 guinea and I was thrilled. My father and mother said. "You are now a professional!" 6.5.1970.
- 35) Sien afbeelding, 1963.

gemaak het van die aankoms van die trein op Fauresmith.<sup>36)</sup>

Na aflegging van sy matriekeksamen in 1923, was Battiss vir 'n aantal maande in 'n bank op Fauresmith werksaam<sup>37)</sup> voordat hy 'n aanstelling in die Landdroshof op Rustenburg aanvaar het. Daar is tot in besonderhede op die lewensgebeure in die kinderjare<sup>38)</sup> van die kunstenaar ingegaan in 'n poging om hierin 'n aansluiting te vind met sy skeppingsdrang, asook met sy latere betrokkenheid met die natuur en die Afrika-tema. Soos reeds genoem is, is hy 'n kind van die platteland en sy gebondenheid aan en liefde vir die natuur is aangewakker deur wandelinge in die veld, dikwels saam met sy vader. Sy gehegtheid aan die Afrika-tema wat veral spruit uit die rotskuns, lê meer gesetel in sy verbintenis met William Fowler aan wie hy trouens sy boek The Artists of the Rocks opgedra het.<sup>39)</sup> "As a boy William Fowler led me by the hand to the ancient stones and only very much later did I realise how my creative subconscious had been affected by this revelation of early art."<sup>40)</sup>

Daar is relatief min navorsing oor die sosio-kulturele milieu gedurende die kinderjare en die invloed van hierdie

- 
- 36) a. Battiss, W.W: Some curiosities of South African villages and towns, The Star, 16 March 1935. Illustrasie, pentekening. Sien afbeelding 1935.  
b. W.W. Battiss. Fauresmith, pentekening, geen datum. Sien afbeelding.  
c. W. Battiss. Fauresmith O.F.S. R.L. Esson-kalender, litografie, c. 1950. Sien afbeelding.
- 37) Schoonraad, Murray: t.a.p., p.18.
- 38) Storr, Anthony: Jung, p.43. "The 'object-relations' school of analysts refer to 'internal objects' which are presumed to be images of parents and other significant figures, derived from the infant's earliest experience, 'introjected', that is, enshrined within the psyche, and influencing all his subsequent experience of actual people in the external world."
- 39) Battiss dra die boek The Artists of the Rocks, Pretoria: Red Fawn Press, 1948, aan William Fowler met dié woorde op: This book is dedicated to William Fowler of Koffiefontein, my first mentor, whose directive vision early stirred me to seek the Ultima Thule of the past.
- 40) Battiss, W: Skriftelike mededeling, 1973.

jare op die kreatiewe ontplooiing van die kind in die algemeen, gedoen. Die skrywers Torrance<sup>41)</sup> Frandsen<sup>42)</sup> en Krippner<sup>43)</sup> beweer nogtans dat, indien kinders reeds op 'n vroeë leeftyd bewus gemaak word van hulle kreatiewe potensiaaliteit, hulle 'n groter kans het om hierdie skeppingsmoontlikheid werklikheid te laat word. Hierdie outeurs wys daarop dat 'n groot aantal kreatiewe begaafde mense uit oerhuise kom waar hulle die geleentheid gehad het en ook aangemoedig is om kreatief te werk of te speel en so tot die gewaarwording gekom het dat hulle potensieel skeppend is.

Frandsen<sup>44)</sup> verwys na die komponis Wolfgang Amadeus Mozart (1756-1791) wat in sy voorskoolse jare deur sy vader onderrig is en deur die ander lede van die gesin in sy musiek aangemoedig is. Van sy heel vroegste jare het hy saam met musici verkeer, gewerk, geoefen en gespeel en was daar 'n wisselwerking van gedagtes. Mozart is dus die geleentheid vir werklike skeppende prestasie gebied.

In 'n studie oor die kreatiwiteitsverskynsel by 'n argitek, 'n fisikus, 'n letterkundige en 'n skilder, meld Groenewald<sup>45)</sup>: "Vir S.<sup>46)</sup> was skilder uit huis uit 'n natuurlike iets. Sy oom was 'n skilder en hy het toegang tot sy boeke en skilderye gehad en sy moeder het hom in sy skilderwerk aangemoedig. Ook het hy baie in fotografie belanggestel en foto's vir die

- 
- 41) Torrance, E.P: Nurture of creative talents. Theory into practice, p.169; Torrance, E.P: Must creative development be left to chance? Creativity : its educational implications, p. 96.
- 42) Frandsen, A.N: Educational psychology - the principles of learning in teaching, p. 184.
- 43) Krippner, S: Characteristics of gifted children, Education, p.16.
- 44) Frandsen, A.N: t.a.p., p.184.
- 45) Groenewald, F.P: 'n Deurskouing van enkele aspekte van die kreatiwiteitsverskynsel. Ongepubliseerde M.Ed. - verhandeling. Universiteit van Suid-Afrika, 1970, p.140.
- 46) S. staan vir Walter Battiss (meegedeel deur F.P. Groenewald).

skool geneem."<sup>47)</sup>

Hieruit blyk dit dus dat Battiss se skeppingspotensiaal ook in sy kinderjare volkome geleentheid tot ontplooiing gehad het. Hy self beweer dat sy kunstalent van moederskant geërf is, en hy het as kunstenaar waarskynlik vinnig ontwikkel as gevolg van die ondersteuning en aanmoediging wat van jongs af daar was.

Dauw<sup>48)</sup>, in sy ondersoek, lê nadruk op die belangrikheid van 'n goeie sosio-kulturele huismilieu. Hy beweer dat kinders uit sulke huise aansienlik beter in Torrance se "Minnesota Tests of Creative Thinking" presteer as kinders wat nie onder sulke gunstige omstandighede grootword nie.<sup>49)</sup>

Scully beweer dat Battiss homself op Koffiefontein tot 'n mate geïsoleerd gevoel het en dat daar gevolglik 'n konflik by hom ontstaan het.<sup>50)</sup> Hierdie bewering moet onderskryf word.<sup>51)</sup> As Engelssprekende het hy hom tot 'n mate ontuis gevoel in die vir hom vreemde, oorheersende Afrikaanse

---

47) Sien Bylaag 1. Battiss weerspreek hom met hierdie stelling aangesien hy herhaaldelik daarvan melding gemaak het dat sy vader teen sy kuns gekant was. Die oom waarna hy verwys is Alfred Price, wat in Londen gewerk het en in 1917 oorlede is. Die boeke en skilderye waarna hy verwys is items wat sy moeder van haar broer geërf het.

48) Krippner, S: t.a.p., p.133.

49) Groenewald, F.P: t.a.p., p.140.

50) Scully, L: t.a.p., p.7.

51) Storr, A: t.a.p., p.57. "The more isolated a person the more his 'relationships' be with phantasy figures and the more important will the latter be to him. The completely isolated man has only phantasy figures." Jung, C.G: Memories, Dreams, Reflections, p. 327: As a child I felt myself to be alone, and I am still, because I know things and must hint at things which others apparently know nothing of, and for the most part do not want to know. Loneliness does not come from having no people about one, but from being unable to communicate the things that seem important to oneself, or from holding certain views which others find inadmissible."

atmosfeer van Koffiefontein en later Fauresmith.<sup>52)</sup> Sy skoolmaats het bowendien nie in sy eerste liefde, sy kuns, belanggestel nie. Vanweë sy vader se behepthed met sport het hy gevoel dat dié nie simpatiek teenoor sy kuns gestaan het nie en hoewel sy vader nie antagonisties teenoor hom was nie, het hy min geestelike kontak met hom gehad. Hierdie konflik is vererger as gevolg van sy moeder se ambisies vir haar seun. Sy het 'n sterk en oorheersende persoonlikheid gehad<sup>53)</sup>, hom wel aangemoedig, maar het idees gehad wat teenstrydig met sy eie was: sy moeder wou gehad het dat hy by die Royal Academy in Londen moes gaan studeer, terwyl hy self voorlopig in Suid-Afrika wou bly en die Suid-Afrikaanse landskap wou skilder.<sup>54)</sup>

In die lig van dit alles sou dit waardevol wees om hier 'n verklaring vir kreatiewe prestasies in die lig van die Oedipus-teorie te meld. Volgens hierdie verklaring sal seuns wat besonder geheg aan hul moeders en dogters wat besonder geheg aan hul vaders is, gedurende die jare vier tot sewe, groter kreatiewe prestasies as ander behaal.<sup>55)</sup> Gowan skryf: "The child, at this time, enchanted by the warm effect of the opposite-sexed parent responds to this in the only way he can - by the creative manipulation of his immediate environment, and by enlargement of the bridge between his fantasy life and his real world."<sup>56)</sup>

- 
- 52) "My schoolmates were big healthy Africaners whose manliness made me feel like a chicken when we bathed in the nude." Battiss, W.W: Persoonlike skriftelike mededeling, 1973.
- 53) Mev. Grace Battiss het tydens herhaaldelike besprekings bevestig dat mev. Battiss senior die toonaangewende persoon in die gesin was.
- 54) Scully, L: t.a.p., p.7: His mother 'who has always understood my vision' encouraged him in art, although 'with the wrong dreams of the Academy ahead.'
- 55) Groenewald, F.P: t.a.p., p.117.
- 56) Gowan, J.C: What makes a gifted child creative? - four theories. Creativity : its educational implications, p.15.

Omdat die moeder meesal verantwoordelik is vir die opvoeding van die kind, meen Groenewald dat so 'n teorie dan sou verklaar waarom dit lyk asof daar meer kreatief begaafde mans as vroue in die wêreld is.<sup>57)</sup>

Uit persoonlike ondervinding van Battiss en na aanleiding van verskeie briewe aan skrywer, het dit duidelik geword dat Battiss homself dikwels verdeeld gevoel het; dat daar dikwels by hom 'n konflik en wisselgang tussen fantasie en realiteit is en dat die strewe steeds daaruit bestaan het om 'n brug te slaan tussen hierdie twee elemente.<sup>58)</sup> Jung sê: "There is clear evidence that artists are more divided in nature than most people, and that one force which drives them to be productive is the need to heal the split. When an artist paints a landscape for example, he is portraying both external reality, and his own subjective vision of this reality. He is also arranging his perception within a limited 'frame', within which he is concerned to make a satisfying pattern. This pattern usually consists of a balance between opposing masses, lines of tension, and other 'opposites'."<sup>59)</sup>

---

57) Groenewald, F.P: t.a.p., p.117.

58) Battiss - Schoonraad, 22 Junie 1973: "I've now advanced my thoughts to call my Fake Island by a new name Fook Island and I invent Admiral Ferdinand Fook who discovers it on my Birthday 6 Jan. 1723. Why 1723 I don't know. But its Pre-Napoleon and you might tell me what was important in 1723. I'm now inventing its religion which is the religion of symmetry and the first man and woman and the whole idea of split elements is to join together again. And the Creator is the FORCE which splits and brings together again. Man is always seeking his lost self revealed by his shadow, by reflections in water, etc." Battiss - Schoonraad, 2 Julie 1973: "It is beautiful for me to be on a mountain top and watch the world at play, at work. I even imagine this flat is a white tent and, in this summer suffocating heat, in the bushveld. I walk a lot and do my own cooking and I've grown two little wings and my address in Exhibition Gallery's books is "FOOK ISLAND."

59) Storr, Anthony: t.a.p., p.103.



"A creative product must give a sense of reconciliation, of having resolved in an aesthetic and harmonious way the discords and disharmonies present in the original situation. The work of art, for example, for a moment reorders and brings into balance the tensions of form and space, and in so doing, moderates the inner tensions of the observer, giving him a sense of encounter and fulfilment."<sup>60)</sup>

Walter Battiss se gevoel van isolasie en verdeeldheid asook die konflik waarin hy steeds verkeer, is hoogswaarskynlik tegelykertyd ook die dryfkrag agter Walter Battiss die kunstenaar.

#### 1.4 Rustenburg (1924-1929)

Walter Battiss is in 1924 deur bemiddeling van dr. N.C. Havenga<sup>61)</sup> as klerk in die landdroskantoor te Rustenburg aangestel.<sup>62)</sup> Hy verskyn op 'n groepfoto van die landdroskantoorpersoneel van 1925, wat tans in die landdroskantoor op Rustenburg hang.<sup>63)</sup>

Die sesjarige verblyf van Battiss op Rustenburg was volgens sy eie erkenning, van ingrypende belang in sy vormingsjare as kunstenaar.<sup>64)</sup> Hy het nou in alle erns begin skilder.<sup>65)</sup> Dit was in Rustenburg waar hy tot die besef

- 
- 60) Gough, Harrison: Identifying the Creative Man. Journal of Value Engineering, vol. 2, no. 4, 15 Aug. 1964. p.5.
- 61) Lid van die Volksraad vir Fauresmith 26.10.1915-17.12.1940 Minister van Finansies 1924-1939 en 1948-1954.
- 62) I.D: Walter Battiss. Die Landdros/The Magistrate, Sept. 1967, p.163.
- 63) Marais, J.F: Good day for Walter Battiss. Kunskalender, Junie 1973, p.6.
- 64) Rex, H.M: Walter Battiss se sesjarige verblyf in Rustenburg (1923-1929). Pretoriana, no. 25, 1957, p.15.
- 65) Battiss, W: Fragments of Africa, inskripsie: "Here in the heat I started to paint in real earnest." Prof. H.M. van der Westhuysen beweer in 'n artikel, "Walter Battiss as Kunstenaar" (Die Brandwag, 21 April 1950) dat die South African Academy twee van Battiss se werke vir vertoning aanvaar het toe Battiss slegs 18 jaar oud was. Hierdie bewering kon egter nie bevestig word nie.

gekom het dat kuns geen stigma dra nie.<sup>66)</sup> "In plaas daarvan dat ek verpletter en 'n misrabele halfmens gevoel het, was ek plotseling 'n volkome wese en dit was die wonderlikste openbaring - soos die lig wat Saul op pad na Damaskus verblind het", het hy jare later geskryf.<sup>67)</sup>

Hy het in Rustenburg bevriend geraak met die kunsskilder Erich Mayer (1876-1960) wat hom in die boefening van sy kuns aangemoedig het. Hy het dikwels naweke saam met Mayer en mej. Marga Gutter (later mev. Erich Mayer) deurgebring.<sup>68)</sup> Hul korrespondensie met mekaar was vir Battiss baie werd. Hy het van Erich Mayer leiding, aansporing en nuttige wenke ontvang. Battiss het baie inspirasie uit hierdie vriendskap geput, uit die simpatieke aanmoediging van ander persone soos die landdros, kol. Ernst Stubbs, en die distriksgeneesheer, dr. O.W.J. Wynne, self 'n uitstekende waterverfkunstenaar, asook uit die natuur en in besonder die skilderagtige kloof van Rustenburg.

Die invloed van Mayer kan veral gesien word in 'n gouache-skildery, Buite Rustenburg (1926).<sup>69)</sup> Dit is 'n landskapskildery, 'n realistiese werkie<sup>70)</sup> waarin 'n styl weerspieël word wat tipies is van meeste van sy werke uit dié tyd.<sup>71)</sup> Tydens 'n onderhoud in 1970 het Battiss op die vraag of hy Erich Mayer op Rustenburg goed geken het, geantwoord:<sup>72)</sup> "No, he used to come there off and on. And he was

---

66) Battiss, W: Skriftelike mededeling, 1973: "In Fauresmith I hid all my art from my school fellows. They would have considered me the biggest sissy in the world, but in Rustenburg I discovered that art bore no stigma."

67) Battiss, W: Skriftelike mededeling, 1973.

68) Mayer - Gutter, M: Persoonlike mededeling, 1973.

69) Sien afbeelding, 1926.

70) Sonder enige merkbare distorsie. Sien ook slotgedeelte van bylaag 1.

71) Sien afbeeldings, 1925-1929.

72) Onderhoud: Battiss - Schoonraad, 1970.

painting very small things. He took me on some trips and without knowing it, I started to draw like him. I was not aware of it and Mr Schweickerdt's father was actually selling some of my work in Pretoria (I used to send it there) and then he said to me: 'Please stop copying Erich Mayer', and this came as a complete shock to me because I had not realised I was doing this, but I suppose I was and he could see this, so I veered off of that."<sup>73)</sup>

Die grootste gebeurtenis vir Battiss en seker ook vir Rustenburg in dié tyd, was die eerste kunsuitstalling wat ooit aldaar gehou is, naamlik 'n uitstalling van werke van Erich Mayer in die Vrymesselaarsaal in Julie 1926. Die anonieme skrywer van 'n artikel getitel "The Awakening" wat in die Rustenburg Herald van 30 Julie 1926 verskyn het, was van mening dat "It would seem that artistic interest is at last being aroused in Rustenburg. Perhaps it is because an opportunity has at last been given us to show our public appreciation for things beautiful." Rex meen dat Walter Battiss waarskynlik die outeur van hierdie artikel was.<sup>74)</sup> 'n Uitvloeisel van hierdie kunsuitstalling van Mayer was die stigting van 'n Fotografiese vereniging aan die huis van mnr. Jas. Black. Battiss is by dié geleentheid as bestuurslid gekies.<sup>75)</sup>

Battiss se aktiwiteite was egter nie tot die beeldende en aanverwante kunste beperk nie. Hy was ook baie aktief in kerkwerksaamhede en is as die jongste superintendent van die Wesliaanse Sondagskool in Transvaal aangestel.<sup>76)</sup> Hy het in dié tyd 'n kerklid vir die Sondagskool geskryf.<sup>77)</sup>

---

73) Hierdie is 'n bewys van die gunstige invloed wat 'n kunshandelaar, wat dit ernstig met sy vak meen, op kunstenaars kan uitoefen.

74) Rex, H.M: t.a.p., p.17. (Battiss be-aam op 4.9.1973 mondeling dat hy wel die outeur van hierdie artikel was.)

75) Ibid.

76) Battiss, W: Persoonlike mededeling.

77) Sien bylaag 2.

Die eerste gepubliseerde artikel van Battiss, is 'n skets onder die titel "That Archie" wat in die Rustenburg Herald van 10 Julie 1925 verskyn het. Daarna het sy bydraes tot dié plaaslike weeklikse koerant gereeld verskyn.

Scully se bewering dat 'n berig in die Rustenburg Herald van 26 Augustus 1927"... the first recorded reference to the artist"<sup>78)</sup> is, is onjuis. In die Rustenburg Herald van van 12 November 1926 het reeds 'n afdruk en 'n beskrywing van 'n poskaart wat deur Battiss ontwerp is, verskyn.<sup>79)</sup> Hierdie poskaart behels sewe sketse van gewilde ontspanningsoorde in die Rustenburgse omgewing. Die berig het onder andere vermeld: "an excellent Post Card... until the publication of these seven views no other post cards have shown the Kloof or Bathing Pool as it really appeals to us, nor has any set of views on one card been published of Rustenburg as it is today. All the drawings on this Post Card - which can be had at Gaudie's - have been carefully and accurately done by Mr W.W. Battiss."

Battiss se eerste openbare kunsuitstalling het in die Masonic-saal op Rustenburg plaasgevind. Dit is op 26 Augustus 1927 deur die destydse burgemeester van Rustenburg, J.O. Lucas, geopen en het twee dae geduur.

Die uitnodigingskaartjie vir hierdie uitstalling het hyself ontwerp: 'n tekening van 'n seilboot met 'n hoofletter B op die seil.<sup>80)</sup> Die boot is met 'n dun tou aan 'n ster gekoppel. Hierdie toneeltjie het waarskynlik vir Battiss 'n simboliese betekenis gehad. Battiss het die volgende op die

---

78) Scully, L: t.a.p., p.65.

79) Sien afbeelding, 1926.

80) Tussen Erich Mayer se besittings is, na sy dood, 'n afdruk van hierdie tekening gevind en deur mev. Mayer-Gutter aan my gestuur. Onderaan die afdruk het Mayer in sy eie handskrif die volgende bygevoeg: "design by W.W. Battiss (Magistrates Offices) Rustenburg Tvl."

uitnodigingskaartjie laat druk: "One aim of art is to reveal the beauty in things that lie around us." Dit is tegelykertyd die vroegste gepubliseerde mening van Battiss aangaande die kuns. 'n Koerantberig het van hierdie uitstalling gemeld: "Though with only his spare hours at his disposal; part of which are taken up by faithful voluntary service to his church, and only one longer vacation in the year, Mr Battiss, occasionally encouraged by his much older artist friend, made such excellent use of all his available time, of the few hints he could get, and the carefully selected art books placed at his disposal, that within little more than a year he reached a standard of efficiency in some branches of art, which many full time students of our art schools do not attain within the same short period.

And during the last few months he succeeded in producing quite a number of water colours and black and white drawings of such surprising quality that several friends who saw these works encouraged him to hold an exhibition of his work.

This unexpected appreciation of his untiring efforts stimulated the budding artist to some still finer work, and now we have the pleasure of seeing quite a notable collection of the firstlings of his muse exhibited at the Masonic Hall."<sup>81)</sup> Die resensent het geëindig met: "There can be no doubt that Mr Battiss will by and by leave his mark in the South African art world."<sup>82)</sup> Dit was 'n raak uitspraak. Erich Mayer was van mening dat "This young adept is not only gifted with a rare talent and observant eye for the peculiar beauties of our S.A. nature, but also possesses the much rarer qualities of self criticism, strength of purpose, thoroughness and perseverance which go to the making of the real artist."<sup>83)</sup>

Daar kon nie met sekerheid bepaal word nie of hierdie uitstalling 'n finansiële sukses was en of die werke vir die

---

81) Rustenburg Herald, 26 Augustus 1927

82) Ibid.

83) Rustenburg Herald, 15 Junie 1928

algemene publiek aanvaarbaar was. Battiss het sy eie opvatting oor uitstallings van jong kunstenaars gehad: "I think the young artist should be very careful about having a one-man show, of exhibiting on his own too early. That I have learnt to my cost. I think it does him more harm than good."<sup>84)</sup>

Geen skildery kon opgespoor word nie, waarvan met sekerheid bepaal kon word dat dit op hierdie eerste uitstalling van Battiss ten toon gestel is. Die aantal waterverfskilderye en potloodtekeninge wat in privaatversamelings gevind is en wat uit die tydperk 1925-1927 dateer, spreek egter van 'n uitlewing van sy leuse: "One aim of art is to reveal the beauty in things that lie around us." Die tema van hierdie skilderye en tekeninge was nog steeds die uitbeelding van sy omgewing<sup>85)</sup>: huise, ossewaens, die dorpspruit en die lokasie te Rustenburg, en strandtonele in Humewood, Port Elizabeth wat waarskynlik uitgevoer is toe hy daar met vakansie was. Hy het dikwels die mensfiguur geteken, soos byvoorbeeld 'n ou vrou met 'n kappie, en 'n baba, dr. Paul Bodenstern, tans L.V. vir Rustenburg.<sup>86)</sup> Hierdie werkies is gewoonlik van klein afmeting en dui nog op 'n baie sterk invloed van Erich Mayer. In die tekeninge is die lyne soms onseker en telkemale word die skaduwering baie liggies ingewerk. Maar hulle is almal besonder skoon en vertoon nie die tegniese foute wat jong kunstenaars so dikwels maak, byvoorbeeld om met die vinger

---

84. The Art of Walter Battiss. Onderhoud: Fontein, vol. 1 no 3. 1960, p.47.

85) Battiss, W: Skriftelike mededeling, 6 Mei 1973: "The so-called "society" of Rustenburg accepted me into its orgys at the Kloof but at 19 Battiss was still extraordinary naive in the sophisticated manoeuvres of the group. He was perplexed, for while he enjoyed the cavortings of human beings in a social night life he at the same time equally enjoyed praying and singing hymns to the glory of the Creator as the youngest Superintendent of the Wesleyan Sunday School in the Transvaal. This double life of swinging it in the Underworld and winging it in the Heavens was greatly disturbing so I found my peace in painting landscapes."

86) Sien afbeeldings, 1925-1927.

te vryf om swart vlakke te verkry nie. Hy het in dié tyd ook 'n metode gebruik waardeur die potloodstrepe in waterverfskilderye onder die verf sigbaar bly, veral in die skadudele. In sy latere waterverfwerke kan die potloodwerking egter skaars opgemerk word en deesdae gebruik hy dikwels gladnie 'n potlood nie.<sup>87)</sup>

Battiss self het oor die 1925-1927-tydperk van sy werk vermeld dat "It was at Rustenburg that the Magistrate, Col. E.T. Stubbs and the Assistant Magistrates, Messrs M.C. Hill and Tilney, helped me to progress in my art by letting me go into the Bushveld with the District Surgeon, Dr. O.W.J. Wynne, who was also a painter. At other times I accompanied the magistrates on their periodical circuits and did many paintings of witnesses, etc. In Rustenburg itself, I did paintings in court. This was the happiest time of my life as I was the only young artist in Rustenburg and in the weekends I was always out in the mountains or on the farms painting."<sup>88)</sup>

Volgens twee oorspronklike waterverfskilderye van dr. O.W.J. Wynne<sup>89)</sup> is daar egter weinig invloed van hom in Battiss se werk te bespeur. Wynne se aanwending van die waterverf is dikker, die kleure minder deurskynend en minder skoon as dié van Battiss. Mens- en dierfigure van Wynne is relatief baie groter in verhouding tot die agtergrondlandskap as dié van Battiss. Afgesien van waterverfskilderye en tekeninge was daar op hierdie eerste uitstalling van Battiss ook 'n aantal olieverfskilderye. Dit is veral merkwaardig aangesien hy voor sy koms na Rustenburg geen teken- of skilderonder- rig ontvang het nie en hy homself dus inmiddels die tegnieke moes geleer het. Scully beweer dat Battiss bykans geen formele kunsopleiding ontvang het nie. Die enigste opleiding wat hy aan die Johannesburgse Kunsskool, wat destyds deel van die Tegniese Kollege was, ontvang het, sou gedurende drie weke in

---

87) Sien afbeeldings, 1970-1972.

88) I.D: t.a.p., p.163.

89) Sien afbeeldings, Wynne, O.W.J., ongedateerd.

Mei 1929 plaasgevind het.<sup>90)</sup> Hierdie bewering is onjuis. Battiss se eerste onderrigsperiode aan die Johannesburgse Kunsskool was gedurende twaalf dae in Desember 1927.<sup>91)</sup> Gedurende 1928 het hy met tussenposes en tydens vakansies die Kunsskool besoek. In 1929 en begin 1930 tydens sy verblyf in Johannesburg, het hy gereeld saans klasse bygewoon totdat hy in Februarie 1930 voltyds aan die Johannesburg Teachers' Training College en vir sekere vakke aan die Universiteit van die Witwatersrand begin studeer het.

'n Advertensie in die Rustenburg Herout van 15 Junie 1928 het Battiss se tweede uitstalling aangekondig. Die advertensie was in die vorm van 'n afbeelding van die uitnodigingskaartjie: 'n pentekening van 'n boom en Bantoe-hut.<sup>92)</sup> Op die uitnodigingskaartjie was 'n voorwoord deur 'n sekere T.J.G. geskryf<sup>93)</sup>, waarin hy van Battiss se eerste poging met die etstegniek melding gemaak het.

Volgens mev. Mayer-Gutter het Erich Mayer daarop aangedring dat Battiss hom as kunsonderwyser moet bekwaam sodat hy verseker kon wees van 'n vaste inkomste, maar nogtans dikwels vry kon wees om te kon skilder.<sup>94)</sup> Battiss beweer daarenteen dat 'n mnr. Hunter, destydse vise-hoof op Koffiefontein, hom op die gedagte gebring het. Nogtans kan Mayer se invloed nie summier negeer word nie. Dat hy Battiss wel aangemoedig het om te studeer en die nodige opleiding te

---

90) Scully, L: t.a.p., pp.7 en 53.

91) Ongedateerde brief van Walter Battiss aan Erich Mayer. Die datum van die brief is uit die inhoud daarvan bepaal. "You know when I spent my twelve days last December at the Art School I took figure composition and drawing, oil-painting and still-life and also etching."

92) Sien katalogusse van Battiss-kunsuitstallings.

93) T.J.G. is waarskynlik mnr. T.J. Gubb, latere hooflanddros in Johannesburg (Walter Battiss persoonlike mededeling, 4 September 1973): Sien bylaag 2: T.J.G. Voorwoord.

94) Mayer-Gutter, M: Persoonlike mededeling, Augustus 1973.



verkry, blyk duidelik uit hul persoonlike korrespondensie.<sup>95)</sup>

Battiss wou baie graag verder kunsklasse aan die Johannesburgse Kunsskool loop<sup>96)</sup> en hy het probeer om 'n oorsplasing te bewerkstellig. Meer deur bemiddeling van Minister Havenga en van Minister Tielman Roos<sup>97)</sup> is hy in 1929 na die Hooggeregshof in Johannesburg verplaas.<sup>98)</sup>

#### 1.5 Johannesburg (1929 - 1936)

Gedurende 1929 het Battiss in Wolmaransstraat, Johannesburg gewoon en het hy gereeld saans kunsklasse aan die Kunsskool van die Witwatersrandse Tegniese Kollege, bygewoon. Hy het veral aandag gegee aan grafiese werk. Hy het onder andere onderrig in die etstegniek van Emily Fern (1882-1953) ontvang saam met wie hy later in die Durbanse kunsgalery uitgestal het.<sup>99)</sup> In 'n brief aan Erich Mayer het hy melding gemaak van 'n ets waarvan professor Winter Moore<sup>100)</sup> baie gehou het. Hy het egter meer van die droëpuntegniek gehou

- 
- 95) Battiss - Mayer, 3 Oktober 1929. "You ask me about my prospects of getting transferred to an art centre. I have been doing my level best to get to Johannesburg and the Secretary for Justice says I shall be transferred thither as soon as a suitable vacancy occurs." Ongedateerde brief - 1928. "Then there is the matter of my study: You suggested I try and get in at the School at P.E. or Grahamstown. Mr. Chilvers thinks I will do well taking night classes here in figure drawing and etching. Then I can take w.c. with Sydney Carter on Sundays."
- 96) I.D: t.a.p., pp.163-164 "...so that I could attend classes at the art school in the evenings."
- 97) Destyds Minister van Justisie.
- 98) Battiss, W: Limpopo, p.10. "In 1929 I was transferred to the Supreme Court in Johannesburg, where I wrote out death warrants on handmade paper. The death warrant had to be written out before the jury brought in their verdict. If the accused was found not guilty I could keep the warrant and on the blank back paint a water colour."
- 99) Durban, Munisipale Kunsgalery, Natal Society of Artists, 5-17 Oktober, 1943.
- 100) Prof. Austin Winter Moore (1889- ).

as van ets en het 'n droëpuntafdruk van 'n bokkie in 'n brief aan Erich Mayer gestuur.<sup>101)</sup>

Hy het privaat onderrig in die waterverftegniek van Sydney Carter (1874-1945) ontvang, meesal op Sondaë, waar hy mev. Benson, beeldhouster, ontmoet het, en waar hy bevriend geraak het met Terence McCaw (1913- ) saam met wie hy dikwels gedurende naweke geskilder het.<sup>102)</sup>

In die Johannesburgse Munisipale biblioteek het Battiss in aanraking gekom met afdrucke van die werke van Picasso<sup>103)</sup> en Van Gogh.<sup>104)</sup> Die kleure in die skilderye van Van Gogh was vir hom besonder treffend en nader aan die Suid-Afrikaanse toneel as enigiets wat hy tevore gesien het.<sup>105)</sup>

Hy het in 1929 twee uitstallings in Johannesburg gehou<sup>106)</sup> die eerste saam met die kunstenaar John Lawson (1907- ). Oor hierdie twee uitstallings het hy geskryf: "Toe ek aanvanklik in Johannesburg uitgestal het, was my werk vir die publiek onaanvaarbaar. Die kunskritikus Hedley Chilvers het my gewaarsku dat dit 'n lang tyd sal neem om waardeer te word. Om te vroeg op 'n mens se eie uit te stal kan alleen skade aan 'n mens se beeld doen. Mens word net geïgnoreer. Dit is beter om dit deur 'n belangstellende borg te doen wat in mens glo, wat die nodige propaganda kan maak en mens se werk kan loods."<sup>107)</sup>

In 1930 het Battiss die Staatsdiens verlaat en het hy vir voltydse studie aan die Johannesburgse Teachers' Training

---

101) Battiss - E. & M. Mayer, 14 November 1929.

102) Sien bylaag 1; en Battiss - E. & M. Mayer, 3 Oktober 1929.

103) Pablo Ruiz y Picasso (1881-1973).

104) Vincent van Gogh (1853-1890).

105) Sien bylaag 1.

106) Sien hoofstuk 6.1.

107) Battiss, W: Persoonlike mededeling, 1973.

College ingeskryf.<sup>108)</sup> Die hoof professor Reith McGregor wou hom egter nie toelaat om kuns as vak te neem nie, "since art was useless in education and in any case only for girls as a pastime". Battiss het hierop in die geheim kunsklasse aan die Universiteit van die Witwatersrand bygewoon.<sup>109)</sup>

Hy het in die studentekoshuis Knockando gewoon en aktief bygedra tot die sosiale bedrywighede van die studentelewe en tot die studentepublikasies. In die studentetydskrif van die Universiteit van die Witwatersrand, Wu's Views, van 10 Oktober 1930, p.8, het 'n kort artikel verskyn, waarskynlik deur Battiss geskryf, onder die titel "Max Drennan: Pilgrim Father", waarin onder andere opgemerk is: "we who were intensive, he gave us the 'quickenened multiplied conciousness' that is born of exquisite perceptiveness". Op bladsy 9 van dieselfde publikasie het 'n spotprent deur Battiss van prof. Max Drennan verskyn. Dit het 'n persoon in die gewaad van 'n monnik op 'n perd uitgebeeld en is niks meer as 'n uiters amateuragtige poging nie.

Die grafiese kuns van Battiss uit hierdie tyd is egter baie beter. In die Johannesburgse Normaalkollege-studentetydskrif En Avant van September 1932, p. 48, het 'n linoosnee van hom verskyn. Hy het daarna verwys in 'n brief aan Erich Mayer<sup>110)</sup>: "I have done no painting for months - except

---

108) Battiss het in 'n kort artikel in Die Landdros van September 1967, p.164 beweer dat hy in 1929 aan die Johannesburgse Teachers' Training College ingeskryf het. Dit is egter onjuis. In 'n brief aan Erich Mayer gedateer 1 Januarie 1930, skryf hy: "I've heard nothing yet about Normal College but expect to hear within the first week of February."

109) Schoonraad, M: t.a.p., p.18. Die hoof se opmerking moet egter gesien word in die lig van die feit dat Battiss kuns as hoofvak wou neem. Kuns is wel as vak aangebied, een van die dosente was mnr. B.F.A. Brodie, maar Battiss was nie toegelaat om dit as hoofvak te neem nie.

110) Battiss-E. & M. Mayer, 6 September 1932.

a lino-cut of a native head. Hope you'll like it when you see it." Deur middel van 'n pentekening het hy die lede van die redaksie van hierdie tydskrif in 'n boot uitgebeeld. Een van die persone was hyself voorgestel as 'n matroos. Hierdie selfportret is een van slegs vier wat van Battiss bekend is.

In 'n studentetydskrif, The Inferno, wat in afgerolde vorm uitgegee is, het 'n oorspronklike lino-snee deur Battiss verskyn: 'n landskap, asook 'n artikel The Adolescence of Art in South Africa.<sup>111)</sup> Die volgende paragraaf hieruit verduidelik sy opvatting van die grafiese kuns: "The graphic arts also suffer under severe disabilities: An etching is often lifeless suffering under an unevenly bitten plate and a paper drying while going through the press! In contrast, it can be maintained that the wood-block and the lino-cut can be of immense value in the interpretation of South Africa. Here are virile forms of art well-suited to our country. An overseas artist on a visit here once exclaimed: 'What a country for the wood-cut'. The artists know this but the patrons are still afraid."

Battiss moes hom in hierdie tyd sterk tot die grafiese kuns aangetrokke gevoel het. Hy het dikwels in sy briewe aan Erich en Marga Mayer asook in publikasies na dié medium en na die moontlikhede wat die medium aan die kunstenaar bied verwys: "Their farm is among some high kopjes and the evening shadows give fine form for drawing in black and white. When there is no vegetation and the earth is red and hot and dry I find it more satisfying to draw and sketch than to paint in unhappy burning colours.<sup>112)</sup> 'Opposite is a house outside which grow huge hollyhocks. They suggest woodcut pictures'.<sup>113)</sup>

---

111) W.W.B: The Adolescence of Art in South Africa.  
The Inferno sonder datum, Furnace 1 Flame 1.

112) Battiss - Marga Mayer, 7 Desember 1930.

113) Battiss - E. & M. Mayer, 14 Desember 1931.

'I find that 'Hessen-Kunst' book of black and white drawings most useful. Somebody here was keen on a black-and-white of an old willow at the spruit so I found plenty of inspiration for doing the picture.'<sup>114)</sup>

'The Howard Pim etchings quite took my breath away - they are a wonderful exposition from Dürer to McBey.'<sup>115)</sup>

'Mr. Howard Pim has given me a delightful book on etching.'<sup>116)</sup>

'Another factor in favour of the wood-block is its intimacy with the east.'<sup>117)</sup>

Battiss was in hierdie tyd sterk beïndruk deur die werke van Turner<sup>118)</sup>, Sargent<sup>119)</sup> en Whistler.<sup>120)</sup> "The subtleness that art expressed through Turner and Whistler and which could not be supplied through any other medium - have given western civilisation an undeniably high position in the world's art. Whistler will outshine many of his more brilliant brothers because of the permanence of his influence."<sup>121)</sup>

"A Reminder: If you come across any reproductions of Sargent's water-colours study them. The world has not yet had time to find out how great they are, as it has had time to proclaim Turner. It is not saying too much to say that Sargent's water-colours are to have a tremendous influence yet."<sup>122)</sup>

---

114) Ibid.

115) Battiss - E. & M. Mayer, 21 September 1932.

116) Battiss - E. & M. Mayer, 30 November 1932.

117) W.W.B: t.a.p., p.7.

118) Joseph Mallord William Turner (1775-1851).

119) John Singer Sargent (1856-1925).

120) James Abbott McNeill Whistler (1834-1903).

121) W.W.B: t.a.p., p.8.

122) W.W.B: En Avant, vol. 3, September 1931, p.48.

Battiss was in 1931 verantwoordelik vir die meeste illustrasies in die joolblad van die Universiteit van die Witwatersrand, Wits Wits. Hoewel die kunstenaar toe reeds 25 jaar oud was, kom baie van die illustrasies effens plat, sonder dimensie en selfs bietjie kinderlik voor. In die uitgawe van 29 Augustus 1931 het op bladsy 15, die onderskrif "Snubbing the Camera!" verskyn. Op hierdie bladsy is bo-aan, 'n foto van die vooraansig van die hoofgebou van die Universiteit van die Witwatersrand gepubliseer, onder die opskrif: "The Camera says: Behold how well I copy!" Onder hierdie foto was 'n tekening deur Battiss, 'n skewe en verdraaide weergawe van dieselfde gebou, met die opskrif: "The brush replies: But I am greater, I create!"<sup>123)</sup> Hierdie tekening is van belang, aangesien dit waarskynlik Battiss se eerste poging tot distorsie en verwringing in sy werk was. Ook 'n silhoeët-pentekening van professor P.R. Kirby, deur Battiss in Wits-Wits was van belang.<sup>124)</sup>

Dit wil voorkom asof die kuns van Australië Battiss op hierdie stadium baie beïndruk het. Hy het verskeie kere na Australiese kunstenaars verwys en beweer dat hulle kuns dié van Suid-Afrika ver vooruit is. Hy het dit toegeskryf aan die feit dat die Australiese kunstenaars, in teenstelling met dié uit Suid-Afrika, onder andere vooraanstaande kunsleiers

---

123) Wits Wits Hospital Week 1931. 29 Augustus -  
5 September 1931, p. 15.

124) Ibid., p.22.

gehad het.<sup>125)</sup> Die kunstenaars wat veral Battiss se aandag getrek het was G.W. Lambert, A.R.A., Margaret Preston, Hans Heysen, J.J. Hilder, die Lindsay broers en Elioth Gruner.<sup>126)</sup>

Battiss se studiejare het saam geval met die depressie van die dertigerjare<sup>127)</sup> en hy het dit finansieël nie breed gehad nie. Hy het in 1930 uit die Staatsdiens bedank maar reeds in 1929 het hy aan Erich Mayer geskryf dat: "...the Department writes me this morning that they will not let me go. Of course I can send in a compulsory resignation but that means I lose all the benefits I have subscribed to and

---

125) Battiss - E. & M. Mayer, 20 Sept. 1933: "I still have 2 or 3 of your 'Art in Australia' magazines."

W.W.B: En Avant, vol. 3, Sept. 1931, p. 5: "It is a new and lovely sensation to see their works and those who look hasten again. I found a Hilder in the Durban Art Gallery! Just a simple outhouse, two figures in the shadows and ducks in repose. But the way in which it was painted! To some it may have seemed as blank as a sheet of music - just lines and shapes - but it translated itself into music as I watched. It was music.

The Australians show us there are lovelier colours in the rising rocks and the sunlit trees than are ever seen in sunsets. Life is too sad at sunset. They paint the morning of Spring, the mountain mist and the laughter of nature.

Indeed, they do so much, that they ask us to help them by doing something for ourselves in sunny Africa."

W.W.B: The Adolescence of art in South Africa. The Inferno, p.8. "Our country, if similar in topographical disadvantages to progressive Australia (she is far ahead of us in Art), has sadly been lacking in leaders... Every attempt of ours - at Institutes and Academy Exhibitions - has felt the lack of that vitalizing force - a great leader."

Dit wil dus voorkom asof Battiss homself onbewus die taak van leier in Suid-Afrika op kunsgebied opgelê het. Dit is moontlik 'n verklaring waarom hy altyd op die voorpunt van kunsgebeure in hierdie land staan en waarom hy sy tegniek, medium, benadering en onderwerp so dikwels verander en steeds na nuwe rigtings en media soek om aan te pak.

126) W.W.B: En Avant, 1931, p.5.

W.W.B: The Adolescence of art in South Africa. The Inferno, p.8.

127) Battiss - Mayer, 4 Desember 1932: "I am just beginning to think how well off I am having a post next year. There are 71 leaving College this year and only 6 of us so far have posts! There are very few vacancies indeed."

I shall have no cash to continue my Insurance."<sup>128)</sup> Hy het geen finansiële hulp van sy ouers gekry nie en het geen ander inkomste gedurende sy studiejare gehad as dié wat hy onder andere uit skilderye wat hy in Pretoria en Johannesburg verkoop het, ontvang het, asook uit deelname aan kompetisies.<sup>129)</sup> In 'n kompetisie vir die ontwerp van 'n nuwe buiteblad vir die tydskrif Het Zoeklicht van 15 Desember 1932 het hy die tweede prys verower.<sup>130)</sup>

Battiss het sy toekomstige vrou, Grace Anderson<sup>131)</sup>, in 1932 ontmoet, toe sy Battiss se kritieklesse gedurende proefonderwys aangehoor het. "I believe Miss Anderson was very pleased with my Art Endorsement work, although we haven't quite the same ideas on art in everything", het hy oor haar geskryf.<sup>132)</sup>

- 
- 128) Battiss - E. & M. Mayer, 3 Oktober 1929.
- 129) Battiss - E. & M. Mayer, 4 Desember 1932: "To my great surprise Prof. du Plessis sent me a prize of £1-11-6 for my 'Zoeklicht' design."
- 130) Het Zoeklicht, 15 Des. 1932, p. 356: "Wat betref die dessin vir die koevert van Die Soeklig, ons het die eerste prys toegeken aan mnr. Ochse Honiball, (T.O. Honiball, wat later bekendheid verwerf het as spot- en strokiesprentkunstenaar van Die Burger) van Wes-End, Stellenbosch, en Kaapstad. Ons het ook aan Mnr. W.W. Battiss, 28 Girton-weg, Johannesburg, 'n tweede prys toegewys vir 'n verdienstelike tekening, wat na ons oordeel 'n proxime accessit behaal het."
- 131) Grace Anderson, ARCA. Gebore te Klerksdorp. Dogter van H.M. Anderson, eertydse waarnemende landmeter-generaal (Mt. Anderson is na hom vernoem). Verower Milner Art Scholarship. Studeer aan die Royal College of Art, Londen : 1909 - 1912. Onderwyseres, Roedean-meisieskool, Johannesburg: 1913. Onderwyseres, High School for Girls, Pretoria: 1914-1918. Kunsdosente, Pretoriase Normaal Kollege: 1919-1940. Gesekondeer na Johannesburg Normal College: 1933. Inligting verkry uit: Battiss, W.W: South African Artists, s.d. asook van Grace Battiss: Persoonlike mededeling, 19 September 1973.
- 132) Battiss - E. & M. Mayer, 30 November 1932.



Battiss het sy Onderwysdiploma aan die einde van 1932 behaal en 'n spesiale silwer medalje vir die beste onderwysresultate van die Onderwyskollege ontvang. Hy het vervolgens in 1933 'n pos as onderwyser by Park School, Forest Hill aanvaar en was baie optimisties oor sy toekomstige loopbaan.<sup>133)</sup>

'n Belangrike gebeurtenis in Battiss se lewe was sy eerste kennismaking met die prehistoriese rotsskilderinge van Suid-Afrika in 1933, wat in later jare so 'n sterk invloed op sy kuns sou hê.<sup>134)</sup> Toe hy later toevallig 'n klipwerktuig voor sy huis op Fauresmith losgeskop het, het dit hom tot so 'n mate bekoor dat hy daar en dan besluit het om 'n grondige studie van die rotskuns van suidelike Afrika te maak.<sup>135)</sup> Na aanleiding van 'n besoek deur hom en Terence McCaw aan 'n rots-skulling in die Barkly-Oos-distrik, het hy opgemerk: "This belongs to us. This is our beginning. This is where we move from." Hierop antwoord McCaw: "No, I want to go my own way. I think this primitive art belongs to people of another time, another period, and it does not have any meaning for me."<sup>136)</sup>

---

133) Ibid. "I start teaching here on the 17th January. In many ways I am sorry my student days are over. I have been hard-up but have thoroughly enjoyed it...The principal is going to give me a free hand in art at the School. I have all sorts of ideas, but it would be better to discuss things with you and Erich before making false experiments."

134) Battiss - Mayer, 14 April 1933: "I went to see the Bushman paintings at Le Roux's of Malopodraai for I had not yet seen any. I was disappointed because they have been spoilt by children who have scratched them and drawn over them with coloured chalks. What have I learnt on this trip? The bigness of South Africa. It seems a world relying for its effect on TONE VALUES. It is not easy to paint with a small brush. I feel one must possess an acute coloursense and paint in oils. And quickly too. It seems this area around here requires special study. The rock-formations are curious but they do not easily make good compositions. Shadows make a wonderful difference too. I am sure I am coming again."

135) Sien bylaag 1.

136) Ibid.

Uit die lys van Battiss se uitstallings blyk dit dat hy sedert sy eerste poging in 1927, op enkele uitsonderings na, elke jaar minstens een keer uitgestal het.<sup>137)</sup> Die periode van 1933 tot 1935 is hierop 'n uitsondering, waarskynlik as gevolg van twee oorsake. Enersyds was hy besig om hom met oorgawe in sy pos as onderwyser in te werk<sup>138)</sup>, en andersyds het hy nou vir die eerste keer geleentheid gekry om gedurende vakansietye Suid-Afrika te verken. Hy het nie slegs die land leer ken nie, maar ook met die werke van ander Suid-Afrikaanse kunstenaars in aanraking gekom.<sup>139)</sup> Dit het moontlik 'n periode van onsekerheid ten opsigte van sy eie kuns by hom veroorsaak. Inmiddels het hy ook sy studies voortgesit. In 1934 het hy aan die Universiteit van die Witwatersrand ingeskryf vir 'n B.A. (Skone Kunste)-graad<sup>140)</sup> wat hy in 1940 aan die Universiteit van Suid-Afrika voltooi het.

Hy het in dié tyd by mev. N.M. Wilson, Park Crescent 123, Turffontein ingewoon. Tydens 'n besoek in 1965, d.w.s. dertig jaar later, het mev. Wilson nog in dieselfde huis gewoon. In Battiss se kamer van destyds het nog steeds 'n steendruk, deur hom uitgevoer, aan die muur gehang.<sup>141)</sup> Hierdie werkie was reeds veel verder gevorderd as die amateuragtige pogings van sy studentedae. Dit beeld drie Bantoe hutte uit met die Magaliesberge in die agtergrond. Sy lyn is nou sterker en fermmer en daar is nie veel poging tot detailwerking nie. In die tema sien ons nog 'n hunkering terug na sy verblyf in Rustenburg.

---

137) Sien hoofstuk 6.1.

138) Sien bylaag 3: Battiss - E. & M. Mayer, 20 September 1933.

139) Ibid.; en bylaag 3: Battiss - E. & M. Mayer, 14 Maart 1934.

140) Sien bylaag 3: Battiss - E. & M. Mayer, 14 Maart 1934.

141) Sien afbeelding c.1934. "About 8 miles from Rustenburg with Magaliesberg in distance. Lithograph by Fine=print Prop. Ltd." Die oorspronklike werk was 'n potloodtekening deur Battiss.

Battiss het nou ook meer aan die openbare lewe begin deelneem. Hy het sy eerste radiopraatjie in 1934 gelewer<sup>142)</sup>, getitel Dominian Art, en in 1935 het hy oor Suid-Afrikaanse kunstenaars gepraat.<sup>143)</sup> Dit is interessant dat hy kunstenaars soos John Lawson (1907- ), Estelle van Schalkwyk en Monica MacIvor (1881-1939) aangeprys het, almal skilders van wie later nouliks weer gehoor word.

#### 1.6 Pretoria (1936-1959)

In 1936 is Battiss na die Pretoria Boys' High School gesecondeer.<sup>144)</sup> Hy het in die koshuis, School House gaan woon. In dieselfde jaar is 'n olieverfskildery van hom, getitel Alwyne vir vertoning op die Rykstentoonstelling aanvaar.

Een van die eerste ondernemings wat hy aangepak het na sy koms na Pretoria, was die organisering van 'n uitstalling van Suid-Afrikaanse kunswerke wat gedurende die laaste helfte van 1936, waarskynlik September, by die Boys' High School plaasgevind het. Daar kon nie met sekerheid vasgestel word watter kunstenaars deelgeneem het nie, maar briewe van prof. A. Winter Moore, mev. Joy Fourie (Krause) en William M. Timlin aan Battiss<sup>145)</sup>, dui daarop dat van hulle werke wel uitgestal is.

142) Sien bylaag 3: Battiss - E. & M. Mayer, 14 Maart 1934.

143) Ons Suid-Afrikaanse Kunstenaars. Volschenk: Die vader van die Suid-Afrikaanse kuns skilders. Draadloos gesprek deur mnr. Walter W. Battis. The South-Western Echo, 9 Nov., 1935. (Spelling soos in koerantberig.)

144) Scully, L: t.a.p., p.37 en Schoonraad, M: t.a.p., p.42 beweer verkeerdelik dat Battiss in 1937 na die Pretoria Boys' High School gesecondeer is. Skrywer het egter in dokumente van hierdie skool vasgestel dat hy reeds gedurende 1936 aan die skool verbonde was. 'n Brief aan Battiss, gedateer 14 Augustus 1936, van die kunstenaar William M. Timlin (1896-1943) is gesadresseer aan: Walter W. Battiss, Esq., Boys' High School, Pretoria.

145) Winter Moore, A. - Walter Battiss, 22 Junie 1936. Fourie (Krause), Joy - Walter Battiss, 8 Augustus 1936.

Op die eerste Algemene Jaarvergadering van die Transvaal Art Society op 21 September 1937 is Battiss as bestuurskomitee-lid gekies.<sup>146)</sup> Alhoewel hy blykbaar ongelukkig was oor die organisasie van hierdie vereniging<sup>147)</sup>, was hy nogtans tot die komitee verkies.

Aan die begin van 1937 het die organiseerders van die Pretoria Musical Festival, ondersteun deur die Stadsraad van Pretoria, Battiss genader met die versoek om 'n uitstalling van Suid-Afrikaanse kuns vir Oktober van daardie jaar te reël. Battiss het hom soos volg hieroor teenoor Erich Mayer uitgelaat: "We ought to make a big business of this and I would like your assistance sending pictures and perhaps acting on a Committee. We could ask the Transvaal Society of Artists to support it and form our own Branch. What do you think of that?"<sup>148)</sup> Dit is dus duidelik dat Battiss dit ernstig oorweeg het om 'n afsonderlike groep of vereniging of in elk geval 'n tak van 'n vereniging in Pretoria te stig.

Battiss het die Pretoria Musical Festival-uitstalling gereël saam met proff. M.L. du Toit, A.R. Pullen, mnre. P. Anton Hendriks, Jan Juta, P. Longford MacDonald, D. Ogilvie en mej. Grace Anderson.<sup>149)</sup> Die uitstalling het van 5 tot 9 Oktober 1937 in die Supeesaal van die Pretoriase Stadsaal,

---

146) Berman, E: Art & Artists of South Africa, p. 301

147) Battiss- E. Mayer, 15 Junie 1937: "Mr Pearce asked me about joining the Transvaal Art Society, but I have not done so yet. I saw Maud Sumner last week and she said she is having nothing to do with it. She believes to a large extent Natalie Field is running it, and she is disgusted that Natalie Field was a judge at the S.A. Academy and hung eight of her own works! Now I want to be quite candid. They say that A.S. Pearce knows nothing about art and yet he is on everything. Do you think that the people on the provisional Committee are good South Africans? I would like to see one with Coetzer, Timlin, Wiles, Boonzaier, etc. The suggestion of forming a Pretoria branch is a good one."

148) Ibid.

149) Katalogus tot "Tentoonstelling van Suid-Afrikaanse Kuns." Pretoria, 5-9 Oktober 1937.

Paul Krugerstraat plaasgevind en prof. M.L. du Toit en mnr. Jan Juta was die beoordelaars.<sup>150)</sup> Die uitstalling het 132 werke van 49 kunstenaars omvat. Battiss het die voorwoord tot die katalogus geskryf, waarin hy onder andere daarop gewys het dat dit die eerste uitstalling was wat van die staanspoor oop was vir alle kunstenaars in Suid-Afrika en nie beperk was tot die gevestigde kunstenaars nie, dat die standaard verblydend hoog was en dat die verskeidenheid werke verfrissend was. Hy het gesê dat kunsliefhebbers baie beïndruk sou wees met die lewendigheid en varsheid van veral die werke van die jonger groep kunstenaars, terwyl die kuns van die erkende kunstenaars genot verskaf het. Battiss se mening aangaande die kunstenaar se rol in die samelewing is ook in die voorwoord gemeld: "Good art cannot die, and its unalloyed enjoyment is the natural right of every citizen. But with this right goes the obligation to give the artist opportunities and facilities for carefree, creative work.

The sensitivity of the artist is, perhaps, one of the most precious and fragile possessions in the Nation's Treasure Chest, and to cherish art is to cherish the best that creative man can give."<sup>151)</sup>

Vir hierdie uitstalling het Battiss onder andere vier abstrakte skilderye geskilder wat hy onder die skuilnaam Gregi Nola aan die keurkomitee voorgelê het. Hy het bowendien 'n denkbeeldige adres verskaf. Twee van die werke, Homme et Femme en Chanticleer, is aanvaar<sup>152)</sup> en prof. du Toit en mnr. Juta was so ingenome met die werke dat hulle op die beste uitstalposisie gehang is.<sup>153)</sup> Die twee werke is egter nie verkoop nie en het blykbaar jare lank in die Pretoria Boys' High

---

150) The Arts in Pretoria. Rand Daily Mail, 8 Oktober 1937.

151) Sien bylaag 2: Voorwoord tot katalogus: Pretoria, 5-9 Oktober 1937.

152) Sien katalogus.

153) Sien bylaag 1.

School se personeelkamer gehang waar niemand bewus was van wie die werklike kunstenaar was nie. Die skilderye kon egter nie later opgespoor word nie. Hierdie aanvaarding van die twee avant garde skilderye vir die uitstalling het Battiss tot die gevolgtrekking laat kom dat niemand destyds geweet het wat abstrakte kuns was nie en niemand selfs vandag weet nie.<sup>154)</sup>

Ongelukkig kon daar nie veel ander werke van Battiss uit hierdie tydperk opgespoor word nie, maar W.H. Coetzer het Battiss laat weet: "I saw a most beautiful study of aloes and landscape you did. I think it is a body(?) colour and in the collection of Dr. Kestell in Mayfair. I admire it every time I go there, and is excellent from all points, in composition, colour and draughtmanship. It is a pleasure to see a little gem like that."<sup>155)</sup>

Na die afloop van die Pretoria Musical Festival-uitstalling het Battiss aan Terence McCaw geskryf, wat hom toe in die Kaap-provinsie bevind het, dat die jonger kunstenaars volgens sy mening nie die nodige erkenning ontvang wat hulle toekom nie. Hy was van mening dat hulle op die Academy en ander uitstallings op die agtergrond geskuif is en dat veral Roworth en Goodman die oorsaak hiervan was. Battiss het dit aan McCaw gestel dat hulle 'n nuwe groep of beweging van jonger kunstenaars behoort te vorm.<sup>156)</sup> Ook verskeie ander kunstenaars was ontevrede met die traagheid in die kunswêreld van Suid-Afrika. Dit het meegebring dat Battiss, tesame met ander kunstenaars, onder andere McCaw en Gregoire Boonzaier in 1938 die Nuwe Groep tot stand gebring het. Hierdie Groep sou 'n verrykende invloed op kuns in Suid-Afrika hê - waarskynlik ver meer as die stigters ooit verwag het.

---

154) Ibid.

155) Coetzer, W.H. - Walter Battiss, 27 Junie 1937.

156) Sien bylaag 1. Sien ook Hoofstuk 2.3.1.

Die eerste uitstallings van die Nuwe Groep is in Mei 1938 in Kaapstad en in November/Desember 1938 in Pretoria gehou<sup>157)</sup> en alhoewel geen abstrakte werke ten toon gestel is nie, het die uitstallings baie polemieke veroorsaak.

In dieselfde jaar (1938) het Battiss sy eerste reis na Europa onderneem waar hy onder andere Van Gogh se werkplek in Arles, Frankryk, besoek het, en die Abbé H. Breuil ontmoet het. Hy het doelbewus aandag geskenk aan die prehistoriese kuns van suidelike Frankryk. Sy studie in Parys en Florence het hom in aanraking gebring met die werke van die toenmalige modernes, nl. Picasso (1881-1973), Matisse (1869-1954), Braque (1882- ), Derain (1880-1954) en Modigliani (1884-1920). Gedurende hierdie verblyf in Europa het hy baie geskilder en geteken<sup>158)</sup> en na sy terugkeer in Suid-Afrika het hy 'n baie interessante artikel oor Van Gogh en sy eie besoek aan Arles geskryf.<sup>159)</sup> Hy het in die artikel melding gemaak van vier ongepubliseerde briewe van Van Gogh en hy het aangehaal uit vertalings wat in Pretoria gedoen is deur mev. Morley (Marcelle Piltan) van die kopieë wat hy met die hand deur middel van deurskynende papier gemaak het. 'n Aantal sketse wat Battiss in Arles gemaak het, is by die artikel afgebeeld, onder andere een van die twee bruggies oor die kanaal wat water van die Rhonerivier aflei en wat deur Van Gogh se skilderye beroemd geword het, sowel as een van 'n jong meisie van Arles. Battiss het foto's geneem van die park in Arles wat deur Van Gogh in 1888 geskilder is. Battiss se slotsin in die artikel is 'n aanduiding van hoe sterk hy deur Van Gogh op dié stadium beïnvloed was: "The artist in his pictures enables us to share that beauty and we owe a deep, lasting debt to him who has given us eyes to see and enjoy

---

157) Sien afbeelding: Beeton, D.R: Walter Whall Battiss. De Arte, no. 14, 1973, p. 4; en bylaag 4: Voorwoord, Die Nuwe Groep.

158) Sien afbeeldings, 1938.

159) Battiss, Walter W: A South African Artist visits Arles. Africa, Oktober 1938 pp.20-21. Dit is interessant om Battiss se tekening van die ophaalbrug te Arles te vergelyk met Van Gogh se skildery wat in 1888 van dieselfde onderwerp gemaak is.

the colours and forms of a sun-drenched, sulphur-yellow South Africa not so different from Southern France."

In 'n onderhoud met 'n koerant het hy hom as volg oor sy oorsese reis uitgelaat: "I found the modern art exhibitions in Florence and Venice most stimulating. Certain parts of Italy are strongly reminiscent of South Africa and so landscape art in Italy is highly interesting by comparison with painting done in South Africa. In Arles, Provence, Southern France, where I spent a very happy time painting, I found much that was made famous by Vincent van Gogh. Although it is 50 years since Van Gogh worked in Arles, I was able to recognise the bridges, and also the trees in the public gardens of Arles, painted by him."

Battiss het tydens sy reis ook 'n aantal skilderye gekoop: "The Epstein drawing I have secured is to me very beautiful. Epstein is greatly misunderstood, and the people may judge of his undoubted genius when they see this work. At the Uffizi, in Florence, I found a brilliant still-life painted by the Pisan artist, Cigheri. This painting will prove an education to any sincere South African artist. We do not see enough good modern art, but things are improving. South Africa must consider itself honoured by the arrival of Senor Florenci Cuiran. I met him in Cape Town and he is holding his first exhibition of animal sculpture in Cape Town now. He is one of the world's finest animal sculptors."<sup>160)</sup>

Battiss was in dié tyd geneig om steeds in die impressionistiese styl te skilder. Na sy terugkeer het hy 'n werk in olie getitel The early men gemaak.<sup>161)</sup> Alhoewel dit nie 'n uitstaande voorbeeld van sy kuns is nie, was dit volgens sy eie mening "...the first painting in which I break away from Impressionist art. I still continued my orthodox impressionist

---

160) S.A. Artist returns home. The Friend, 5 Augustus 1938.

161) Schoonraad, M: t.a.p., p. 17. Uitgestal op uitstalling "Die rotskuns van Suider-Afrika en die invloed daarvan op die Suid-Afrikaanse Kuns. Pretoriase Kunsmuseum, Julie 1973. Katalogus no. 88.



painting, working on primitive art forms until it became a definite part of my style. I called this painting The early men. This work is therefore the first painting by a South African artist using our primitive art as a direct reference."<sup>162)</sup>

In Europa was Battiss gekonfronteer met die heel jongste ontwikkelings in die kuns waarby veral met tradisie verbreek is. Na Cezanne se groot retrospektiewe uitstalling in Parys in 1907, het die verskillende kunsbewegings mekaar vinnig opgevolg: Kubisme, Futurisme, Dadaïsme, Purisme, de Stijl, Konstruktivisme, Neo-Plastisisme, die Bauhaus, Ekspressionisme en Tachisme.<sup>163)</sup>

Kubisme en Ekspressionisme was beide sterk beïnvloed deur die primitiewe beeldhoukuns van Afrika. Kunstenaars soos Picasso, Braque en Gris (1887-1927) het self groot versamelings van hierdie beeldhouwerke besit. Hierdie invloed blyk duidelik uit Picasso se Les Demoiselles D'Avignon, 1907, olieverf,<sup>164)</sup> waarna deur verskeie skrywers as die eerste Kubistiese skildery verwys word.<sup>165)</sup>

Tydens Battiss se besoek aan Europa in 1938 was die belangstelling van die vooraanstaande kunstenaars veral op die abstrakte en nie-figuratiewe kuns toegespits. Battiss, wat tot 'n mate in isolasie in suidelike Afrika gewerk het, het hier tog direk in aanraking gekom met die primitiewe prehistoriese kuns. Dit het hom tot 'n groot mate beïndruk en beïnvloed. In Europa het hy nou bemerk dat die kunstenaars aldaar ook bewus geword het van die primitiewe kuns van Afrika en dat dit op hulle kuns eweneens invloed uitgeoefen het. Battiss het egter die groot voorsprong gehad dat hy van jongs af die geleentheid gehad het om die inheemse kuns van Afrika te leer

---

162) Schoonraad, M: t.a.p., p. 19.

163) Huyghe, R.(red.) Larousse Encyclopedia of Modern Art.

164) Museum of Modern Art, New York.

165) Penrose, R: Picasso - his life and work, p. 140.

ken, dit te absorbeer en deel van sy kuns te maak, terwyl die Europese kunstenaar die kuns van Afrika altyd grotendeels slegs as buitestaander kon sien en waardeer.

Tog is dit opvallend dat Irma Stern (1894-1966) wat ook, net soos Battiss, in Suid-Afrika opgegroeï het, maar wat in Berlyn en Weimar studeer het en in 1919 na Suid-Afrika teruggekeer het, se kuns steeds in wese van dié van Battiss verskil het. Stern het die Ekspressionisme wat sy in Duitsland aangeleer het op die plaaslike toneel toegepas, terwyl Battiss juis die inheemse primitiewe kuns deel van sy styl gemaak het na wat hy oorsee gesien en geleer het. Hy was van mening dat "we should accept the dual position of the South African artist. At one moment he is a European with Greek statues and Roman poets inhabiting the shades of his intellectual landscape; at another moment he is a white man, surrounded by forests of African witchcraft, girdled by unending savannas where roam elephants and giraffes. The inner classic world of his education is one of a familiar security - it is a world of civilised men with predictable situations, predictable ethics and predictable solutions. Its pleasures include Literature, Music, Science, Art and Sport. It is the world that opens up the mysteries of matter, space and speed and an academic art that lends itself to landscapes, portraits and the human figure. But on the outside, hugging him like a rough uncomfortable goatskin, is Unusual Africa: insecure, illogical, black and red in colour; volcanoes, lakes, tropical diseases, locusts, droughts, floods, flames, man in conflict, violence. And so it happens that the modern man holding his Vergil is thrown from his European chariot on to the African thorns. This desperately uncomfortable position is one the artist faces. He has to ask himself what he is and what he should do. Take Wenning and Welz: Wenning refused to surrender himself to Africa. He repeatedly protested that he was a Hollander and remained a painter of the Dutch School to the end. Welz, too, repudiates Africa and refuses to liquidate his European inheritance. His paintings are the work of an Austrian, a European, through and through. Irma Stern, on the other hand,

signs an African alliance. She travels the heart of Africa, she collects African fetishes and she paints the voluptuousness of the black and red continent. Preller penetrates the irrational, the incongruous, the secret catacombs of African legend, and myth. He pulls himself away from the city and lives alone where Mzilikasi fought a battle. He lives with African spirits and is not afraid of silent nights when white shadows move through the trees. Douglas Portway feels foreign here and finds friendship in Europe. Wim Blom envelopes himself in the browns of Holland and Italy. Gordon Vorster, on the other hand, accepts the parched land and the kokerboom. He accepts the Africa he knows and does not deny it.

While each artist believes he does something original and personal he reveals willy-nilly that he belongs to some specific tendency.

Today we are well aware of certain recognisable tendencies in the country's art as a whole; these tendencies we might call schools. There is the Realist School built up by Oerder, Wenning, Goodman, Roworth, Pierneef and Jentsch. The impressionists like Boonzaier, McCaw and Francois Krige are part of this constellation. To put it bluntly: they paint what they see. The Expressionist School counts as members - Irma Stern, Maggie Laubser, Alexis Preller and other of like nature. They paint what they feel. The younger artists are partisan either to Dupressionism, Expressionism and Abstraction. The majority of the new painters lean towards abstraction and non-representational art, but being young, their fulfilled style is difficult to predict. They move in and around both figurative and non-figurative art.

The Europeans believe they brought art to Southern Africa, but there has always been art in our country. Some of the best prehistoric engravers left us marvellous drawings of animals on rocks. But before that, were their ancestors making drawings for thousands of years? (Art is a talent one

inherits in the blood, little changed by learning or education.)"166)

Op 12 Maart 1940 het Walter Battiss in die huwelik getree met mej. Grace Anderson, A.R.C.A., en hulle het in 20ste straat, Menlopark, Pretoria gaan woon.

Op een van Giotto (c. 1267-1337) se skilderye is daar volgens Battiss die voorstelling van 'n vierkantige, wit huisie met 'n blou dak hoog op 'n bult wat hom so beïndruk het dat hy die argitek Norman Eaton gevra het om dié voorstelling as basis vir die ontwerp van sy huis te gebruik.<sup>167)</sup> Hy het sy huis Giotto's Hill<sup>168)</sup> genoem ter ere van die ou meester. Hy en sy vrou woon tans nog in die huis. Hul seun Giles Walter Battiss (1938- ), sy vrou Belinda Elizabeth (gebore Yorke-Smith) en hul twee dogters Camilla Grace (1968-) en Veronica Barbara (1971-) woon in die huis langs Giotto's Hill.<sup>169)</sup>

Die bekroning op Battiss se studie, wat in 1930 aan die Universiteit van die Witwatersrand 'n aanvang geneem het,<sup>170)</sup> het in 1940 gekom, toe hy die B.A. (Skone kuns)-graad aan die Universiteit van Suid-Afrika ontvang het. Die skildery wat

---

166) Battiss, Walter: Wanted: A history of art in South Africa. Fontein, 1960, pp. 7-8.

167) Scully, L: t.a.p., p.25, beweer dat hierdie geboutjie in die fresko's van die Arena-kerk voorkom. Daar is tevergeefs gesoek na so 'n gebou wat enigsins met die ontwerp van Battiss se huis ooreenstem, onder andere in S. Eimerl se werk The work of Giotto c.1267-1337, waarin al die fresko's van die Arena-kerk afgebeeld is. Ook is talle ander boeke oor die werk van Giotto sonder sukses geraadpleeg. Mnr. C Harrop-Allin, wat 'n verhandeling oor die werk van Norman Eaton geskryf het (Harrop-Allin, C: The work of the Architect Norman Eaton: an art-historical study. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, Universiteit van Suid-Afrika) kon ook nie verdere inligting verskaf nie.

168) Schoonraad, M: t.a.p., p. 19. Afbeelding.

169) 1973

170) Alhoewel Battiss eers in 1934 vir die B.A.-graad aan die Universiteit van die Witwatersrand ingeskryf het, het hy reeds vir sekere vakke gedurende 1929 ingeskryf en gedurende 1930-1932 afgeskryf, terwyl hy student aan die Johannesburgse Teachers' Training College was.

hy as gedeeltelike vervulling van die praktiese vereistes vir hierdie graad ingedien het, hang tans in die Staatsbiblioteek, Pretoria.<sup>171)</sup>

Volgens twee briewe aan Walter Battiss van die Registra-  
teur van die Universiteit van Suid-Afrika, gedateer 5 Septem-  
ber 1942 en 26 Julie 1943 onderskeidelik, blyk dit dat Battiss  
destyds aansoek gedoen het om vir 'n M.A.-graad by die Universi-  
teit in te skryf. Die onderwerp van sy verhandeling sou waar-  
skynlik die primitiewe kuns wees. Die verhandeling is egter  
nooit voltooi nie en daar kan ook nie aanduidings gevind word  
dat hy ooit daaraan gewerk het nie. Battiss vertel self dat  
hy deur die Universiteit van Suid-Afrika toegelaat sou word om  
'n doktorsale proefskrif voor te lê.<sup>172)</sup> Hy het derhalwe vry-  
stelling van 'n M.A.-graad ontvang. "My archaetype theory is  
something I want to fully develop," maar "The University does  
not seem to find me a promotor for my doctorate. I think I'll  
decide to be a mere painter."<sup>173)</sup>

Battiss het in 1942 aansoek gedoen om 'n aanstelling as  
oorlogs-kunstenaar<sup>174)</sup>, maar hy is deur die Transvaalse Onder-  
wysdepartement in kennis gestel dat hy nie toegelaat sou word  
om die werk te doen nie. Hy het derhalwe nie die pos aanvaar  
nie, alhoewel hy by geleentheid plaaslike militêre gebeure  
geïllustreer het. Dié illustrasies in sy boekie Homecoming<sup>175)</sup>  
toon dat die kunstenaar se tekenvermoë nou rypheid en vol-  
wassenheid bereik het.

---

171) Sien afbeelding 1940 "Engelse ontmoeting met die Voor-  
trekkers"; en A panel painted by the artist, Walter  
Battiss. Rand Daily Mail, 21 Februarie 1941.

172) Battiss - Schoonraad, 21 April 1957.

173) Battiss - Schoonraad, 18 Augustus 1957.

174) Direkteur van Inligting, Dept. van Binnelandse sake -  
Battiss, 8 November 1940; en Director of Military  
Operations and Intelligence, Departement van Verdediging -  
Battiss, 18 November 1940.

175) Battiss, W.W: Homecoming. Pretoria : Wallachs, 1945.  
Deputy Director of Military Intelligence, Departement  
van Verdediging: Permit aan Walter Battiss toegestaan,  
22 Desember 1941.

Hy het egter 'n daadwerklike poging aangewend om fondse vir die Geallieerde Magte gedurende die Tweede Wêreldoorlog in te samel. In verskeie huise hang waterverfskilderye waarop "In aid of war funds" vermeld word.<sup>176)</sup> Bowendien het hy 'n skildery van Generaal J.C. Smuts se huis te Doornkloof gedoen. Die destydse Eerste Minister het sy handtekening agterop geskryf. Hierdie skildery is naderhand op 'n veilig<sup>n</sup> ten bate van die Oorlogsfonds verkoop. Dit kon nie tans opgespoor word nie.

Daar bestaan 'n digbundeltjie, Chapbook 1940, wat deur Battiss op 'n handpers by die Pretoria Boys' High School gedruk is. Hierdie boekie het oorspronklike waterverf- en grafiese werkies bevat wat deur Battiss self en van sy skoliere, onder andere Jack Lugg (1924- ), Dick Findlay (1928- ), Abercrombie en Crawford gemaak is. Voor in die boekie staan: "This Chapbook has been printed on an old school handpress, and is the combined effort of the art boys and art master of the High School for Boys, Pretoria. All the work is original."

Intussen het Battiss se belangstelling in die rotskuns geleidelik toegeneem. In 1944 het hy 'n uitstalling van sy kopieë van die rotskuns in Johannesburg gehou.<sup>177)</sup> Die uitstalling is deur prof. C. van Riet Lowe, destyds hoof van die Departement Argeologie van die Universiteit van die Witwatersrand, geopen. Abbé Henri Breuil het 'n essay vir hierdie katalogus geskryf wat as bylaag daarby verskyn het en waarin onder andere opgemerk is:

"If Europe has her cathedrals, you have here your painted rocks and caves.

A landscape of the Soul is the result of effort made by humans in the past, by the contemplation of which, the spectator relives the emotions, joys, anxieties, hopes and dreams of a stage in Humanity from which Man emerged victoriously, leaving

---

176) Sien afbeeldings, 1940 (Versameling F.A. van Jaarsveld.)

177) Johannesburg, Gainsborough-gallery, 24 Oktober - 7 November 1944.

as evidence of his conquest the works of his hands. When thinking over and contemplating these traces of the past, we feel a deep sympathy with the souls of these men, re-incarnating something of their thought in ourselves, and so, re-suscitating in our own minds part of their secret life."<sup>178)</sup>

Na die publikasie van nog 'n aantal boeke het sy mees omvattende werk The Artists of the Rocks in 1948 verskyn.<sup>179)</sup>

"Battiss het probeer om in die geheime van die Boesmanlewe in te dring langs die weg van hulle kuns. Hy wou ervaar hoe die Boesmankunstenaars gedink en gevoel het wanneer hulle skilder. Hy wou self in daardie stemming en lewenshouding kom om te kon indring tot die elementêre beginsels, die oergrond wat die genoemde natuurmense tot beoefening van kleur en lyn gevoer het in hulle eenvoudige, kleursierlike, liniêr-ritmiese grotskilderinge. Hy wou direkte kontak maak met die donkere geheime wat ritmies bestaan in die Afrikaanse bodem, die grond, die ongerepte natuurluwe wat oerkunstenaars besiel het tot artistieke skeppinge. Uit die tegniese ervarings van die verlede wil hy kennis put en nuwe vormbeginsels vir ons verwarde, uitgebrande, ontsielde hede te skep."<sup>180)</sup>

Battiss het self gesê dat "Die primitiewe kuns bevat beweglikheid en die ritme van die lewe self, maar ek wil verder voorwaarts gaan vanwaar die Boesman opgehou het. Ek wil werk soos hulle, vol eerlikheid en eenvoud ten einde selfs die diepste dinge van ons huidige beskawingslewe, waarvan die Boesman nie kon droom nie, in vorm te verbeeld. Al gebruik ons

---

178) Breuil, Abbé, H: Landscapes of the Soul (Paysage Sprituel) Vertaal deur Mary E. Boyle. Die titelblad lui: "Written by the Abbé Henri Breuil to Walter Battiss on the occasion of the Prehistoric Art Exhibition opened by Professor C. van Riet Lowe at the Gainsborough Galleries, Johannesburg, on 24th October, 1944."

179) Sien Walter Whall Battiss : Bibliografie.

180) Van der Westhuysen, H.M: Walter Battiss as Kunstenaar. Die Brandwag, 21 April 1950.

die eenvoudigste vorme en kleure moet ons as kunstenaars van vandag streef na die bereiking van 'n hoër peil tot ook ons die geestelike dieptes van die lewe in ons kuns to vormlewe wêk.<sup>181)</sup> Hy het sterk aangetrokke tot die prehistoriese rotskuns gevoel. Daar het ook steeds by hom die behoefte bestaan om vir agtergrond vir sy kuns uit eie bodem te put. Alhoewel hy nooit 'n voorstander van 'n nasionale kuns was nie<sup>182)</sup> het hy geglo dat die kunstenaar nietemin die gees (Eng. ethos) van sy eie omgewing in sy kuns moet verwerk. Hierdeur sal sy kuns onderskei kan word van dié van enige ander land. Dit klink in hierdie ruimte-eeu onrealisties om te verwag dat kuns die karakter aan die land van oorsprong moet aanneem. Dit bly nogtans 'n feit dat Battiss se kuns, in elk geval tot die laat sestigerjare 'n deurlopende Afrika-tema gehad het.

Hierdie geloof van Battiss, die feit dat sy kuns Afrika-georiënteerd was en die inspirasie van die rotskuns, het hom reeds in die veertigerjare in konflik gebring met Anton Hendriks, destydse direkteur van die Johannesburgse Kunsmuseum.

"The crudity of South African art, as a whole, in spite of the general opinion that art in this country has made great strides in the past few years, was described in no unmeasured terms yesterday afternoon by Mr. A.P. (sic) Hendriks, at the opening of an exhibition of paintings of Sir William Nicholson."<sup>183)</sup>

Battiss se reaksie hierop was dat: "South Africa will owe no debt to Mr. Hendriks should it produce a healthy

---

181) Ibid.

182) Battiss, W: Art in Europe as I saw it. The Outspan, 20 Januarie 1950, p. 22. "De Chirico told me he didn't believe in a national art and that every artist should be free to paint the way he wished to. This is very good advice to critics who expect South Africa to produce a national art."

183) The Star, 18 September 1947; Sien ook bylaag 1.



contemporary art. For Mr. Hendriks is ever at pain to run it down. I was amazed that at a public talk Mr. Hendriks had nothing to say in praise of 'Bushman' art. He is even more scathing in regard to South African artists who are inspired by a touch of Bushman innocence.

I have come to the conclusion that Mr. Hendriks wants us all to paint like the old Dutch masters. What he will just have to realize is that one can be a good artist anywhere in the world, and any artist worth his salt will draw sustenance from his own country, like Diego Rivera from Mexico, and Candido Portinari from Brazil. May I ask Mr. Hendriks two questions? After a number of years in South Africa, what does he intend to do to encourage South African art? Or is he totally against the encouragement of our artists? On these answers South African artists will know in what measure to admire the efforts of Mr. Hendriks."<sup>184)</sup> Hendriks het dit nie daarby gelaat nie: "Now, after your letter, the air is cleared, and it seems to me, although we may very much disagree on some important and fundamental issues, mutual respect is nevertheless possible and necessary for our work in fostering development of art in the country. I may add that, in my opinion, which I have given many times in public, the art of primitive man is the most important manifestation up to now in this country although I do not think, that we can base our own artistic endeavours directly on this work. I know you do not think so - we may contradict each other on this point on every future occasion, but I hope, without further misunderstanding of the honesty of our intentions."<sup>185)</sup>

Ook in Pretoria het Battiss sterk teenstand begin ondervind teen sy Afrika-georiënteerde kuns. J.H. Pierneef het

---

184) Battiss, Walter: Rand Daily Mail, 26 September 1947.

185) Hendriks, P. Anton - Walter Battiss, 28 September 1947.

byvoorbeeld by een van Battiss se uitstillings vir hom gesê: 'Jy is mal.'<sup>186)</sup> Nog 'n jong Pretoriase kunstenaar, Alexis Preller, is egter gekritiseer vir sy skilderye van Ndebele vrouens en hul versierde huise.

Vir 'n geruime tyd het Battiss direk in die styl van die rotskunsenaars geskilder. Hy het sy impressionistiese werkstyl afgeskud en sy skilderye is deurtrek van Boesmankunsmotiewe.<sup>187)</sup> Sy doel was om 'n persoonlike styl te ontwikkel wat meer Afrika- as impressionisties-georiënteerd was. Hy wou in werklikheid die primitiewe gees in hom laat ontwaak.

"I was trying to find out what the art was before the Europeans came, take what I could from it, change it and build on it. This was something that was completely misunderstood. People thought that all I was doing was imitating the Bushman or just extending Bushman art or prehistoric art, but that was not what I was getting at at all. I think it is really necessary to make it quite clear now that what I had recognised was that in all of us there is still some aspect of primitivism - the vestigial Adam. There is still some of the primitive man in all of us, and that we as Europeans were perfectly justified in taking what we wanted from our ancestors, and I looked upon the Bushman as rather a minor form of this big background, because the White people had ancestors who had

---

186) Sien bylaag 1. Alhoewel Pierneef Battiss veroordeel het omdat hy so opvallend inspirasie uit die rotskuns geput het, het hy self baie Boesmanskunsmotiewe in sy skilderkuns geïnkorporeer. (Schoonraad, M: Dr. J.H. Pierneef: Biografiese skets en sy belangstelling in die rotskuns. Historia, vol. 14 no. 2, Junie 1969; en Bokhorst, M: Beeldende Kunst in Zuid-Afrika, Maandblad Zuid-Afrika, 1949, pp. 185-188.)

187) Sien afbeeldings 1947-1948; ook afbeelding The Young Fawn in Pals, I.V.: Die uitbeelding van die dier in die veld in ons skilderkuns. Historia, vol. 6 no. 1, Maart 1961, p. 23; en Battiss, W: Fragments of Africa.

lived in caves, and White people within civilisation living primitive and simple lives today and they still retained something of that outlook which the artist admires. I am going into some detail about this but I think there is a complete misunderstanding in South Africa over what a South African artist should use. I think he should use what is about him, what he finds there, that he should use it as an European. The solution came to me when I was in Europe, I suddenly found that European artists like Matisse, Picasso and Braque and all the others were using forms from Africa - and had pilfered something that belonged to us. No, they were not stealing the stuff, they were using rightly what was on the earth and rightly what we should use. But there was a complex in this country so that the artists did not want to use South African materials, they wanted to be European in painting."<sup>188)</sup>

In 'n tydskrif het hy oor die invloed van die rotskuns op sy kuns opgemerk: "For the contemplation of the art leads one to a new understanding of rhythms (nervous, cataclysmal, passive, active, tractile, stubborn); to approach the morphology of forms through a primitive calligraphy suggesting in its amplitude the convex and concave volumes and density of living tissues (mysteriously come about through the interpenetrating understanding of primitive man and animal); to enjoy colour as colour not servile to tone or science dogma, thus beholding polychrome paintings as chords of colours unsullied by superstitious associations - yellow ochre to be enjoyed for its special yellowness, and white for its special whiteness, and black for its special blackness."<sup>189)</sup>

Die kulminasie van hierdie eksperiment het gekom in Battiss se skildery Kwaggawedren en sy houtsneewerk

---

188) The Art of Walter Battiss. Onderhoud. Fontein vol. 1 no. 3, 1960, p. 45.

189) Battiss, W: South Africa Bushman Paintings. The Studio, November 1948, p. 145.

Strandvermaak<sup>190)</sup> waarvoor hy op die 14e Internasionale Olimpiade-uitstalling van 1948 onderskeidelik 'n eerbare vermelding met diploma en 'n diploma met bronsmedalje ontvang het.<sup>191)</sup> Hierdeur het hy die enigste kunstenaar in die wêreld geword wat 'n toekenning in twee afdelings van daardie uitstalling verower het.

In Julie 1948 het hy 'n proefneming gemaak waarmee hy gepoog het om te bepaal of die Boesmans van die Kalahari nog die tekenkuns van hul voorvaders beoefen en indien wel of hulle tekeninge enige ooreenkoms met die skilderinge op die rotswande toon. Hy het toestemming van die Departement Gevangeniswese van Suidwes-Afrika verkry om 'n teken-eksperiment met 'n aantal verhoorafwagte Heikum-, Kun-, Makoko-, en Naron-Boesmans in die Windhoekse tronk te doen. Sommiges het eers die kryt wat aan hulle gegee is geëet, maar het later begin teken. Op 'n later stadium het Battiss dieselfde eksperiment uitgevoer met Boesmans in Tsumeb, asook by die Etoshapan, waar hy onder andere saam met die Boesmans gejag het. Hy het tot die gevolgtrekking, dat hulle baie lief vir kuns is, gekom. "They draw in the same way as their ancestors did in the rock-shelters found all over Southern Africa. When they draw designs and patterns, some of them, the sun, flowers and Acacia leaves, are exactly like those of the mysterious rock engravings found on the eastern borders of the Kalahari desert.

Many of the drawings have no meaning whatsoever. They told me they made shapes "just for fun". This is very important because scientists and artists say that all the engravings on the rocks must have meanings. Time and time again the Bushmen made shapes and forms on the paper, much in the manner that we make doodles on blotting paper."<sup>192)</sup>

---

190) Sien afbeeldings, 1948.

191) Catalogue XIVth. Olympiad Exhibition, Victoria & Albert Museum, 1948.

192) Battiss, W: The modern Bushman is as fond of art as his Ancestors. The Star, 28 Augustus 1948.

Op 24 Junie 1948 het 'n Italianer, W. Domanski, met ongeveer 250 skilderye en twee beeldhouwerke deur Italiaanse kunstenaars in Suid-Afrika aangekom, met die doel om die werke uit te stal en te verkoop.<sup>193)</sup> Hy het met Battiss in aanraking gekom en hulle het 'n tak van die International Art Club in Suid-Afrika gestig.<sup>194)</sup> Suid-Afrikaanse kunstenaars is genooi om in Turyn, Italië, saam met ander lede van die Klub van oor die hele wêreld, uit te stal.

In 1949 het Battiss vir die tweede keer na Europa vertrek, hierdie keer om Suid-Afrika se bydrae tot die uitstalling van die International Art Club, na Turyn te neem.

In Parys het hy Picasso ontmoet en het hy aan hom 'n eksemplaar van sy boek The Artists of the Rocks oorhandig, saam met twee kleiosse wat deur sy Bantoe-bediende in Pretoria gemaak is. In ruil hiervoor het Picasso aan Battiss 'n steendruk van 'n bul geskenk.<sup>195)</sup> Dit is opmerklik dat Picasso by dié geleentheid gevra het: 'Tell me now, Battiss, am I as good as your Bushman artists?'<sup>196)</sup>

Na aanleiding van Suid-Afrika se deelname aan die uitstalling in Turyn, is ons kunstenaars genooi om aan die 25e Biennale in Venesië deel te neem. Na persoonlike vertoë deur

---

193) Domanski, W: Onderhoud, 17 Junie 1973.

194) Sien ook hoofstuk 2.3.2.  
Ook bekend as die Art Club of South Africa/  
Kunsklub van Suid-Afrika.

195) Art from Spain makes impact. The Pretoria News, 17 Februarie 1965 (Afbeelding); Battiss, W: My meeting in Paris with the most famous living artist. The Star, 22 Oktober 1949; Battiss, W: I meet Picasso - the world's most famous living artist. The Cape Argus, 22 Oktober 1949.

196) Schoonraad, M: Walter Whall Battiss, De Arte, Oktober 1971, p. 22.

Battiss<sup>197)</sup> en ander lede van die Kunsklub van Suid-Afrika aan die Suid-Afrikaanse regering om 'n verteenwoordigende aantal werke na Venesië te stuur, is die versoek egter geweier. As gevolg van 'n oproep deur mnr. John Paris, destydse direkteur van die Nasionale Kunsmuseum, Kaapstad, is daarna 'n fonds gestig as 'n poging om die skilderye tog na Venesië te laat gaan.

Op 8 Februarie 1950 het John Paris aan Battiss geskryf: "The Government is accepting the invitations, but won't pay a penny, so we shall have to rake up backers if possible. Any ideas in Johannesburg or Pretoria? A selection board is to be appointed by van der Walt consisting of me ex officio, Malherbe of Stellenbosch and Von Moltke, which means we shall get what we want. As soon as the official letter from the Department emerges I will get the others together and we will draw up a plan and let you have it. The battle for a reasonable set up for the arts goes on on all fronts, and I have been hammering hard at the Government about the extreme importance of these overseas exhibitions."<sup>198)</sup>

- 
- 197) "No official reaction yet, Biennale. Will place Art Club's kind offer before Fine Arts Committee - Kunsart": Telegram van Departement Onderwys, Kuns en Wetenskap aan Walter Battiss, 23 Januarie 1950.  
"Met oog op huidige finansiële posisie spyt dit Departement onmoontlik geldelike hulp te verleen vir deelname aan Biennale - Instructor": Telegram van Departement Onderwys, Kuns en Wetenskap aan Walter Battiss, 27 Januarie 1950.  
Battiss - Domanski, 19 Februarie 1950.  
"Through many telegrams sent by me to Government Officials we are to be represented on the Biennale but "Art Club South Africa" must raise the funds. To get £.s.d. could you send me your catalogue of the last Biennale so I can show people and get them interested."  
Sien ook : Arnott, B: Lippy Lipshitz; p. 27.
- 198) Paris - Battiss, 8 Februarie 1950.

Later in die maand het Paris Battiss in kennis gestel dat "The Department of Education, Arts and Science has appointed a board consisting of myself, ex officio, Professor Malherbe of Stellenbosch, and Dr. Von Molkte, to choose the twentyfive works which shall represent South Africa at the forth coming Biennale Exhibition in Venice... Even days are not to be lost if the South African contribution is to arrive on time... Would you be prepared to submit at your own expense for packing and transport to Cape Town, say 6 recent works for consideration... Efforts are being made to obtain (since the Government is unable to make a grant towards expenses) the cost of transport to Italy from public subscription."<sup>199</sup>

Die publiek in Suid-Afrika het heftig op die inskrywing na Venesië reageer. Op 28 Maart 1950 het daar in Die Burger

- 
- 199) Paris - Battiss, 22 Februarie 1950. Dit is derhalwe duidelik dat die Regering in beginsel 'n uitstalling van Suid-Afrikaanse werke te Venesië goedgekeur het, maar dat hulle uit die staanspoor geen finansiële ondersteuning aan so 'n onderneming toegesê het nie. Arnott, in Lippy Lipshitz, p.28, is dus verkeerd as hy beweer dat "At this point (na die artikels in Die Burger van 29 Maart 1950 en 1 April 1950 waarin misnoeë met die kunswerke uitgespreek is) the Government declined to subsidise the entry that it had previously, if tacitly, supported." Teen hierdie tyd was die kunswerke reeds op die boot na Venesië en was die geld reeds deur privaat instansies of persone geborg, soos van die begin af deur die Regering vereis is.
- Die inhoud van die volgende telegramme weerspieël die verhaal van die spoed waarmee die uitstalling vir hierdie Biennale in gereedheid gebring is:
- 4 Maart 1950: By end of month latest but as soon as possible. Paris. 9 Maart 1950: Emergency Biennale last safe ship sails Friday 17th instant. Air too costly. Can you dispatch at once. Paris.
- 22 Maart, 1950: Biennale gone off. Four of yours in. Saved exhibition. Magnificent. Thank you. Letter following. Paris.

drie afbeeldings verskyn van voorbeelde van die werke wat na die Biennale gestuur is: Walter Battiss se Vader en Seun, John Dronsfield se Tema van Afrika en Lippy Lipshitz se Oase. Die redaksie het die volgende dag daarop gewys dat "'n Aansienlike opskudding is gister verwek deur die publikasie in Die Burger van foto's van drie voorbeelde van "Suid-Afrikaanse Kuns" wat na 'n tentoonstelling in Venesië gestuur is. Die reaksie wissel van spot tot verbystering en verontwaardiging. Die gevoel van gewone normale mense skyn te wees dat, as dit kuns is, kuns vir internasionale vertoning, daar daagliks 'n onberekenbare hoeveelheid meesterstukke in die kinderkamers en kleuterskole van ons vaderland geproduseer word. Die deskundiges wat die betrokke drie stukke uitgesoek het - hulle het ook ander uitgesoek wat 'n verskillende indruk maak - sal regtig hul aandag aan die toestand van kunswaardering in Suid-Afrika moet wy. Want dit is duidelik dat die grote gros van die publiek totaal onvatbaar is vir hierdie "eksperimentele" produkte wat hulle uitgesoek het."

Die Transvaler het ewemin stil gebly. Op 31 Maart 1950 is dieselfde drie werke op die voorblad afgebeeld terwyl die hoofartikel van die koerant 'n dag later berig het: "Lesers het wellig hul oë uitgevryf toe hulle gister in hierdie blad afbeeldings sien van enkele eksemplare van die kunstgewrogte wat Suid-Afrika eersdaags op die kunsfees in Venesië sal verteenwoordig. Daar is twintig werke gekies, waarvan ons drie afgebeeld het. Sal die eerste reaksie van die gewone sterfling nie 'n vurige wens wees dat die orige sewentien anders mag lyk nie?.... Is die meerderheid van ons erkende kunstenaars en al hul werk dan onherroeplik outyds?"<sup>200)</sup>

Hierop het 'n ongekende polemiekie oor die skilderye wat na Venesië gegaan het, in die pers gevolg. 'n Vloed van briewe, spotprente en artikels, wat boekdele sou kon vul, het in

---

200) Is dit verteenwoordigend? Hoofartikel, Die Transvaler, 1 April 1950.



koerante verskyn.<sup>201)</sup> Battiss se werk is as skandalig bestempel - tot so 'n mate dat dit selfs in die Parlement ter sparke gekom het en as onwaardig vir 'n 'Springbok' geag is. Hierdie hewige reaksie aan die kant van die publiek en die Regering, was in wese tot 'n groot mate ongevraag en onvanpas, aangesien hulle nie met hierdie uitstalling finansieel belas is nie. Die Regering het 'n onpartydige, amptelike keurkomitee van deskundiges aangestel en, behoort by die keuse van hierdie komitee berus het.

Van Battiss is vier werke in Venesië uitgestal. Uit drie van die talle persoonlike briewe wat hy in dié tyd ontvang het<sup>202)</sup> blyk dit dat hy in hierdie werke die volle ondersteuning van sy mede-kunstenaars gehad het. Bowendien het uit die briewe geblyk dat die standpunt wat mnr. John Paris ingeneem het, ten spyte van al die negatiewe en neerhalende kritiek, deur die kunstenaars waardeur is. Later het dit geblyk dat Paris se opvatting tog juis was, aangesien die uitstalling gunstige kritiek in Italië uitgelok het.

In antwoord op die kritici het Battiss verskeie persverklarings gemaak. Een van hierdie antwoorde was in geskrewe vorm, maar is nooit, sover vasgestel kon word, gepubliseer nie.<sup>203)</sup>

Gedurende die laat veertigerjare het Battiss skilderye begin maak met abstrakte motiewe.<sup>204)</sup> Die hoogtepunt van

---

201) Sien bylaag 5: South Africa pro- or versus Modern Art?; Walter Whall Battiss : Bibliografie; en Schoonraad. M: Waardering van Kuns. Die Transvaler, 9 Mei 1950: "Toe ek Walter Battiss nader oor hierdie werk het hy my meegedeel dat dit Rembrandt se "Verlore seun" was wat hom besiel het tot die werk. Hy verklaar egter dat dit hom drie jaar gekos het om dit so eenvoudig moontlik te voltooi. Hy beweer dat dit sy beste werk is. Battiss sê dat tyd die kwessie sal oplos met betrekking tot die uitstalling in Italië."

202) Sien bylaag 5: Paris-Battiss, April 1950; Lippy Lipshitz-Battiss, 6 April 1950; Van Essche-Battiss, 28 Maart 1950.

203) Sien bylaag 5: South Africa pro- or versus Modern Art?

204) Sien afbeeldings, 1950-1952.

hierdie fase in sy kuns is die serie Flames of Africa. Scully sê van hierdie werke: "There are no individual forms apparent and no focal point and no apparent composition either. These flames may go beyond the frame."<sup>205)</sup>

Esmé Berman het dit soos volg gestel: "He led the trend away from representational conventions ...he began to concern himself less and less with visual appearances and to give increasing emphasis to symbolic form. The hieroglyphic composition which resulted from this attitude established Battiss as South Africa's first abstract painter."<sup>206)</sup>

In 1952 is Battiss genooi om 'n reeks van drie lesings aan die Universiteit van Londen oor Suid-Afrikaanse kuns te gee.<sup>207)</sup> Herbert Read, die bekende Britse kunskritikus was by die lesings teenwoordig en het Battiss daarna genooi om die manuskrip van sy The Grass Roots of Art deur te lees en kommentaar daarop te lewer.

In 1953 het Battiss as een van die stigters van die South African Council of Artists opgetree. Hy sou vir vyf jaar op die uitvoerende komitee van die International Association of Plastic Arts, Unesco, Parys, dien saam met Severini, André Lhote, Richard Carline (Brittanje), Harold Weston (V.S.A.),

---

205) Scully, L: t.a.p., p.44.

206) Berman, E: Modern South African Painting. South Africa Today, 1966, p.178. Sien ook afbeeldings, 1950-1952.

207) Academic Registrar, University of London: Brief aan Battiss, 1 Augustus 1951; en Battiss-Schoonraad, 14 Mei 1951.

Battiss het die volgende lesings gegee:

1. 21 Februarie 1952: The art of yesterday in South Africa (Prehistoric engravings and Bushman Paintings).
2. 28 Februarie 1952: The art of today in South Africa (Bantu Designs)
3. 6 Maart 1952: The art of today in South Africa (European Art).

Titus Leeser (Nederland) en Marko Celebonovic (Joego-Slawië).<sup>208</sup>

Gedurende hierdie selfde tydperk (1953-1958) was hy hoof van die Kunssentrum van die Transvaalse Provinsiale Administrasie, Skinnerstraat, Pretoria.<sup>209</sup> Hier het Battiss 'n Sentrum opgebou wat werk van hoë standaard gelewer het en het hy mense soos Carl Buchner (1921- ), Gunther van die Reis (1927- ) Phil Kolbe (1932- ), George Boys (1930- ) en Eone de Wet (1928- ) as dosente byeengebring. Die eerste studente wat vir 'n graad in die Beeldende Kunste aan die Universiteit van Pretoria ingeskryf het, het hul praktiese werk onder Battiss en sy dosente gedoen. Battiss het ook deelyds praktiese kunsklasse aan die Universiteit van die Witwatersrand gegee.

In 1954 het hy weer Europa besoek en het hy in September van dié jaar Suid-Afrika op die Eerste Internasionale Kunstekongres te Venesië verteenwoordig.<sup>210</sup> Hy is ook in hierdie jaar tot Fellow of the Royal Society of Arts, Londen, verkies.<sup>211</sup>

Twee jaar later het hy weer na Europa gegaan en 40 gekleurde houtsnede, syskermdrukke en tekeninge asook 22 olieverfskilderye by die Imperial Institute, Londen uitgestal. Dit was Battiss se eerste eenmanuitstalling in Europa. Een van die werke wat hy uitgestal het Die ou Kaptein, is in The Studio, Oktober 1956, afgebeeld waarby opgemerk is dat "Bushman motifs have not unnaturally found their way into many of Walter Battiss's paintings and graphic works, in many cases he has employed them decoratively or in dynamic

---

208) Sien ook hoofstuk 2.3.4.

209) Battiss se aanstelling as hoof van die Kunssentrum geld vanaf 7 April 1953: Battiss to take over Art Centre. The Pretoria News, 30 Maart 1953.

210) Battiss, W: The most unusual art congress in Venice. The Star, 3 Desember 1954. Eerste kongres van IAPA.

211) Scully, L: t.a.p., p.71 gee die datum onjuis as 1955.

compositions that nevertheless contain the basic elements of African art. The man, the animal (hunted or hunter) the plant life... the thin elongated figure which is the African symbol of man in general."

Sedert ongeveer 1957 is kalligrafiese figuurtjies in toenemende mate deur Battiss in sy skilderye en grafiese werk gebruik.<sup>212)</sup> Hierdie stylvorm het in die sestigerjare sy hoogtepunt bereik<sup>213)</sup>, maar word vandag nog veral in sy grafiese werk en soms as agtergrond in skilderye deur hom gebruik en dit vorm 'n uiters belangrike aspek van sy kunsstyl.

Aanvanklik het hierdie kalligrafiese vorms geen spesifieke betekenis gehad nie. Hulle was slegs informele, abstrakte vorms waarin die kunstenaar belanggestel het. Mettertyd het die vorms egter vir hom 'n definitiewe simboliese betekenis aangeneem sodat hy algaande uit die simbole sy eie alfabet ontwikkel het. Hiervan kan reeds aanduidings gesien word in 1957, toe hy 'n brief met 'n groep van hierdie vorms afgesluit het en 'n verduidelikende byskrif daarby verskaf het: "This Afrometavisualism means in bluntest language:...."<sup>214)</sup>

In skilderye van c.1962 het hy dikwels reeds simbole gebruik wat, alhoewel hulle nie gedekodifiseer kon word nie, baie na die simbole in 'n alfabet begin lyk het, soos byvoorbeeld 'n olieverfskildery Boodskap in 'n onbekende taal.<sup>215)</sup>

---

212) Calligraphic forms (1957) is een van die heel eerste skilderye waarin net kalligrafiese vorms gebruik word. Afgebeeld in Schoonraad, M: De Arte, vol. 10, 1971, p.20.

213) Voorbeelde: Hottentotsgot (1965) afgebeeld in De Arte vol. 10, 1971, p.14; Van Graan, Riena: Symbols of Life by Walter Whall Battiss. Bulletin, Pretoriase Kunsmuseum, vol. 5 no. 3, Julie 1971, pp.1-6. Afbeelding op die voorblad.

214) Battiss - Schoonraad, 21 April 1957.

215) Sien afbeelding, 1962.

Op 'n stuk tekenpapier gedateer 29 Augustus 1965 is sy pogings om 'n bruikbare alfabet saam te stel reeds uiteengesit. In Mei 1973 het hy 'n brief opgestel wat ná dekodifisering noem dat "This is written in Fake-Island script. I've taken it from the alphabet I invented on 14.6.67 so it's six years old."<sup>216)</sup> Battiss het dus ongeveer twee jaar gewerk aan die samestelling van sy alfabet en na 1966<sup>217)</sup> is die "skrif" dikwels in sy kunswerke, soos onder andere in syskermafdrucke van 1973<sup>218)</sup> ontsyfer- en leesbaar. Hy skryf dikwels briewe aan sy vriende, o.a. Jack Grossert, in hierdie skrif en ontvang selfs antwoorde van hulle op dieselfde wyse terug.

Battiss het deur hierdie kalligrafiese vorms aansluiting gevind by 'n skilder soos W. Baumeister (1889-1955) wat in sy skilderye onverklaarbare kalligrafiese skrif gebruik het in sy stryd teen Hitler.<sup>219)</sup>

Esmé Berman meen ook dat daar verwantskap tussen Battiss se kalligrafie en die surrealistiese fantasie van Miro (1893- ), die 'wit skrif' van Mark Tobey (1890- ) en die sensitiewe kalligrafie van Georges Mathieu (1922- ) bestaan.<sup>220)</sup> Sy meen verder dat hierdie simbole die resultaat is van die samevloeiing van die invloed van die primitiewe Afrika-motiewe, Ndebele-kralewerk, Midde-Oosterse kalligrafiese werk en versiering sowel as 'n aangetrokkenheid tot die gesofistikeerde kunsstyle van internasionale kunstenaars soos Alcopley, Baum en Capogrossi (1900- )<sup>221)</sup>: Volgens Scully<sup>222)</sup> sou

---

216) Battiss - Schoonraad, 21 Mei 1973.

217) Sien o.a. afbeeldings in The Star, 10 Maart 1966; Natal Daily News, 23 Maart 1966; en Die Burger, 28 Mei 1965 asook ander afbeeldings in Kunsargief, Universiteit van Pretoria.

218) Sien afbeeldings, 1973.

219) Read, H: A Concise History of Modern Painting, 1959; en Scully, L: t.a.p., p.47

220) Berman, E: Art and Artists of South Africa, p.41.

221) Ibid., p.40.

222) Scully, L: t.a.p., p.47.

hierdie simbole van Ndebele kralewerk asook van die rotskuns afgelei wees. Hy wys, ter staving van sy teorie, op die sterk ooreenkoms in komposisie tussen die rotsskilderinge te Diana's Vow Rusape, Rhodesië<sup>223)</sup> en Battiss se skildery Calligraphic Forms (no. 2, 1957). Volgens Battiss self: "A very strange thing happened to me, a parallel development to me; it was in Paris and I met a man, Alcopley, and I had my sketchbook and he had his, and he took it out and showed it to me, and it was full of calligraphic drawings. He had been much influenced by the East. There is a certain branch of painting in Europe today which is Calligraphic. What had happened to me was this - I had been to Driekopseiland in Griqualand West, and there I had found strange drawings and strange symbols on the rocks. I had seen hundreds of them, thousands of them, and I had quite an itch to make my own kind of things. Now what happened was that I filled my sketchbook with them, all kinds of peculiar shapes and then I had an idea to make my own kind of writing. I had been amazed when I saw Alcopley's work that other people had been working on the same lines in Paris. This shows that Calligraphy is an international kind of art. I got very excited about it because I think it is very difficult to do. If you make one mistake on the canvas you have spoilt the painting, and if you make one mistake with your Indian Ink brush you have spoilt the paper."<sup>224)</sup>

Alhoewel die invloed van die Ndebele-kralewerk, Afrika-kunsvorms in die algemeen, en 'n besoek aan Driekopseiland op Battiss se kuns geensins betwyfel hoef te word nie, is dit onaanneemlik dat dié invloede direk aanleiding tot die kalligrafiese vorms gegee het.

Vanaf 1951 het Battiss intensief oor die rotskuns van Rhodesië en die Noord-Transvaal navorsing gedoen.<sup>225)</sup> In

---

223) Brodrick, A.H: Prehistoric Painting, 1948, p.25 plaat 4.

224) The Art of Walter Battiss. Onderhoud Fontein, vol. 1 no. 3, 1960, p.45.

225) Skrywer het hom hiermee aktief gehelp.

die droë loop van die Limpopo-rivier het hy verwronge, knoetsige vorms van boomwortels, -takke en -stompe en hul skaduwees gesien, rotse en waaivorms in die sand, wat hom baie beïndruk het. Hy het talle sketse van hierdie strukture gemaak wat hy later direk tot skilderye met kalligrafiese vorms verwerk het. Battiss se besoek aan Driekopseiland het reeds voor 1949 plaasgevind en alhoewel hy wel tekeninge van die simbole aldaar gemaak het, wat moontlik mettertyd in sy skilderye en grafiese werk verwerk is, en die rotskuns, Ndebele-kralewerk en ander Afrika-vorms dus kon meegehelp het om hierdie kunsstyl te ontwikkel, was dit by uitstek die vorms in die Limpopo wat in die eerste plaas en direk aan die ontwikkeling van die kalligrafiese aspek van sy kuns oorsprong gegee het. Battiss self het sonder twyfel hierdie opvatting onderskryf.<sup>226)</sup>

In 1958/1959 het prof. F.C.L. Bosman 'n rondreisende uitstalling van werke van agt hedendaagse skilders uit Suid-Afrika na Nederland, België en Duitsland geneem.<sup>227)</sup> Die kunstenaars wie se werke ten toon gestel is, was Walter Battiss, Cecil Higgs (1906-), Aldolph Jentsch (1888-), Maggie Laubser (1886-1973), J.H. Pierneef, Alexis Preller (1911-), Irma Stern (1894-1966) en Jean Welz (1900-).<sup>228)</sup> Hierdie uitstalling is oorsee besonder gunstig ontvang<sup>229)</sup> en is veral in Duitsland groot lof toegeswaai. Walter Battiss is bo die ander sewe kunstenaars uitgesonder. Volgens die Duitse kunskritikus dr. Lore Schatten, was Battiss: "...the only one to have consistently developed his own personal style, rooted in the culture of his native country.... He has - in contrast to the other seven artists on display - received no European education. His artistic development is indissolubly bound up with his studies of the South African cave pictures.

---

226) Battiss - Schoonraad. Onderhoud, 28 September 1973.

227) Sien hoofstuk 6.1.2.

228) Sien katalogus.

229) Battiss is sensation in Europe. The Pretoria News, 2 September 1959.

After some experiments with purely abstract forms, his way led him back to the simplified and stylised figures of this prehistoric era which through its marked feeling for movement and its fine colour sense lets the viewer forget the absence of any perspective.

Battiss concentrates solely on the effect of colour of which, by comparison, van Gogh made only sparing use."<sup>230)</sup>

Dr. Titus Leeser, 'n vooraanstaande Nederlandse beeldhouer, het aan Battiss na die uitstalling in Arnhem geskryf: "... You are an outstanding artist amongst them ... in your work only did I feel the total harmonious integration of the metaphysical Africa and good contemporary painting ..."<sup>231)</sup>

Hierdie lofuitinge bring erkenning aan en bekroning op 'n eksperiment waarmee Battiss meer as twintig jaar tevore 'n aanvang gemaak het. In sy soeke na 'n persoonlike eie-soortige kunsstyl, het Battiss die Suid-Afrikaanse rotskuns in sy kuns geassimileer. Dat hierdie kombinasie, wat in 1938 begin het met sy eerste skildery met 'n rotskuns-tema,<sup>232)</sup> suksesvol was, blyk uit die feit dat hy vir twee werke met hierdie tema op die 14e Internasionale Olimpiade-uitstalling in 1948 bekroon is.

In die daaropvolgende tien jaar het Battiss ook ander Afrika-invloede in sy kuns verwerk en dit ook sy eie gemaak. Die saamvloeiing van al hierdie indrukke uit eie bodem het meegebring dat Battiss se skilder- en grafiese kuns in 1958/59 weer eens 'n hoogtepunt bereik het en dat hy sodoende internasionale erkenning en hoë lofsprake van buitelandse kunskritici ontvang het.

Dit is in die oog lopend dat juis die feit dat Battiss inheemse Afrika-temas as uitgangspunte vir 'n eie kunsstyl gekies het, en die feit dat hy geen kunsopleiding in Europa ontvang het nie, deur die Europese kunstenaars en kunskritici

---

230) Ibid.

231) Scully, L: t.a.p., p.1.

232) Sien afbeelding: The Early Men, 1938.



raakgesien, erken en waardeer is en hom bo sy medekunste=naars laat uitsonder het.

Battiss moes by verskeie geleenthede teen mense en instansies optree en hulle waarsku dat hulle die Wet op Kopiereg oortree wanneer hulle sy rotskuns-kopieë vir kommersiële doeleindes sonder sy toestemming aanwend. In Desember 1953 het 'n mev. Alma Hayden 'n uitstalling gehou van ongeveer honderd rotskuns-motiewe by 'n handelsaak in Johannesburg. Vir hierdie uitstalling het sy afbeeldings uit Battiss se boek The Artists of the Rocks afgetrek en op leiklip aangebring. Die werke sou na die uitstalling na verskeie sentra in die Republiek geneem word. Die uitstalling het egter onder Battiss se aandag gekom en hy het beswaar gemaak. Hy het betoog dat die Eerste Minister self byvoorbeeld nie kopiereg is nie, maar dat daar wel kopiereg op 'n foto van hom is. Hy het verder betoog dat sy boeke onder die Wet van Kopiereg geregistreer is en dat mev. Hayden die wet oortree het deur die afbeeldings direk uit sy boek af te trek. Hy het verder ook beweer dat "If others want to make and sell copies, they, too, must go to the sites and by the sweat of their brows and thumping of their hearts make their own copies - or get my permission to make use of my material."<sup>233)</sup> Mev. Hayden het ooreengekom om Battiss te vergoed.

In 1959 het die vervaardiger van 'n bekende ontbytgraankos<sup>234)</sup> besluit om op hulle verpakings 'n reeks rotskuns-kopieë te laat druk.<sup>235)</sup> Vooraanstaande handelskunstenaars is deur die fabrikante ingespan om hierdie projek te onderneem. Toe die produk met die afbeeldings op die mark verskyn, is dit onder die aandag van Battiss gebring dat die afbeeldings weer direk uit sy boek The Artists of the Rocks oorgeneem is. Een van die afbeeldings was 'n kopie van 'n rotsskildering

---

233) Prehistoric Bushmen pose modern copyright problem. The Star, 5 Desember 1953.

234) Tiger Oats and National Milling Co. Ltd.

235) Die Transvaler, 20 Maart 1959.

afkomstig van Orange Springs, Ladybrand, O.V.S.<sup>236)</sup> Toe die blok vir Battiss se boek gemaak is, het die blokmaker 'n breë streep tussen twee figure ingesluit wat nie op die oorspronklike rotskildering voorkom nie. Hierdie streep is ook deur die handelskunstenaar op sy ontwerp ingesluit en as gevolg van die aanwesigheid van hierdie streep kon onder andere vasgestel word dat die ontwerpe wat op die ontbytkosverpakking gebruik is, sonder twyfel van Battiss se boek afkomstig is. Ook hierdie saak is geskik en Battiss het vergoeding ontvang.

In 1958 het Battiss weer vir 'n jaar as kunsonderwyser by die Pretoria Boys' High School diens gedoen.

#### 1.7 Grahamstad (1959)

Walter Battiss is in Julie 1959 as professor in Skone Kuns aan die Universiteit van Rhodes, Grahamstad aangestel.<sup>237)</sup> Hy het hierdie taak met baie entoesiasme en ywer aangepak. Helaas het sy verblyf in Grahamstad egter 'n mees onproduktiewe tydperk in die kunstenaar se lewe geblyk te wees. Na ses maande het hy bedank om terug te keer na die Pretoria Boys' High School.<sup>238)</sup>

Dit is moeilik om met sekerheid te sê wat presies tot sy bedanking aanleiding gegee het. In sy briewe uit hierdie tyd het voorgekom: "I have started preparing my lectures on the Renaissance for the senior students..." (5 Julie 1959). Since our arrival here there has been a flood of invitations and a party at Dr. Alty's, Principal and Vice Chancellor, where we met the others. Quite free and delightful...

As anticipated I am in a terrible fix without a studio and Grace has no pottery. By a stroke of luck there is an

---

236) Battiss, W: The Artists of the Rocks, p.219.

237) Berman, E.: t.a.p., p.37, gee die datum onjuis as 1962.

238) Professor Battiss... The Pretoria News,  
5 November 1959.

old cow-shed or stable at the bottom of the garden (built by Piet Retief?)<sup>239</sup> and it is JUST big enough to take my mural, but it is very dark and so I've got to let light in and build a big wall to keep people out. And things are not cheap here. The Builder charges a high fee plus his boy and all materials have to come from Port Elizabeth...

There is a Renaissance of the arts in Grahamstown. The new Art Gallery (Part of the Albany Museum) opens on Tuesday, 18th.

On Thursday, 20th, the Grahamstown Fine Arts Association has its meeting in my Art School and starts a progressive policy.

I also open an exhibition shortly.

The University has been asked by my students to form an Art Club as an official body of the University.

THINGS ARE LOOKING UP! (11 Augustus, 1959).

"I have been very badly stung here financially by lawyers and other people's delay over the house have landed me with most extraordinary expenses. I've a lot to tell you how terribly mercenary these people are down here, however pleasant the smile on their facades....

I was at Guy Butler's for dinner the other evening and I said to him "Why did you come to Grahamstown", and he said "To work - here one can work." I think I too can work here and paint and expand my creative self. But I can see - if one permits it - one can be suffocated into nothingness by being busy with "important" little nothings.

I like this, my art school, very much and look forward to the day's work and it now has the lustre of early morning spring." (2 September, 1959.)

---

239) Sien afbeeldings: Battiss se huis, Grahamstad, 1959. Battiss het "The Retreat", Prince Alfredstraat 1, Grahamstad gekoop. Hierdie huis is in 1821 deur Piet Retief, die Voortrekkerleier gebou; Sien ook: Grahamstown Journal, 1846; en Neville, T: The Retreat, Fair Lady, 8 Maart 1967.

"I am completing the studio in the stable to begin the murals. 240)

As this University is in a very bad financial state and the continuous rain and wind causes everything to rot I may definitely decide to resign and come back to Pretoria, say end of June... The fault here is a resistance to PROGRESSIVE ideas. There is a terrible satisfaction here in accepting things just as they are - no thoughts of wanting to go forward - result stagnation and death of the body and the soul."  
(19 Oktober 1959).

"Before I could even write to my mother or you the Pretoria News was ringing me up and Calenbourne wanted the story of my resignation saying there were all kinds of rumours flying around.

Mr. Abernethy has been very good to get me the only art post going in the Transvaal - that is the second art post at the school and I said I would take it if Scully was left intact. I knew that I could return only if his position was left unchallenged - as my conscience could allow nothing else.

My life has been a VERY DISTURBED one, and on top of all my financial troubles and the load of the house I've bought, Grace has been absolutely fanatical about getting back to Pretoria. The last straw at the University was being told to hand over 24 years' Pension Money to their Provident Fund - when I retired, so they told me, I would lose my monthly pension and get a lump sum instead, a very poor equivalent, I calculated, for a constant monthly pension! So I've discovered Universities are always in debt and while they pay big salaries one gets caught when one retires.....

I long for that time when I can quietly get on with my painting and woodcuts and I shall gladly forget I was ever a Professor (which cuts no ice in the art world and seems quite a false facade really.....)

---

240) Muurpanele, Transvaalse Provinsiale Administrasiegebou, Pretoria.

What is hurtful to me was my foolish ambition to try and build up something for art... If one is going to mine diamonds one must have diamondiferous ground.

One won't find rock-engravings in the wrong area.

One can't sail one's boat to Troy if the wind is wrong.

This all sounds like bitter defeat, but in the end I must accept it that all the creative artists are in big cities or near them. Here one is lost!

The compensations are manifold - the prodigal son returns..." (9 November 1959.)

Dit wil dus voorkom dat, alhoewel Battiss vol optimisme vir die uitbou van die Kunsskool te Grahamstad was, hy geleidelik sy entoesiasme verloor het. Hy het hom waarskynlik tot 'n mate geïsoleerd gevoel. Die Universiteit was vir hom te staties, te gebonde aan reëls en nie progressief genoeg nie en bowendien was daar finansiële oorwegings.

## 1.8 Pretoria

### 1.8.1 1960-1971

Gedurende hierdie tydperk het Battiss verskeie reise deur Afrikalande, ondermeer onder andere Egipte en Zanzibar (nou Tanzanië) asook die Midde-Ooste, onder andere Jordanië en Arabië. Hierdie reise het 'n merkbare invloed op sy kuns gehad, veral wat die kleurskakerings betref wat hy gebruik het. Sy skilderye is hierna oorheers deur vaalgrys en ligrooi kleure en die tema het steeds Afrika gebly.<sup>241)</sup>

Gedurende die laat vyftigerjare het Battiss vir sy olie- verfskilderye 'n tegniek ontwikkel wat eie is aan hom. 'n Gladde agtergrond van blokkies-patrone en dik verf met 'n paletmes aangewend word, afgerond deur figure in die nat verf

---

241) Sien afbeeldings van werke in Battiss, W: Limpopo.

te trek.<sup>242)</sup> Hierdie tegniek het gespruit uit sy belangstelling in graffiti en die Suid-Afrikaanse petrogliewe, gekoppel met sy reise na Suidelike Arabië op soek na rotsgravures.

In 1964 het Battiss die Erepennig vir Skilderkuns van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns ontvang.<sup>243)</sup> In November van dieselfde jaar het hy <sup>n</sup> professor <sup>ast)</sup> in die Beeldende Kunste aan die Universiteit van Suid-Afrika aanvaar, 'n pos wat hy tot pensioenleeftyd bekleed het.

In November 1966 het daar in Pretoria onder beskerming en ten bate van die Lions Klub van Pretoria, 'n uitstalling van sjimpansee-gekrabbel by 'n handelsaak plaasgevind.<sup>244)</sup> Die pryse het van R20 tot R100 gevarieer. Die uitvoerder van die stukke, die sjimpansee Anne, het in Julie 1963 by die Nasionale Dieretuin van Suid-Afrika in Pretoria aangekom. Sy is van 'n dieretuin in Nederland gekoop nadat sy ongeveer agtien maande tevore êrens in die Kongo gebore is.

Met die goedkeuring van dr. D.J. Brand, Direkteur van die Nasionale Dieretuin, is ooreengekom om 'n reeks wetenskaplik-beheerde gedragseksperimente onder leiding van Walter Battiss op Anne uit te voer. 'n Jong matriekseun en diereliefhebber, Colin Ritter, het aangebied om beheer uit te oefen oor Anne se moontlike nie-kuns-uitinge. Daar is gebruik gemaak van die eksperimentele metodes soos uiteengesit deur die destyds Kurator van Soogdiere van die Dierkundige Vereniging van Londen, dr. Desmond Morris, in sy boek Biology of Art. Battiss was ook in aanraking met dr. Grzimek wat hom verwys het na die werk wat gedoen is deur prof. Bernhard Reusch van die Dierkundige Instituut van die Universiteit van Münster, Duitsland, wat nie-kunseksperimente met sjimpansees uitgevoer het.

---

242) Sien afbeeldings 1959-1970, o.a. Living Bush (1962), Native Girl (c.1959).

243) Van der Westhuysen, H.M: Huldigingswoord. Jaarboek, Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, Nuwe reeks nr. 4, 1964. dieselfde jaar is hy op die Beheerkomitee van die Pretoriase Kunsmuseum aangestel. Hy het op 28 Maart 1968 uit hierdie komitee bedank.

244) Feldman, Peter: Monkey business in Pretoria's art world Personality, 12 Oktober 1967.

Battiss het die volgende redes vir sy belangstelling in hierdie eksperiment aangedui in die voorwoord tot die katalogus van die uitstalling van Anne se werk: Waarom stel ek so belang in hierdie werke wat Anne op papier gemaak het? Ek stel belang omdat dit wenke gee oor die manier waarop mense merke op papier en seildoek maak en ek is daarvan oortuig dat baie van die kalligrafiese lyne en vorme nie vooraf deur die kunstenaar uitgedink word nie, maar deur die swaai van sy hand en sy arm daargestel word. Met ander woorde die beweeglikheid van 'n sjimpansee se arm, 'n kind se arm en dié van 'n kunstenaar het verskillende soorte kalligrafie op 'n bepaalde oppervlak tot gevolg.<sup>245)</sup>

Ann het elf viltpuntsketse sowel as dertig kleurgekrabbel gedoen. Daar is bevind dat Anne, terwyl sy met haar gekrabbel besig was, genot uit die taak geput het. Battiss het onomwonde verklaar dat, hoewel dit nie as kunswerke aanvaar kan word nie, daar sommige van die "sketse" en "skilderye" was wat strelend vir die oog was.<sup>246)</sup>

Ongelukkig het hierdie reeks eksperimente, wat in die middel van 1964 'n aanvang geneem het, tot 'n einde gekom toe Anne in Julie 1965 oorlede is. Reëlings is getref om 'n verdere reeks eksperimente uit te voer met drie nuwe sjimpansee-aankomlinge in die dieretuin, maar, deur die tragiese dood van Colin Ritter in 'n motorongeluk het die hele projek tot 'n einde gekom.<sup>247)</sup>

---

245) Battiss,W: Voorwoord, Katalogus - Uitstalling van Sjimpansee nie-kuns.

246) Aap hou kunsuitstalling in Pretoria. Dagbreek en Sondag=nuus, 23 Oktober 1966; Project to end the monkey business in Art. Rand Daily Mail, 24 Oktober 1966.

247) Hierdie onderneming het 'n nadraai gehad toe 'n student van die Kunsskool van die Pretoriase Kollege vir Gevorderde Tegniese Onderwys twee tekeninge van Anne saam met haar eie tekeninge vir die praktiese eksamen vir 'n kuns-diploma ingeskryf het. Sy het in teken- en grafiese kuns onderskeiding behaal. Haar kommentaar op haar onetiese daad was dat die eksaminator nie die nodige aandag aan eksamen=uitstallings skenk nie. Battiss se aanmerking hierop was dat die sjimpansee geen sin vir kuns openbaar het nie en dat die werke nie as kuns bestempel kan word nie. (Kunsskool stom oor aapsketse. Die Transvaler, 7 Desember 1972; Vaalapie vol Vaaljapie. Die Transvaler, 14 Desember 1972.)

Na 'n besoek aan die Griekse eilande in 1967<sup>248)</sup> kon nuwe invloede in Battiss se kuns bespeur word. Klassieke figure is byvoorbeeld duidelik herkenbaar in sy olieverf=skilderye, byvoorbeeld Somer, waterverfskilderye byvoorbeeld Girl en Bathing Greeks, en grafiese werk byvoorbeeld Timon of Athens.<sup>249)</sup>

In 1968 het Battiss 'n verdere besoek aan die Griekse eilande gebring en het sy boek Nesos<sup>250)</sup> die lig gesien. Elke bladsy in hierdie boek is 'n handgedrukte syskermdruk.

Op uitnodiging van die Deutscher Akademischer Austauschdienst (DAAD)<sup>251)</sup> het Battiss in 1969 Duitsland besoek. Sy verblyf in Europa het gestrek vanaf 14 April tot 14 Oktober 1969. Dr. H. Scheibe, Sekretaris-generaal van DAAD het ten tye van 'n besoek aan Suid-Afrika, Battiss se werk hier leer ken, alhoewel hy hom nooit ontmoet het nie. Dit is dus 'n besondere eer dat hy Battiss uitgesonder het om hierdie studie=toer te onderneem.

In München het hy kennis gemaak met mnr. Josef Kroll,<sup>252)</sup> 'n kommersiële kunsdrukker, saam met wie hy 'n hele aantal serigrafieë gedruk het. Battiss het vry algemeen gebruik

---

248) A disease called Islomania. The Pretoria News, 4 Maart 1967.

249) Sien afbeeldings, 1967-71; Buiteblad: UNISA, 1968.

250) Walter Whall Battiss : Bibliografie.

251) Jansen, H. Kulturele Attaché, Botschaft der Bundesrepublik Deutschland, brief aan Battiss, 10 Mei 1968: "The German Academic Exchange Service (Deutscher Akademischer Austauschdienst (DAAD) is considering your invitation for a two or three months' study tour to Germany, either this year or next. The Secretary General of the DAAD, Dr. H. Scheibe, while visiting South Africa last year, as a guest of the South African Government, has seen some of your works of art and books you wrote though,, apparently, there had been no chance of meeting you personally. All the more - and knowing your interest in German art - he should now like to have you as the DAAD's guest."

252) Siemenstrasse 4, Lohof. Toe die skrywer in 1972 die Kroll-drukkery in Kirchseeon en Lohof besoek het, het mnr. Kroll aan my verskeie proefdrukke sowel as voltooide serigrafieë wat hy saam met Battiss gedoen het, beskikbaar gestel.



gemaak van fotografie in sy syskermdrukke, 'n nuwe tegniek wat hy op hierdie stadium ontwikkel het. Kroll is die drukker van 'n groot aantal spesiale serigrafieë wat as advertensieplakkate vir die Olimpiese Spele van 1972 in München vrygestel is, onder andere dié van Salvador Dali, V. Vasarely, Otto Piene en Arakawa, 'n Japanese kunstenaar. Hy het ook kunsdrukwerk gedoen vir ander Duitse, Amerikaanse en Engelse kunstenaars, onder andere prof. Max Brill, prof. Schreiter, Gebbart (München), Lenk, Brenken (Stuttgart), Rase en Fahler.

Gedurende hierdie besoek aan Europa het Battiss na Londen gegaan en saam met mnr. Chris Betambeau<sup>253)</sup>, ook 'n kunsdrukker, aan serigrafieë gewerk. "In London I worked on new serigraphs with the master printer, Chris Betambeau of Advanced Graphics, through Editions Alecto. It was my most wonderful experience - proofing with a printer who had worked with Paolozzi, Kitaj, Hockney, Riley, Allen, Tessa Jaray, Vasarély, Richard Hamilton...

Vraag: Was your graphic work different from theirs?

Battiss: O, yes, quite different. Especially in colour. I am greedy! We experimented with movement, negative and positive, black on black, watercolour backgrounds and so."<sup>254)</sup>

In hierdie selfde jaar het die Nasionale Filmraad in Pretoria, op versoek van die Departement Nasionale Opvoeding, 'n film oor Battiss en sy kunswerke gemaak vir verspreiding aan skole. Sy boodskap aan die jong mense aan die einde van die film is: "Be true to yourself."<sup>255)</sup>

In 1970 was Battiss, saam met Cecil Skotnes, stigter van die Africa Council for Art. In dieselfde jaar het hy ook die

---

253) Advanced Graphics, 75 Tooley Street, London.

254) Onderhoud met Battiss.

255) Titel van film: Walter Battiss, Serie: Prominent South Africans. "And this I would like to say to all young, aspiring artists: be yourself. Certainly study the works of the masters; practice drawing and use of colour, but be true to yourself." (Scenario).

muurpaneel in die Standard Bank-sentrum in Johannesburg voltooi.<sup>256)</sup>

Met die opening van 'n nuwe galery, Young World, in Johannesburg in Julie 1970 wou Battiss 'n skildery wat op R1 500 gewaardeer was, in die openbaar verbrand. Hierdeur sou hy 'n kunsgebeurtenis ("happening") laat plaasvind het en aansluit by Salvador Dali wat op 'n vorige geleentheid 'n lesing oor kuns gegee het terwyl hy 'n duikhelmet opgehad het en niemand kon hoor wat hy sê nie. Die Amerikaners het weer masjiene gebou wat sistematies hulself voor die oë van die aanskouers vernietig het. Aangesien Battiss egter bang was dat hierdie onderneming van hom as onwenslike publisiteit vir die nuwe galery beskou kon word, het hy dit laat vaar.<sup>257)</sup>

Gedurende 1971 het hy sy geboortedorp, Somerset-Oos, 'n slag besoek met die doel om die moontlikheid om daar 'n kunsmuseum te stig te ondersoek.<sup>258)</sup> Hy het 'n brief aan die stadsraad van Somerset-Oos gerig waarin hy uiteengesit het dat hy bereid was om te onderneem om skilderye gratis van sy medekunstenaars te probeer verkry, mits die Stadsraad 'n huis, Gill House, vir die doel sou aankoop. Carl Buchner (1924- ), wat ook in die dorp gebore is, het onderneem om werke van die Kaapse kunstenaars te probeer verkry. Die stadsraad van Somerset-Oos het by sy maandelikse vergadering van Mei 1971 besluit om die Kaapse Provinsiale Administrasie te nader om te verneem of hulle gewillig sou wees om die aankoop van Gill House vir die doel van 'n museum te subsidieër.<sup>259)</sup> Hierdie saak word nog deur die Kaapse Provinsiale Administrasie ondersoek.

---

256) Sien afbeelding, 1970; en Battiss, W: Brief aan Mnre. Hentrich, Mallows, Stucke, Hamson, Ritchie en vennote in verband met Standard Bank-sentrum-opdrag, 15 April 1970.

257) R1 500 blaze-in for Battiss. Rand Daily Mail, 2 Julie 1970; Art show became a "happening". Sunday Express, 5 Julie 1970; Painting not to burn. The Star, 10 Julie 1970.

258) Distinguished visitors. Somerset Budget, 13 Januarie 1971.

259) Art Museum for Somerset East planned. Eastern Province Herald, 10 Mei 1971.

1.8.2 1971-

Battiss het in Desember 1971 as professor en hoof van die Departement Beeldende Kunste van die Universiteit van Suid-Afrika afgetree. By hierdie geleentheid het hy homself soos volg oor sy rol in die lewe uitgelaat: "I think an artist ultimately feels that he is a very small, insignificant part of humanity, but that it is one of the most worthwhile things in life to be able to participate in the creation of art.

If I have encouraged, influenced or animated other people to go on doing these things, then I feel very humble... what I've done is really nothing."<sup>260)</sup>

Hy het in Pretoria woonagtig gebly en het kontak behou met die akademiese wêreld deur eksterne eksaminator vir kuns te wees vir die Universiteit van Suid-Afrika, en die Universiteite van die Witwatersrand, Natal en Kaapstad. Hy besoek dikwels sy huis te Leisurebaai aan die Natalse Kus wat hy in 1958 laat bou het. Die woon- en slaapvertrekke van hierdie huis het 'n buitengewoon goeie uitsig oor 'n baai, strand en rotse. Hier vind hy ontvlugting van die stadsgewoel en baie van sy kunswerke, veral grafiese werk: houtsnêë en -graverings, word hier gedoen. Hy het spoelklippe gebruik om eiehandig mure om sy strandhuis te bou en het ook begin met die bou van 'n ateljee in sy agterplaas met dié klippe, maar het dit nie voltooi nie.

Na sy aftrede het hy hom veral toegelê op grafiese werk, tot 'n mindere mate op waterverf en weinig olieverfskilderye gedoen.

Van 28 April tot 6 Mei 1972 het hy sy eerste besoek aan die Seychelles-eilande gebring en op 2 Junie het hy weer na Europa gegaan. Na 'n verblyf op die Griekse eilande, het hy hom na Londen begewe om weer eens saam met mnr. Chris Betambeau syskermafdrucke te maak.

---

260) Battiss - he's still gloriously naughty and full of plans. Sunday Times, 21 November 1971.

Hierdie reise is nodig vir hom om nuwe indrukke te bekom en in sy kunswerke te verwerk: "I've plenty inside myself to realize and of course one discovers oneself, for instance, that the bright colours are for me in oils and not the timid, anaemic grey I've been seeing in most of the galleries here which ultimately depress."<sup>261)</sup>

In Kassel, Duitsland het hy die DOCUMENTA wat hom baie geboei het, besoek, "It's New Realism with a vengeance - Enormous works filling enormous walls and all very photographically realistic, or 100's of little objects, like Claes Oldenburg's Maus (Mickey Mouse?)... It is a frightening show filled with the morbid irony of American life, hard and cruel and people trying to recapture their personalities through brutal extrovertness."<sup>262)</sup>

Op die pad terug na Suid-Afrika het hy 'n verdere besoek aan die Seychelles-eilande gebring, waar hy onder andere op Mahé-, Silhouette-, Anonyme- en la Digue-eiland waar hy agtien dae deurgebring het, gewoon het. Hy het veral in waterverf geskilder in fyn detail, indrukke van die eilande en voorwerpe wat hy op en naby die strand vind<sup>263)</sup>: 'n vis met helder kleure, 'n klein soort piesang, voëls, klippe, koel drankblikkies, stukke spons en vrugte van die Coco de mere, die reuse palm van die eilande.

Na sy terugkoms het hy in November 'n groot uitstalling in Pretoria gehou, waartydens hy nie slegs kunswerke vertoon het nie, maar die besoeker aan sy uitstalling ook 'n kyk in die alledaagse lewe van die eilandbewoners gegee het.<sup>264)</sup>

In hierdie jaar het Esmé Berman se boek South African Art Market 1971/72 verskyn. In die hoofstuk, Collector's

---

261) Battiss - Schoonraad, 13 Julie 1972.

262) Battiss - Schoonraad, 15 Julie 1972.

263) Battiss - Schoonraad, 11 Augustus 1972.

264) Sien afbeeldings van uitstalling, 1972.

Guide"<sup>265)</sup> van dié boek, waarin die aanbevelings van die kenners saamgevat is, is aan Battiss, saam met twee ander kunstenaars vir grafies (no. 3) agt sterre toegeken; vir skilder (no. 4) het hy saam met tien ander agt sterre gekry en vir skilder (no. 5) was hy die enigste kunstenaar aan wie agt sterre toegeken is. Hy was nie vir die ander twee kategorieë, naamlik teken en beeldhou oorweeg nie. In die betrokke jaar het hy geen beeldhouwerk verkoop nie en daar was geen verslag van die verkoop van 'n tekening van hom nie. Battiss is dus in drie kategorieë die maksimum aantal sterre toegeken en hy is die enigste kunstenaar wat in meer as een afdeling die maksimum aantal sterre ontvang het.<sup>266)</sup>

---

265) Om hierdie hoofstuk (Berman, E: The South African Art Market 1971/72, pp.35-39, Collector's guide) saam te stel het die outeur ses onpartydige, onafhanklike deskundiges op kunsgebied versoek om by wyse van die toekenning van sterre, aan te dui watter kunstenaars se werke hulle vir 'n versamelaar sou aanbeveel. Die paneel het bestaan uit direkteure van twee kunsmuseums, twee senior lektore aan Suid-Afrikaanse Universiteite en twee kunshandelaars. Die lys van name van kunstenaars wat aan die paneel voorgelê is, was saamgestel op grond van 'n lys van verkope wat mev. Berman van handelaars verkry het en wat volgens die medium/media waarin die kunstenaars gewerk het ingedeel was. Die paneel kon addisionele name byvoeg indien hulle verkies en dié name is ook aan die ander lede voorgelê. Die toekenning van sterre moes geskied op grond van die paneellede se opinie aangaande die standaard van die kunstenaar se werk. Elke paneellid het sy opiniebepaling onafhanklik van die ander lede gedoen. Na die konsolidering van die resultate kon 'n maksimum van agt sterre aan 'n kunstenaar toegeken word, aangesien twee beoordelaars 'n dubbelkruis toegeken het aan kunstenaars met, in hul opinie, op besondere meriete aanspraak gemaak het. Mev. Berman het die beeldende kunste onder vyf hoofde ingedeel, naamlik 1, tekening; 2, beeldhou; 3, grafies; 4, skilderye - olie, akrilies, gemengde media- houtpanele; 5, skilderye - olie op papier, waterverf, gouache - monotype - pastel.

266) Dit was 'n merkwaardige resultaat as in ag geneem word dat die meriete-bepaling gegrond was op die opinie van die paneellede van die standaard van die kunstenaar se se werk en nie op sy aantal verkope of pryse van skilderye nie.

Die Universiteit van Suid-Afrika het in Mei 1973 'n eredoktorsgraad aan Battiss toegeken, die hoogste eer wat 'n persoon in die akademiese wêreld te beurt kan val. Hy het die D. Litt. et Phil. (honoris causa) op 12 Mei 1973 in die Pretoriase Stadsaal ontvang vir sy dienste aan die kuns in Suid-Afrika.<sup>267)</sup>

Toe Battiss se uitstalling by die Grosvenor-gallery in Londen in 1970 deur die mat geval het, het hy besluit om in plaas van die onkoste van uitstallings in die buiteland aan te gaan, liever 'n reeks advertensies in die Studio International te plaas. Ses hiervan het reeds verskyn.<sup>268)</sup> In die laaste advertensie word 'n waterverfskildery van 'n tent wat slegs uit 'n paar stokke bestaan, uitgebeeld, met die byskrif 'Open tent for contemplating the cosmic origins of art'.<sup>269)</sup> Battiss het met sy onlangse besoek aan Londen<sup>270)</sup> so 'n konstruksie voor die Tate-gallery opgerig, en daaronder gaan sit en peins.<sup>271)</sup>

---

267) Van Wijk, prof. T., Prinsipaal, Universiteit van Suid-Afrika, brief aan Walter Battiss, 21 Februarie 1973. "It gives me considerable pleasure to inform you that the Senate and Council of the University of South Africa have decided to award you an honorary D.Litt.et Phil. degree in recognition of your outstanding services to art in South Africa"; Program: Gradeplegtigheid, Universiteit van Suid-Afrika; en Commendatio: Walter Whall Battiss. Doctor of Literature and Philosophy (honoris causa). Universiteit van Suid-Afrika.

268) Tinguely and his machine. Studio International, vol. 183 no. 936, September 1971; First multiple mini-mobile monument on wheels in Africa in the Indian Ocean, Natal, dedicated to YOU. Studio International, vol. 183 no. 940, Januarie 1972. (Sien afbeeldings: Onthulling van hierdie mobiele monument op Kerkplein, Pretoria 1970); Untitled Woodcut. Studio International, vol. 183 no. 943, April 1972; String thing from Africa acquiring experience in Europe (Madrid; Ibiza; London; Matala; Southern Crete). Studio International, vol. 183, no. 944, Mei 1972 (Sien ook bylaag 1); Seychelles. Studio International, vol. 184 no. 947, September 1972; en Open tent for contemplating the cosmic origins of art. Studio International, Oktober 1973.

269) Sien afbeelding, 1973.

270) Hy het op 1 Junie 1973 vertrek en op 31 Augustus 1973 teruggekeer.

271) "People in cities don't get much chance to contemplate today." Pretoria News, 4 Oktober 1973.

Met hierdie filosofering van die kuns pas Battiss goed in by die Conceptual Art, die jongste neigings in Europa waarvolgens 'n kunswerk in wese slegs 'n idee is, 'n gedagte van die kunstenaar. Vir Battiss is dit egter nie iets nuuts nie. In 1957 reeds het hy geskryf: "When I paint a picture it is really two pictures: the things made of this earth - canvas from flax and pigment from earth or metal and brushes made from animal's hairs and trees. But the second is also there - the part that is never understood with the eye but with the cosmic dust that lies deep in us. Unfortunately the word "cosmic" has been so abused already that it has partially lost its meaning and one will have to invent a new word with a unique meaning to mean "other than earth".<sup>272)</sup>

Esmé Berman het beweer dat hoe ouer Battiss word, hoe meer hy hom met die formulering en verkondiging van idees besig hou en hoe minder met daadwerklike uitvoering van kunswerke.<sup>273)</sup>

In werklikheid het Battiss hom egter nog deur al die jare bemoei met filosofering oor die kuns, maar hy was ook nog altyd 'n besonder harde werker. In Januarie van 1973 het hy geskryf: "This is my year of action"<sup>274)</sup> en hy het beoog om 22 serigrafieë te voltooi. Gedurende sy afgelope besoek aan Londen het hy ook weer, na twintig jaar, die droënaaldtegniek toegepas en nege verskillende werke in hierdie medium uitgevoer. Hy het ook die eerste serigrafieë in "tricolour" gemaak en aan sy tweede boek van serigrafieë begin werk.<sup>275)</sup>

---

272) Battiss - Schoonraad, 6 April 1957; Battiss - Schoonraad, 15 Augustus 1973: (Londen) "Thanks for August Art Calendar where the art looks so naive, tender and raw with me sitting on an art scene here of sophistication and the pain of rejecting the historical chains to produce something for what I call the ZEN GEN(eration) where concepts outweigh real objects and even I have to think of the irrational and metaphysical content of ideas, thoughts, objects one makes."

273) Berman, E: Art and Artists of South Africa, p.41.

274) Battiss - Schoonraad, 14 Januarie 1973.

275) Battiss - Schoonraad, 20 Augustus 1973. (Londen).  
Sien ook hoofstuk 4.5 en 4.8.

## HOOFSTUK 2

### WALTER BATTISS DIE MENS

#### 2.1 Die bydrae van Walter Battiss tot die navorsing oor die prehistoriese kuns in Suid-Afrika

"I cannot stress my ambitious views of your future sufficiently. When I permit myself the luxury of being my own grand-son and look back at the end of this millennium, I see your collection and works on prehistoric art among the most treasured possessions not only of the museum it was my privilege to found, but of the Nation."<sup>1)</sup>

Hierdie brief van prof. C. van Riet Lowe, destyds direkteur van die Argeologiese Opname, aan Walter Battiss, getuig van die hoë agting wat hy as argeoloog vir Battiss, as kunstenaar, se werk in verband met die rotskuns gehad het. Battiss se rotskuns kopieë vorm dan ook vandag 'n waardevolle deel van die besittings van talle museums, kunsversamelaars, argeoloë en antropoloë.<sup>2)</sup>

Alhoewel Battiss se eerste kennismaking met petrogliewe uit sy kinderdae dateer<sup>3)</sup> het hy rotsskilderinge vir die eerste keer in 1933 gesien.<sup>4)</sup> Hierna het sy belangstelling gaandeweg toegeneem. In 1936 het hy in alle erns navorsing begin doen oor hierdie oerkuns en het deur die jare ons land deure kruis en feitlik elke uithoek besoek. Suid-Afrika word, met betrekking tot die rotskuns in vyf streke verdeel<sup>5)</sup> en dié

- 
- 1) Van Riet Lowe, C. - Walter Battiss, 20 Julie 1943.
  - 2) Onder andere dié van prof. Raymond Dart, wêreldbekende antropoloog, en die Argeologiese Museum van die Universiteit van die Witwatersrand.
  - 3) Sien hoofstuk 1.3.
  - 4) Sien hoofstuk 1.5; Scully, L: t.a.p., p.14 beweer foutieflik dat Battiss reeds in 1932 'n deeglike studie van die skilderinge in die Oranje Vrystaat gemaak het.
  - 5) Schoonraad, M: Inleiding tot katalogus. Die rotskuns van Suider-Afrika en die invloed daarvan op die Suid-Afrikaanse Kuns. Pretoriase Kunsmuseum, 1973.



het Battiss almal op een of ander stadium besoek. Hierdie reise het dikwels onder baie moeilike omstandighede plaasgevind. Die rotsskuilings is meesal nie op gebaande weë geleë nie en nie met publieke vervoer bereikbaar nie. Gedurende die oorlogsjare was die verkryging van brandstof en motorbuitebande 'n probleem. Dan het hy van enige denkbare vorm van vervoer gebruik gemaak, uit 'n brandende begeerte om soveel as moontlik van die rotskuns te sien en te bestudeer. Soms het iemand wat gehoor het dat hy in die omgewing is, hom te hulp gekom: "The magistrate (van Cathcart) has lent me the Petrol Controller and his van to take me wherever I want to go."<sup>6)</sup> Soms het hy 'n taxi gehuur wat hom die veld in moes neem en dan moes wag terwyl Battiss die skilderinge kopieër. Soms het dit moeiliker gegaan: "I have been landed at Tsolo since 10 o'clock this morning. Bus goes no further. At first at Umtata the bus was so full they refused me a ticket, but I managed. Tomorrow I go to Maclear and from there catch another bus which only takes me half way to Matatiele and there I wait over 1½ days for the next connection!

I see part of my route on the return journey is part of the main line night train from East London. So I'm beginning to think it won't be so easy to get back except in stages. However, see what I can do.

The Very Rev. Dean Stewart of Umtata did not bring me after all, as the lady has not yet died whose service he will attend.

I cycled 20 miles today on a schoolgirl's bicycle to Tsitsa Bridge Hotel where there are Bushman paintings - and then there was nobody there at all - not a living soul. Wonderful place where they lock up a whole Hotel. Some places in Umtata are only opening on the 25th January!! I was shown

---

6) Battiss, ongedateerde brief c.1942.

a short cut home on the bicycle but struck a river in flood and had to take off my clothes and risk it. No one came down the road at that moment."<sup>7)</sup>

Prof. C. van Riet Lowe het oor Battiss se werkywer in verband met die rotskuns geskryf dat: "Fourteen years ago a modest, unassuming young artist introduced himself to me with the remark that he wished to study prehistoric art. To gauge his earnest I told him that he should start by sitting at the feet of Breuil in Paris, and then systematically to proceed to examine the great prehistoric art galleries of France and Spain. He literally leapt at the idea and soon set sail with the necessary letters of introduction.

The young man was Walter Battiss with whom it has been my pleasure and privilege to work in close accord ever since : the artist, invariably subjective, assisting the archaeologist through many art mazes; the archaeologist, consistently objective, doing what he could. In this way the ideas and interpretations of each influenced, enriched and mellowed those of the other. It has been a most helpful and enlightening experience. My gain has been great, but greater still has been the gain of archaeological research."<sup>8)</sup>

Aanvanklik was dit veral die petrogliewe wat Battiss bekoor het. In die dertigerjare het hy in sy kuns hom tot 'n groot mate op die grafiese kuns toegelê, en wel op hout- en lino-sneë en houtgravures. Die petrogliewe het Battiss sterk aan sy eie grafiese werk herinner : die insneding in die rots vertoon direkte ooreenkoms met die insneding in die hout of linoleum. So-ook is die rots waarop 'n gravure aangebring is gewoonlik egalig eenkleurig sodat die insneding 'n ander skakering vertoon en dit die effek van 'n grafiese afdruk gee. Dit is opmerkingswaardig dat Battiss die grafiese tegnieke waar die agtergrond donker is en die gereproduseerde lyn ligter,

---

7) Battiss, brief, 1 Januarie 1943.

8) van Riet Lowe, C: Foreword in Battiss, W.W: The Artists of the Rocks, 1948, p.11.

met ander woorde houtsnēë, lino-snēë en houtgravures, verkies bo dié tegnieke waar die agtergrond wit of lig is en die gereproduseerde lyn donker, byvoorbeeld etse.

Hy het aanvanklik lino-snee-afdrukke gebruik om die petrogliewe te reproduseer.<sup>9)</sup> Mnr. B.D. Malan, argeoloog van die destydse Argeologiese Opname, skryf aan Battiss dat "Your method of reproducing rock engravings in lino-cut is interesting and artistic, but I am afraid the technique in which the originals were produced is lost. Various styles and techniques were used, e.g. we have lines or true engravings, peckings, silhouettes in either method, the interiors rubbed, etc. and these differences which are scientifically important, are lost in the lino-cut. At Vosburg, where I worked with Mr. Goodwin of Cape Town we distinguished eleven different styles."<sup>10)</sup> Later gebruik Battiss lyntekeninge wat hy deur deurskynende papier doen, of vryfafdrukke (Eng. rubbings) wat hy oortrek en -teken, om die petrogliewe te reproduseer. Sy kopieë van die rotsskilderinge is in waterverf uitgevoer in die suiwerste tradisie van die waterverftegniek. Hy laat byvoorbeeld die wit ruimtes van die papier oop om die wit kleur in die skildery voor te stel. Die waterverf word in 'n baie nat was aangebring en die resultaat is 'n baie suksesvolle en artistieke nabootsing van die oorspronklike kuns op die rots.<sup>11)</sup>

Die rotskuns het Battiss so beïndruk dat hy van die staanspoor af gepoog het om ook die belangstelling van die publiek vir die rotskuns aan te wakker. Hy het die gevaar

---

9) Africa, Junie 1938, p.21 en Julie 1938, p.21.

10) Malan, B.D. - Battiss, 27 April 1937.

11) Sien afbeeldings in Battiss, W.W: The Artists of the Rocks, 1948. Scully, L: t.a.p., p.18, beweer dat "His association with the Bushmen and their art has lead (sic) Battiss to have identified himself so thoroughly with them, that like them he has almost never signed any of his paintings (i.e. since the 1930's, after he started studying these people seriously). Hierdie stelling is beslis foutief: Battiss onderteken deurgaans sy werk, hetsy tekeninge, grafiese werk of skilderye.

gesien dat hierdie kultuurerfenis moontlik binne betreklik kort tyd verlore mag gaan en het geglo dat hoe meer mense bewus word van die rotskuns, dit leer ken en waardeer, hoe minder kans sal daar wees dat dit met opset verniel of beskadig sou word.

Hy het 36 artikels oor die rotskuns geskryf<sup>12)</sup>, veral gedurende die jare 1938 tot 1958. Sewe van die boeke wat hy geskryf het bevat gedeeltes wat aan die rotskuns gewy is.<sup>13)</sup> Hy het ook deur sy boeke die rotskuns onder die aandag van vooraanstaande mense gebring. Hy het van sy boeke aan Picasso<sup>14)</sup> en aan generaal J.C. Smuts, destyds Eerste Minister van Suid-Afrika<sup>15)</sup> geskenk.

Verskeie navorsers op die gebied van die rotskuns, o.a. A.R. Willcox<sup>16)</sup>, A. Boshier<sup>17)</sup> erken dat hulle hul belangstelling

---

12) Dit is te betreur dat die grootste hoeveelheid van die artikels wat Battiss geskryf het, nie in wetenskaplike tydskrifte verskyn het nie, maar in koerante, sodat navorsers dikwels nie daarna verwys nie. Op verskeie geleenthede moes rotskunsnavorsers se aandag daarop gevestig word dat 'n vindplek, wat volgens hulle nuut ontdek was, tevore deur Battiss gevind en besoek is en die skilderinge reeds gepubliseer is. So het H.C. Woodhouse in 1967 inligting in verband met 'n vindplek gepubliseer as sou dit vir die eerste keer bekend gemaak word, terwyl Battiss dit reeds in 1938 ontdek het (vide Woodhouse, H.C: Rock paintings on Farm Delila. The South African Archaeological Bulletin, no. 90, p.53, Augustus 1968). Nogtans vorm Battiss se publikasies een van sy belangrikste bydraes tot die bekendmaking en bestudering van die rotskuns.

13) Sien Walter Whall Battiss : Bibliografie.

14) Sien p.55.

15) Cooper, Henry, Private Secretary, Office of the Prime Minister brief aan Walter Battiss, 30 Maart 1944: "Since writing to you on the 27th instant, General Smuts has asked me to tell you that he hopes later to look through your books and follow up the suggestion you make about Holism in connection with your studies."

16) Schoonraad, M. & E: Ons Rotskuns op die voorgrond. Die Bydrae van Alex R. Willcox. Lantern, Junie 1964, p.60.

17) Engelsman hardloop tien myl agter Boesman aan. Dagbreek en Sondagnuus, 25 Oktober 1965.

in hierdie onderwerp aan Battiss se inspirasie te danke het. Ander persone is nie so openlik in hul erkenning van Battiss se invloed nie. So het prof. E.F. Potgieter in die voorwoord tot sy boekie The Disappearing Bushmen of Lake Chrissie gemeld dat "During the year 1954 the attention of the author was drawn to a number of Bushmen living in the Eastern Transvaal." Hier verwys hy na 'n artikel wat deur Battiss geskryf is.<sup>18)</sup>

In sy poging om die rotskuns aan die publiek bekend te maak, was Battiss by verskeie uitstallings van prehistoriese kuns betrokke. In Mei 1939 het hy 'n uitstalling van Boesman Skilderye en Petrogliewe by die destydse Pretoriase Tegniese Kollege gereël, wat 'n aantal kopieë van prof. Frobenius ingesluit het.<sup>19)</sup>

Van 24 Oktober tot 7 November 1944 het Battiss 'n eenman-uitstalling by die Gainsborough-gallery in Johannesburg aangebied, en hy het talle kopieë van prehistoriese rotsskilderinge daarby ingesluit.

In 1946 het die Suid-Afrikaanse Kunsvereniging, tesame met die Suid-Afrikaanse Argeologiese Vereniging, 'n uitstalling van Prehistoriese Kuns in Suidelike Afrika gereël. Battiss was lid van die organiserende komitee en 'n hele aantal van sy kopieë is by die uitstalling ingesluit. Hierdie uitstalling is in verskillende sentra van die land ten toon gestel.

Dr. Maria Stein-Lessing, destyds Assistent-direkteur van die Wakefield Stadskunsgalery, Engeland het in 1950 'n uitstalling van Kuns in Suid-Afrika by dié kunsgalery gereël, waarby weer 'n groot aantal van Battiss se kopieë ingesluit was. In 1951 het Battiss aan 'n uitstalling van dier- en plantlewe by die Universiteit van die Witwatersrand deelgeneem waar hy van die rotskunskopieë en tekeninge wat deur Boesmans in die tronk op Windhoek uitgevoer is, uitgestal het.<sup>20)</sup>

---

18) Die laaste ses. Navorser ontdek lewende rots-skilders. Die Vaderland, 10 Oktober 1945.

19) By die opening van hierdie uitstalling het Battiss 'n praatjie oor die rotskuns gelewer.

20) The Star, 24 September 1951.

In April en Mei 1958 het daar in Johannesburg en Pretoria 'n uitstalling, Van Grot tot Kampong, plaasgevind waar Battiss se werk weer goed verteenwoordig was.

Die Pretoriase Kunsmuseum het in Julie 1973 'n groot uitstalling van Die rotskuns van Suider Afrika en die invloed daarvan op die Suid-Afrikaanse kuns in sy hoofgalery aangebied, wat groot belangstelling van die publiek geniet het. 'n Groot aantal van Battiss se kopieë sowel as van sy oorspronklike skilderye en grafiese werk is ingesluit.

Battiss het egter nie slegs deur kopieë en uitstallings gepoog om die rotskuns bekend te maak nie. Hy het ook daadwerklik gepoog om die rotskuns te bewaar.

Gedurende 1940 en 1941 het hy met die goedkeuring van die Historiese Monumente Kommissie 'n aantal oorspronklike rotsskilderinge van die plaas Wartrail, Barkly-Oos distrik, vir die Africana Museum uit die veld verwyder. 'n Koerantberig het gemeld dat dié die eerste oorspronklike rotsskildering is wat in 'n Transvaalse Museum besigtig kon word.<sup>21)</sup>

In die Africana Museum se jaarverslag in 1947 word gemeld dat "The expedition to recover paintings in danger of destruction was led by Mr. Walter Battiss... the most interesting of the paintings (saved from further destruction) has been described as a painting of Voortrekkers, but the costume represented is in reality earlier. The painting shows a man and woman in early 19th century dress (c.1820-5), and is remarkable for its detail. It is one of very few known South African rock paintings depicting Europeans; paintings which prove that Bushman artists were still at work when Europeans began to penetrate into the hinterland of South Africa. An ostrich, what may be a lantern, and an earlier painting of a buck appear on the same stone. The whole was copied by G.W. Stow about 1870 and published in Bleek and Stow's Rock Paintings in South

---

21) Valuable rock paintings saved from ruin. Sunday Times, 2 Februarie 1941; Rescued rock paintings. Bushman art at the museum. The Star, 1 Februarie 1941; Rock painting saved from destruction. Pretoria News, 27 Januarie 1941.

Africa, 1930, in which it is stated that a circle of white paint, which partly covers the man's hat and defaces the painting, was added since Stow's day."<sup>22)</sup> Hierdie skildery is op die plaas Klipfontein van mnr. Hendrik Francois de Wet in die Rouxville-distrik, Oranje Vrystaat, uitgehaal.

'n Aantal jare later het Battiss besonder mooi petrogliewe op die plaas Content van mnr. J. Fred Pentz ontdek en hy het 'n aantal hiervan vir die Nasionale Kultuurhistoriese Museum te Pretoria verwyder.<sup>23)</sup> Battiss was 'n tyd lank erekurator van die kunsversameling van hierdie museum.<sup>24)</sup>

Battiss het reeds in 1957 beweer dat die rotskuns in Suid-Afrika waarskynlik tot ongeveer 30 000 jaar gelede teruggevoer sou kon word.<sup>25)</sup> Die jongste wetenskaplike gegewens dui daarop dat hierdie datum waarskynlik baie na aan juis is.<sup>26)</sup>

Battiss was die eerste gebore Suid-Afrikaner om 'n boek oor die rotskuns te skryf en hy het ook meer boeke as enige ander navorser oor hierdie onderwerp die lig laat sien. Hy is daarvan oortuig dat die rotskuns van Suid-Afrika nog altyd onderskat en misken is en dat dit in wese meer gevorderd en esteties meer bevredigend is as die rotskuns van ander lande.

---

22) Battiss, W: The Artists of the Rocks, p.174.

23) Opspraakwekkende vonds by Vryburg. Dagbreek en Sondagnuus, 5 Julie 1953.

24) Battiss, brief: Januarie 1949: "When Mr. John Rothenstein, Director of the Tate Galery, visited Pretoria last year (1948) Mr. Charles te Water, our President, arranged a visit to the Old Museum, Pretoria, where as Honorary Curator of the art collection I showed Mr. Rothenstein the remarkable collection of prehistoric engravings."

25) Van Pletzen, J.C: Afrika - wieg van die mens. Tydskrifbylaag tot Dagbreek, 21 Julie 1957.

26) Schoonraad, M: Die bewaring en preservering van ons prehistoriese rotskuns. Historia, vol. 17, nr. 4, Desember 1972, p.269.

Deur sy ywer, sy boeke, talle artikels, uitstallings<sup>27)</sup>, radiopraatjies en sy kopieë, het hy daadwerklik daartoe bygedra om die Suid-Afrikaanse rotskuns aan 'n breër publiek bekend te maak en dat daar groter waardering vir die estetiese waarde van hierdie kultuurskat is. Dit het daartoe gelei dat daar in die jongste tyd in Suid-Afrika daadwerklike pogings deur die nuutgestigte AGORA (Aksiegroep oor Rotskuns in Afrika) aangewend word vir die bewaring en beskerming van die rotskuns.

Battiss was egter nie die eerste Suid-Afrikaanse kunstenaar om op die estetiese waarde van die rotskuns te wys nie. J.H. Pierneef het reeds voor 1920 in die rotskuns belanggestel<sup>28)</sup>, maar het nooit werklik 'n diepgaande studie daarvan gemaak nie. Battiss se bydrae lê daarin dat hy die enigste navorser was wat die studie van die rotskuns uit 'n kunshistoriese oogpunt benader het.<sup>29)</sup>

- 
- 27) Tot misnoeë van sy medekunstenaars het hy van sy kopieë na Turyn saamgeneem om hulle by die International Art Club -tentoonstelling (1949) uit te stal. Lipshitz-Domanski, 12 Mei 1949: "I am sorry to hear that Battiss has exploited the opportunity of showing our work in Italy by fostering his Bushman reproductions. They in themselves are very interesting and worth showing in Europe - but should be shown apart." Van Essche - Domanski, 2 Junie 1949: "I cannot believe that Battiss had his Bushmen drawings in the show." Tydens hierdie selfde besoek aan Italië skryf Battiss ook soos volg uit Rome (27 Mei 1949): "I.F.A. de Villiers of the Legation has arranged the South African Exhibit at a big Fair here with my Bushman copies (turned into coloured photographic slides and illuminated from behind with electric lights)."
- 28) Schoonraad, M: Dr. J.H. Pierneef: Biografiese skets en sy belangstelling in die rotskuns. Historia, 1969, p.124.
- 29) Die laaste artikel wat Battiss oor die rotskuns geskryf het, het juis oor die estetiese benadering daarvan gehandel. Sien Battiss, W: The aesthetic value of our rock art. in Schoonraad, M: (red.) Rock Paintings of Southern Africa, 1971, pp.42-43.



Dit was waarskynlik soms tot Battiss se eie nadeel dat hy hom so sterk met die rotskuns geassosieer het, aangesien die benaming "Boesmanskilder" mettertyd aan hom gekoppel is. Soos Frans Liszt (1811-1886) die komponis dikwels oorskadu is deur Liszt die pianis, is Battiss die kunstenaar oorskadu deur Battiss die "Boesmankunskopieërder" en moes hy later, om as kunstenaar tot sy reg te kom, die kleed van die rotskuns afskud.

## 2.2 Battiss as Opvoeder

### 2.2.1 Onderwyser

Battiss se loopbaan as onderwyser het oor 'n tydperk van 31½ jaar gestrek en was die vrugbaarste tydperk van sy lewe. Hy sê dat, alhoewel baie mense beweer dat die onderwys vir die kunstenaar neerdrukkend, afbrekend en uitputtend is, hy die teenoorgestelde ervaar het: "I found that I was inspired by doing this work - that I got something back from it."<sup>30)</sup> Die houtsneewerk Strandvermaak waarmee hy die brons medalje op die Olimpiade-tentoonstelling van 1948 gewen het, is uitgevoer terwyl hy besig was met toesigpligte by die skoolswembad. Hy was, in sy eie woorde, "inspired by school ideas. Swimming gave me the idea of the fishermen."<sup>31)</sup>

Daar is reeds vroeër op gewys hoe entoesiasties Battiss oor die onderwys was toe hy op 27-jarige leeftyd sy loopbaan by die Park School, Forest Hill begin het.<sup>32)</sup> Na jare in die Staatsdiens het hy uitgesien daarna om as opvoeder 'n bydrae te maak.

---

30) Sien bylaag 1.

31) Ibid.

32) Sien hoofstuk 1.5; ook bylaag 3.1 Battiss vertel met 'n glimlag van sy eerste ondervinding in die onderwys, dat baie van sy skoliere jökkies was. Omdat hulle sedert vroeg soggens in die stalle gewerk het, het hulle so moeg by die skool opgedaag dat hulle gedurende sy lesse aan die slaap geraak het. Sien ook Battiss, W: Limpopo, p.11.

Battiss het ontwikkel in 'n opbeurende en inspirerende onderwyser. Toe hy in 1936 by die Pretoria Boys' High School begin onderwys gee het, was daar slegs elf skoliere in die kunsklas<sup>33)</sup> en in 1950 was daar meer as 200. Hy het altyd gepoog om die kunsklasse interessant aan te bied. Hy het byvoorbeeld soms as eksamenonderwerp voorwerpe op die bodem van die swembad geplaas. Die leerlinge moes dan afduik om te sien wat daar was en dit in waterverf skilder. Hy het vir homself 'n "troon" in plaas van 'n stoel in sy klaskamer gebou, wat een van die eerste voorbeelde van popkuns in Suid-Afrika was.<sup>34)</sup> Hy het soms gedigte voorgelees en dikwels plate gedraai terwyl die leerlinge met hul praktiese kuns besig was. Hy het hulle tegnies uitstekend onderlê en het hulle tegnieke aangeleer wat nie vir die leerplan vereis was nie: monotipes, lino-sneë, steendrukke, pottbakkerie en weefmetodes. Die leerlinge het sonder twyfel die klasse geniet en hy het hulle tot 'n groot mate geïnspireer. Laurence Scully wat sy kollega by die Pretoria Boys' High School was, noem hom die mees inspirerende onderwyser wat hy ooit geken het.<sup>35)</sup> Sy leerlinge het onder andere die volgende persone ingesluit: Walter Westbrook (1921-), Jack Lugg (1924-), Zakkie Eloff (1925-), W. Papas (1927-) die bekende spotprentkunstenaar, E. Labuschagne (1921-) en A. Podlashuc (1930-). Die beste bewys vir Battiss se invloed op sy skoliere word gevind in hulle aanmerkings in dié verband: "The most beautiful classroom in this school is Mr. Battiss' art room. Its walls are covered with colourful paintings and the desk in front of it is usually covered with unfinished drawings. But the most striking thing about the room is its atmosphere - as soon as you enter the

---

33) Sien Bylaag 1.

34) Dit was 'n groot stoel met 'n kap en gordyn wat rondom toegetrek kon word. Die regterarmrus het 'n houthand gehad wat op en af kon beweeg, wat met 'n toutjie beheer kon word en wat alle nuwe skoliere moes handskud. Dié troon het Battiss met hom saam na die Universiteit van Suid-Afrika geneem.

35) Martienssen, Heather: Battiss as Colleague. De Arte, Oktober 1971, p.26: "getting even footballers interested in art."

room there is a feeling of Africa, of natives, wild animals, old Dutch farms, of meandering rivers and majestic mountains. All these things I see and feel when I enter Mr. Battiss' art room."<sup>36)</sup>

In 1945 het Battiss, as deel van die fondseinsamelingsveldtog vir die Tweede Wêreldoorlog, Cross Section in Cerulean Blue - an Experiment in Eight Landscapes, geskryf.<sup>37)</sup> Die opvoering van hierdie surrealistiese toneelstuk deur die leerlinge het gunstige kritiek uitgelok en was 'n finansiële sukses. Battiss het gereeld meegehelp met die skool se jaarlikse opera-opvoering en het dit op hom geneem om die decor en advertensieplakkate te skilder.<sup>38)</sup> Hy het byvoorbeeld een jaar sewe lewensgrootte portrette vir die opvoering van Gilbert en Sullivan se komiese opera Rudigore voltooi.

Tydens sy dienstyd as onderwyser was hy voorsitter van die Transvaalse Onderwysdepartement se komitee vir die hersiening van die sillabus vir kuns in laer- en hoërskole. Die muurpaneel vir die T.O.D. se uitstalling tydens die Van Riebeeck-fees in 1952 is onder sy toesig uitgevoer.<sup>39)</sup>

In 'n artikel in The Transvaal Educational News het Battiss die onderrig van die waardering van Suid-Afrikaanse kuns in skole asook die aankoop van goeie kunsreproduksies, bepleit: "It is a national disgrace that our schools throughout the Union are flooded out with the most hideous reproductions of the worst artists. Children are forced to stare at sunsets painted with strawberry jam or rocky Karroo (sic) scenes sprayed with obscene sunlight. To such disasters add the "bluegum" painting and the everlasting "jacaranda." Teachers,

---

36) Harrop-Allin, C: Walter Battiss the Schoolteacher. De Arte, Oktober 1971, p.30.

37) M.S.G: The Art Play. The Pretorian, Desember 1945, p.21.

38) Pretoria Schoolboys in "The Mikado". Rand Daily Mail, 3 September 1939.

39) Battiss to take over art centre. Pretoria News, 30 Maart 1953.

have you ever realised how long children look at such works? A very, very long time, indeed. Grown-ups will tell you how they can recall with the greatest clarity the pictures that were in their classrooms when they were at school. Teachers, you will turn out scholars with Karroo, bluegum and jacaranda minds! Think what such unimaginative minds are like."<sup>40)</sup>

Battiss het 23 jaar lank aan die Pretoria Boys' High School onderwys gegee en tans is daar nog baie aanduidings van sy invloed en teenwoordigheid. Die beeldjie op die toring van die hoofgebou is onder sy toesig deur een van sy leerlinge uit hout gesny, en ten spyte van teenkanting van sy kollegas omdat dit 'n naakte figuur was, het hy dit laat oprig en pryk dit vandag nog daar. Oral in die skool is skilderye wat op Battiss se aanbeveling aangekoop of deur die kunstenaars geskenk is; grafiese werk wat veral skoolaktiwiteite uitbeeld en deur sy leerlinge uitgevoer is; muur=skilderye asook 'n buitengewoon goed toegeruste kunskamer.

Op 7 April 1953 is hy as hoof van die Pretoriase Kunssentrum aangestel. Hy was vyf-en-'n-half jaar aan hierdie sentrum verbonde en het hom werklik hier uitgeleef. Hy het, soos hy dit stel, gepoog om die plek te oorstrom met musiek, kuns en kunsvlyt. Hier was hy in staat om mense van alle ouderdomme en uit baie vlakke van die samelewing deur die kuns te bereik.<sup>41)</sup> Hy het byvoorbeeld uitstallings gereël soos dié van sestig Rhodesiese skoolkinders<sup>42)</sup>, Hedendaagse Transvaalse Kunstenaars<sup>43)</sup> en eenmanuitstallings van Gordon Vorster (1924-) in Mei 1956 en Cecil Skotnes (1926-) in

---

40) Battiss, W: The appreciation of South African art in schools. The Transvaal Educational News, June-July 1946, p.3.

41) In 1954 het 550 kinders weekliks die Kunssentrum besoek: The Cape Times, 11 Mei 1954. Sien ook: Nie te jonk om te leer nie. Sarie Marais, 21 April 1954.

42) Pretoria News, 8 Augustus 1955.

43) Die Transvaler, 7 September 1956.

Februarie 1957. Hy het in dié tydperk talle toesprake gelewer en was geneig om stellings te maak met die uitgesproke doel om mense te laat dink en te laat reageer.<sup>44)</sup>

Alhoewel Battiss baie persone wat later erkende kunstenaars geword het, opgelei en geïnspireer het en alhoewel hy tot 'n mate 'n aktuele bydrae tot die akademiese sy van die onderwys gelewer het, lê sy grootste bydrae waarskynlik daarin dat hy die honderde skoliere met wie hy deur die jare in aanraking gekom het bewus gemaak het van hul omgewing, van kultuur en van kuns en by hulle 'n blywende waardering vir die kuns aangewakker het.

### 2.2.2 Universiteitslektor

Battiss was vir sewe jaar aan 'n Universiteit verbonde. Hiervan was hy ses maande by die Universiteit van Rhodes.<sup>45)</sup> Die Universiteit van Suid-Afrika het egter verreweg die belangrikste rol in sy universiteitsloopbaan gespeel. Toe Battiss aan die einde van 1964 as professor in die Departement Beeldende Kunste aan hierdie Universiteit aangestel is, was dit reeds 'n gevestigde departement. Mej. K. Skawran het in 1961 die Departement tot stand gebring en dit uitgebou. Teen die tyd dat Battiss oorgeneem het, was daar reeds 'n aantal studente en drie personeellede aan die Departement verbonde. Deur sy toedoen en in samewerking met sy personeel, is die praktiese kursus verander en uitgebrei.<sup>46)</sup>

Gedurende die eerste jaar wat hy aan die Universiteit van Suid-Afrika verbonde was, het deur sy beywering die eerste uitgawe van die tydskrif De Arte die lig gesien.<sup>47)</sup> Dit was

---

44) Battiss, W: Persoonlike mededeling, 1973. Sien ook Scully, L: t.a.p., p.69 vir 'n aantal sulke stellings.

45) Sien p.68.

46) Harmsen, Frieda: Walter Battiss at Unisa. De Arte, Oktober 1971, p.32.

47) Hierdie uitgawe is Africana en behaal relatief hoë pryse op veilings.

vir hom altyd 'n ideaal om 'n kunsblad vir Suid-Afrika daar te stel<sup>48)</sup> en hy het soveel entoesiasme vir en vertroue in die De Arte-onderneming gehad dat hy self die eerste uitgawe geborg het en die geld later uit die verkope herhaal het. Na die sukses van die eerste uitgawe het die Universiteit die tydskrif oorgeneem.

In 1970 het Battiss saam met sy personeel die eerste uitstalling van syskermafdrukke in Suid-Afrika gereël. Die uitstalling het aansienlike belangstelling van die publiek ontvang.

Volgens prof. Heather Martienssen was Battiss se bydrae as Universiteitslektor: "The responsibility of assessing the quality of another person's achievement devolves upon everyone more or less frequently according to his walk of life, but for the teacher, who must also examine and pronounce upon the work of his pupils, it is a continuous burden. To remain flexible and sympathetic to each generation's excitement and discoveries, to avoid the natural inclination to measure everything by one's own acquired attitudes and preferences, while never relaxing standards as such, or tried convictions, never letting one's uncertainty slide into a jelly of inadequacy - this is the constant obligation of people who are placed in the position of controlling the careers of young artists. No student could be allotted a more able examiner than Walter Battiss."<sup>49)</sup>

Battiss se opvolger, prof. K.M. Skawran, ook 'n kunstenaars in haar eie reg, het met sy aftrede opgemerk: "He left behind him a crazy glowing trail sprinkled with plans, projects and ideas, like wild exotic plants they grew and flowered, between dusty bookshelves, within cold and impersonal officewalls, amongst prejudices and conventions. Persistently

---

48) Toe die kunsblad Fontein in 1960 verskyn het, was hy van die staanspoor af op die Adviserende Raad. Die blad het slegs drie keer verskyn.

49) Martienssen, Heather: t.a.p., p.27.

they crept along colourless corridors, tugging relentlessly at dulled senses, inevitably they struck roots and multiplied."<sup>50)</sup>

## 2.3 Battiss se rol in Kunsverenigingslewe

### 2.3.1 Nuwe Groep

Die Nuwe Groep was waarskynlik een van die mees invloedryke kunstenaarsgroepe wat nog aktief was in die Suid-Afrikaanse kunsgeskiedenis.

Om die agtergrond waarteen die Nuwe Groep gestig is beter te begryp, is dit nodig dat die geskiedenis van die ander verenigings wat hulle in dié tyd met die kuns in Suid-Afrika bemoei het, kortliks bespreek word.

Die oudste kunsvereniging is die South African Fine Arts Society wat in 1850 tot stand gekom het, in 1871 volgens Regeringswetgewing geïnkorporeer is en hul naam na die South African Fine Arts Association (SAFAA) verander het en uiteinde-lik in 1945 aan die Suid-Afrikaanse Kunsvereniging oorsprong gegee het. Vanaf 1902 het die South African Society of Artists (SASA) die aktiewe rol van beywering met die kunste oorgeneem en het die SAFAA slegs as spreekbuis ten opsigte van kunsangeleenthede in Suid-Afrika opgetree sowel as skakel tussen die Regering en die kunsverenigings.

Die SASA was die eerste vereniging wat in Suid-Afrika tot stand gekom het om om te sien na die praktiserende kunstenaars. Hulle het vanaf 1902 elke jaar 'n uitstalling gehou, dikwels in samewerking met die SAFAA, die South African Institute en die K Club. Hulle het mettertyd egter al meer en meer konserwatief en akademies georiënteerd geword. Verkryging van lidmaatskap was 'n ingewikkelde proses en het berus op aansoeke wat jaarliks herhaal moes word.<sup>51)</sup> Dit het

---

50) Skawran, K.M: A man for all seasons. De Arte, Oktober 1971, p.7.

51) Berman, E: Art and Artists of South Africa, p. 261.

gaandeweg tot 'n spreekbuis van prof. E. Roworth en sy aanhangers ontwikkel.

Die South African Academy is die naam wat verleen is aan 'n reeks jaarlikse uitstallings wat vanaf 1920 tot 1950 in Johannesburg gehou is. Die werke vir die uitstallings was deur Suid-Afrikaanse kunstenaars uitgevoer of het 'n Suid-Afrikaanse strekking gehad, is deur 'n jurie gekies en het ten doel gehad om die belangstelling van die publiek in Suid-Afrikaanse kuns aan te wakker. Vanuit die staanspoor was daar elke jaar 'n polemiekie en ontevredenheid oor die seleksie van werke.<sup>52)</sup> Die laaste uitstalling is in 1950 gehou.

Die K Club is in 1922 in Kaapstad gestig. 'n Aantal uitstallings is in die Martin Melck-huis gehou en die hoofdoel van die klub was om diegene wat in hedendaagse kuns en kunsvlyt belanggestel het, byeen te bring.<sup>53)</sup> In 1931 het hulle gepoog om 'n samesmelting met die SASA te bewerkstellig, maar dit is onseker wat daarna gebeur het.

Pogings is by verskeie geleenthede aangewend om 'n soort Royal Academy in Suid-Afrika tot stand te bring. Prof. F.P. Scott het hieroor opgemerk: "'n Kragtige poging om 'n omvattende kunsvereniging in Suid-Afrika te stig, het in 1932 in Kaapstad geslaag met die stigting van die National Academy of Arts (S.A.). Op die stigtingsvergadering was byna alle kunsverenigings, kunsskole en kunsmuseums verteenwoordig... Die setel van die vereniging was in die Nasionale Kunsmuseum in Kaapstad en die eerste president was Edward Roworth. Die idee van 'n Royal Academy met titels wou maar nie in ons land posvat nie en die hele saak het uiteindelik op 'n bespotting uitgeloop en tot niet gegaan."<sup>54)</sup>

---

52) Ibid., p.254.

53) Ibid., p.152.

54) Scott, F.P: Gregoire Boonzaier, p.31.



Die Transvaal Art Society het in 1937 tot stand gekom. Op die eerste algemene vergadering is Walter Battiss op die Komitee verkies.<sup>55)</sup> Die Transvaal Art Society was veral daarop ingestel om reekse lesings en ander werksaande te reël en is in 1947 met die Suid-Afrikaanse Kunsvereniging geaffilieër om die Suid-Transvaalse tak te vorm.

Alhoewel al hierdie kunsverenigings tot 'n mate as 'n spreekbuis vir die jonger kunstenaars kon dien en geleenthede verskaf het om hulle werk ten toon te stel, was die verenigings almal onder beheer van die ouer, konserwatiewe kunstenaars soos Roworth en Goodman. Hulle het invloed gehad op watter werke op die meeste uitstallings gehang het en omdat die idees van die meerderheid jonger kunstenaars nie met hulle sin ooreengestem het nie, het daar 'n verslapping op kunsgebied in Suid-Afrika ingetree.<sup>56)</sup>

Verskeie van die jonger kunstenaars soos Gregoire Boonzaier, Cecil Higgs, Alexis Preller, Terence McCaw en Freida Lock het in die dertigerjare óf in Europa studeer óf daar gereis. Hulle het na Suid-Afrika teruggekeer met nuwe, hervormende idees en die situasie hier onhoudbaar gevind. Uit hierdie energieke, rustelose en ontevrede jonger garde is die Nuwe Groep gebore.

Walter Battiss was ook een van die jonger kunstenaars wat met plaaslike toestande op kunsgebied ontevrede was<sup>57)</sup> en hy het 'n belangrike rol in die totstandkoming van hierdie Groep gehad.

Battiss het reeds vroeg in 1937 in 'n brief aan Erich Mayer<sup>58)</sup> met die gedagte gekom dat 'n onafhanklike kunsvereniging of minstens 'n tak van 'n kunsvereniging in Pretoria

---

55) Sien ook hoofstuk 1.6.

56) Scott, F.P: t.a.p., p.31.

57) Sien hoofstuk 1.6.

58) Ibid.

behoort gestig te word. Na afloop van die suksesvolle Pretoria Musical Festival se uitstalling van 5 tot 9 Oktober 1957, het Battiss aan Terence McCaw geskryf dat hy glo dat die jonger kunstenaars nie die nodige erkenning in die bestaande verenigings ontvang nie en dat hulle 'n nuwe groep of beweging van jonger kunstenaars behoort te vorm.<sup>59)</sup>

McCaw se antwoord het gelui: "I have been discussing the idea of forming a 'Group' in S.Africa with Lewis and Gregoire and we have come to the conclusion that it would be quite a good scheme. At any rate for a start we could hold a big combined show of our works and make it an important event."<sup>60)</sup>

Op dié brief, langs hierdie paragraaf, het Battiss in 1937 geskryf en dit onderteken: "Suggested idea to him after success of Pretoria Art Exhibition." Op 19 November 1964 het Battiss nog aan die brief toegevoeg: "This is a letter from Terence McCaw to me after my suggestion." In 1965 is hierdie brief aan Gregoire Boonzaier gewys en hy het agterop geskryf: "The idea of forming a group composed of professional painters and sculptors from among the younger artists who had just returned from Europe round about 1937-8 was discussed in Cape Town and Pretoria and other larger centres at about the same time and the idea eventually took shape after the younger CTown artists had thrashed out the idea with those interested in Pretoria. McCaw, Freida Lock, Gregoire, Battis (sic) and Preller forming this early nucleus."

Verskillende skrywers gee verskillende verklarings vir die ontstaan van die Nuwe Groep. Arnott verduidelik dat: "...he (Gregoire) was not prepared to associate himself with the anaemic attitudes of the Society of Artists, and preferred to concentrate his energies into organising the 'rabble' of younger artists into a group, in order to exhibit independently of the Society, and in an attempt to 'regenerate' art in South Africa.

---

59) Sien bylaag 1.

60) McCaw - Battiss, 8 November 1937.

Assisted in his effort by the painter Freida Lock, Boonzaier eventually succeeded in bringing about the formation of the New Group."<sup>61)</sup> Geen erkenning word derhalwe aan óf Battiss óf McCaw gegee nie. In Arnott se lys van kunstenaars wat werke op die eerste uitstalling van die Nuwe Groep van 4 tot 10 Mei 1938 in Kaapstad vertoon het, word Battiss se naam uitgelaat.<sup>62)</sup>

Volschenk se mening was dat: "Gregoire het die Nuwe Groep in 1938 gestig in 'n bewuste poging om nuwe lewe in die kuns te blaas... Die algemene tendens lê in die rigting van die abstrakte of moderne kuns."<sup>63)</sup> Nie alleen misken Volschenk hier die aandeel van ander kunstenaars in die vorming van die Nuwe Groep nie, maar is hy ook nie korrek in die beskrywing van die rigting waarin die Nuwe Groep ten opsigte van die kuns beweeg het nie : in minstens die eerste vyf jaar van die bestaan van die Groep het die uitstallings geen kunswerke in die abstrakte styl bevat nie.

Volgens Berman het "they (Boonzaier and McCaw, the two founder-organizers) decided to invite the participation of some Transvaal artists in their movement and it became the task of Walter Battiss to set the ball rolling in the northern regions of SA."<sup>64)</sup> Hierdeur word geïmpliseer dat Battiss nie deel gehad het in die stigting of stigtingsgedagte van die Groep nie, maar dat hy alleen op aandrang of uitnodiging van Boonzaier en McCaw daarby betrokke geraak het.

Dit is dus duidelik dat skrywers oor hierdie onderwerp Battiss nie die erkenning gee dat hy direk by die voorlopige konsep en latere beplanning en totstandkoming van hierdie Groep betrokke was nie. Hy skryf egter self oor hierdie

---

61) Arnott, B: t.a.p., p.17.

62) Ibid., p.17-18.

63) Volschenk, P: Kleur as skilderkunstige element in die werk van Gregoire Boonzaier. Ongepubliseerde D.Phil-proefskrif, Universiteit van Pretoria, 1971, p. 180.

64) Berman, E: t.a.p., p.209.

aangeleentheid: "The founders of the New Group are Terence McCaw, Gregoire Boonzaier and myself, three young South Africans born in the country."<sup>65)</sup> Battiss, saam met Boonzaier en McCaw was die hooforganiseerders by die totstandkoming van die Nuwe Groep : Boonzaier het die leidende rol in die Kaap gespeel en Battiss in die Transvaal.

Die Nuwe Groep het in Februarie 1938 tot stand gekom<sup>66)</sup> en het die volgende doelstellings gehad:

- "1. To bring together artists and craftsmen in an effort to raise standards.
2. To help artists in financial difficulties.
3. To form Artists' Co-operatives, to import and retail materials at cost.
4. To hold exhibitions all over the country, the standard of which would be controlled by the method of selection, i.e. secret ballot."<sup>67)</sup>

Die eerste uitstalling van die Groep is in Mei 1938 in Kaapstad gehou. 'n Toegangsfooie is gevra en ongeveer 'n duisend mense het die uitstalling sowel as die etensuurlesings bygewoon. Dit was 'n besonder geslaagde uitstalling, maar Alexis Preller is die meeste vir sy "moderne" werk gekritiseer. Volgens Berman was Maggie Laubser teenwoordig met die opening van die eerste uitstalling, maar sy het geen werke uitgestal nie.<sup>68)</sup> Uit die inhoud van 'n brief van haar (M.L.) aan Walter Battiss blyk dit dat hy haar werk gesteun het.<sup>69)</sup>

---

65) Battiss, W: Towards an independent art. "The New Group of South Africa." The Studio, vol. 117, Mei 1939, p.208.

66) Cape Town has a New Art Group. Object : To kick against junk. Rand Daily Mail, 25 Feb. 1938.

67) Battiss : dokumente; Berman, E: t.a.p., p.209; en bylaag 4.1: Report on New Group Exhibition 25 November to 10 December 1938. In die konstitusie van die Nuwe Groep is die doelstellings saamgevat as "The aim of the New Group shall be to raise the standard of art in South Africa."

68) Berman, E: t.a.p., p.209.

69) Bylaag 4.3: Maggie Laubser - Battiss, 17 November 1938.

Sy het dan ook aan die tweede uitstalling in Pretoria deelgeneem.

By sy terugkeer in Suid-Afrika na sy eerste Europese reis na afloop van die eerste Nuwe Groep-uitstalling, het Battiss 'n samespreking met Gregorie Boonzaier gevoer. Battiss het oor dié ontmoeting gesê: "I was shocked to find out that Gregoire Boonzaier looked with disdain upon all this new art and Bernard Lewis was supporting him. I then realized that these people were not really progressive at all and this was a very great shock to me, but I kept it to myself because I felt that this would ruin the whole of the New Group Movement in South Africa if I pulled out up in the Transvaal. So I went ahead with the exhibition in the Transvaal and Terence McCaw came and helped me."<sup>70)</sup>

Battiss was verantwoordelik vir die tweede Nuwe Groep-uitstalling : dié in Pretoria.<sup>71)</sup>

Maud Sumner (1902-) het uit Frankryk geskryf: "It is very kind of you to think of inviting me to join your new group of painters. It frightens me a little. Groups always do. Who belongs to it? But any serious attempt to improve the S.A. standard must be respected and I congratulate you on the effort and wish you every success. If you would like a picture or pictures of mine, I am only too glad to agree, and thank you for the honour you do me... Your very vivid little aloe picture still stays in my mind, with all the rich colours you brought to the veld... Have you got Lawson and Kottler to join and Lippy at the Cape?"<sup>72)</sup>

---

70) Bylaag 1.

71) Uitgebreide briefwisseling het tussen hom en verskeie genooide kunstenaars plaasgevind, onder andere Maggie Laubser, Maud Sumner, Anton Hendriks en Eric Byrd. Sien ook bylaag 4: Maggie Laubser - Battiss, 17 November 1938.

72) Maud Sumner - Battiss, 1 September 1938.

P.A. Hendriks het geskryf dat: "I have discussed the matter with Kottler... and what interested us mostly is what the aims of the Group are and who are the members."<sup>73)</sup>

Eric Byrd (1905-) het gereageer met: "Thank you for your kind letter with its invitation for membership of the New Group. I feel honoured by the invitation and have much pleasure in accepting it. Unfortunately I fear that it will be impossible for me to submit work for the forthcoming exhibition."<sup>74)</sup>

Verskeie persone het daarenteen uit hul eie geskryf en aansoek om lidmaatskap en die geleentheid om uit te stal, gedoen, onder andere Emily Fern en 'n aantal minder bekende kunstenaars soos S. Vermeulen, Wally Praeg, P.C. Sachse, Natalie Eloff en Llewellyn Salisbury.<sup>75)</sup>

In haar openingstoespraak by die Nuwe Groep se tweede uitstalling op 23 November 1938 te Pretoria, het Lady Duncan, vrou van die destydse Goeweneur-generaal van die Unie van Suid-Afrika gesê: "I am glad that I have been called on to open this exhibition, because it is a privilege to be associated with the birth of a movement which is destined to count for so much in the artistic development of our country's future."<sup>76)</sup>

---

73) P.A. Hendriks - Battiss, 25 Augustus 1938.

74) Eric Byrd - Battiss, 15 November 1938.

75) Emily Fern - Battiss, 18 Oktober 1938: "Will you send me some information about the Group and the exhibition? I think I should like to send some work." Sien ook briewe van die volgende persone aan Walter Battiss: S. Vermeulen (19 September 1938), W. Praeg (29 September 1938), P.C. Sachse (9 Oktober 1938), L. Salisbury (28 Oktober 1938) en N. Eloff (ongedateerd).

76) The Star, 28 November 1938. Sien ook brief van Lady Duncan, 17 Oktober 1938.

Battiss het ter geleentheid van hierdie uitstalling aan die pers 'n lys van uitstallers gegee en gesê: "for the first time it was possible to appreciate the fresh and healthy talent of the young South Africans."<sup>77)</sup> Hoewel uit Battiss se verslag oor die uitstalling blyk dat dit 'n finansiële verlies was van £17-16-7 (R35,66) kan nogtans gesê word "that the Exhibition was the finest yet held of contemporary South African art."<sup>78)</sup>

Alhoewel die werke wat op die eerste twee uitstallings van die Nuwe Groep ten toon gestel is nie buitengewoon rewolusionêr of kontroversiël was nie, het dit baie reaksie en bespreking uitgelok.<sup>79)</sup>

Die Nuwe Groep het die verbeelding van die Suid-Afrikaanse gemeenskap aangegryp. Volgens 'n brief van Gregoire Boonzaier aan Battiss drie jaar na die stigting van die Nuwe Groep is daar beplan om 'n Nuwe Groep-kunsskool in Kaapstad op die hoek van Wall- en Breestrate tot stand te bring. Hiervan het niks gekom nie. Ongeveer elke jaar is 'n uitstalling gehou. Verskeie tipes uitstallings is in die vooruitsig gestel, bv. 'n vyf ghienie-uitstalling waar geen werk meer as dié bedrag gekos het nie, en een van werke van Suid-Afrikaanse kunstenaars van die verlede.<sup>80)</sup>

- 
- 77) Battiss, W: Persvrystelling - Nuwe Groep-uitstalling, 1938, Pretoria. Berman, E: t.a.p., p.209, sluit nie J.H. Pierneef se naam as lid van die Nuwe Groep in nie, alhoewel hy tog dikwels saam met hulle uitgestal het. Sien ook brief van le Roux Smith leRoux aan Battiss, 21 Oktober 1947.
- 78) Bylaag 4: Report on New Group Exhibition, 25 November to 10 December 1938.
- 79) Battiss, W: Towards an Independent Art. The Studio, 1939: "But a number of visitors to the exhibition were disappointed that no abstract art was being exhibited, yet there is nothing to preclude any member developing as he feels he must go, and showing what is passed by secret vote."
- 80) Gregoire Boonzaier - Battiss, Maart 1941.

Ongelukkig was daar binne die eerste tien jaar reeds tekens dat die groep nie lank stand sou hou nie. Gregoire het in 1947 aan Battiss geskryf: "When I am in Pretoria next month I very much want to discuss with you plans for a revival of the New Group branch up North. As you know we had one of our very best exhibitions down here a few months back. Also, a New Group show is now being held in Lorenzo Marques. Joan Ginsberg wrote to me some time back about a New Group show at her gallery in Sept. I told her to contact Le Roux and you, but she wrote later saying that she got no reply, so she went ahead and is organizing her own show. Pity!"<sup>81)</sup>

Maar in dieselfde brief skryf hy egter: "I do feel that the Group must, now that things are more normal, get down to holding some good shows in those regions of our country where good art is, as yet unknown. I refer to such artistic freshwaters as Durban, P. Elizabeth and East London. We have good contacts in all these places. Grahamstown and Bloemfontein too need a visit from the New Group badly, don't you think."<sup>82)</sup>

Op 21 Oktober 1947 laat Le Roux Smith LeRoux Battiss weet: "Your letter and your references to Gregoire reminded me that I had intended to write to you in any case following a discussion of the future of the New Group which I had with Gregoire and Alexis. It would seem that the Cape Town crowd think us rather slow and inefficient up here and are very much concerned about the lack of new blood. I might tell you that they have agreed to admit Nan Ronsheim and Peter Leftwich as new members, but have told them to apply to me for finalising. Apparently they have to be members of the Northern Branch by virtue of their residential position. I referred Nan Ronsheim to the Cape Town crowd several times

---

81) Gregoire Boonzaier - Battiss, ongedateerd, waarskynlik Augustus 1947.

82) Ibid.



and she has always been referred back to me.<sup>83)</sup> As she has exhibited at the Cape Town New Group exhibitions, we are honour bound to accept her. In the case of Peter Leftwich the same applies and I consider him a most excellent addition.

Anyway Gregoire has asked me to call a meeting of the local members of the New Group so that we can get some more life into the thing here. He thinks that we should have a local organiser or chairman. I certainly think that you should undertake that. Naturally any assistance which the Art Centre can give the New Group will be readily offered.

I feel that I have not the time available any more to do any useful organisational work. As you have pointed out yourself at various times, I tend to get too much hay on my fork, besides, unlike you and Preller, I was not a foundation member of the New Group.

I do not know if you have any information available about details like membership, but according to my information the following members are belonging to the Northern Branch of the Group: Yourself, Preller, Pierneef, Hendriks, Kottler, Mary Vaughan-Williams, Geoffrey Long, Peter Leftwich and Nan Ronsheim. I know that Dziomba was a member but she has refused, so I hear, to exhibit in the past and has not taken any interest in Group matters, nor paid her subscription. Judith Gluckman resigned the moment she was elected a member.

My own feeling is that we should approach Willem Hendrikz and Joyce Leonard with a view to making them additional members. Anyway it would seem that there is a lot to be discussed and I therefore suggest that you let me know of a time convenient to yourself so that you, Preller and I can

---

83) Le Roux S. Le Roux was nooit amptelik sekretaris van die Noordelike tak van die Nuwe Groep nie. Hy word aangehaal in die "New Group Notice to the members of the Johannesburg Branch of the New Group", 21 Maart 1949: "I am not nor ever was Chairman of the Northern Branch of the Group. I have never undertaken any secretarial duties personally nor offered to do so. I placed the secretarial facilities of my institution at the disposal of the Group."

have a preliminary informal meeting.

I am very keen that the New Group should become more lively as it seems to me to be still the only really representative group of professional artists in the country."

Hierdie brief, tesame met Battiss se verslag oor die Nuwe Groep-uitstalling in Pretoria<sup>84)</sup>, dui daarop dat daar 'n traagheid in die Nuwe Groep se aktiwiteite, minstens in die Transvaal was. Geleidelik het lede uit die Groep begin bedank. Selfs in die Kaap was daar lede wat ontevrede was met die standaard van die werke wat ten toon gestel is. Lippy Lipshitz het in 1949 geskryf:

"I am exhibiting 3 sculptures at the current New Group Exhibition.... The exhibition is flat. Mainly a collection of boring landscapes and stilllives - of the impressionist persuasion, directly inspired by piper press reproductions. The quality of the colour is generally sticky, muddy or shallow."<sup>85)</sup> Ook Maurice van Essche het sy misnoeë met die Nuwe Groep uitgespreek: "The New Group exhibition on show for the moment is really bad. Either they have to change their policy in having more selection or I shall resign."<sup>86)</sup>

Berman beweer dat Battiss, Lipshitz en Van Essche gedurende 1949 bedank het.<sup>87)</sup> Lipshitz was egter in Mei 1949 nog lid<sup>88)</sup> en in die notule van 'n Algemene Vergadering van die Nuwe Groep van 24 Maart 1950 word gemeld dat Lipshitz daarop teenwoordig was. Op hierdie vergadering is vermeld dat: "Certain members gave the Meeting to understand that another exhibiting group had been formed and that 4 of its members were New Group members. Mr. Boonzaier pointed out

---

84) Bylaag 4: Report on New Group Exhibition, 25 November to 10 December 1938.

85) Lipshitz - Domanski, 12 Mei 1949.

86) Van Essche - Domanski, 13 Mei 1949.

87) Berman, E: t.a.p., p.210.

88) Lipshitz - Domanski, 12 Mei 1949.

that if members broke away from the New Group to form another local exhibiting body, the New Group itself would be so weakened that it would most likely cease to exist and that a similar fate would possibly overtake the new organisation.

Mr. Lipshitz explained that 4 members of the New Group, he was among them, had been invited to join the International Club and had accepted. This Club was not a local exhibiting art group. Its exhibitions wherever held would be international. He did not consider it would in any way eclipse the New Group nor did he feel that by belonging to it, the 4 members concerned should allow it to interfere with their allegiance to the New Group."<sup>89)</sup> Lipshitz was derhalwe in Maart 1950 beslis nog lid van die Nuwe Groep. Battiss was in April 1950 en waarskynlik in Junie 1952 nog lid.<sup>90)</sup>

Bogenoemde deel van die notule gee ook die eerste aanduidings van die skeuring wat in die Nuwe Groep sou volg. Dit is duidelik dat die vorming van die International Art Club as 'n gevaar gesien is. Gregoire Boonzaier het die Nuwe Groep se geskiedenis en verbroekeling in oënskou geneem en 'n uiteensetting van die geleidelike verval van die Groep gegee.<sup>91)</sup> Hy het Battiss ook pertinent gevra of hy eintlik nog lid van die Groep was. Dit kon nie bepaal word wat Battiss se antwoord hierop was nie en of Battiss ooit amptelik uit die Nuwe Groep bedank het nie. Alhoewel hy 'n baie aktiewe rol in die eerste tien jaar van die bestaan van die Groep gespeel het, het hy na 1948 nie weer saam met hulle uitgestal nie, omdat hy in hierdie tyd sy aandag meer

---

89) Notule, Nuwe Groep Algemene Vergadering, 24 Maart 1950.

90) Mej. E. Dunt, sekretaresse van die Nuwe Groep in Kaapstad, het op 3 April 1950 aan Battiss geskryf en gevra: "Would you ... find out the number of artists in the Transvaal who still consider themselves New Group members." Op 26 Junie 1952 het Ruth Prowse, destyds voorsitter van die Nuwe Groep, Battiss uitgenooi na 'n uitstalling van grafiese werk: "...and we should be very glad if you would send work to it."

91) Bylaag 4.2: Boonzaier - Battiss, ongedateerd, waarskynlik 17 Januarie 1951.

en meer toegespits het op die organisering en formulering van die International Art Club.<sup>92)</sup>

Die laaste uitstalling van die Nuwe Groep het in 1953 plaasgevind. Die groep wat slegs werke van hoogstaande gehalte ten toon gestel het, en wat deur hul uitstallings, koerant- en ander artikels en lesings gepoog het om die kunssmaak van die publiek op 'n hoër peil te plaas het derhalwe na 'n vyftienjarige bestaan, doodgeloop.

### 2.3.2 Art Club of "The South African Section of the International Art Club."

Na die Tweede Wêreldoorlog het 'n kunstgroep, die International Art Club in Italië tot stand gekom, met hoofkantoor in Rome. André Derain, Henri Matisse, Fernand Léger, Pablo Picasso, Braque<sup>93)</sup>, Le Corbusier, Eduard Pignon, Enrico Prampolini en Josef Jarema het tot die ledetal behoort. In 1948 het 'n Italianer, Witold Domanski<sup>94)</sup>, na Suid-Afrika geemigreer en wou onder andere hier 'n tak van die International Art Club stig. Hy het die name van twee persone gehad met wie hy in aanraking moes kom, naamlik dié van Moses Kottler en Walter Battiss.<sup>95)</sup> Van eersgenoemde het hy geen antwoord op sy briewe gekry nie. Hy het hom derhalwe tot Battiss gewend, wat hom bereid verklaar het om Domanski te steun.

---

92) Sien hoofstuk 2.3.2.

93) M. van Essche - Domanski, 19 Januarie 1950: "... he (Prampolini) tells me that Picasso and Braque have joined the Club."

94) 'n Toenmalige Italiaanse oorlogskorrespondent. Jarema en Prampolini, onderskeidelik president en vise-president van die International Art Club, het hom versoek om 'n tak van die internasionale vereniging in Suid-Afrika te stig. Hy het op 24 Junie 1948 met ongeveer 250 skilderye en twee beeldhouwerke deur Italiaanse kunstenaars in Suid-Afrika aangekom, onder andere met die doel om die werke uit te stal en in samewerking met die South African Society of Cultural Relations with Italy te verkoop.

95) Domanski, W: Persoonlike mededeling, 17 Junie 1973.

Deur Battiss se beywering en organisering is die Art Club van Suid-Afrika in Giotto's Hill, Battiss se huis in Pretoria, gestig<sup>96)</sup> en is Battiss self as waarnemende voorsitter gekies.

Die stigting van hierdie groep is deur verskeie kunstenaars verwelkom, onder andere Lippy Lipshitz wat aan Domanski geskryf het: "... you have been able with such discrimination, taste and tactfulness to create the small group of progressives in this country and bringing them in harmony with International Artists. It will I am sure be the saving of them who would otherwise be unable to resist for long the deadening isolation that overcomes them in this country."<sup>97)</sup>

Maurice van Essche wou nog verder gaan en binne die Art Club 'n eksklusiewe Groep van Sewe vorm: "... we have decided to defend our position of original and creative artists in forming a group of painters which will be called 'The 7'. It will include Lippy Lippshitz (sic), Walter Battis (sic), John Dronsfield, Jean Welz, Cecil Higgs, Alexis Preller and myself. We intend to organise exhibitions and we are determined to keep the number 7. We hope to form a real exclusive group of painters, which is necessary in this country."<sup>98)</sup>

"We also have decided to form our new movement: The 7. Everyone has agreed and we are waiting Welz's answer. If he

---

96) Domanski - Irma Stern, 12 Februarie 1949: "I meet Walter Battiss which is still willing to create South African Section of Art Club"; Battiss - Domanski, 19 Julie 1949: "... you came to me first and we started the Art Club in my house." Stigterslede was Irma Stern (1894-1966), John Dronsfield (1900-1951), Jean Welz (1900-), Lippy Lipshitz (1903-), Walter Battiss, Cecil Higgs (1906-), Alexis Preller (1911-) en Le Roux Smith Le Roux (1914-1963). Witold Domanski (Van Essche - Battiss, 17 Februarie 1949) Anton Hendriks, John Paris (Battiss - Domanski, 19 Februarie 1950) en Maud Sumner (Van Essche - Battiss, 2 en 7 Junie 1950) het later lidmaatskap verkry.

97) Lipshitz - Domanski, 12 Mei 1949.

98) Van Essche - Domanski, 14 Maart 1949.

does not accept it will be very difficult to find a seventh artist. I proposed Dziomba but she was rejected by the majority."<sup>99)</sup>

Suid-Afrika is deur die moedervereniging in Rome genooi om saam met ander internasionale skilders en beeldhouers in 1949 in Turyn uit te stal. Battiss het die kunswerke wat Suid-Afrika op hierdie tentoonstelling verteenwoordig het, na Turyn vergesel.<sup>100)</sup> Hy vertel dat die keurkomitee in Turyn onder leiding van Felice Casorati (1886-1963), huiwerig was om die Suid-Afrikaanse kunswerke uit hul houers te pak, maar dat hulle baie aangenaam verras was met die gehalte van sommige van die werke. As gevolg van oponthoud by die doeankantoor in Italië was die Suid-Afrikaanse werke agt dae voor die opening van die uitstalling nog nie beskikbaar nie. 'n Voorlopige keuring is derhalwe op grond van foto's gedoen. Battiss meld hieroor: "The organising Committee here is headed by Casorati and last night we all met in a smoky Café to discuss the exhibition and Casorati will decide what is finally to hang. He saw the photographs of the work of the South Africans and there is a nice shock coming to Dronsfield and Le Roux. He refuses all their works as they are both far below standard. He has not yet seen the work of Irma Stern, and the rest of us but the paintings of Le Roux which are here are already thrown out, for they were seen and immediately rejected this morning. The one painting of Maggie Laubser's... was also rejected as old and out-of-date. Certainly alongside the

---

99) Van Essche - Domanski, 13 Mei 1949.

100) Scully, L: t.a.p., p.40, beweer dat sy afbeelding 35b Boy with a cat, deur Battiss in Rome geskilder is. Hierdie skildery is egter in Aurora Februarie/April 1949 (p.28 afbeelding 3) afgebeeld voor Battiss na Italië vertrek het en was een van die skilderye wat aan die keurkomitee voorgelê is vir seleksie vir die uitstalling in Turyn. In Italië het Battiss kennis gemaak met Enrico Prampolini (1894-1956), Giorgio de Chirico (1888-), Renato Guttuso (1912-) en Pricle Fazzini (1913-).

fresh new paintings, it looked dull. I have not yet shown the Krige drawings - they may go too because they want paintings.

So I have had to face a Day of Disaster for South Africa. They are not impressed with Van Essche's photos and think Lippy's sculpture photos quite uninteresting. Preller's they think too photographic and neither surrealism nor realism. Casorati likes one of mine... and Irma Stern's "Malay Quarter" is acceptable too. Thus the South African giants are crashing to the ground!! At last we are being judged away from Le Roux's cocktail party and society's smile. And it's good for us."<sup>101)</sup> Van Essche het egter twee weke later vir Domanski laat weet: "I received a letter from W. Battis (sic). This is what he says:

"The Exh. cut down the number of our works. The Italian artists had only one each. We have 2 each. Leroux one. They were disappointed I sent only one oil as they do not seem so keen on watercolours in general. He says that the Belgian consul is interested in buying one of mine. They like Dronsfield black and white. Casorati liked Cecil Higgs but the public pass them by. I. Stern made a very poor impression as there are at least 6 of the Irma Stern school painting in Italy and they are used to that style, so they only hung 2 small ones. Preller was overshadowed by the Austrian surrealists. Francois Krige and M. Laubser were refused. Lippy's "Leda" is in Hall 3 between Braque and Campigli. He is very much appreciated. South Africa has a place of honour in the main entrance Hall and make excellent impression."<sup>102)</sup>

Ten spyte van die swak begin, was Casorati, wat ook op die uitvoerende komitee van die Venesiese Biennale was, genoegsaam tevrede met die Suid-Afrikaanse werke aangesien

---

101) Battiss, W: Brief, 14 Mei 1949.

102) Van Essche - Domanski, 28 Mei 1949.

hy dit bewerkstellig het dat Suid-Afrika in 1950 amptelik na die Vyf-en-twintigste Biennale uitgenooi is.<sup>103)</sup>

Battiss het as mens tydens die Turyn-uitstalling so 'n gunstige indruk gemaak dat hy op die hoofuitvoerende komitee van die International Art Club in Rome verkies is<sup>104)</sup> en deur die komitee afgevaardig is om 'n Franse tak van die Art Club in Parys te stig.<sup>105)</sup>

Gustav K. Beck, die Oostenrykse verteenwoordiger van die International Art Club het soveel van Battiss se werk gehou dat hy hom genooi het om aan 'n internasionale uitstalling in Salzburg van 17 Augustus tot 10 September 1950 en in Wenen van 3 Oktober tot 12 November 1950 deel te neem.<sup>106)</sup> Op die uitstalling het die Albertina Staatsmuseum twee van Battiss se grafiese werke gekoop: Native and Lizard en Black and Grey with Native Figures.<sup>107)</sup>

Tydens Battiss se afwesigheid in die buiteland het Maurice van Essche 'n vergadering gereël waarop hy (Van Essche) as voorsitter van die Art Club in Suid-Afrika verkies

---

103) Sien ook hoofstuk 1.6.

104) Van Essche - Domanski, 4 Augustus 1949.

105) Beck, Gustav K. - Battiss, uit Wenen, 23 Junie 1949: "It pleases me immensely that you do so much for our Art Club and I hope that it will be possible to establish an Art Club in Paris. ...Please be so kind and talk it over with Gino Severini, who is a friend of Braque... When establishing an Art Club in Paris, just let yourself be influenced by your own ideas, which surely are the best." Alhoewel hierdie tak nie deur Battiss gestig is nie, het dit wel later tot stand gekom. Josef Jarema het op 6 Februarie 1950 aan Battiss geskryf: "You have certainly read (sic) the news of "Art Club de France" in "Arts". So you know now that the French colleagues (sic) have organised their first Art Club exhibition (the best names of Paris)."

106) Bylaag 5.6: Beck, Gustav - Battiss, 29 Junie 1950.



is en wat nog meer struweling en onenigheid veroorsaak het.<sup>108)</sup>

Die lede van die Art Club het uiteenlopende idees gehad oor die rol wat die verskillende kunsverenigings in dié tyd moes vervul. LeRoux S. Le Roux het drie maande voor sy vertrek na Engeland<sup>109)</sup> 'n algemene oorsig gegee van sy mening in hierdie verband: "I see a great future, under the circumstances, for the Art Club, in spite of the difficulties of the moment. I do not see how you will be able to reduce the number of the members without damaging it irretrievably, but, in view of your own position abroad, you are obviously the person to undertake such a move. I think above everything we must avoid the mistake of thinking that anything abstract is inspired, because that to me is the mistake constantly made by the S.A. Academy in an effort to prove that it is not academic! Even you would have discerned a terrific reaction against the abstract and the surrealist, on the part of the younger

- 
- 107) Battiss - Domanski, 25 Maart 1951.  
Dat slegs twee van Irma Stern se werke by die Turyn-uitstalling gehang het, het heelwat onenigheid, uitgebreide korrespondensie tussen lede van die Art Club en polemieke in die pers veroorsaak. 'n Artikel het op 31 Mei 1949 in die Cape Times verskyn waarin die werke van Battiss, Van Essche, Dronsfield, Cecil Higgs, Alexis Preller en LeRoux, wat in Turyn uitgestal is, bespreek is en Irma Stern se naam is op die end genoem. Lippy Lipshitz het aan Domanski op 1 Junie 1949 geskryf: "I hear now that Irma Stern is furious because she is mentioned at the very end. So Irma accuses Battiss of distortion! But what Irma doesn't yet know is that there was a jury and only two works of each S.A. artist were accepted for Turin exhibition. She still insists that about a dozen of her works are being shown."  
Sien ook briewe van Van Essche : 27 Mei 1949, 17 Julie 1949, 19 Julie 1949, en 18 November 1949.
- 108) Van Essche - Domanski, 19 Julie 1949; Van Essche - Battiss, 19 Julie 1949.
- 109) LeRoux is as 'deputy-keeper' by die Tate-galery in Londen aangestel. Rothenstein, J: Brave day hideous night, p.234.

artists who are as anxious to shed the tyranny of those forms of expression as their predecessors were to throw off impressionism, romanticism, classicism, etc."<sup>110)</sup>

In 1952 het Battiss gepoog om 'n tak van die Art Club, "The Independents", te stig waarvan Carl Buchner (1921-), Douglas Portway (1922-), Eugene Labuschagne (1921-), en Edyardo Villa (1920-) lede, en hy voorsitter sou wees.<sup>111)</sup> Dit het egter nooit tot stand gekom nie.<sup>112)</sup>

Die onderlinge struwelinge veral tussen die Kaapse en die Transvaalse lede het uiteindelik gelei tot die Art Club se ondergang.<sup>113)</sup>

Die Art Club het, gedurende die kort, stormagtige bestaanstydperk hom beywer vir internasionale kunsuitstalings, plaaslik sowel as in die buiteland. Die lede was hoofsaaklik praktiserende kunstenaars en hulle het gepoog om die toon aan te gee wat eksperimentele werk betref. 'n Kunskritikus het daarop gewys dat: "the annual cultural tonic of Cape Town used to be the New Group exhibition - but now we have another as well - the Art Club of South Africa, of avowed progressives and experimentalists."<sup>114)</sup>

---

110) Bylaag 5.5: LeRoux S. Le Roux - Battiss, 27 September 1949.

111) Lipshitz en Van Essche - Battiss, 23 Julie 1952.

112) Battiss, W: Persoonlike mededeling, Maart 1973. Volgens Berman (t.a.p., p.148) het die Art Club se laaste uitstalling in 1952 plaasgevind. Die laaste uitstalling was egter dié by die Lidchi-gallery in Johannesburg in Maart 1955. Daarna het die Art Club doodgeloop.

113) Alexis Preller - Battiss, 10 Oktober 1949. Op 18 November 1949 het al die Kaapse lede bedank, (M. van Essche, Cecil Higgs, Lippy Lipshitz, John Dronsfield, South African Section International Art Club: Brief aan Battiss, 18 November 1949) maar later weer hul bedanking teruggetrek (Battiss - Domanski, 19 Februarie 1950). Jean Welz was die eerste lid wat finaal bedank het. (Van Essche - Domanski, 15 Mei 1950.

114) Cape Times, 8 Februarie 1952.

### 2.3.3 Suid-Afrikaanse Kunsvereniging (SAK)

Hierdie vereniging wat vandag die belangrikste rol speel ten opsigte van die bevordering van die beeldende kunste in Suid-Afrika het in 1944<sup>115)</sup> tot stand gekom as opvolger van die South African Fine Arts Association.<sup>116)</sup> Die Suid-Afrikaanse Kunsvereniging is hoofsaaklik gestig as gevolg van die beywering van Gregoire Boonzaier en Ruth Prowse en met behulp van die ondersteuning van advokaat Charles te Water, destyds Sekretaris van Onderwys van die Unie Onderwysdepartement.

Op aandrang van Walter Battiss en LeRoux Smith Le Roux het 'n aantal belangstellendes op 26 September 1947<sup>117)</sup> in die MacFadyen-saal van die Universiteit van Pretoria vergader om die Noord-Transvaalse tak van die SAK te stig.<sup>118)</sup> Hierdie stigtersvergadering het, volgens Battiss, byna verongeluk toe hy gevra het of 'n swart kunstenaar soos Gerard Sekoto (1913-) tot die vereniging toegelaat sou word, en daar meningsverskil hieroor ontstaan het. Na bespreking is besluit dat enige persoon, afgesien van sy kleur, toegang sou hê.<sup>119)</sup> Die oorspronklike ledelys het 65 name bevat en tans

---

115) Volgens Berman, E: t.a.p., p.255, het die SAK in 1945 tot stand gekom. Volgens Scott, F.P: t.a.p., p.32, en die Register van Suid-Afrikaanse en Suidwes-Afrikaanse Kunstenaars 1900-1969, is die vereniging egter in 1944 gestig.

116) Sien p.96.

117) Argiefstukke, SAK, (Noord-Transvaal tak).

118) Met die stigtersvergadering was onder andere die volgende persone teenwoordig: Walter Battiss, M. Bokhorst, F.C. L. Bosman, Gwen Ffrangcon Davis, Sy Edele N.J. de Wet, J.P. Duminy, Norman Eaton, Ivan Katzen, Katinka Kempff, LeRoux S. Le Roux, Erich Mayer, A.L. Meiring, Mej. L. Osrin, Leontine Sagan, Mej. E.C. Steyn, C. te Water, H.M. van der Westhuyzen, Marda Vanne en J.J. van Schaik. (Versfeld, B.J: First secretary reports. Kunskalender, Maart 1972, p.2.)

119) Battiss, W: First Chairman reports on first meeting. Kunskalender, Februarie 1972, p.4.

behoort ongeveer een duisend persone aan die Noord-Transvaalse tak van die SAK.<sup>120)</sup>

In Oktober 1948 het die Noord-Transvaalse tak van die SAK 'n groot opelugkunsuitstalling op Kerkplein gehou<sup>121)</sup> as deel van daardie jaar se Jakarandafees. Daar word geskat dat ongeveer 8 000 mense die uitstalling bygewoon het.<sup>122)</sup> Battiss was die hoofaanvoerder van hierdie uitstalling en het self die grootste deel van die organisasie gedoen. Onder die uitstallings was die wêreldberoemde palaeontoloog, Dr. Robert Broom.

Battiss se waardevolste bydrae tot die aktiwiteite van die Noord-Transvaalse tak van die SAK was waarskynlik die tot stand bring van die blad Aurora<sup>123)</sup> waarvan hy redakteur was,

---

120) Aangesien die notules van die eerste vergaderings nie volledig gehou is nie en ook nie onderteken is nie, bestaan daar onsekerheid oor wie die eerste ampsdraers van die Noord-Transvaalse tak was. In die argiefstukke van die SAK word gemeld dat "the name of the first Pretoria Chairman does not appear", en "... nor have we any minutes of the early meetings." John Emmett Holmes, verbonde aan die Rand Daily Mail, het die eerste sekretariële werk gedoen en mej. B.J. Versfeld is as sekretaresse verkies toe hy in Oktober 1948 bedank het. Oor wie die eerste voorsitter was bestaan daar meningsverskil. Battiss sê self dat hy die eerste voorsitter was (Battiss, W: Kunskalender, Februarie 1972, p.4). Volgens mej. Versfeld was adv. te Water die eerste voorsitter, maar sy sê ook dat prof. A.L. Meiring van 1947-1948 hierdie pos beklee het, wat beslis foutief is (Versfeld, B.J.: t.a.p.). Na navrae by 'n aantal van die persone wat op die stigtersvergadering teenwoordig was, wil dit blyk dat adv. te Water, wat president van die moedervereniging was, ex officio as voorsitter vir die eerste twee jaar waargeneem het. Battiss was egter beslis voorsitter in 1949 en waarskynlik die eerste gekose voorsitter.

121) Sien afbeelding, 1948: Kerkplein, Pretoria.

122) B.J. Versfeld (Sekretaresse) - A.A. Roberts, 19 Januarie 1949.

123) Aurora = Godin van kleur. Die blad is tans gesogte Africana. Die buiteblad is deur Battiss ontwerp. Onder die persone wat artikels bygedra het, was Walter Battiss, Gerhard Beukes, M. Bokhorst, Gerrit Bon, LeRoux S. LeRoux en H.M. van der Westhuysen. Baie van die artikels was kontensieus, maar die tydskrif was besonder suksesvol. Dit het daartoe gelei dat die sentrale organisasie van die SAK beswaar gemaak het teen die uitgee van Aurora, aangesien hulle gemeen het dat die blad onder hul beskerming moes verskyn. - Persoonlike mededeling: prof. H.M. van der Westhuysen.

met prof. H.M. van der Westhuysen assistent-redakteur. Vyf uitgawes het tussen Desember 1948 en September 1949 verskyn, en Aurora het gedurende dié kort tydperk die leemte van 'n kunsblad vervul. Aurora het gedurende 'n tydperk verskyn wat die sogenaamde "moderne" of "abstrakte" kuns onder kunstenaars begin aanklank vind het. Battiss het juis in 1949 van die Biennale in Venesië teruggekeer. Daar het hy gesien in watter rigting die ontwikkeling van die kunsstyle in Europa beweeg en het waarskynlik vir homself voorspel dat daar politieke inmenging, sowel as inmenging van die algemene publiek in kunsangeleenthede in Suid-Afrika sou kom.<sup>124)</sup> Hy het besef dat die kuns wat vir die algemene publiek hier aanvaarbaar is nie altyd kuns van hoë gehalte is nie en dat die publiek ook nie deur die pers in Suid-Afrika "gelei" of "opgevoed" is nie.

Battiss het in die hoofartikel van die tweede uitgawe van Aurora, waardeur hy waarskynlik 'n poging aangewend het om die publiek vir "moderne" kuns voor te berei, daarop gewys dat "As far as the awareness of Art is concerned we live in the land of the Blind, but there are a number of one-eyed men who want to be kings. The whole prestige of the arts depends on the integrity of its kings and on the open honesty of its subjects, the public. ...They are Idealists and they have the ear of the Public. In all this they are to be admired. But when they come to holding an exhibition of their art and tell us that that is what should go abroad to represent us, then we must fall on our knees and thank God that the Union of South Africa had the perspicacity to fetch Dr. John Rothenstein out to help us select work for the overseas exhibition. And we needed his help..... The South African newspapers who shouted with glee at our national art bankruptcy, are ashamed to write a whole column on our rehabilitation. Why don't they tell the public of South Africa

---

124) Sien hoofstuk 1.6 in verband met die polemieë oor Suid-Afrika se deelname aan die Biennale in Venesië.

that our art has advanced beyond the National and is proud to be International? Where is the brave Editor who will give the space to his righteous art critic. Where is he?"<sup>125)</sup>

Maar die taak van die kunskritikus was in dié stadium in Suid-Afrika ook baie moeilik. Errol Wilmot, eertydse kunskritikus van die Rand Daily Mail en later vryskutkrytikus in Londen, het in Oktober 1949 aan Battiss die moeilikhede wat hy ondervind om 'n hoë standaard kunskritiek te handhaaf, genoem: "There is no critical tradition in Johannesburg... and I had to move slowly, fighting a long and lone campaign, consolidating every position gained before I could go on to attack the next... in South Africa as in England, the newspapers print far more news of sport, murder, stock exchange prices and the fatuous platitudes of politicians than they do of the arts. Over that I have no control... I have eliminated the worst by going to my editor and asking his permission to ignore exhibits of the most blatant incompetence and charlatanism..."<sup>126)</sup> en op 18 Mei 1950: "...Joel Mervis got on to it and got translations made of the Afrikaans leaders etc. which was a good thing. I had written an article attacking the primitive tribal mentality that fears anything new or different, but they would not use that."<sup>127)</sup>

Die gehalte van kunskritiek in Suid-Afrika wek algemeen kommer. Prof. H.M. van der Westhuysen het in 1955 daarop gewys dat: "Wat ons wel interesseer, is om te soek na faktore verantwoordelik daarvoor, dat die kunskritiek van ons tyd in meer as een opsig soveel te wense laat... Dit is duidelik dat die meeste beoefenaars van die "hedendaagse" kuns nie daarin slaag om die publiek van die waarde, insonder estetiese betekenis, van hulle werke te oortuig nie. Dit is net so duidelik dat die meeste beoefenaars van die populêre kunskritiek in ons tyd nie kan onderskei tussen eerlike hedendaagse

---

125) Hoofartikel. Aurora nos. 2 en 3. Februarie/April 1949.

126) Bylaag 5.9: Errol Wilmot - Battiss, 6 Oktober 1949.

127) Bylaag 5.10: Errol Wilmot - Battiss, 18 Mei 1950.

kuns en oneerlike modieuse namaaksel nie - nie kan onderskei tussen die werklik geniale in die kuns en die blote dilet= tante nie .... Albei (dagblaaie en gewone tydskrif) is be= doel vir die breë publiek; hoe meer lesers hoe groter is die sirkulasiesyfer, hoe groter sirkulasie hoe meer adver= tensies van besigheidskant; hoe meer advertensies hoe groter die winste uit die hele onderneming. En waar die winsmotief die diensmotief eers verdring het, is daar min kans vir 'n gesonde kunskritiek. Ongelukkig is dit byna die enigste soort kunskritiek waarmee die breë volkslae in Suid-Afrika kennismaak; want goeie gehalte nuusblaaie bereik hulle maar heel selde of miskien nooit."<sup>128)</sup>

Hierdie saak is vandag nog aktueel. Daar bestaan steeds nog geen opleidingsmoontlikhede vir kunskritici in Suid-Afrika nie en is die standaard van kunskritiek, alhoewel van hoër gehalte as ongeveer twintig jaar gelede, nog steeds nie na wens nie.<sup>129)</sup>

Op verskeie geleenthede het Battiss in Aurora afbeeldings van die werke van onder andere Picasso, Matisse en Jankl Adler geplaas. Dit het daartoe gelei dat Erich Mayer, Battiss se eerste mentor, in twee briewe, wat gedupliseer is en aan lede van die komitee versprei is, 'n sterk aanval op Battiss as redakteur en as persoon gemaak het.<sup>130)</sup> As gevolg van hierdie geskil met Erich Mayer het Battiss as redakteur en prof. van der Westhuysen as assistent-redakteur bedank.<sup>131)</sup>

---

128) Van der Westhuysen, H.M: Kunskritiek in ons tyd. Weeg, 30 September 1955.

129) Nilant, F.G.E: Kunskritiek. Publikasie van die Universiteit van Pretoria. Nuwe Reeks nr. 66, 1971; Werth, A: Die kritiek van die beeldende kunste in Suid-Afrika, in Kritiek, pp.39-47, byvoegsel tot Tydskr. Geesteswet., vol. 12 no. 4, Desember 1972.

130) Bylaag 6: Mayer - Sekretaresse, Noord-Transvaalse tak S.A.K., 16 Oktober 1949 en 3 November 1949.

131) Bylaag 6.3: Battiss - Sekretaresse, Noord-Transvaalse tak S.A.K., 22 Oktober 1949.

Geen verdere uitgawes van Aurora het daarna verskyn nie.

Battiss het egter lid gebly van die SAK en het steeds sy volle ondersteuning aan hierdie vereniging gegee en stal tot die hede gereeld in die lokaal van die Noord-Transvaalse tak uit.

2.3.4 South African Council of Artists (SACA)  
- Suid-Afrikaanse Raad van Kunstenaars

Tydens 'n Unesco-konferensie in Venesië in 1952, het Berto Lardera, 'n Franse beeldhouer, die voorstel gemaak dat 'n internasionale ko-operatiewe vereniging van kunstenaars in die lewe geroep word, wat bekend sou staan as die International Association of Plastic Arts (IAPA) van Unesco. IAPA is in Parys gestig met Lardera as die Sekretaris-generaal.

Suid-Afrika was destyds 'n lid van Unesco en deur die Departement Onderwys, Kuns en Wetenskap is 'n uitnodiging aan Suid-Afrikaanse kunstenaars gerig om 'n tak van hierdie genootskap hier te stig. Die Departement het die uitnodiging na Coert Steynberg (1905-) verwys en hy het dit op sy beurt na Battiss deurgestuur, wat kontak met Lardera gemaak het. Battiss het uit die nou reeds ontbinde International Art Club 'n klein komitee saamgestel wat die naam South African Council of Artists aangeneem het. Die SACA het amptelike erkenning verkry en met die eerste Vierjaarlikse Uitstalling van Suid-Afrikaanse kuns in 1956 het Douglas Portway die SACA op die keurkomitee verteenwoordig.

Die IAPA het intussen gegroei en drie internasionale kongresse is gereël, naamlik dié in Venesië in 1954, in Dubrovnik in 1957 en in Wenen in 1960. Battiss het Suid-Afrika in 1954 in Venesië verteenwoordig.<sup>132)</sup> In sy verslag oor hierdie Kongres bespreek Battiss die uiteenlopende gedagtes en idees wat gewissel is op die kongres wat deur die

---

132) Berman, E: t.a.p., p.257 beweer dat Battiss in 1954 in Wenen (Vienna) was, maar dit is beslis onjuis.



afgevaardigdes van 29 lande bygewoon is.<sup>133)</sup> Die verteenwoordiger van 'n Oos-Europese land het voorgestel dat kunstenaars deur hulle regerings beheer moet word en dat die regerings 'n bepaalde tipe kunsonderrig aan die publiek behoort voor te skryf. Battiss sê dat geeneen van die afgevaardigdes dié voorstel wou aanvaar nie, aangesien "what we were all fighting for was the liberation of the creative person to serve society and not his enslavement to any government policy."<sup>134)</sup> Die Italianers het op hulle beurt weer gepleit dat die hoofkwartier van die IAPA na Italië verskuif moet word. Battiss meld dat die verrigtinge op 'n heel onortodokse wyse geskied het, maar dat daar optimisme vir die toekoms van die IAPA was.

Tydens hierdie verblyf in Venesië, is hy versoek om twee referate by 'n simposium te lewer wat deur die Giorgio Cini-Stigting gereël is.<sup>135)</sup> Na sy terugkeer kla Battiss oor die klein Suid-Afrikaanse inskrywing vir die Biennale en voeg by dat verskeie kunstenaars en kunskritici hom meegedeel het dat "our best South African art is a great deal better than that of a number of countries exhibiting on the Biennale."<sup>136)</sup>

Die SACA was die ko-ordinerende liggaam vir die Suid-Afrikaanse inskrywing vir die Guggenheim Internasionale Kunstprys. Hierdie prys is tweejaarliks toegeken vir die skildery wat volgens die beoordelaars gedurende die voorafgaande twee jaar die mees voortreflike was. Die inskrywings is in die Guggenheim Museum, New York, vertoon. Battiss het in 1956 en 1960 as beoordelaar vir die Suid-Afrikaanse inskrywing opgetree.<sup>137)</sup>

In 1961 is die SACA vergroot en is Battiss op die uitvoerende komitee verkies. In 1962 het hy 'n ernstige rugaandoening gehad en het hy Edoardo Villa en Cecil Skotnes gevra om sy bedanking aan die uitvoerende komitee te oorhandig.

---

133) Battiss, W: The most unusual art congress in Venice. The Star, 3 Desember 1954.

134) Ibid.

135) The language of Art en An Art Space.

136) Battiss, W: The Star, 3 Desember 1954.

137) The Guggenheim Award for 1960. Fontein, vol. 1 no. 2, 1960, pp.41-42.

Algaande het die SACA meer en meer aansien onder die praktiserende kunstenaars geniet. Toe die Kommissie vir Beeldende Kuns in 1968 gestig is, is daar een verteenwoordiger aan die SACA toegesê. Volgens Battiss het die waarde van die SACA vir Suid-Afrika veral daarin gelê dat die Suid-Afrikaanse kunstenaars geleentheid tot kontak met die buite-land gehad het. Nadat Suid-Afrika as gevolg van politieke druk uit Unesco getree het<sup>138)</sup> is die SACA ontbind.

### 2.3.5 Africa Council for Art

Hierdie liggaam is in 1970<sup>139)</sup> deur Walter Battiss en Cecil Skotnes gestig, na die amptelike ontbinding van die South African Council of Artists. Battiss en Skotnes het besluit om 'n poging aan te wend om kontak met individuele lede van die IAPA te bly behou en om die oorspronklike organisasie in Suid-Afrika onder 'n nuwe naam te laat voortbestaan.<sup>140)</sup> 'n Poging sou aangewend word om die kuns van Afrika op 'n nie-rasse en nie-politieke grondslag te bevorder.

Volgens Battiss<sup>141)</sup> het politiek 'n sterk rol gespeel in die organisasie van die kuns van Afrika. Die behoefte het dus bestaan vir die stigting van 'n organisasie wat in Afrika kuns

---

138) Kennis van voorgenome uittrede uit Unesco is deur Suid-Afrika op 31 Desember 1955 gegee. Uittrede het geskied op 31 Desember 1956.

139) Dewar, J: All-Africa art group formed. The Star, 21 Oktober 1970; Battiss - Charles Argent, Ahmadu Bello University, Zaria, Nigerië, 18 Augustus 1970; Cecil Skotnes : persoonlike mededeling, 19 September 1973.

140) C. Skotnes - Schoonraad, 5 September 1973 : "Walter and I decided to continue to communicate with individuals and members of the UNESCO body and at the same time maintain the original organisation under a new heading, viz. "Africa Council for Art" because we felt that a free Association could only be good for South African art. There is no official body, but the organisation is there should it ever be necessary to serve the South African Council of Artists."

141) Battiss, W: Africa Council of Art. Studio International, November 1971.

van gehalte sonder inagneming van politieke verband, kon bevoordeel. Die kuns van Afrika val volgens hom in twee kategorieë, nl. die "Kitsch", veral houtsneewerk wat deur toeriste by lughawens aangeskaf word; en ernstige, individuele kunsuitinge wat deur kieskeurige kunsversamelaars en kuns= museums aangekoop word. Die massaproduksie van kunswerke is finansiëel gewoonlik meer voordelig en die gevaar bestaan dat die skeppende kunstenaar voor die versoeking sal swig om hom tot die sogenaamde "airport art" te bepaal. Dit is veral met die doel om hierdie skeppende kunstenaars te help, dat die Africa Council for Art gestig is. Hulle sou ook beoog om vooroordeel wat teenoor die kuns van blanke Suid-Afrikaners in die buiteland sou bestaan, teen te gaan.

Hul projekte sou onder andere insluit die organisering van 'n internasionale rondreisende uitstalling van grafiese kunswerke, met hoofkwartier in Swaziland, waarby die sekretaris van die Internasionale Arbeidsorganisasie behulpsaam sou wees met die verkryging van 'n lokaal<sup>142)</sup>, asook die uitgee van publikasies om kuns van gehalte en idees in Afrika te bevorder.<sup>143)</sup>

#### 2.4 Buitelandse reise

Battiss was altyd gevoelig vir invloede uit sy omgewing. Daarom reis hy graag rond om sodoende nuwe visies te kry en nuwe indrukke te bekom, wat dan weer weerspieël word in sy werk. "Do I not love travel and seeing other people and moving about? The wonderlust!"<sup>144)</sup> Hierdie reisgier was nie slegs 'n plesier nie - dit was vir hom as kunstenaar ook nodig: "The problem of a young artist is to find a studio. The problem of an older artist is to get out of his studio. In a studio one puts up one's work, surrounds oneself with one's

---

142) Battiss, W: Skriftelike mededeling, 7 September 1973.

143) Battiss, W: Studio International, November 1971. Sien bylaag 5 vir die volledige doelstellings van The Africa Council for Art.

144) Battiss, brief, 16 Junie 1943.

art and the great danger is that you can fall in love with your own art! a dangerous incestuous practice. I try when possible to go to places far removed from contemporary art but having some beauty that moves one."<sup>145)</sup>

Soos Delacroix (1798-1863), wie se reise na Engeland, Spanje en Afrika vir hom as inspirasie gedien het, dien Battiss se reise vir hom as aansporing om ander tegnieke en ander kleure in sy skilderye te gebruik. "I was always interested in anything new. I was very sensitive to a new environment and could pick up things very quickly. I don't say I could absorb them very quickly but I would try them out."<sup>146)</sup>

Alhoewel hy op geen stadium 'n besondere bewondering vir Delacroix se werk uitgespreek het nie en daar hoegenaamd geen ooreenkoms tussen hulle kunsbenadering is nie, is daar tog ander ooreenkomste tussen hierdie twee kunstenaars. Van Delacroix word gesê: "Love for the exotic impelled (him) to visit the East."<sup>147)</sup> Aanvanklik het Battiss Suid-Afrika deurreis, nie alleen om die rotskuns te bestudeer nie, maar ook om tegelykertyd die uithoeke van ons land te besoek, om verafgeleë dorpieë en hul inwoners te leer ken en die landskap wat hom betower het, te skilder.<sup>148)</sup> Hy het Suid-Afrika hartstogtelik lief en hy het die land eers goed leer ken voordat hy in die vyftigerjare na buite die grense begin beweeg het op soek na nuwe idees.

Ook Battiss se benadering tot die natuur kom baie ooreen met dié van Delacroix: Delacroix het aan Baudelaire gevra: "Since I consider the impression transmitted to the artist by nature the most important thing of all for him to translate,

---

145) Battiss, ongepubliseerde stuk, c.1969.

146) Bylaag 1.

147) Levey, M: From Giotto to Cezanne, p.274.

148) R.L. Esson almanak, asook afbeeldings, 1938-1950.

is it not essential that he should be armed in advance with all the most rapid means of translation?"<sup>149)</sup> Battiss het self oor hierdie kwessie gesê: "A creative artist does not wish to reflect nature like a camera. To him nature is most truly a mirror of man."<sup>150)</sup>

Beide hierdie twee kunstenaars maak sketse en waterverfstudies van hulle onderwerpe en keer na hulle ateljees terug om dié te verwerk, albei hou 'n skets-dagboek oor hul reise en is bekwame skrywers.

Battiss het vir die eerste keer in 1938<sup>151)</sup> na Europa gegaan. Afgesien van 'n hele aantal olieverfskilderye het hy dan ook talle tekeninge en waterverfwerke uitgevoer, byvoorbeeld Grand Canal Venice en Familles Nombreuses.<sup>152)</sup> Battiss se tekenvermoë het op hierdie stadium reeds rypheid bereik en hy het met 'n ferm en seker hand geteken. Gedurende hierdie reis het hy vir die eerste keer met oorspronklike werke van Van Gogh, Gauguin en Cezanne, asook van die toentertydse toonaangewende kunstenaars soos Picasso, Matisse, Braque, Derain en Modigliani, kennis gemaak. Hierdie werke het hom geweldig getref<sup>153)</sup> en by sy terugkeer het hy gesê: "We do not see enough good modern art, but things are improving."<sup>154)</sup>

In die veertigerjare het Battiss begin om Suid-Afrika se buurstate te verken en sodoende Suider Afrika beter te leer ken. Hy het Rhodesië dikwels besoek, hoofsaaklik om navorsing oor die rotskuns te doen, maar ook om te skilder:

---

149) Brett, G: Eugène Delacroix, p.3.

150) Bylaag 5.4: Walter Battiss: South Africa pro- or versus modern art?

151) In Die Brandwag van 21 April 1950 - Walter Battiss as kunstenaar - gee prof. H.M. van der Westhuysen die datum as 1937.

152) Sien afbeeldings, 1938.

153) Die invloed van hierdie reis op Battiss se werk word in hoofstuk 1.6 beskryf.

154) The Friend, 5 Augustus 1938.

"I've been working very hard and fall asleep dead tired at night. I've written and illustrated an article for the Salisbury newspaper, and gone through ALL the Bushman stuff in the local museum and have arranged to get a prize collection of Bushman painting copies for the Cape exhibition at Christmas!! ...Painting hard too. Today I've painted a native wooden stand in a flower shop. It was like Paris painting in a flowershop with people looking in. It's going to be terrible for me to come back again and teach in the mornings. I get up early here and have breakfast and then rush out to paint. When I've finished painting its about lunch time. After lunch I do any business or meet people about things and then after 4 or so go out and sketch or paint. One day I did one large oil and two big oil sketches, plus 5 or 6 sketches."<sup>155)</sup> Battiss is weer eens deur die natuur getref asook deur die mense met wie hy in aanraking gekom het, veral die lewenswyse van die Bantoe.

Hierdie invloed word veral weerspieël in drie olieverf-skilderye: Mandolienspeler en Kremetartbome (1944), Zimbabwe, moeder en kind (1942) en Seun en rotse (1942).<sup>156)</sup>

In die Mandolienspeler en Kremetartbome word 'n wrede moederfiguur in die voorgrond uitgebeeld met kremetartbome in die agtergrond, gekombineer met 'n chevron-patroon wat van die agtergrond na die voorgrond oorkom en wat van Zimbabwe se muur-versierings afgelei is.

In hierdie tydperk begin Battiss vir die eerste keer om lyne in die olieverf te krap.

In die skildery Zimbabwe, moeder en kind, kom die wrede vrouefiguur wat haar kind vashou weer voor en in die vier hoeke van die skildery asook om die vrou se nek word die patroon van die gepakte steenmure van Zimbabwe herhaal. Die

---

155) Battiss, brief, 17 Julie 1941.

156) Sien afbeeldings, 1944 en 1942.

komposisie van hierdie skildery, asook die uitbeelding van die kop van die sentrale figuur, is klaarblyklik afgelei van 'n rotsskildering by Diana's Vow, Rusape, Rhodesië.<sup>157)</sup>

Battiss het 'n verwantskap gesien tussen die rots=skilderinge wat hy in Rhodesië teengekom het en die kuns van die Egiptenare<sup>158)</sup> en is dit dus verstaanbaar waarom die uitbeelding van sekere figure of objekte in sy skilderye soms lyk of dit verwantskap toon met die Egiptiese kuns.

Die seun in Seun en Rotse het 'n houding wat ooreenstem met dié van figure in die wandskilderye van die Egiptenare, maar is ook waarskynlik afgelei van die figure wat in die rotsskuilings afgebeeld is. Die rotse in die skildery herinner 'n mens aan die groot, koepelvormige granietrotsblokke van Rhodesië, soos dié by die Matoppos. Sewe jaar later het Battiss die seun in hierdie skildery vervang met twee figure naamlik dié van 'n vader en seun.<sup>159)</sup>

Hierdie drie skilderye is 'n verdere ontwikkeling van Battiss se eerste eksperiment van 1937, The Early Men, waarin hy die prehistoriese kuns in sy eie kuns gebruik en dit verwerk en ontwikkel tot 'n eie persoonlike styl.<sup>160)</sup>

Die elemente van die styl van die rotskunstenaar kom in al vier hierdie genoemde skilderye uit: "In our aboriginal art there is a complete elimination of landscape backgrounds

---

157) Battiss, W: The Artist of the Rocks, 1948, p.187.  
Scully, L: t.a.p., 1963, p.30 meen dat die uitbeelding van die kop van die sentrale figuur afgelei is van dié van Tutankhamen, maar aangesien Battiss gedurende dié reis wat die skildering van hierdie werk voorafgegaan het, direk in aanraking was met genoemde rotsskildering, sowel as met die murasies by Zimbabwe, is die stimulus wat tot die skildery aanleiding gegee het, waarskynlik baie nader aan die rotskuns as aan die kuns van die Egiptenare.

158) Battiss, W: Is there Egyptian art in our rock shelters. The Outspan, 22 Maart 1940.

159) Dié skildery is gekies vir die Venesiese Biennale van 1950.

160) Sien hoofstuk 1.6.

and foregrounds, light and shade, sunlight and shadows. Natural colours are ignored and figures are painted white, red, purple or black, without any colour intention."<sup>161)</sup>

In hierdie skilderye het Battiss hoofsaaklik plat vlakke met groot sentrale elemente gebruik, weinig driedimensionele effek geskep, min detail in die agtergrond aanbring en relatief gedempte, effe kleure gebruik wat weinig wisseling van skakerings toon. Sy bedoeling was om alles so dun soos papier plat te stryk en om die lug en die derde dimensie uit te wis.<sup>162)</sup> Nie alleen word al hierdie styl-elemente en die invloed van die Rhodesiese omgewing in hierdie werke aangetref nie, maar hulle verteenwoordig ook die samevloeiing van die kuns van die Boesman, die Bantoe en die Blanke.

Die Bantoe-figuur en -tema verskyn hierna meer dikwels in Battiss se werk: Bantoe-arbeid en ander aktiwiteite, mapog-mure en gedomestiseerde diere. Daar is meesal geen horisonlyn in die skilderye nie en die agtergrond is eenkleurig geskilder: Africa (1951), Aandmaal in Afrika, Figure en rotse, Staande en Sittende figure in die Transkei, Seuns en Mure, Cattle and egrets en Ndebele-dorp.<sup>163)</sup>

In 1949 was Battiss vir die tweede keer na Europa<sup>164)</sup> toe hy die Suid-Afrikaanse inskrywing na die uitstalling van die International Art Club in Turyn vergesel het. Tydens hierdie reis het hy 'n aantal kunstenaars persoonlik ontmoet, byvoorbeeld Picasso, de Chirico, Guttuso, Casorati, Prampolini, Braque en Tailleuse. Veral Picasso sou vir die res van Battiss se kunstenaarsloopbaan 'n geweldige groot invloed op hom hê, nie slegs wat sy kunsstyl betref nie, maar ook op sy lewensfilosofie en -benadering.

---

161) Battiss, W: The aesthetic approach to Bushman art. SAMAB, vol. 2 no. 12, Maart 1942, pp.300-304.

162) Battiss, W: Persoonlike mededeling.

163) Sien afbeeldings.

164) The Outspan, 20 Januarie 1950.



Battiss het in sy eie kuns op hierdie stadium die samevloeiing van die destydse Europese kunsstrominge in kombinasie met die kuns van die Boesmans en Bantoes, tot 'n nuwe sintese gevoer. Die eienskappe van die Boesmankuns, sowel as van die Suid-Afrikaanse veldatmosfeer het egter die belangrikste elemente gebly.<sup>165)</sup>

In Julie 1951 het Battiss 'n verdere besoek aan Rhodesië gebring en het hy verder navorsing oor die rotskuns gedoen. Die dor mopanieveld, die reusagtige kremetartbome en die talle wilde vrugte van die inheemse bosveldbome het 'n besonder groot indruk op hom gemaak. Die helder herfskleure van die veld van Afrika word nou meer prominent in sy skilderye. Aan die einde van 1951 het sy portefeulje Fragments of Africa verskyn<sup>166)</sup> waarin van sy grafiese werke afgebeeld is. Die temas van die werke het meesal 'n Suid-Afrikaanse of Rhodesiese strekking gehad en hy het veral talle wilde vrugte uitgebeeld.

In sy skilderye het Battiss van hierdie tydperk af oorwegend helder vermiljoen, oranje, geel en groen kleure gebruik.

In Oktober 1952 en Julie 1953 was hy weer in Rhodesië en gedurende laasgenoemde reis het hy ook na Malawi en die groot mere gegaan. Hierna het hy dikwels vissers as temas vir sy skilderye, byvoorbeeld Vissers wat hulle nette intrek (c.1955) en Vissers (1971), gebruik.<sup>167)</sup> Dié reis is gevolg deur 'n

---

165) Sien ook: Van der Westhuysen, H.M: Walter Battiss as kunstenaar. Die Brandwag, 21 April 1950.

166) Scully, L: t.a.p. gee die datum van hierdie boek op p.12 as 1952, maar gee op p.42 die korrekte datum. Die seun waarna in die inleiding van die boek verwys word is M. Schoonraad, en die vrugte wat afgebeeld is, is deur laasgenoemde uit Rhodesië en Noord-Transvaal aan Battiss gestuur.

167) Sien afbeeldings. Battiss het die eerste rotstekeninge ontdek wat Boesmans wys wat besig is om vis te vang deur hulle met stokke te steek. Vissers wat hulle nette intrek toon figure wat met hierdie aksie besig is, en verteenwoordig dus weer 'n samevloeiing van Bantoe- en Boesman-motiewe.

tentoonstelling in Johannesburg.<sup>168)</sup> Sy werke het baie aandag getrek: "No other South African painter is so daring and yet so successful in the lavish use of bright, contrasting colours. And the range of the Battiss palette is extraordinary. There is as great a variety in the ways in which he has approached his subjects, gathered mostly during a recent journey through Central Africa."<sup>169)</sup>

Van Februarie tot Maart 1952 was hy in Engeland en het hy drie lesings aan die Universiteit van Londen gelewer.<sup>170)</sup> "One of the highlights of my trip was being able to spend some time with Herbert Read, the famous critic. I also had the free run of the Slade School of Art."<sup>171)</sup>

In Januarie 1953 vind ons hom in Mosambiek: "In January I went to Portugese East Africa to get sketches of the Limpopo Mouth but the rains made the swamps impossible and I never got there. The Hamiltons, instead, took me to a lovely island in a boat, 24 miles away from Lourenco Marques. It was delightful with flowers above my head and at my feet and a little fishing village and palm trees beyond."<sup>172)</sup>

Palms verskyn hierna soms in sy skilderye, byvoorbeeld Natuur= toneel by Xai-Xai, Portugees-Oos-Afrika. Sy eerste eenman-uitstalling buite die grense van Suid-Afrika het in Lourenco Marques plaasgevind.<sup>173)</sup>

In September en Oktober 1954 het Battiss die International Association of Plastic Arts se kongres in Venesië bygewoon en daarna vir 'n kort verblyf na Athene<sup>174)</sup> en Londen gegaan. In 1956 was hy weer in Venesië en Londen. Hy het sy eerste

---

168) Johannesburg, Gainsborough-gallery, 22 September - 5 Oktober 1953.

169) Wilmot, Erroll: Rand Daily Mail, 23 September 1953.

170) Sien hoofstuk 1.6.

171) Battiss - Schoonraad, 7 April 1952.

172) Battiss - Schoonraad, 9 Februarie 1953.

173) Lourenco Marques, 2 - 19 Julie 1954.

174) Cape Argus, 5 Februarie 1955.

eenmanuitstalling in Europa by die Imperial Institute, Londen, gehou wat uit ongeveer 40 kleurhoutsneë, syskerms, tekeninge en 22 olieverfskilderye bestaan het.<sup>175)</sup> "These Bushman motifs have not unnaturally found their way into many of Walter Battiss's paintings and graphic works; in many cases he has employed them decoratively or in dynamic compositions that nevertheless contain the basic elements of African art: the man, the animal (hunted or hunter), the plant life. The thin, elongated figure which is the African's symbol of man in general or the enemy in particular is used generously by Battiss in association with vegetable shapes and animal forms. By contrast, in The Old Chief the volume and mass of the cloaked figure takes on the generous form of the patriarch."<sup>176)</sup>

Gedurende die sestigerjare het Battiss Afrika-lande buite Suider Afrika begin besoek. In Julie 1961 het hy na Tanzanië gegaan met die hoofdoel om die eiland Zanzibar te sien. "For me there is no blue in Zanzibar. The great grey-green trees, including baobabs hide the sky and out at sea everything is a celedon colour. It is a strange sensation coming from a very blue South Africa to see a world of only white, black mauve, grey or green. Nor does one see pink dust."<sup>177)</sup>

Battiss het nou in dik impasto geskilder: sy kleur is ryk en sy mensfigure vol lewe en aksie soos byvoorbeeld Sewing Machine and Rooster en Whirlwind in the Sky. Soms is sy styl weer heeltemal abstrak.

Later in 1961 het hy die Midde-Ooste, onder andere Bahrain, Bagdad, Persië en Arabië besoek. Hy het saam met die Bedoeïne vir 'n kort rukkie in die Sahara-woestyn 'n tentbestaan gevoer. "Tydens my verblyf in die woestyn is ek dikwels getref deur die verband tussen my omgewing en Bybelse

---

175) Art News and Review, Augustus 1956.

176) Whittet, G.S: London Commentary. The Studio, Oktober 1956, p.124.

177) Battiss, W: The Zanzibaris are naturally friendly people. The Pretoria News, 12 Augustus 1961.

beskrywings. Die kwartelvleis het my laat dink aan Moses in die woestyn en aan die woorde van Exodus 16:13 'En in die aand het daar kwartels opgekom en die laer oordek'. Bagdad is 'n stad van geel modder en die modderwater van die Tigris laat hom soos 'n ontsaglike Vaalrivier lyk. Persië besit besondere skoonheid. Naby Shiraz en die bouvalle van die paleise van Darius en Xerxes by Persepolis lyk die persblou berge in die verte asof hulle in die Kaap tuishoort."<sup>178)</sup> Die woestynkleure word hierna in Battiss se olieverfskilderye weerspieël: ligbruin, ligroos en ligpers, byvoorbeeld in Figure en Mure (c.1968), Animated Walls, Decorated Walls, Double Mosque Bahrain Island (c. 1963).<sup>179)</sup>

In Julie 1963 het Battiss nogeens Engeland besoek en die daaropvolgende Julie is hy weer na Oos-Afrika en wel na die Bajun-groep eilande : Lamu, Manda en Partate.<sup>180)</sup> Gedurende hierdie besoek het Battiss 'n pot ontdek: "I obtained this pot when I visited Pate in the Bajun Islands group off the Kenya coast, in July 1964... For more than three years I have been trying to prove that it is a missing link that spans a gap of about 500 years in the recorded history of the earliest colonisation of that area... On comparative evidence<sup>181)</sup> the Pate pot is an Islamic pot of the eighth or ninth century brought to Pate, probably from Syria, and that is the only Islamic pot of that period so far discovered on the East Coast of Africa and is the only link between the pre-history and the history of the Arab settlement in the area."<sup>182)</sup>

---

178) Battiss oor die Midde-Ooste. Die Vaderland, 3 April 1962.

179) Sien afbeeldings.

180) Carruthers, Hugh: Battiss finds dream isle. Rand Daily Mail, 27 Augustus 1964.

181) Battiss het onder andere mnr. Jean David Weill van die Louvre-museum, Parys; Dr. Ernst Grube, mede-kurator in bevel van die Departement Islamse Kuns aan die Metropolitan Museum of Art, New York en dr. H.N. Chittlick, direkteur van die British Institute of History and Archaeology, Nairobi, geraadpleeg.

182) Battiss find shows Arabs arrived earlier. Sunday Times, 28 April 1968.

In April 1965 het Battiss na die Hadramut<sup>183)</sup>, suidelike Arabië gegaan. Twee artikels wat oor hierdie reis in die pers verskyn het<sup>184)</sup>, is deur nege van sy tekeninge geïllustreer. Hierdie tekeninge is die enigste wat uit hierdie tydperk gepubliseer is en hy het nooit van hierdie werke aan die publiek vertoon of beskikbaar gestel nie. Hy het beoog om 'n boek met sy sketse van die Arabiese lande uit te gee, maar hiervan het nog niks gekom nie.

Battiss het gedurende hierdie reis meer en meer van sy kamera begin gebruik maak. Sy boek Limpopo wat in dieselfde jaar verskyn het, beslaan byvoorbeeld hoofsaaklik foto's.

In Desember 1965 vind ons hom weer in 'n Arabiese land, naamlik Jordanië.<sup>185)</sup> In 1966 het hy 'n reis na Griekeland gekombineer met 'n besoek aan die Biennale in Venesië. Hy was gladnie tevrede met wat hy daar gesien het nie en by sy terugkeer het hy aan die pers geskryf dat hy die Suid-Afrikaanse inskrywing vir die Biennale as pateties beskou het.<sup>186)</sup>

Gedurende Februarie 1967 het Battiss besoek gebring aan sestien Griekse eilande en dit het 'n nuwe fase in sy kuns ingelei. Alhoewel hy Griekeland in 1954 en weer in 1966 besoek het, was dit eers na hierdie besoek in 1967 aan die Eilande wat hy begin het om gereeld klassieke temas in sy skilderye en sy grafiese werk te inkorporeer. Daar word nou dikwels van 'n helder diepblou kleur wat aan die Mediterreense

---

183) Battiss's Arabian nights and days. The Pretoria News, 23 Junie 1965.

184) Battiss in Hadramut. Sunday Chronicle, 2 en 9 Mei, 1965.

185) He'd like to meditate in far-off Afghanistan. The Star, 19 Desember 1970; Battiss goes to Jordan. The Pretoria News, 13 Desember 1965. Sien bylaag 9.3: Reise. Battiss het 'n groot belangstelling in die lewe van T.E. Lawrence getoon en as gevolg daarvan het hy gepoog om plekke soos Akaba waar Lawrence gewerk het, te besoek.

186) S.A. Biennale entry pathetic, says Battiss. The Pretoria News, 25 Augustus 1966.

see herinner gebruik gemaak. Claude van Lingen het oor 'n uitstalling wat Battiss in 1969 in Johannesburg gehou het<sup>187)</sup>, geskryf: "Die klein houtsnewerke is juweeltjies. Hulle herinner aan Griekse muntstukke wat formaat, onderwerp en tekenbenadering betref. Artemis en Ephesus, en Neolithic is treffende voorbeelde."<sup>188)</sup> Vir Battiss self was die Griekse eilande 'n betowering: "Greek islands is a disease called islomania that gets into one's blood and one can go mad from it, hazarding starvation, seasickness, drowning, isolation, lack of language communication, all for the allurements of yet another island which can perhaps offer a curious wanderer one of the world's great views, of marble mountains glazed with snow shining above the widest stretches of a sea as dark as a field of violets and ports holding ships saffron and citrine in the solvent sun.

I saw what I consider three of the world's great beauties : the acropolis at Lindos on the island of Rhodes, the charming world-famous view of little islands from Kanoni on Corfu, and one of the grandest panoramas this fair world can offer from the heights of Kephalos on the island of Kos.... my thoughts go to two islands I saw but did not visit. They have difficulties about getting there and getting away and difficulties with food and there are no hotels nor places for visitors.

The strong desire to visit these islands in future unsettles me. They are Astiphalea and Symi. Perhaps I can sleep on a dog-deserted beach or in a yellow boat."<sup>189)</sup> Sy begeerte om na dié deel van die wêreld terug te keer was so sterk dat ons hom in Julie van dieselfde jaar alweer daar aantref; dié keer op Symi-eiland. Dit was nie vir hom nodig om op die verlate strand te slaap nie, aangesien hy by die

---

187) Johannesburg. Galery 101, Jeppestraat, 8 - 18 April 1969.

188) Van Lingen, C: Walter Battiss vertoon 'n nuwe reeks grafiese werke en waterverfstukke. Die Transvaler, 11 April 1969.

189) A disease called islomania. The Pretoria News, 4 Maart 1967.

kunstenaar Daniel Spoerle tuisgegaan het.<sup>190)</sup> Hy het ook die digter Sinclair Beiles ontmoet vir wie hy in 1969 die buiteblad van 'n digbundel, Ashes of Experience, ontwerp het. Vol geesdrif het hy na hierdie besoeke aan Griekeland begin werk aan 'n boek met die eiland as tema. Nesos<sup>191)</sup> verskyn die daaropvolgende jaar. Dit kan as 'n merkwaardige prestasie beskou word aangesien die boek 54 eiehandig gedrukte syskermaf-drukke behels.

In Desember 1967 het hy Kersfees saam met vriende in Bethlehem, Israel, deurgebring en het hy ook weer na Griekeland gegaan.<sup>192)</sup>

Op uitnodiging van die Deutscher Akademische Austauschdienst het Battiss in April tot Oktober 1969 Duitsland besoek, en het hy aan die kunsakademies van München, Düsseldorf en Hamburg gewerk.

In Duitsland het hy met hippie-studente in aanraking gekom. Die studente in München het juis 'n staking georganiseer. In Londen het hy sulke studente weer dopgehou, geteken en gefotografeer: "Whenever I sketched and photographed the hippie-cats' picnic at Piccadilly I kept on recalling Shakespeare's colourful actors and the lines they said about music and love and sleep and death and the seven ages of man until I believed that had Will been alive today I would have found him a hippie writing plays beneath the statue of Eros designed by Sir Alfred Gilbert for eternal triumph, the everlasting Eros of comedy and tragedy."<sup>194)</sup>

Gedurende hierdie reis het hy met twee kunsdrukkers, Josef Kroll van München en Chris Betambeau van Londen kennis

---

190) Prof. back from Greece. Pretoria News, 10 Augustus 1967.

191) Nesos = eiland (Grieks).

192) He'd like to meditate in far-off Afghanistan. The Star, 19 Desember 1970.

193) In dieselfde periode was hy ook in Nederland en Engeland.

194) I like hippies. The Star, 13 September 1969.

gemaak.<sup>195)</sup> Van toe af het Battiss hom tot 'n groot mate op die syskermtegniek toegelê. By Kroll het hy sy eerste syskermdrukke gemaak waarin foto's geïnkorporeer is. Hy beeld dikwels aspekte van die lewenswyse van die "hippies" uit.<sup>196)</sup>

Van nou af het Battiss elke jaar minstens een keer na die buiteland gegaan. Hy het met elke reis van 1970 tot 1973 Londen besoek. Hy was in 1970, 1971 en 1972 in Griekeland, in 1971 in Spanje en in 1972 ook in Kassel, Duitsland, om die Documenta by te woon. In 1972 het hy twee besoeke aan die Seychelles-eilande gebring. Tydens hierdie besoeke het hy hom tot 'n groot mate op waterverfskilderye toegelê. By sy terugkeer het hy tydens 'n uitstalling 'n oorsig gegee<sup>197)</sup> van sy indrukke van die Seychelles-eilande: die plantegroei, veral die kokospalm (Coco de Mer) met die buitengewoon groot vrugte; die diere, veral die voëls met heldergekleurde vere; voorwerpe wat hy op en naby die strand gevind het; en die lewenswyse van die mense: Met betrekking tot die kokosneut; Die nes van die seldsame swart Paradys-voël; Agtien doodgewone klippe; Koraal, Seychelles; La Digue-eiland, Seychelles; Ou plantasiehuis, La Digue-eiland; Chez Blanche.<sup>198)</sup>

## 2.5 Battiss se rol in die publieke lewe

### 2.5.1 Aankoop van Utrillo-skildery deur die Johannesburgse Kunsmuseum

In 1936 het die Johannesburgse Kunsmuseum die skildery 'n Militêre Hospitaal, deur Maurice Utrillo (1883-1955), wat op 23 Oktober 1935 deur hulle aangekoop is, ten toon gestel. Daar was onmiddellik kwaai reaksie en pennegeswaai van die

---

195) Sien ook hoofstuk 1.8.1.

196) Sien afbeeldings, 1969.

197) Pretoria, Ou Nederlandse Bank-gebou, 30 Oktober - 11 November 1972.

198) Sien afbeeldings, 1972.



publiek wat beswaar gemaak het teen die "hoë prys"<sup>199)</sup> wat vir so 'n "swak" skildery betaal is.<sup>200)</sup> Op 20 Maart 1936 het die Rand Daily Mail 'n brief van Battiss geplaas onder die opskrif 'Art Gallery's new pictures. Utrillo picture a thing of sheer beauty'; waarin hy die nuwe skildery ten sterkste verdedig.<sup>201)</sup>

---

199) Minder as R200.

200) Verskeie briewe het in The Star en Rand Daily Mail van veral Maart, maar ook April en Mei 1936 in hierdie verband verskyn (Sien Johannesburgse Stadsbibliotekaresse - Murray Schoonraad, 28 Mei 1973). Gedeeltes uit twee briewe word hier aangehaal: Rand Daily Mail, 17 Maart 1936: "...we have... a picture lately purchased, I understand for nearly £100, representing "A Military Hospital", by Maurice Utrille (sic). I do not like it, and this opinion is general. It is hung next to two perfect specimens by L.E. Boudin and other notable pictures, and this choice of position brings home the glaring absurdity of the new picture." Rand Daily Mail, 21 Maart 1936: "From a ratepayer's standpoint I protest against good money being spent on such inartistic daubs."

201) Battiss, W.W: Rand Daily Mail, 20 Maart 1936. Utrillo's "Hospital Militaire" in the City Art Gallery probably cost the municipality the price of a cheap car. I went to the gallery to be disappointed and disgusted but never felt happier at the feast provided. For sheer beauty I can think of nothing in South Africa (except Cape-Town's Frans Hals) to equal the Utrillo. It ought to be isolated, for more thorough enjoyment. Sargent's "Santa Maria della Salute" (also a scheme in white) could possibly hang with it. Is there anything in the picture to cause dislike? Possibly the unattractive hospital, possibly the poor perspective, possibly the whole effect. The picture is admittedly startling. Some people it violently repels, others it violently attracts. One quality such a Utrillo picture possesses is vitality. It possesses unity, in that the composition is excellent and it possesses repose in its marvellous colour scheme. All its form possesses infinity. The windows are not in perspective, but that is purposely done to make the pattern more vitally interesting. Artists and architects live in different houses! Artists who know how to use pigment admit that Utrillo's superb use of white is the envy of them all. It is said that his wonderful colour is obtained by mixing the very plaster from the buildings with his paint. Johannesburg ought to be exceedingly proud to possess the Utrillo, and in time - for true beauty reveals herself only to those who seek it long and patiently - many who dislike the picture may grow to love it."

Dit is interessant dat Battiss op so 'n relatief jeugdige ouderdom die moed van sy oortuiging gehad het om werke, wat hy as van hoogstaande gehalte beskou het, ten spyte van teenkanting van die publiek, openlik te verdedig.

As gevolg van die ondersteuning wat Battiss vir die aankoop van die Utrillo-skildery gegee het, het daar 'n jarelange vriendskap tussen Battiss en die kunsversamelaar Howard Pim ontstaan.

#### 2.5.2 Pierneef-panele op die Johannesburgse Spoorwegstasie

In Julie 1973 is 32 panele in olieverf, uitgevoer deur J.H. Pierneef in die Pretoriase Kunsmuseum ten toon gestel.<sup>202)</sup> Hierdie panele is in 1932 by die Johannesburgse Spoorwegstasie geïnstalleer. As gevolg van die posisie waar hulle deur die jare gehang het, was hulle onderhewig aan aanslae van stof en roet, sodat daar vir die eerste keer in 1946 besluit is om die kunstenaar te nader met die versoek om die panele skoon te maak en te restoureer. Dat daar wel in 1946 aandag aan die sogenaamde "Stasiepanele" van Pierneef gegee is, is te danke aan die bemoeiing van Walter Battiss.

Tydens 'n besoek aan die Johannesburgse stasie in Oktober 1946, was Battiss geskok deur die swak toestand waarin die panele verkeer het. Hy het sy kommer teenoor die pers uitgespreek en verklaar dat daar met die oog op die voorgenome besoek van die Koninklike gesin die volgende jaar, moontlik aandag aan die panele gegee kan word. Op 13 Oktober 1946 het daar in die Sunday Express, p.5, 'n artikel verskyn waarin Battiss hierdie kommer uitgespreek het en daarop aangedring het dat kunstenaars saam moet staan om die Administrasie van die Suid-Afrikaanse Spoorweë te nader met 'n klag oor die toestand van die panele.<sup>203)</sup>

---

202) Schön, Heslia: Die Ontstaan van die Stasiepanele. in Katalogus tot Die Johannesburgse Stasiepanele deur J.H. Pierneef. Uitstalling, Pretoriase Kunsmuseum, Julie 1973.

203) Soot and grime on Station Murals rouse artist. Sunday Express, 13 Oktober 1946.

Op 20 Oktober 1946 is in dieselfde koerant berig dat die Johannesburgse stasie 'n groot skoonmaakproses ondergaan het: die geboue is gewas en geverf. In hierdie berig is verder vermeld dat "Commenting on Walter Battiss' criticism on the present state of the Pierneef murals surrounding the concourse, the Works Inspector said that until the electric unit replaced the steam engine, the Works Department could do little in the matter. A protective sheet of glass, covering the murals, had been recently suggested, but was rejected as possible breakage would result in the paintings being damaged still further.

They will be protected by a canvas covering while the building is being renovated, and the department intends to call outside experts to restore the murals when the painting of the station interior has been completed."<sup>204)</sup>

"In 'n artikel wat omstreeks Maart 1946 in die pers verskyn het,<sup>205)</sup> is gewag gemaak van die verwaarloosde toestand waarin die skilderye sou verkeer het. Met die oog op die naderende koninklike besoek in 1947 is toe besluit om die kunsskilder self te nader om die werke skoon te maak en te restoureer."<sup>206)</sup>

Die gevolgtrekking kan dus gemaak word dat dit Battiss was wat die aandag van die outoriteite op die toestand van die panele gevestig het en wat daartoe aanleiding gegee het dat Pierneef genader is om hulle skoon te maak en te restoureer.

---

204) Painters start big station clean up for royal tour. Sunday Express, 20 Oktober 1946.

205) Hoogswaarskynlik dié van Battiss: alle moontlik persberigte van Februarie, Maart en April 1946 is nagegaan en geen ander artikel kon gevind word wat op die Johannesburgse stasie-paneel betrekking het nie.

206) "Die Pierneef-skilderye in die Johannesburgse stasie": dokument in die lêers van die Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens. Die dokumente is saamgestel uit mondelinge gegewens en verklarings nadat korrespondensie in verband met die stasiepaneel per abuis vernietig is.

### 2.5.3 Verwydering van die Kottler-reliëfwerk van die Bevolkingsregistergebou te Pretoria

Ten opsigte van die Kottler-reliëfwerk van die Bevolkingsregistergebou te Pretoria het Battiss ook 'n vasberade standpunt ingeneem.

In Mei 1957 is 'n reliëfpaneel, wat uit twee halfnaakte, sterk gestileerde, staande figure van 'n man en 'n vrou bestaan het, deur Moses Kottler op die Bevolkingsregistergebou te Pretoria aangebring.<sup>207)</sup> Daar is deur sekere sektore van die publiek hewig teen die beeldhouwerk beswaar gemaak.<sup>208)</sup> Ten spyte van ondersteuning wat tog daarvoor bestaan het, het min. Jan de Klerk, destydse minister van Openbare Werke, besluit dat die beeldhouwerk van die gebou verwyder moes word.<sup>209)</sup>

Oor hierdie besluit het veral die kunstenaars en kunstverenigings uitgesproke beswaar gemaak en het Walter Battiss 'n groot rol gespeel in die poging wat aangewend is om die kunswerk te behou: 'Not only the artists but 90 percent of the general public are deeply disturbed by the decision of the

---

207) Kottler het op uitnodiging van 'n ad hoc komitee, wat destyds deur min. J. de Klerk aangestel is met die doel om hom met raad te bedien oor die aanstelling van kunstenaars vir drie kunswerke vir die toentertydse nuwe Bevolkingsregistergebou, 'n opdrag aanvaar vir die oprig van 'n beeldhouwerk aan die westelike gewel van die gebou (sien ook: Die Transvaler, 31 Julie 1957).

208) 'n Artikel met foto van die beeld het sonder kommentaar in Die Transvaler van 25 Mei 1957 verskyn. In 'n brief aan Die Transvaler van 29 Mei 1957 het 'n mnr. Roelf D. Britz, lid van die Krugersdorpse Stadsraad (Sunday Express, 4 Augustus 1957) sterk teen die beeld beswaar gemaak. Op hierdie brief het 'n polemieek gevolg wat in alle dele van die land weerklank gevind het: The Star, 30 Mei 1957; Die Transvaler, 31 Mei 1957; Sunday Express, 2 Junie 1957; Die Transvaler, 19 Julie 1957; Die Vaderland, 15 Junie 1957; Dagbreek en Sondagnuus, 11 Augustus 1957.

209) Hulle gaan verdwyn. Die Vaderland, 31 Julie 1957.

Minister of Public Works not to rescind his order for the removal of the Moses Kottler statues. Fortunately the fight is cultural and not political, and both supporters and opponents of the Government are on our side.<sup>210)</sup>

Op 5 Augustus 1957 was hy lid van 'n afvaardiging na die betrokke minister. Hy, as president, en Alexis Preller (1911-) het die South African Council of Artists verteenwoordig.<sup>211)</sup> "The meeting with Jan de Klerk was most interesting and amazing. Lukas 17 vers 1 was quoted in the discussion."<sup>212)</sup>

Die vertoë na die minister was tevergeefs, die paneel is verwyder en na die William Humphreys Kunsmuseum in Kimberley geneem, waar dit tans nog is.

#### 2.5.4 Uitstalling van internasionale grafiese kuns - Johannesburg-1968

In 1968 het 'n gebeurtenis in Johannesburg plaasgevind wat reaksie in die kunstwêreld uitgelok het en wat getoon het dat Battiss oor 'n groot mate van vakkennis beskik.

Op 24 Junie 1968 is 'n uitstalling van internasionale grafiese werk by die Johannesburgse Kunsskool geopen.<sup>213)</sup> Die uitstalling het steendrukke, keramiekstukke en 'n olieverfskildery van Picasso, steendrukke deur Salvador Dali en

---

210) Artists will continue fight to keep nudes. The Star, 7 Augustus 1957.

211) Ander lede van die afvaardiging was prof. A.L. Meiring en dr. H. van der M. Scholtz (wat die Suid-Afrikaanse Kunstvereniging verteenwoordig het), mnr. Coert Steynberg (1905-) namens die beeldhouersgilde en mnre. C.M. Sinclair en M. Bryer beide van die Instituut van Argitekte (Die Transvaler en Die Vaderland, 6 Augustus 1957).

212) Battiss - Schoonraad, 10 Augustus 1957.

213) Die uitstalling is deur Mervyn John en Don Hughes georganiseer; die werke het almal aan 'n sogenaamde vriendin van Picasso, Madame Carmen Macien behoort, is deur haar en haar man na Suid-Afrika gebring en het 36 uur voor die opening van die uitstalling hier aangekom (Sunday Times, 30 Junie 1968).

etse deur Herrero ingesluit.<sup>214)</sup> Alle werke is geadverteer as oorspronklike werke van die betrokke kunstenaars en die uitstalling het groot belangstelling van die publiek geniet.

Op Saterdag 29 Junie het Walter Battiss die uitstalling besigtig. Na deeglike ondersoek het hy verklaar dat die werke van Picasso nie oorspronklik was nie, maar slegs meganies geproduseerde afdrucke van steendrukke en massa geproduseerde keramiekstukke. In die lig daarvan het hy verklaar dat die pryse wat gevra is, buite verhouding hoog was.<sup>215)</sup> Hy het melding gemaak van 'n portefeulje afdrucke van Picasso wat by 'n Johannesburgse kunsgalery teen R300 aangebied is en wat volgens sy mening identies was met dié wat op die uitstalling aangebied is. In die katalogus is, met betrekking tot die keramiekstukke, melding gemaak van 'n seël in reliëf wat volgens Battiss nie deur lewende kunstenaars gebruik word nie en wat hy nie tevore op 'n werk van Picasso teengekom het nie.<sup>216)</sup> Wat die olieverf betref: "I cannot deny that it is a Picasso,

---

214) Die steendrukke van Picasso is teen R1 100 per stel of R220 tot R2 000 elk te koop aangebied, keramiekstukke teen R220 tot R500 stuk en die olieverfskildery, Portrait of the Artists' Cousin, teen R24 000.

215) Battiss: Sunday Times, 30 Junie 1968: "I regard it as deplorable that such an exhibition, assembled as it is, should be shown here. It is a smack in the face for art when we are told that we have on view Picasso lithographs, when in fact they are merely prints which can be bought in any art shop. I am distressed that we are told about the high quality of the Picasso ceramics, when in fact what is exhibited is an issue of Picasso pottery, which can also be bought from art dealers. The prices asked for these articles are ridiculous."

216) Ibid. "I have inspected the ceramics on display, and I see that they come from a particular Picasso issue, which means that they are mass-produced from a master piece by Picasso. From the catalogue I see that reference is made to an embossed seal. An embossed seal is never used by a living artist, and this is the first occasion I have come across its use on any of Picasso's works."

but I have never seen it listed, nor can I place it in any of his particular periods."<sup>217)</sup> Battiss het verklaar dat hy van plan was om aan Picasso te skryf en hom die feite in verband met die uitstalling mee te deel, dat hy graag die uitstalling gesluit wou sien en dat hy nie sou rus totdat die hele saak opgelos is nie.<sup>218)</sup> Die feit dat die werke wat ten toon gestel is, as oorspronklike werke geadverteer is, het hom besonder ontstel.

Na Battiss se verklaring het mej. Nel Erasmus destydse kuratrise van die Johannesburgse Kunsmuseum, asook mnr. Harold Jeppe, 'n Johannesburgse kunshandelaar, hulle ondersteuning aan hom gegee.

Madame Macien het gereageer op Battiss se verklarings met die bewering dat die pryse wat gevra is so hoog was omdat die stelle wat te koop aangebied is, uit druk uit was.<sup>219)</sup> Sy het verduidelik dat oorspronklike steendrukke in Frankryk en Spanje as "lithographic originals" bekend staan en meganiese afdrucke van steendrukke as "lithographic only."<sup>220)</sup> Daar= deur het sy dus te kenne gegee dat die werke wat in Suid-Afrika aangebied is, tog meganiese afdrucke van steendrukke was.

Op 7 Julie is in die Sunday Express berig dat 19 van die werke van die uitstalling onttrek is en dat Madame Macien na Parys vertrek het in 'n poging om bewyse van egtheid van die werke te bekom. Battiss se reaksie hierop was dat "All this should have been done before the exhibition was allowed to open."<sup>221)</sup>

---

217) Ibid.

218) Ibid. "I shall not rest until I am satisfied that we have cleared this matter up." Die Johannesburgse Kunsskool het hom hierna van die uitstalling gedissosieer en na samesprekings met die hoof, mnr. P. Botha, was Battiss verseker dat die skool self nie oor die uitstalling verkwalik kon word nie.

219) Picasso's prints may not be rare. The Star, 6 Julie 1968.

220) Documents on Picasso show now missing. The Pretoria News, 10 Julie 1968; Now a Picasso mystery. The Star, 10 Julie 1968.

221) Art Show: Paris expert called in. Sunday Express, 7 Julie 1968.

Madame Macein het die organiseerders in 'n kabelgram laat weet dat die bewyse van egtheid per lugvrag uit Parys gestuur is<sup>222)</sup>, maar dit het egter nooit in Suid-Afrika aangekom nie.

Nadat Battiss die aandag van die publiek op die moontlikheid dat die werke meganiese afdrucke is, gevestig het, word geen verdere werke verkoop nie, terwyl 21 werke voor die publisiteit verkoop is.

Op 18 Julie word berig dat die uitstalling gesluit word en dat die werke na Frankryk teruggestuur word.<sup>223)</sup> Dit kan aanvaar word dat die sluiting van die uitstalling 'n direkte gevolg was van ingryping deur Walter Battiss.

As gevolg van die polemieke oor die uitstalling het Battiss aan Picasso geskryf en van die saak verwittig. Op 12 Julie 1968 het hy antwoord van Daniel-Henry Kahnweiler, alleen-agent vir Picasso se werke ontvang, met die mededeling dat die werke reproduksies was en dat die betrokke olieverfskildery volgens hom nie deur Picasso geskilder was nie.<sup>224)</sup>

---

222) Documents on Picasso show now missing. The Pretoria News, 10 Julie 1968.

223) Die organiseerders het ongeveer R1 000 aan kopers terugbetaal terwyl die uitstalling aan die gang was. Op Woensdag 17 Julie is 'n veiling van die oorblywende werke by Boddington Afslaaers, Illovo, Johannesburg gehou en 25 is verkoop teen 'n totale bedrag van R2 000. Die organiseerders het die geld gebruik om onkoste te dek. M. Luciano Rosch Nadal, eggenoot van Madame Macein, het Suid-Afrika verlaat met R38-86 in sy sak. (Sunday Times, 21 Julie 1968).

224) Bylaag 7: Kahnweiler - Battiss, 12 Julie 1968. Die sluiting van die uitstalling het 'n interessante uitvloeisel gehad toe Battiss 'n brief gedateer 12 Februarie 1970 van 'n mev. Diana Leigh de Bustos uit Madrid ontvang het. Hierin word gemeld dat Battiss se aandeel in die sluiting van die uitstalling internasionaal bekend geword het en dat sy opinie gevra word as hulp vir die aanklaer, Sr. Leopoldo de Castillejo, in 'n saak teen Carmen Macein Palacios, haar eggenoot Luciano Rosch Nadal en die skilder Miguel Herrero, wat aangekla word dat hulle 'n vervalsde skildery van Goya onder valse voorwendsels wou verkoop. (Die spelling van Madame Macien se eggenoot is soos in bogenoemde brief en in die Sunday Times van 21 Julie 1968 - voetnota 223 - aangegee.)



### 2.5.5 Battiss se mening oor sekere openbare aangeleenthede

Battiss het hom deur die jare oor verskillende aspekte van die kuns en verwante onderwerpe uitgelaat.

Hy het 'n hele aantal definisies vir kuns geformuleer<sup>225</sup>, maar hy het ook gesê dat kuns nie gedefinieër kan word nie: "art cannot be defined : it is simply something a human wants to do with his hands"<sup>226</sup>), en "voëls bou nesses, visse swem, honde veg (?) en skilders verf."<sup>227</sup>) En verder: "I don't want to make masterpieces or to be remembered for my work. Art is merely the ashes of experience - and in a way it is a form of pollution. It clutters one up"<sup>228</sup>), en : "kuns is 'n manier van lewe."<sup>229</sup>)

Hy beskou 'n kunstenaar nie as verwyderd van of verhewe bo die nie-kunstenaar nie, maar hy glo dat kuns 'n kreatiewe uiting is: "We (artists) become creative when we make symbols."<sup>230</sup>) "...Apeman only became a man when he first created a painting on a cave wall. Animals can dance and learn to act; birds can sing. But man alone can paint a picture, carve a statue, compose a poem, or play a violin. This art creation of man is an extention of general creation. The more man creates differently from visual forms the more he is a man."<sup>231</sup>)

Hy glo dat hierdie kreatiewe uiting nie noodwendig van ekonomiese belang moet wees of 'n praktiese toepassing moet hê nie: "Daar is pogings om ander betekenis en waardes te gee aan kuns, selfs om dit as diensbaar te beskou. Maar kuns

---

225) Sien ook bylaag 8.

226) The Pretoria News, 14 April 1967.

227) Die Vaderland, 11 November 1957.

228) Daily News, 9 Mei 1972.

229) Bylaag 8.

230) Pretoria News, 5 Junie 1956.

231) Battiss, W: The language of art, 1954.

is uniek en die waarde daarvan is juis dat dit totaal nuttelos is"<sup>232)</sup> en: "The arts are the last independent values left and it is our duty to keep them free from material powers."<sup>233)</sup>

Hy glo dat die kunstenaar hom moet verlaat op harde werk ("moderne kuns is om dit wat jy nie kan doen nie nie te laat staan nie."<sup>234)</sup> "Die voorvereistes vir 'n suksesvolle kunstenaar is 10% talent en 90% harde werk"<sup>235)</sup>, hom deur sy verbeelding kan laat lei ("The artist is a person moving in time and space. And art is what he makes as a result of his conscious, forming imagination"<sup>236)</sup>), nie op onnatuurlike stimuli moet staatmaak nie ("Art needs no drugs"<sup>237)</sup>), maar vry moet wees om te skilder en te skep wat hy wil (kuns kan nie beperk word nie<sup>238)</sup>).

Om laasgenoemde rede en ook omdat hy intense genot uit sy kuns put het hy groot bewondering vir kinderkuns, veral omdat dit ongekunstel is: "Kuns is 'n opvoeding vir die kleuter en dit is ook plesier en ontspanning."<sup>239)</sup> "Ek bewonder kinderkuns."<sup>240)</sup>

Van die genot wat hy uit sy kuns put sê hy: "I thoroughly enjoy myself when I paint, and if it happens to be art then I'm happy... I often have my brush in my cheek and paint with my fingers. I am a hedonist and paint because I enjoy it."<sup>241)</sup>

---

232) Die Vaderland, 11 November 1957.

233) The Star, 23 September 1949.

234) Oggendblad, 2 November 1972.

235) Persoonlike mededeling. Sien ook voetnota 261 van hierdie hoofstuk.

236) The Pretoria News, 8 November 1966.

237) Pretoria News, 31 Oktober 1972.

238) Hoofstad, 10 November 1971.

239) Sarie Marais, 21 April 1954.

240) The Pretoria News, 20 September 1971.

241) The Pretoria News, 9 Oktober 1957.

Hy glo dat die kunstenaar 'n boodskap het om met sy kuns oor te dra en dat kunstenaars in Suid-Afrika moet bou aan 'n eie, oorspronklike, eg Suid-Afrikaanse kuns.<sup>242)</sup>

Tydens 'n lesing by die Transvaalse Akademie in November 1964 het Battiss as antwoord op vrae wat aan hom gestel is, sy mening aangaande sekere aspekte van die kuns uitgespreek:

"Why do people paint and sculpt? For many reasons, the main ones being for a pleasant occupation, for cultural enrichment, to make a living or because of an inner irresistible urge - and for me the last overrides all others.

What is the purpose of art? - Sometimes to give pleasure, sometimes to annoy! Or to record an event or to reveal a truth.

Are artists today getting away with gimmicks when they use scrap metal, rags, clothes pegs and so on in their work? - I prefer the German word "Kitsch" to "gimmick". Artists are entitled to use whatever materials they find suitable for expressing themselves and I think we must give them the benefit of the doubt until insincerity is proved against them. A good artist can use whatever materials he chooses and produce good art."<sup>243)</sup>

Omgewing het op Battiss as kunstenaar 'n groot invloed en hy voel 'n intense bewondering vir die natuur. Toe dit geblyk het dat Coert Steynberg beoog om in die Kruger Nasionale Park 'n beeld van president Kruger uit 'n koppie wou kap, het Battiss heftig beswaar gemaak: "There is a certain sacredness to nature. Art interferes with nature. Art has no place in a game reserve - a game reserve belongs to the animals."<sup>244)</sup> Hy het egter toegegee dat hierdie

---

242) Rapport, 3 Junie 1973.

243) The Star, 17 November 1964.

244) The Pretoria News, 16 Augustus 1968. Battiss se grootste beswaar teen die Kruger-kop was nie soseer dat dit in die natuur opgerig sou word nie, maar dat dit in 'n natuurreservaat sou wees.

kwessie hom in 'n tweestryd geplaas het: "I have always believed that an artist should not be interefered with in his creation of art... But then an artist, however famous, has no right to interefere with natural surroundings."<sup>245)</sup>

Hierop het Coert Steynberg geantwoord dat hy hom juis beroep op hierdie "reg" van vryheid van 'n kunstenaar om te doen wat hy homself as geroepe voel om te doen. Ook wys hy op 'n aantal beeldhouwerke wat in die natuur aangebring is en wat volgens hom kunsgesproke aanvaarbaar is, byvoorbeeld die King and Queen van Henry Moore in Skotland, die reusagtige koppe op Easter-eiland asook die kuns van die Boesmans in Suid-Afrika.<sup>246)</sup>

In 'n brief wat Battiss aan The Pretoria News geskryf, maar nooit afgestuur het nie, het hy verduidelik dat beeldhouwerk wat uitgevoer is deur natuurlike formasies te verander, selde of ooit suksesvol is. ~~Hy~~<sup>y</sup> het die rotskuns verdedig deur te sê dat die Boesmans nooit rotse of koppies verander of vernietig het nie, maar slegs skilderinge in rotsskuilings aangebring het of graverings in die veld waar dit met die natuurlike omgewing saamsmelt: "Nature and art can meet in harmony but art should not eat up nature."<sup>247)</sup>

Ten spyte van Battiss se heftige beswaar teen die uitvoering van die kop van Kruger, is hy self gretig om 'n kunswerk in die natuur op te rig: "The Karoo is unique in the world today, but it is grey, it needs colour. So I am going to build a wall, or perhaps several walls, off a main road, and paint them different colours. Then I'll paint on them or hang things on them, so that people will be attracted and will come in search of ideas."<sup>248)</sup>

---

245) The Pretoria News, 16 Augustus 1968

246) The Pretoria News, 20 Augustus 1968.

247) Ongepubliseerde brief, 22 Augustus 1968. Dit is nou deel van die geskiedenis dat Steynberg se kop van Kruger nooit in die Nasionale Kruger Wildtuin uitgevoer is nie, juis as gevolg van teenkanting van kunstenaars en die die publiek.

248) Pretoria News, 4 Oktober 1973.

Battiss het hom oor Suid-Afrikaanse seëlontwerp uitge= laat. Hy bestempel die meeste van ons seëls as "Kitsch" en kon uit 60 verskillende ontwerpe wat aan hom gewys is, slegs ongeveer ses uitwys wat hy as kunswerke kon beskou. Hy glo dat daar in die ontwerp van 'n seël 'n boodskap oor= gedra moet word en dat daar komposisie moet wees. Hy glo dat die Suid-Afrikaanse grafiese werke baie goed is, en goed met dié van die buiteland vergelyk kan word, maar dat die regte seëlontwerpers nog nie ingespan word nie.<sup>249)</sup>

Hy het hom by verskeie geleenthede oor sy mede-kunstenaars uitgespreek. Hy het Johan van Heerden (1930-) as 'n leier op die gebied van die grafiese kuns bestempel.<sup>250)</sup> Hy was altyd 'n groot ondersteuner van die werk van Maggie Laubser (1886-1973). Met haar afsterwe in 1973 het Battiss hulde aan haar gebring: Sy het warm en simpatiek gereageer op mense en hierdie besondere eienskap van haar gees spreek duidelik uit haar werk.<sup>251)</sup>

Battiss se mening oor die werk van Giuseppe Cattaneo (1929-) was dat "...Art of value is not a thing easily made; it is made with tears and laughter, with pains and ecstasies; thus in Cattaneo's art I see his victory over anguish that gives his work its human meaning to all of us who look at art to seek its intention.

In his art one sees revealed the hope and faith that Cattaneo lives by, a hope and faith that helps us in the daily permutations of our own dilemmas."<sup>252)</sup>

Wat Alexis Preller betref: "In the contemplation of Alexis Preller's art one is conscious of colour first; rich, luminous colour that claims a kinship with the immaculate colour of the Flemmings. But despite the initial dominance of

---

249) Pretoria News, 17 Mei 1973.

250) Die Vaderland, 14 Augustus 1957.

251) Die Transvaler, 18 Mei 1973.

252) Uitnodigingskaartjie na uitstalling van skilderye deur Giuseppe Cattaneo, November 1960.

colour - a special red, a special blue-green, a special blue - the form that is embraced by this colour is not lost, for the form exists within the nest of colour warm and comfortable like an egg : the colour reveals the form, and the form reveals the colour.

The subject matter of Alexis Preller's art is of the choicest interest, for it is the rare revelation of the inner perspective of a being projecting itself to a visual and logical statement through pigment put on canvas. The resultant painting itself is therefore the clearest portrait of the artist dwelling deeply within the physical recesses of Alexis Preller's mortal body.

Alexis Preller is one of the very few artists in South Africa who is able to paint with sensitivity and talent the true portrait of this inner man so that his success is both our victory and our delight and we find strange echoes of ourselves in the revelation."<sup>253)</sup>

Ander Suid-Afrikaanse kunstenaars vir wie hy bewondering gevoel het was Thomas Baines, Irma Stern en Edoardo Villa.<sup>254)</sup>  
"Irma: As if produced in a furnace - I once saw thousands of bars of copper from Messina and there was every colour there from cold white gold to shiny purple black. Irma's colours are from the mother fire - flame and cinders."<sup>255)</sup>

Hy beskou Leonardo da Vinci, Turner en Picasso as die drie grootste skilders van alle tye.<sup>256)</sup> Hy het besondere bewondering vir Picasso as kunstenaar gehad en hom dan ook met die ou meesters vergelyk: "To have known Picasso was like knowing some Renaissance giant like Leonardo, Michelangelo (or) Titian, or Turner."<sup>257)</sup> "Einstein discovered

---

253) Brosjyre uitgegee ter aankondiging van die publikasie van die boek Alexis Preller.

254) Battiss, W: Radiopraatjie: Top People, 10 Februarie 1972.

255) Persoonlike skriftelike mededeling, 1941.

256) Battiss, W: Radiopraatjie: Top People, 10 Februarie 1972.

257) Pretoria News, 9 April 1973.

the universe but Picasso made the universe - and was always making it."<sup>258)</sup> Battiss beskou Picasso as 'n uitstekende tekenaar en hy het bewondering vir sy werkywer en sy lewenswyse: "But Picasso never sleeps and his recent explosion of erotic etchings made him not only the greatest draughtsman of the 20th century but proved that he could take the 19th century in his stride as well. I found Picasso a peasant with a love of the simple."<sup>259)</sup> Picasso het vanselfsprekend 'n groot invloed op Battiss se werk gehad: "Niemand kan teenoor hom onverskillig staan nie - jy is òf in ooreenstemming met wat hy gedoen het òf jy is sterk daarteen gekant ... sy (Picasso se) invloed is wêreldwyd. Hy is die grootste tekenkunstenaar wat ooit geleef het... Die man was twintig kunstenaars gelyk.... Sedert ek met Picasso kennis gemaak het, het ek nie meer 'n skuldgevoel oor die feit dat ek my eie styl dikwels verander nie... Picasso het die voorbeeld gestel en my geïnspireer."<sup>260)</sup>

Op sy kennismaking met Picasso het hy 'n verdere deel van sy lewensfilosofie gegrond, naamlik dié van harde werk: "At this moment let us content ourselves with the immediate glory of his (Picasso se) message to love art and man more than we love ourselves so that we go on working.... so that we go on working...working...working...working...until... we...fall...asleep and the lights go out."<sup>261)</sup>

#### 2.5.6 Beoordelaar van kunskompetisies

"The responsibility of assessing the quality of another person's achievement devolves upon everyone more or less frequently according to his walk of life, but for the teacher, who must also examine and pronounce upon the work of his pupils, it is a continuous burden. To remain flexible and

---

258) Sunday Express, 15 April 1973.

259) Battiss, geskrewe stuk, 1972.

260) Oggendblad, 12 April 1973.

261) Artlook, Mei 1973, p.4.

sympathetic to each generation's excitements and discoveries, to avoid the natural inclination to measure everything by one's own acquired attitudes and preferences, while never relaxing standards as such, or tried convictions, never letting one's uncertainty slide into a jelly of inadequacy - this is the constant obligation of people who are placed in the position of controlling the careers of young artists. No student could be allotted a more able examiner than Walter Battiss....I have over many years sat with him on committees and juries and shared office with him as examiner, both in his Department and mine. I am prepared to say at once that given the opportunity to select the members of a jury with whom I would most like to work, I would put Walter first. When I hear that he is to be one of the judges for any occasion for which I have been asked to officiate, I accept with alacrity and delighted anticipation of an enjoyable session or series of sessions. I speak of course of juries appointed to select works for exhibitions, or to award prizes, or to decide on commissions of work, or in any other way to assess or choose between entries. Not that I always find myself voting with him, or even approving his choice: in fact he very often votes alone, one way or another, for the inclusion or exclusion of a work submitted for exhibition. It is just this independence that I find most stimulating.

Whatever the issue you may be sure that Walter Battiss is not voting as he does simply because someone else is voting that way."<sup>262)</sup>

So skryf prof. Heather Martienssen van Walter Battiss en hierdie mening weerspieël waarskynlik dié van die meeste van haar kollegas.

Battiss het deur die jare by 'verskeie geleenthede as beoordelaar op keurkomitees gedien.<sup>263)</sup> Hy het tydens 'n

---

262) Martienssen, Heather: Battiss as Colleague. De Arte, vol. 10, 1971, pp.26 en 27. Sien ook hoofstuk 2.2.2, p.95.

263) Sien bylaag 9.1: Kompetisies waarin Battiss as beoordeelaar opgetree het.



lesing aan die Transvaalse Akademie in November 1964 daarop gewys dat "For me there are two processes at work: my intuition which works quickly to tell me whether a work is alive or dead and my intellect which helps me to analyse the qualities of the work.<sup>264)</sup> Hy het by hierdie geleentheid gesê dat na sy mening die nuwe kunstenaars aanvaar word aangesien die meeste van hulle met 'n uitstekende gevoelsbesef hulle tegniese onbeholpenheid te bowe kom. Rousseau (1812-1867) en Blake (1757-1827) was goeie voorbeelde hiervan.

### 2.5.7 Stryd teen sensorskap in Suid-Afrika

Walter Battiss het nog altyd in verset teen enige vorm van sensorskap gekom en het nooit gehuiwer om hierdie mening te lug nie. Sover bepaal kon word het Battiss in 1949 reeds sy bekommernis uitgespreek oor die mate van sensorskap wat daar in Suid-Afrika betreffende die beeldende kunste bestaan het. Op 'n navraag van Unesco in verband met die vryheid van kunstenaars<sup>265)</sup>, het Battiss geantwoord: "There is a censorship in South Africa. Recently the Government banned a copy of American "Life" with Rodin's "Kiss" and then when public opinion went against the Government, the ban was withdrawn.

At Stellenbosch the Rector of the University who controls the exhibition halls has banned the exhibition of both nude and semi-nude figures! The Synod of the Dutch Reformed Church is against nude female models posing for artists. Everyone thinks that the only "healthy" art is landscape."<sup>266)</sup> Later het Battiss hom nog sterker teen sensorskap uitgespreek: "...the artist has no rights whatever when it comes to the tyranny of censorship, which affects every creative act, be it in literature, in drama, in films, or in fine arts. So

---

264) Are there too many women painters? The Star, 17 November 1964; Nie te veel kunstenaars in Suid-Afrika. Die Transvaler, 14 November 1964.

265) Unesco CL/238 Annex. Henri Hell - Battiss, 20 Oktober 1949.

266) Battiss - Henri Hell, 14 November 1949.

frightening has been censorship on moral, but never on aesthetic, grounds that one can almost foresee a future when nude sculptures will be wrapped up like Lazarus...

As a creative artist I believe that I have no rights whatever to openly create the art I believe in, that is, an authentic art of "Life" - the word "Erotic", so common in other civilised countries, I dare not use for it is a disgusting word in an Hypocrisy - and I believe that other creative artists are similarly placed. However, I am a burning optimist, and I defend, and ask my brother artists to defend, the right of the artist not to be interfered with in his creative act.<sup>267)</sup> Hierdie artikel het wye publisiteit geniet.<sup>268)</sup>

Hy het terselfdertyd, namens die South African Council of Artists, 'n kwaai aanval op die Raad van Beheer op Publikasies geloods vir die sneë wat hulle in die film Die Kandi=daat laat maak het. Hy het 'n lang lys besware aangevoer, onder andere: "The council (SACA) is most sincerely convinced that a certain kind of censorship kills the creative talent of a nation at every level."<sup>269)</sup>

Op 27 Maart 1968 het die bestuur van die Saambou Nasionale Bouvereniging in Pretoria 'n uitstalling van die kunstenaar Chris van den Berg die middag voor die opening gekanselleer. Die rede vir die sluiting is aangevoer as: "The main theme of all the paintings was sex and drugs and this was not in keeping with his Company's policy, which is to promote business among the youth as much as possible."<sup>270)</sup>

Battiss het sy misnoeë met hierdie optrede te kenne gegee: "It is deplorable that the work of such a fine artist

---

267) Battiss, W: Has the artist any rights? New Nation, Junie 1968, p.19.

268) The Sunday Tribune, 26 Mei 1968.

269) Battiss hits at cuts by censors in film. The Pretoria News, 27 Mei 1968.

270) Paintings were not suitable. The Pretoria News, 28 Maart 1968.

should be removed from an exhibition simply because a few people objected to several nudes in the paintings. It is a disgrace. The time has come for a public outcry.

We cannot stand by and allow the work of our artists, writers and sculptors to be censored by people who know nothing about the rudiments of art.

This is the type of arbitrary action we have to guard against. It could kill all creative art in this country.

I can only say that the action taken against this young artist is the first of a series of public controversies which is facing the future of art in this country. Unless we take a stand now, all creative art in South Africa will be stifled and our artists will be forced to leave this country. The battle against censorship is on and we must not hold our punches."<sup>271)</sup>

In Augustus 1967 het daar in die pers 'n meningsverskil ontstaan oor die toekenning van die opdrag vir die uitvoer van 'n oorlogsgedenkstandbeeld aan die Universiteit van die Witwatersrand.<sup>272)</sup> Die voorgelegde maket van die Britse beeldhouer Henry Moore (1898-) is afgekeur ten gunste van dié van die Suid-Afrikaner, Moses Kottler.<sup>273)</sup> Kottler se voorgelegde model, wat opoffering gesimboliseer het, het drie staande figure, twee mans en een vrou, uitgebeeld wat deur 'n kleed verbind was wat hul naaktheid bedek het. In Mei 1968 het Battiss teen hierdie kleed beswaar gemaak: "it is time we had more freedom to express and show the beauty of the human form."<sup>273)</sup> Hy het tekeninge van vier manlike standbeelde gemaak soos hy hulle in die vier dekades vanaf 1958

---

271) Experts angered by removal of bank nudes. Sunday Times, 9 Junie 1968.

272) In 1967 het die Universiteit van die Witwatersrand 'n kompetisie uitgeskryf vir 'n standbeeld ter nagedagtenis van sy studente, gegradueerdes en personeellede wat tydens die twee wêreldoorloë en in die Koreaanse oorlog gesneuwel het - Van Jaarsveld, M.I: Moses Kottler, 1971, p.92.

273) Wits war memorial row flares up. Sunday Times, 18 Augustus 1968.

tot 1988 voorgestel het: elke dekade meer en meer bedek tot= dat die beeld van 1988 geheel en al in bande toegewikkel was. "The censorship machinery which is being set up in South Africa will emasculate art and create a situation similar to that which exists in Russia today. If the Government persisted in attacking fertile South African art forms, what it would get in the end was a sterile and servile art more innocuous than a babe in the nude. The time is now ripe for the battle of the nudes.

There is a grave danger that some of our artists will find themselves imposing a self-made censorship, and we must try to prevent this at all costs... Mr. Kottler shows us three beautiful figures, yet he covers them up with a sash. This is not correct.

Perhaps it is time to bring into full public vision Kottler's sculpture which purists had removed from the Population Register Building in Pretoria because it was 'too nude'. This might shake up some good honest controversy and do some good."<sup>274)</sup>

In November 1968 het prof. G.R. Bozzoli, prinsipaal en vise-kanselier van die Universiteit van die Witwatersrand, meegedeel dat: "Mr. Kottler first designed the statue with a drape but on due consideration we considered it to be unnecessary and we approached him with the suggestion that he remove it - something he was very happy to do."<sup>275)</sup> Kottler se finale beeld toon die drie figure soos in die oorspronklike, voorgelegde maket, maar sonder die drapering.

In 1970 het Battiss weer sy opinie gelug toe doeane= beamptes 'n plakkaat van die Dawidbeeld deur Michelangelo (1475-1564) verbied het: "It is naturally a great shock to realise that in 1970 people could be so ill-informed about art.

---

274) Ibid.

275) The Sunday Times, 22 November 1970.

Every boy and girl knows about Michelangelo. Customs officials must have some little knowledge if they are going to look at our posters and art. I really think the situation is very serious when such irresponsible blunders are made. And we have to protest, for it can happen again."<sup>276)</sup>

As gevolg van klagtes deur die publiek is sekere skilderye van prof. A. Duckworth<sup>277)</sup>, wat na bewering pornografies was, van 'n uitstalling van hom in die Durbanse Kunsgalery verwyder.<sup>278)</sup> Battiss het 'n telegram aan die stadsraadslid wat verantwoordelik was vir die verwydering van een van die skildery gestuur en gevra of hy beweer het dat die skildery "filth and pornography going under the name of art" was. Battiss het dan ook heftig teen hierdie optrede in die koerante beswaar gemaak. Hy het Duckworth verdedig en hom beskryf as een van die belangrikste kunstenaars wat in die jongste tyd na Suid-Afrika gekom het.<sup>279)</sup>

Die Suid-Afrikaanse Kunsvereniging<sup>280)</sup> het besluit om 'n toetssaak te maak van die agt verbanne skilderye. Verskeie persone, onder andere Walter Battiss, het skriftelik getuienis gelewer, maar drie dae voor die saak in die Durbanse Hoogeregshof verhoor sou word, het die Raad van Beheer op Publikasies die verbod op die agt skilderye teruggetrek.

---

276) Levin, Doreen: Battiss hits at censor blunders. Sunday Times, 29 November 1970.

277) Prof. Aidron Duckworth was hoof van die Departement Skone Kuns aan die Universiteit van Natal. Die uitstalling het op 10 Maart 1971 geopen.

278) Die verwydering van twee skilderye deur die polisie het op 12 Maart 1971 plaasgevind. Hierdie twee skilderye is later aan die Durbanse Kunsgalery terugbesorg toe stappe vir vervolging teruggetrek is. 'n Derde skildery is op aandrang van 'n stadsraadslid verwyder (Rand Daily Mail, 13 Maart 1971). In die staatskoerant wat aan die einde van daardie week verskyn het, is agt van die skilderye, naamlik nommers 4, 6, 8, 10, 11, 18, 19 en 20 in die katalogus, verban en as onwenslik verklaar.

279) Battiss heads protests. The Daily News, 17 Maart 1971.

280) Die Noord-Transvaalse tak het die leidende aandeel geneem in hierdie saak en het byvoorbeeld baie fondse ingesamel.

Duckworth het op 5 April 1971 aan Battiss geskryf:  
"Thank you for your telegram today which is just further evidence of your warmth of personality and generous concern. It will perhaps be no surprise to you that you are the only person who responded publicly or privately, to this whole business right from the beginning.

It is only this quality of wholehearted conviction that will get anything done in this situation, and I gladly accept your offer. As you must be aware I do not have the money to fight by myself, but I understand money is to be raised to cover all legal costs. When the time comes be assured I will need your help."<sup>281)</sup>

Duckworth het egter by 'n later geleentheid 'n heftige aanval op die Suid-Afrikaanse publiek en kunstenaars ge= maak.<sup>282)</sup> Dit was te betreur dat hy so opgetree het, aange= sien die Suid-Afrikaanse publiek die onkoste verbonde aan die voorbereidings vir die hofsak betaal het.

---

281) Duckworth - Battiss, 5 April 1971.

282) Prof. Duckworth het Suid-Afrika in Desember van die= selfde jaar verlaat om vir 'n doktorsgraad in kunsop= voeding aan die Universiteit van Ohio in te skryf. Hy het voor sy vertrek kwytgeraak dat : "(my) resentment was directed towards the people in South Africa's art world who sat back and watched while (my) battle with the Publications Control Board was fought and won... It was their battle too and if I feel cross about anybody, it's about them - more than the censors. If they are going to continue to sit back, then they can really have no quarrel with whatever happens to their work in the future... The standard of South African art (is) extremely low.... I don't think there are any (art critics) who could be called that. With very few excep= tions, artists here exhibit little more than a dilettante amateurism.

There was a strong tendency among the older generation to bury its head obstinately in the 'sands of nostalgia'. I believe this country is overloaded with people whose sole ambition is to act out the role of preservers of yesterday's imagined virtues and graces.

By and large, such behaviour is saddening in its empty futility. As the artist can do more than serve and reflect his society, his output in these conditions can only be emasculated." (Duckworth: 'SA is a cultural backwash.' Rand Daily Mail, 2 Desember 1971.)

Alhoewel Battiss vir Duckworth in die stryd teen die verbanning van sy skilderye gesteun het, het hy hom na hierdie aanval tereg gewys: "Professor Duckworth was only in this country for two years, and I have been here for 65 and I feel he is generalising too much. He would have proved more through his work here. I am sorry he did not stay longer. I believe in the freedom of the artist to voice his opinions but I do not agree with all he says about our art."<sup>283)</sup> Battiss het dus wel vir Duckworth in die bresse getree, maar was baie teleurgesteld in sy uiteindelijke optrede.

In 1971 het 'n groepie kunstenaars, skrywers en digters die Pasquino-vereniging in Pretoria gestig. Die hoofdoel van hierdie vereniging is om teen die beleid van sensorskap te werk. Battiss was op 'n stadium voorsitter van dié vereniging.<sup>284)</sup>

Battiss het verskeie metodes aangewend om sy beswaar teen sensorskap te wys.<sup>285)</sup> Hy het sensorskap gesimboliseer deur 'n pop sonder ore, oë of 'n mond en met vingers wat in 'n skêr verander.<sup>286)</sup> Hy het die wettigheid van die Raad van Beheer op Publikasies in twyfel getrek deur te beweër dat "the Act setting up the board required six members with a special knowledge of art. As far as I can ascertain there is not even one with this knowledge."<sup>287)</sup> As gevolg van hierdie besware van Battiss, asook besware wat deur die Suid-Afrikaanse Kunsvereniging gemaak is, is prof. dr. J.W. Grossert in die Sensorraad aangestel.<sup>288)</sup>

---

283) Rand Daily Mail, 2 Desember 1971.

284) Censor Board censured. The Star, 25 Oktober 1971.

285) Bylaag 5.7: Handout THINK OR SINK, Maart 1971.

286) Hy het die pop die toekomstige mej. Suid-Afrika genoem en gesê sy is geskep "to symbolise the shattering effects of South African censorship on the human senses." Sunday Times, 25 April 1971; "She doesn't have legs because she has no thoughts of her own and thus hasn't any legs to stand on." The Star, 30 April 1971.

287) Censors may not be legal. The Pretoria News, 17 Maart 1971.

288) The Star, 25 Oktober 1971.

Aan die begin van 1973 is verskeie instansies deur die Regering gevra om kommentaar te lewer oor die voorgestelde wysiging op die wetgewing in verband met die Raad van Beheer op Publikasies. Battiss, saam met Cecil Skotnes, het namens die kunstenaars 'n memorandum opgestel wat hulle standpunt gestel het.

Battiss se hoofdoel met sy betoog teen die Raad van Beheer op Publikasies, was om te verhoed dat die vryheid van die kunstenaar soos in die lande agter die Ystergordyn, aan bande gelê word.

#### 2.5.8 Lesings en radio-praatjies

Walter Battiss is 'n gesogte geleentheidspreker. By so 'n geleentheid bepaal hy hom dan gewoonlik by verskillende aspekte van die kuns en verwante onderwerpe. Hy is geneig om stellings te maak wat mense sal aanspoor om te dink of hulle daadwerklik sal laat optree. Hy skryf selde 'n toespraak uit, koerant- of ander verslaggewers gee selde of ooit 'n volledige weergawe van wat gesê is en veel van die inhoud van die meeste van Battiss se lesings of praatjies het derhalwe verlore gegaan. In enkele gevalle is bandopnames wel beskikbaar. 'n Lys is opgestel van lesings en radio-praatjies wat Battiss gelewer het sowel as uitstallings wat hy geopen het.<sup>289)</sup>

---

289) Bylaag 9.2: Lesings en radio-praatjies.



### HOOFSTUK 3

## 'N KORT SAMEVATTING VAN DIE GESKIEDENIS VAN DIE GRAFIESE KUNS

### Inleiding

Die woord grafies het sy oorsprong in die Grieks graphikos (graphé), wat skryf beteken. Vanaf die vroeë twintigste eeu word die term 'grafiese kuns' meer en meer in literatuur gebruik, maar daar is nie ooreenstemming in die verskillende publikasies oor wat presies met hierdie term bedoel word nie. Die Oxford Companion to Art gee die vroeë betekenis van grafiese kuns as "the fine arts of drawing, painting, engraving, etching, etc."<sup>1)</sup> A Dictionary of Art and Artists beskryf dit as "the arts of drawing and engraving in all its forms."<sup>2)</sup> Die Amerikaners gebruik die term printmaking.<sup>3)</sup> Adhémar beskryf die grafiese kuns in die algemeen aanvaarde opvatting van die twintigste eeu: "Graphic art is concerned with print-making by artists, including various techniques such as line engraving, etching, mezzotint, lithography and silk-screen printing",<sup>4)</sup> terwyl Swillens meld dat "prentkunst" beteken "in algemene zin : gedrukte afbeeldingen; het vervaardigen van zulke afbeeldingen. Ook grafische kunst of grafiek genoemd."<sup>5)</sup> Laasgenoemde twee definisies word as die mees aanneemlike beskou.

Die grafiese, oftewel afdrukkuns, behels vier hoofgroepe, naamlik 1) hoogdruk (of reliëfdruk); 2) diepdruk; 3) vlakdruk en 4) syskerm, sjablone.<sup>6)</sup>

- 
- 1) Osborne, H.(red): The Oxford Companion to Art.
  - 2) Murray, P. & L: A dictionary of art an artists.
  - 3) Heller, J: Printmaking today. A studio handbook, p.3.
  - 4) Adhémar, J: 20th Century Graphics.
  - 5) Swillens, P.T.A: Encyclopedie van de Schilderkunst en aanverwante kunsten, p.130.
  - 6) Werth (Werth, A.J: Die grafiese kunste. Lantern, Maart 1962) deel die grafiese kuns in slegs drie afdelings, terwyl die meeste skrywers dit in vier verdeel. Afrikaanse terme in hierdie verhandeling gebruik, is volgens Kunsterme, 1967, uitgegee deur die Departement Onderwys, Kuns en Wetenskap.

## Hoogdrukkuns

Dit sluit die houtsnee, linoosnee, houtgravure en in sommige gevalle die ets in. Die houtsnee- en linoosnee=proses, kom daarop neer dat die gedeeltes wat wit op die afdruk moet vertoon, weggesny word uit 'n plat oppervlak. Die afdruk word dan vanaf die verhewe oppervlak gemaak.

## Houtsnee

Bykans enige houtsoort is geskik vir hierdie proses, byvoorbeeld appel-, denne-, peer-, kersie- en geelhout en soms bukshout. In die voorbereiding van die hout word die stam van die boom in die lengte gesny en die houtsnee word op die oppervlak parallel met die lengteas van die stam gesny. Die houtsnee is hoofsaaklik 'n kuns waarin die groot vlakke van die hout gebruik behoort te word en daar moet 'n harmoniese balans tussen die wit en swart areas wees. "The characteristics of woodcut are boldness, simplicity and ruggedness of line, all of which derive from the nature of the wood itself and the simple tools with which it is cut."<sup>7)</sup>

Die oudste bekende afdruk wat van 'n houtblok gemaak is, beeld twee Boeddhistiese gelukbringers, Wu-Kwo Ching-Kuang Ching uit en is uitgevoer in opdrag van keiserin Shotoku van Japan 762-769 n.C. Die vroegste gedateerde gedrukte boek wat van houtblokke gedruk is, is die Soestra-diamant van 868 n.C.<sup>8)</sup> Sotriffer beweer egter dat die eerste kunstenaarshoutsnee=afdruk in die agste eeu in Sjina gemaak is. Hy meen ook dat dit verstaanbaar is dat die grafiese kuns sy oorsprong in die Ooste gehad het, aangesien papier, wat 'n voorvereiste is vir die uitvoer van al die grafiese tegnieke wat sou ontwikkel, reeds van vroeg deur hulle gemaak is, terwyl die eerste papiermeule in Europa eers hul verskyning aan die begin van die vyftiende eeu gemaak het.<sup>9)</sup>

---

7) Osborne, H: t.a.p., p.1216.

8) Biggs, J.R: Woodcuts, p.12.

9) Sotriffer, K: Die Druckgraphik, p.21.

In Europa is die oudste gedateerde houtsnie uit die jaar 1423 afkomstig.<sup>10)</sup> Die eenvoudige lyn houtsnie het uit die houtblokdrukproses wat vir tekstieldruk en die maak van speelkaarte in Florence in 1430 reeds gebruik is, ontwikkel. Die oudste houtsnie het min kunsinhoud gehad en was aanvanklik gebruik om kunstenaars se werke in ander media af te beeld.<sup>11)</sup>

Verskeie kunstenaars in verskillende dele van die wêreld het hierna met hul pogings in dié medium tot 'n mindere of meerdere mate sukses behaal: Urs Graf (1485-1527) in Switserland,<sup>5</sup> Geoffroy Tory (1480-1523) in Frankryk en Lucas van Leyden (1494-1533) in Nederland.

Die grafiese kuns het egter nie voor die 16<sup>e</sup> eeu werklik tot sy reg gekom nie. Kunstenaars soos Albrecht Dürer (1471-1528), Lucas Cranach (1472-1553) en Holbein die jongere (1497/8-1543) het hul eie werkswinkels van vakmanne wat die snywerk gedoen het, begin aanhou. Veral Dürer het die houtsnie-tegniek in soverre ontwikkel dat dit nie slegs as illustrasie beskou is nie, maar as volwaardige kunsvorm. Vooraanstaande kunstenaars wat ook in dié tyd tot die ontwikkeling van die houtsnie bygedra het, was Albrecht Altdorfer (c.1480-1538) en Hans Baldung Grien (c.1485-1545).

Hierdie kunstenaars sowel as die Florentynse skool en die Japanese het die swartlyn tegniek gebruik. In hierdie tegniek is gedurende die snyproses die agtergrond weggekerf terwyl die buitelyn van die ontwerp asook hier en daar groter houtvlakke wat skaduwees of donker binneshuisruimtes op die afdruk voorstel, agtergelaat is. Die buitelyne het ook as gidslyn gedien wanneer die afdruk later met die hand ingekleur is. Sotriffer beweer dat die tegniek om die ontwerp met 'n wit lyn op die afdruk voor te stel, waarskynlik eerste deur Urs Graf gebruik is.<sup>12)</sup>

---

10) Swillens, P.T.A: t.a.p., p.76.

11) Sotriffer, K: t.a.p., p.22.

12) Ibid. p.40.

Die gebruik van chiaroscuro in die houtsnede het sy ver=skyning gemaak as gevolg van die kopieë wat Ugo da Carpi (c.1480-1520) gemaak het van die skilderye van Raphael (1483-1520) en Parmigianino (1503-1540).<sup>13)</sup> Vanaf die laat 16<sup>e</sup> eeu het die kunstenaars hulle meesal op nabootsing toe=gespits. Hierdie toestand het veral tot stand gekom as gevolg van die gewoonte van kunstenaars om slegs die ontwerp van die werk voor te berei en die snywerk aan 'n vakman oor te laat. Die houtsnede het dus vir die volgende drie eeue in 'n reproduksieproses verval waar vakmense die effek wat met ander grafiese tegnieke soos houtgravures en die ets ver=kry is, probeer naboots het. Daar is gepoog om tonale effek sowel as ligskakering uit te beeld. Selfs teen die 19<sup>e</sup> eeu is die houtsnede steeds deur vakmense gebruik om die skilderye en tekeninge van skilders soos A. Menzel (1815-1905), M. Liebermann (1847-1935), M. Slevogt (1869-1932), H. Daumier (1810-1879), G. Doré (1832-1883), L. Corinth (1858-1925) en A. Rodin (1840-1917) na te boots. Millet (1814-1875) het egter vanaf 1860 sy eie houtsnede begin maak.

In die 20ste eeu het daar 'n merkwaardige oplewing in die gebruik van die houtsnede as kunsvorm plaasgevind en het die tegniek weer tot sy reg gekom. Hierdie oplewing is te danke aan belangstelling wat Die Brücke<sup>14)</sup> daarin gehad het, asook aan vooraanstaande kunstenaars soos Gauguin (1848-1903) en Munch (1863-1944) wat hulle tot 'n groot mate tot hierdie kunsvorm gewend het. Sottriffer skryf oor Munch se benadering tot die houtsnede dat "Mehr noch als im frühen Holzschnitt legte man nun vor allem in expressionistischen Arbeiten Wert auf eine möglichst kräftige und wenig auf Feinheiten bedachte Ausdrucksform. Man suchte den Widerstand des Materials, und schon Munch begnügte sich nicht mehr mit dem Schneiden allein, sondern kerbte und splitterte das Holz häufig aus rohem Material wie Kistenbrettern heraus, um auch die Oberfläche, die Maserung des Holzes mitwirken zu lassen. Vor allem der deutsche

---

13) Ibid. Dit word algemeen aanvaar dat Ugo da Carpi chiaroscuro eerste toegepas het.

14) Ibid., p.46.

expressionistiese Houtskniff skuf sich mit dieser Vorgangsweise eine völlig neue Basis, die es dem Künstler ermöglichte, rasch und momentanen Eingebungen folgend zu arbeiten. Der Künstler lernte im Holz zu denken und entriss ihm seine Vorstellungen oft ohne jede Vorzeichnung."<sup>15)</sup>

In Suid-Afrika het die houtskniff nie 'n baie ou tradisie nie. Dit is in die vorige eeu vanaf ongeveer 1830 slegs vir kommersiële reproduksiedoeleindes deur Frederik Willem de Wet en Alexander Reid gebruik.<sup>16)</sup> In die 20ste eeu het Sénéque (1896-1930), en Allerley Glossop (1872-1955) die houtskniff-tegniek gebruik. Eers na die Tweede Wêreldoorlog het die houtskniff in Suid-Afrika tot sy reg gekom en wel veral in die Transvaal deur die werk van Battiss en die groot afdrukke van Cecil Skotnes (1926-). Ook Alice Goldin (1925-) en Raymond Andrews (1948-) het hulle in die jongste tyd op houtskniff toegelê.

### Houtgravering

Vir hierdie tegniek word die kopshout gebruik.<sup>17)</sup> Die mees geskikte houtsoorte is bukskout<sup>18)</sup>, peer of enige harde, kompakte fyndraad hout. Vir gereedskap word V- en W-vormige lemme wat dun, suiwer lyne sny, gebruik. Dit is nie bekend wie eerste die tegniek van houtgravering gebruik het nie<sup>19)</sup>, maar Thomas Bewick (1753-1828) was in elk geval die eerste kunstenaar om die moontlikhede van hierdie tegniek ten volle

---

15) Ibid. p.44.

16) Gordon - Brown, A: Pictorial art in South Africa during three centuries to 1875.

17) Die stam van die boom word dwars gesny.

18) Biggs, J.R: t.a.p., p.41, beweer dat die beste hout wat vir dié doel ná die Tweede Wêreldoorlog in Engeland verkrygbaar was, juis Suid-Afrikaanse bukskout (Buxus macowanii) was.

19) Sotriffer, K: t.a.p., p.49 meen dat die eerste houtgraverings deur T. Bewick in 1770 gemaak is, maar Osborne, H: t.a.p., p.1219 sê dat "though not the inventor of wood engraving Thomas Bewick was the first fully to exploit its possibilities."

te benut en treffende tonale kwaliteite in sy afdrukke te verkry.<sup>20)</sup> Na Bewick het die tegniek tot 'n reproduksie=metode verval todat dit later deur fotografie vervang is. Gedurende die twintigste eeu en veral vanaf 1920 het daar 'n herlewing in die belangstelling vir die houtgraving as kunsvorm gekom.<sup>21)</sup> In Suid-Afrika is dit veral Konya (1891-), Battiss en J. Voigts (1907-) wat van dié tegniek gebruik ge=maak het.

### Linosee

Dit is 'n twintigste eeuse ontwikkeling en het gedurende die Eerste Wêreldoorlog tot stand gekom hoofsaaklik as gevolg van 'n tekort aan hout. Linoleum word selfs deur sommige kunstenaars bo hout verkies : die linoleum het geen draad nie sodat dit makliker sny en die afdruk egaliger is. Hout bied egter onder druk veel groter weerstand en stukkie breek derhalwe nie so maklik uit die blok as in die geval van linoleum nie. Picasso (1881-1973) het groot voorkeur aan die linosee gegee<sup>22)</sup>, terwyl Boonzaier (1909-), Battiss en veral Pierneef (1886-1957)<sup>23)</sup> die linosee in Suid-Afrika met sukses gebruik het.

### Diepdruk

In die diepdrukproses word die inkt in die gleufies wat deur die kunstenaar in die metaal, hout of linoleum gemaak is, gevryf. Die voorbereide oppervlak word skoon gemaak en 'n klam vel papier word onder druk daarop geplaas. 'n Afdruk

---

20) Rayner, J: Wood engravings by Thomas Bewick.

21) Adhémar, J: t.a.p., p.199; Roger-Marx, C: Graphic Art of the 19th Century, p.241.

22) Stubbe, W: History of Modern Graphic Art. Picasso het die tegniek ontwikkel om veelkleurige linoleum-afdrukke te maak deur slegs een blok te gebruik. Hy het die ligter kleure eers gedruk, die blok daarna verder weggesny en laaste die donker kleure gedruk.

23) Nilant, F.G.E: Die hout- en linosee van J.H. Pierneef. De Arte 14, pp.19-27.

word derhalwe verkry deurdat die ink uit die gleufies getrek of gesuig word. Een van die hoofuitinge van die diepdruckproses is die ets. Die ander tegnieke wat saam of afsonderlik gebruik kan word, is droënaaldets akwatint, mezzotint en metaalgraving. Die tegnieke oorvleuel mekaar tot so 'n mate dat dit onmoontlik is om hulle afsonderlik te bespreek.

Die etstegniek berus op die inwerking van suur op metaal, hetsy sink, koper of staal. Vir die droënaald en koperplaatgraving word die lyn of gleufie direk in die metaalplaat gekrap. Die oudste gedateerde koperplaatgraving is <sup>van</sup> 1466 en Dürer (1471-1528) was die groot meester van hierdie tegniek. Vir die mezzotint word sekere dele van die plaat vooraf grof gemaak, bedek met harpispoeier en die etstegniek daarna toegepas.<sup>24)</sup> Vir die akwatint word verskillende plat dele van die ontwerp in verskillende grade geëts.<sup>25)</sup> Die eerste etse dateer uit die vroeë 16de eeu en was ook slegs vir reproduksiedoeleindes gebruik. In die 17de eeu het Rembrandt (1606-1669) en die Fransman Jaques Callot (c.1592-1635) die etsproses tot 'n hoogtepunt gevoer. Ook in Engeland het Hogarth (1697-1764) en T. Rowlandson (1756-1827) met hul kommentaar op sosiale omstandighede van die ets gebruik gemaak. Aan die einde van die 18de eeu het Goya (1746-1828) weer van die ets asook die akwatint gebruik gemaak. In 1854 het Charles Meryon (1821-1868) die ets weer in ere herstel toe hy self sy plate gemaak en afgedruk het. Whistler (1834-1903) het ook nuwe belangstelling vir die tegniek gewek met sy etse van Venesië. In die 20ste eeu het die kunstenaars Braque (1882-1963), Villon (1875-1963), Derain (1880-1954), Rouault (1871-1958), Segonzac (1884-) Chagall (1889-), Miro (1893-) en Dali (1904-) baie etswerk gedoen.<sup>26)</sup> Aan Picasso kom egter die eer toe vir die besondere oplewing en belangstelling vir die etstegniek in die 20ste eeu.<sup>27)</sup> In die

---

24) Ontdek deur Ludwig von Sieger (1609-1680).

25) Ontwikkel deur Jean Baptiste le Prince in 1769.

26) Sotriuffer, K: t.a.p.

27) Passeron, R: French Prints of the 20th Century.

jongste tyd het die werk van B. Nicholson (1894-), Tapiés (1923-) en Hockney (1937-) bekend geword in hierdie verband. In Suid-Afrika het William M. Timlin (1896-1943), Rupert Shephard (1909-), J.H. Pierneef (1886-1957), P. Wenning (1873-1921) en Rosa Hope (1902-) noemenswaardige etse gelewer.

### Vlakdruk

Hieronder word litografie (steendruk) en monotipes ingesluit. Eersgenoemde proses is in ongeveer 1796 deur die Duitser Alois Senefelder ontdek. Dit berus op die beginsel dat twee vetterige oppervlakke mekaar aantrek en vetterige en nat oppervlakke mekaar afstoot. Eers word 'n ontwerp op 'n klip, gewoonlik kalksteen of sandsteen en deesdae ook op sink, met vetkryt uitgevoer en die klip of plaat dan met water deurweek. Ink wat alleen op die vetterige tekening vaskleef word dan met 'n roller aangewend en die klip en 'n vel papier onder 'n pers geplaas.

Die eerste uitstalling van kunstenaarsteendrukke in Engeland het in 1803 plaasgevind en werke van onder andere H. Fuseli (1741-1825) en B. West (1738-1820) is as voorbeelde van poliautografie ten toon gestel. Goya (1746-1828) het in sy sewentigste jaar ook 'n aantal uitstaande steendrukke gemaak. Dit was eers later in die eeu dat die Impressioniste en veral Toulouse-Lautrec (1864-1901) die steendruk 'n estetiese waarde gegee het. In die 20ste eeu het Picasso met behulp van die drukker Mourlot groot invloed op sy gesesgenote in hierdie medium gehad. In Suid-Afrika het Bowler (1813-1869), Battiss, J. Welz (1900-), Bettie Cilliers-Barnard (1914-) en veral Katrine Harries (1914-) veral van hierdie tegniek gebruik gemaak.

Deur middel van die monotipe-tegniek kan slegs een of hoogstens twee afdrucke verkry word. Die ontwerp word met verf of ink op bykans enige gladde oppervlak soos glas, metaal, hout of plastiek, aangebring. Hiervan word 'n enkele afdruk op papier onder 'n pers gemaak. G.B. Castiglione (1698-1768) het monotipes in die 17de eeu gemaak, en Degas (1834-1917)



het die tegniek in die 19de eeu toegepas. Die Suid-Afrikaners wat noemenswaardige monotipes gelewer het was Irma Stern (1894-1966), Wolf Kibel (1903-1938), May Hillhouse (1908-) Lippy Lipshitz (1903-) en Zakkie Eloff (1925-).

### Syskermdruk

Hierdie is 'n 20ste eeuse ontwikkeling. Dit was in 1907 in Engeland bekend en 'n patent is in 1915 in San Fransico vir hierdie metode uitgereik.<sup>28)</sup> Dit was egter eers in 1930 wat dit in Amerika as suiwer kunsvorm groot opgang gemaak het. Die metode bestaan daarin dat die ontwerp op papier geteken word en die dele wat gedruk moet word uit die papier gesny word, die papier op 'n styfgespanne sydoek geplak en verf of inks deur die openinge van die papier-sjablone en die poreuse doek gedruk word. Verskillende variasies op hierdie tegniek kan toegepas word. In Amerika en Europa het veral A. Warhol (1930-), Vasarely (1908-) en Dali (1904-) hierdie proses gebruik. In Suid-Afrika was Battiss die eerste kunstenaar om syskermdrukke te maak, maar dit word deesdae ook deur Nils Burwitz (1940-), Fred Schimmel (1928-) en Anna Vorster (1928-) gebruik.

Die twintigste eeu het 'n groot herlewing in die belangstelling in die grafiese kuns gesien, nie slegs aan die kant van die kunstenaars nie, maar ook van die publiek. Tegnologiese kennis het so uitgebrei en meganiese prosesse verbeter dat dit betreklik maklik is om groot oplaes goeie kwaliteit oorspronklike drukke te maak.

---

28) Heller, J: t.a.p., p.271.

## HOOFSTUK 4

### DIE GRAFIESE MEDIA WAARIN WALTER BATTISS GEWERK HET

#### 4.1 Inleiding

Battiss het as kunstenaar sy grootste bekendheid in die olieverftegniek verwerf. Alhoewel sy grafiese kuns minder bekend is, vorm dit tog 'n uiters vername deel van sy kuns. Van die 1 023 gedokumenteerde kunswerke,<sup>1)</sup> maak grafiese werke ongeveer die helfte, naamlik 411, uit. Battiss was deur die jare baie geïnteresseerd in feitlik alle grafiese tegnieke en sy belangstelling strek oor 'n tydperk van meer as 45 jaar: reeds op sy tweede uitstalling<sup>2)</sup> het hy etse vertoon. Die enigste formele opleiding wat Battiss as kunstenaar op daardie stadium gehad het was tydens die paar dae gedurende sy jaarlikse verlot aan die Johannesburgse Kunsskool. Hoewel hy op 'n jeugdige ouderdom met Erich Mayer goed bevriend was, beweer hy dat Mayer hom nooit enige onderrig in die grafiese tegnieke gegee het nie.<sup>3)</sup> Mayer het egter waarskynlik vir Pierneef minstens in die houtsneetegniek touwys gemaak<sup>4)</sup> en Battiss moes dikwels van Pierneef se grafiese werke gesien het.

Vanaf die laat dertigerjare het hy met feitlik alle grafiese tegnieke ge-eksperimenteer: hy het onder andere hout- en lino-sneë, houtgraverings, monotipes, etse, droëpuntafdrukke, gekleurde etse en gekleurde lino-sneë gedoen en in die vroeë vyftigerjare ook syskermdrukke. Gaandeweg het hy

---

1) Soos op 31 Desember 1973. Kunsargief, Universiteit van Pretoria. Die oorgrote meerderheid van die gedokumenteerde werke is ook gefotografeer.

2) Rustenburg, Masonic-saal, 27-30 Junie 1928.

3) Erich Mayer het van sy boeke aan die Departement Kuns-geskiedenis en Beeldende Kunste van die Universiteit van Pretoria bemaak, onder andere G. Holme (red.): The Woodcut of today, 1927. Mayer het die boek op 11 Junie 1927 gekoop en dit is moontlik dat Battiss dit ter insae kon gehad het.

4) Berman, E.: Art and Artists of South Africa, p.191.

hom egter meer by swart en wit lino-sneë, hout-sneë en hout-graverings bepaal, en die afgelope jare hom veral op serigrafieë toegelê.

Dit sou 'n onbegonne taak wees om 'n catalogue raisonné van Battiss se grafiese werk saam te stel. Hy nommer 'n stel afdrukke selde deurlopend en konsekwent. Hy mag byvoorbeeld 'n stel van 20 drukke slegs tot ongeveer tien nommer, daarna 'n aantal glad nie nommer nie, die beskadigdes uitgooi en dan 'n aantal met "proof", "artist's proof" of "special proof" onderteken. Dit kan ook wees dat hy een stel syskerms self afdruk, die stel nommer en die skerm dan aan iemand anders gee om 'n verdere stel onder sy toesig te druk. Op hierdie wyse het daar twee stelle van die serigrafie Bird, tree, man tot stand gekom: een stel van 1 tot 20 genommer en die later uitgawe van 1 tot 45. Daar is derhalwe ook twee "eerste" drukke: 1/20 en 1/45.<sup>5)</sup>

Dit het dikwels gebeur dat Battiss jare na die eerste drukke weer aan 'n gesnyde houtblok gewerk het en dan verdere afdrukke daarvan gemaak het wat weer van voor af genommer is of "special proof" genoem is.

Battiss dateer bowendien selde of ooit 'n grafiese werk en dit is vir hom meesal onmoontlik om sulke werke op 'n later stadium te dateer.<sup>6)</sup> In sommige gevalle kan die wyse waarop die werk onderteken is, 'n aanduiding gee van die ouderdom daarvan. Heeltemal aan die begin van sy loopbaan het hy sy werk W.W. Battiss onderteken in relatief klein druk- of lopende skrif; vir ongeveer dertig jaar daarna het hy sy werk sporadies Walter W. Battiss en Walter Battiss

---

5) So byvoorbeeld besit die Suid-Afrikaanse Nasionale Galery 'n syskermdruk Cave, genommer 3/20. Die Durbanse Kunstgalerie besit 'n soortgelyke werk met dieselfde naam, maar 5/10 genommer. Die Suid-Afrikaanse Nasionale Galery besit ook Mythical face, 3/20, terwyl die soortgelyke werk wat aan die King George VI Kunsmuseum, Port Elizabeth, behoort, 11/50 genommer is.

6) Frieda van Proosdij-Harmsen het hom "an art historian's nightmare" genoem: Persoonlike mededeling. By verskeie geleenthede het Battiss op my versoek 'n kunswerk gedateer. Hierdie datum het meesal totaal foutief geblyk te wees: tot selfs tien jaar en meer uit.

en die afgelope ongeveer tien jaar slegs Battiss en wel in lopende skrif en gewoonlik in potlood onderteken.

Battiss het ongelukkig nooit self oor 'n drukpers beskik nie. Maar vir die periode wat hy by die Pretoria Boys' High School onderwys gegee het, was die pers van die skool tot sy beskikking. Hy verkies egter om, waar moontlik sy afdrucke self met die hand te maak.

Battiss het dikwels jare na 'n grafiese werk voltooi is dit tot 'n olieverfskildery verwerk. Die verband tussen die twee werke is dan dikwels subtiel en lê soms slegs in die komposisie, idee of onderwerp.

#### 4.2 Houtsnee

Battiss het deur die jare met verskillende houtsoorte geëksperimenteer. Hy het onder andere jelatong, Japanese kersiehout en geelhout gebruik. Hy het geelhout en spesifiek egte geelhout (Podocarpus latifolius) die effektiëfste gevind.<sup>7)</sup> Die hout<sup>8)</sup> word in ongeveer 2,5 cm dik, of as dit vir gebruik in 'n drukpers met drukletters voorberei word, presies 2,3 cm dik, planke gesaag. Die oppervlak word gaandeweg absoluut glad geskuur met die fynste skuurpapier wat beskikbaar is.

Battiss teken die ontwerp óf direk met kwas of potlood óf deur middel van kalkeerpapier op die gladde houtoppervlak. Hy laat die blok op 'n plat oppervlak rus en sny met sy regterhand. Hy gebruik 'n knipmes,<sup>9)</sup> soos Paul Gauguin en sny die ontwerp sonder om van die draad van die hout gebruik te

---

7) Battiss, W: Graphic Reproduction. Lantern, September 1955, pp.49-52: "... in South Africa I suggest you use a good quality of yellow-wood instead of cherry wood". Sien ook Schoonraad, E: 'n Morfologiese studie van die genus Podocarpus L'Hérit. ex Pers. in Suid-Afrika. Ongepubliseerde M.Sc.-verhandeling, Universiteit van Pretoria.

8) In die later jare meesal geelhout deur my uit Knysna na Battiss gebring.

9) Sien afbeeldings: Battiss besig om te werk aan 'n houtsnee, 1972.

maak. Sy afdrucke maak hy gewoonlik op wit ingevoerde Japanese papier, gewone tekenpapier of in enkele gevalle gekleurde papier. In sy swart en wit afdrucke poog hy om die swart so egalig en donker as moontlik te kry. Hy bring die ink met 'n handroller op die blok aan, plaas die papier op die blok, verdeel die agterkant van die afdruk in vierkante op en vryf stelselmatig vierkant na vierkant met die agterkant van 'n lepel om 'n egalige afdruk te verkry.<sup>10)</sup> Soms maak hy van die dienste van jonger kunstenaars, byvoorbeeld Andrew Todd, gebruik om sy afdrucke te maak. Battiss onderteken gewoonlik sy afdrucke in potlood, maar bring ook soms sy voorletters in die blok aan sodat dit op die afdruk 'n spieëlbeeld vorm, in teenstelling met byvoorbeeld J.H. Pierneef wat die letters só in die blok gesny het dat hulle op die afdruk reg lees.

Volgens die katalogusse van uitstallings het Battiss sy eerste houtsneë in 1929 uitgestal.<sup>11)</sup> Hierdie werke was egter lino-sneë: op die buiteblad van die katalogus van die 1929-uitstalling word 'n lino-snee afgebeeld, maar in die katalogus self word geen melding van lino-sneë gemaak nie.<sup>12)</sup>

Die oudste, oorspronklike houtsnee van Battiss wat opgespoor kon word is 'n klein werkie wat Maart 1943 gedateer is. Dit beeld links 'n boom uit, regs twee hutte en direk daaragter twee heuwels met 'n pad in die middel voorgrond. Battiss maak duidelik van repoussoir in die werkie gebruik: die wit stam staan skerp teen die kruin van die boom uit en die twee hutte se wit dakke word deur die twee donker, ronde vorms van die heuwels beklemtoon.

---

10) Sien afbeeldings: Battiss se gereedskap, 1972.

11) Johannesburg, Lezard-kunsgalery, 25 Maart 1929.

12) Battiss, W: Persoonlike mededeling, Desember 1973. Pierneef het ook in die vroeër jare na sy lino-sneë as houtsneë verwys. Sien Nilant, F.G.E: Die hout- en lino-sneë van J.H. Pierneef. De Arte, no. 14, September 1973, p.23. Battiss het reeds in Julie 1950 (persoonlike mededeling) beweer dat Pierneef se sogenaamde houtsneë in werklikheid lino-sneë is.

Battiss het nog in hierdie werk gesukkel om te onderskei tussen die massa en die fynlyn-tegniek wat hy in sy houtgraverings van dieselfde tyd gebruik het. In die voorstelling van die wolke slaag hy ook nie om die medium korrek te gebruik nie: hy probeer op plekke die hout met 'n gutsbeitel uitskep.

Hierna moes hy egter intensief in hierdie medium gekseperimenteer het, aangesien die houtsneë wat hy in die laat veertigerjare uitgevoer het, baie verder gevorder en meer geslaagd was en hy ook gekleurde houtsneë uitgevoer het. Hiervoor het hy 'n heel besondere tegniek aangewend: in plaas van ink het hy verskillende kleure olieverf gebruik om die afdruk te maak. As gevolg van hierdie metode is geen twee afdrucke presies dieselfde nie. Die kleurmengsel asook die hoeveelheid verf wat aangewend word, is belangrike faktore by die bepaling van die sukses van die afdruk: oormatige gebruik van olie veroorsaak 'n breë oliemerk langs die kant van die afdruk. Om dit te verhoed het Battiss eers die houtblok die olie laat absorbeer. Die olieverf doen geen afbreuk aan die duursaamheid van die werk nie. Werke wat uit die veertigerjare dateer, is nog in 'n puik toestand en het hoegeenaamd nie verbleik of verbrokkel nie.<sup>13)</sup> Hy het ook soms 'n buitengewone effek verkry deur vir sy kleur- of swart-en-wit-afdrucke die papier stadig van die houtblok weg te trek.

Battiss was in 1945 die eerste navorser op die gebied van die rotskuns wat rotstekeninge aangetref het met figure wat vanuit bootjies besig is om vis te vang. Die invloed van die rotskuns en in besonder so 'n visvangtoneel<sup>14)</sup> kan duidelik in sy houtsnee Strandvermaak, wat waarskynlik sy belangrikste werk in hierdie medium in die laat veertigerjare

---

13) Scully, L: Persoonlike mededeling, 3 Desember 1973. Die Impressioniste het ook ongeveer 100 jaar gelede olieverfwerke op papier gedoen, wat tans nog in goeie toestand is (Battiss: Persoonlike mededeling).

14) Battiss, W: Prehistoric Fishing Scenes. South African Journal of Science, vol. 41, Februarie 1945, pp.356-359.

was, waargeneem word. Hierdie houtsneg skep dieselfde indruk van aktiwiteit as die rotstekening. In die houtsneg is daar ook tien gestileerde hoekige mensfigure met klein koppe en breë skouers sonder ronding, wat met dieselfde aksie as dié in die rotstekening besig is. Die skuite het dieselfde vorm en selfs die visse, alhoewel nie identifiseerbaar nie, is klaarblyklik van dieselfde soort. Daar is geen perspektief of dieptewerking in die werk nie. Die hout is nie diep weggekerf nie, sodat die kruis-en-dwars-gesnyde agtergrond plek-plek op die afdruk uitwys en daar geen groot wit vlakke voorkom nie. Battiss het teen hierdie tyd al weggebreek van die realisties-impressionistiese uitbeeldingsstyl en is nou reeds duidelik ekspressionisties in sy benadering. 'n Verdere ontwikkeling van hierdie tema is 'n olieverfskildery Vissers wat hulle nette intrek, c. 1955. Alhoewel die werk gedoen is na Battiss se besoek aan die mere in Malawi, toon die basiese benadering, komposisie en uitbeelding van voorwerpe in die grafiese- en olieverfwerke sterk ooreenkoms.

Verdere uitstaande gekleurde olieverfhoutsneg is Moeders en kinders, Seuns met voëls, Om die vuur, Kind onder die weerlig, Spinnerakke op bome met ryp, Mense en voëls, Drie Bantoevroue, Skilder en die rots,<sup>15)</sup> en Moeders en kinders naby 'n waterval.<sup>16)</sup>

In Om die vuur is nege Boesmanagtige figure saamgegroepeer in 'n donkerblou vlak in die middel van die houtsneg. In die helder oranje-geel agtergrond is vier vlam-vorms, willekeurig gerangskik, in die hout gekrap.

In Skilder en die rots stel Battiss 'n primitiewe rotskunstenaar voor wat besig is om figuurtjies op 'n rots te skilder. Hy plaas 'n swaar rotsvorm in 'n oorheersende posisie sentraal in die werk en daarom heen 'n voël, 'n plant, 'n kleiner rots asook links die kunstenaar. Prof. A.L.

---

15) Afgebeeld in Meiring, A.L: Walter Battiss. Ons Kuns 2, 1961, p.4.

16) Afgebeeld in Biggs, J.R: Woodcuts, p.127. Al nege hierdie werke is ongeveer dieselfde tyd uitgevoer en geen stylverandering is daarin merkbaar nie.

Meiring beskou die figuurtjies op die rots as 'n gravering en sien daarin 'n verband met die Egiptiese hiërogliewe.<sup>17)</sup> Die kunstenaar is egter duidelik besig om te skilder en nie om te graveer nie. Die voorgestelde deeltjie rotskuns wek waarskynlik die indruk van 'n gravering aangesien Battiss die groot, plat oppervlakke van die rots met klein gaatjies wat spikkels vorm, afwissel. Die oorheersende invloed in hierdie houtsnee is ook ongetwyfeld dié van die Suid-Afrikaanse rotskuns en beslis nie van Egipte nie. Die olieverfskildery Figure en simbole op rotse, c.1957<sup>18)</sup> waar die figure egter kalligrafiese vorms aanneem, toon 'n sterk ooreenkoms met hierdie houtsneewerk.

Drie Bantoevroue is 'n besonder geslaagde oliehoustnee waarin weer die invloed van die prehistoriese rotskuns te bespeur is. Die drie sentrale, verlengde figure is sterk gestileer en neem feitlik die vorm van gewere aan waar die kolf die rokke voorstel.<sup>19)</sup> Die weggesnyde hout vorm 'n getande rand om die figure sodat hulle elk in 'n eie raamwerk uitstaan. Die res van die houtblok is met lang, fyn hale kruis en dwars gekrap. Die effek wat hierdeur met die agtergrond geskep word, herinner sterk aan die oppervlak van 'n klip waarop prehistoriese petrogliewe in Suid-Afrika aangebring is.

In 1951 het Battiss se boek Fragments of Africa verskyn waarin onder andere afbeeldings voorkom van olieverfhoustneë waarin hy die tegniek tot 'n hoogtepunt gevoer het.

Sy gebruik van groot vlakke kleur in Matoppos, Figure onder water en Vier wit rotse is esteties baie bevredigend weens die effektiewe gebruik van kleur en komposisie. In laasgenoemde werk sien ons sy hunkering terug na die jare

---

17) Meiring, A.L: Walter Battiss. Ons Kuns 2, 1961, p.1.

18) Eienaar: John S. Schlesinger.

19) Vergelyk ook olieverfskildery, Figure van Afrika, eienaar: mnr. Dotman Pretorius.



toe hy in Rustenburg gewerk, naby die veld gelewe het en dikwels landskappe geskilder het. In hierdie werk het hy rotse, 'n aalwyn en 'n akkedis uitgebeeld wat die atmosfeer van die veld weergee. In al hierdie olieverfhout-sneë het Battiss kleur willekeurig sonder inagneming van die werklike kleur of die buitelyne van die vorms gebruik. Kleur is gebruik om as oppervlakkige dekoratiewe element te dien, soos ook in baie van sy skilderye gedoen is. Nogtans het hy gepoog om 'n harmonie tussen die negatiewe en positiewe vorms te behou. Maar Battiss bly bowenal 'n tekenaar en in hierdie werke is dit asof hy eers die finale afdruk in sy geestesoog gesien het en slegs in die vlakke verf gekrap het.

Vanaf die laat vyftigerjare het Battiss hom weer begin toespits op swart-en-wit afdrucke wat na my mening 'n meer rasionele benadering is. Wilde granate is een van hierdie werke wat suksesvol is en waarin hy 'n landskap sonder dieptewerking uitbeeld. Die bok in die linkerkantste hoek onder is duidelik uit ons prehistoriese rotskuns verleen.<sup>20)</sup>

Na hierdie periode is dit uiters moeilik om tussen Battiss se lino- en houtsneë te onderskei. Slegs na aanleiding van die hoekigheid van die snylyn kan bepaal word in watter van die twee media 'n werk uitgevoer is.<sup>21)</sup>

In teenstelling met die meeste van sy werke waarin hy kleur gebruik, sowel as sy vroeëre houtsneë, wat gewoonlik vrolik en opbeurend is, is 'n aantal van sy latere swart-en-wit houtsneë swaarmoedig en neerdrukkend en die swart en wit kombinasie leen hom goed daartoe om 'n somber atmosfeer te skep.<sup>22)</sup>

---

20) Battiss, W: The Artists of the Rocks, p.211.

21) By die houtsnee is die mes geneig om soms gedeeltelik die draad van die hout te volg, terwyl die weerstand van die linoleum oor die hele oppervlak eweredig is.

22) Stubbe, W: History of Modern Graphic Art, titelblad.

In Twee mense wat gesels<sup>23)</sup> beeld hy twee mensfigure in silhoeët gesny uit, waar hulle na die kant oorbuig met die gesigte na mekaar gekeer en omraam deur 'n breë swart rand. Hulle anatomie word aangedui met 'n fyn wit ingesnyde lyn. Daar is 'n sterk ooreenkoms tussen dié werk en die syskermdruk Gesprek. Beide werke is blykbaar pogings om die mens uit te beeld met sy probleme, en strewe na kommunikasie met sy medemens. Uit die oë straal die angs en beklemming van mense wat smag na begrip deur hul naaste, maar dit nie ontvang nie en derhalwe verwerp voel. Deur die swaar swart omraming het Battiss gepoog om te wys dat die mens in die wêreld sonder uitweg vasgevang is. Die swart en wit skep veral treffend hierdie knellende atmosfeer. In dieselfde trant maar minder somber is Man en Voël.<sup>24)</sup> Die kop van 'n man met 'n voël in sy hand is in silhoeët uitgebeeld en was 'n poging om die mens se strewe na hernude kontak met die natuur voor te stel. Die swart vlakke en wit openinge is ewe interessant.

'n Vroulike figuur met 'n groot kop en verlengde en verwronge liggaam loer deur haar tone na die aanskouer in Meisie.<sup>25)</sup> Die meisie se liggaam is hoofsaaklik in swart en die vorm van haar liggaamsdele is deur 'n fyn, wit ingekerfde lyn voorgestel. 'n Poging is hier aangewend om die onsekerheid van die jong meisie in haar puberteit, wat die wêreld "bang" betree, aan te toon.

Tot Battiss se minder geslaagde houtsneë behoort dié waarin hy poog om nie-figuratief te werk. Twee sulke werke is Die woud en Voël, tweede variasie, waarin hy 'n kombinasie van houtsnee- en houtgravingtegnieke gebruik

---

23) Afgebeeld in Habitat, no. 3, 1973, p.5; en Battiss, uitgegee deur Art Folio, 1973.

24) Ingestuur na: Terza biennale Internazionale della grafica d'arte, Firenze, 1972.

25) Afgebeeld in katalogus van die 1<sup>A</sup> Triennale Internazionale della Xilografia Contemporanea, Carpi Italië, November 1969; en Katalogus van Mostra internazionale della xilografia contemporanea, Parma, Italië, November 1970.

het. Veral in laasgenoemde is die inhoud onsamehangend, die elemente losstaande en onwillekeurig in die komposisie geplaas.

'n Eksperiment waarin hy egter goed geslaag het, was die gebruik van slegs 'n wit lyn op 'n swart agtergrond. Dansers, Kat en Angst is voorbeelde hiervan. Battiss het sonder aarseling gesny om sodoende 'n aaneenlopende, vloeiende lyn te verkry. In hierdie drie houtsnëë word drie verskillende stemminge geskep en ewe suksesvol uitgebeeld: dié van vrees, vreugde en vrede. In Angst het Battiss deur die gebruik van slegs 'n buitelyn daarin geslaag om 'n figuur in angs en wanhoop voor te stel. Dit toon waarskynlik die 20ste eeuse mens aan, bevange in sy vrees vir die beklemmende en gejaagde samelewing waarin hy hom geplaas bevind. Die plasing van die figuur binne die houtblok leen hom verder daartoe om die vasgehoutheid voortreflik voor te stel. Daarenteen word in Dansers deur dieselfde metode die uitbundige lewensvreugde van die mens in sy dansaksies uitgebeeld, en in Kat word 'n rustigheid geskep: 'n man en meisie lê en verwyl 'n paar ledige oomblikke terwyl 'n kat homself rustig sit en lek.

Van al die grafiese tegnieke het Battiss die meeste met houtsnëë ge-eksperimenteer. Hy hou daarvan om met hout te werk, soos ook blyk uit die groot hoeveelheid kleinformaat houtsnëëwerk van afsonderlike figuurtjies wat hy gedoen het.<sup>26)</sup>

#### 4.3 Houtgraving

Uit die aard van die saak is die meeste houtgraverings van klein formaat. Vir 'n aantal groter werke het Battiss die hout spesiaal laat invoer aangesien daar nie 'n firma in Suid-Afrika is wat die hout vir hierdie doel las nie.

---

26) Sien afbeeldings, 1969 en 1970.

Behalwe vir Battiss en S. Konya (1891-) en tot 'n minder mate E. Esmonde-White (1914-), J. Voigts (1907-) en M. Costello, is ek nie bewus van ander kunstenaars in Suid-Afrika wat hierdie tegniek beoefen nie. "Making a wood-engraving is very much more difficult than making a woodcut or lino-cut, and in South Africa I don't suppose there are more than half-a-dozen competent wood-engravers".<sup>27)</sup>

Dit is nie heeltemal duidelik waar Battiss die tegniek, wat hy meesterlik beheers, geleer het nie. Dit is moontlik dat hy en Konya gedurende die vroeë veertigerjare die tegniek bespreek en daaroor gedagtes gewissel het. Konya se Ex Libris is byvoorbeeld op 'n blok Afrikaanse bukshout gesny wat deur Battiss voorberei is.<sup>28)</sup>

Vir die gravering gebruik hy "scorpers", "multiples", sowel as skerp lemmetjies. Gedurende die oorlogsjare (1939-1945) het Battiss sy eie gereedskap vervaardig wat destyds onverkrygbaar was: uit spykers het hy verskillende werktuie gemaak, en uit 'n vyl 'n "scorper".<sup>29)</sup> Walter Battiss was die eerste Suid-Afrikaanse kunstenaar om inheemse hout vir hierdie doel te gebruik: hy eksperimenteer veral met Buxus macowanii (Afrikaanse bukshout) en Dombeya rotundifolia (drolpeer). By die maak van die afdrucke deel Battiss, soos vir die houtsneë, die agterkant van die papier in vierkante op en vryf dit sistematies met die agterkant van 'n lepel. Hy het nooit self houtgraverings met 'n pers afgedruk nie. Waar die oppervlak van die papier gedrewe is en die afdruck derhalwe met 'n pers gedoen is, is dit nie deur Battiss self gemaak nie, maar wel deur 'n ander persoon.<sup>30)</sup>

---

27) Battiss, W: Graphic Reproduction. Lantern, September 1955, p.50.

28) Sien afbeeldings, S. Konya: Ex Libris.

29) Sien afbeeldings van Battiss se gereedskap, 1972.

30) Mnr. Andrew Todd, en enkele kere Raymond Andrews.

In 1943 het Battiss 'n aantal voëlstudies uitgevoer wat waarskynlik van sy mees voortreflike werke in hierdie medium is. Onder aan een van die werke het hy geskryf: "Boxwood from Knysna. Six hours to sandpaper surface. Tools made of files". Werke uit hierdie tydperk sluit in Singende voëltjie,<sup>31)</sup> Cape Fiscal Shrike, Pied Kingfishers en Knysna Camp. Almal is in uiters fyn detail gewerk. In Cape Fiscal Shrike word die voël met 'n wurm in sy bek voorgestel op die oomblik wanneer hy op 'n tak van 'n boom gaan sit. Die werkie is só saamgestel dat die voël se pote saam met die stert 'n diagonale lyn vorm wat weer deur die dorings van die takkie sowel as die boomstamme herhaal word. In die middel agtergrond het Battiss die fynste stippeltjies gebruik; die heuwel word met fyn strepies voorgestel en die lugruim deur breër strepe. Dieselfde tegniek is in Pied Kingfishers toegepas, behalwe dat die twee voëls op só 'n wyse langsmekaar geplaas is dat hulle in teenoorgestelde rigtings kyk. Met hierdie diagonale lyne word die vitaliteit van die werke verhoog. Met Singende Voëltjie het Battiss 'n eensame voëltjie voorgestel wat met sy kop omhoog sit en sing, terwyl die ander voëls rondvlieg en -dartel. In hierdie werk is 'n simboliek op te merk: Battiss stel homself as 'n boodskapper voor, maar dat niemand na sy boodskap luister nie. Prof. H.M. van der Westhuysen het oor hierdie werkie opgemerk: "... digterlike Singende voëltjie waarin 'n mens ook beide Boesman- en modern Europese trekke kan gewaar".<sup>32)</sup> Hierdie houtgraverings met voëls as tema is almal suiwer realisties en Battiss is waarskynlik baie deur die werk van Thomas Bewick geïnspireer.<sup>33)</sup> Battiss se uitbeelding van die voëls verskil egter van dié van Bewick: Bewick het gepoog om elke

---

31) Die Brandwag, 21 April 1950, p.43.

32) Van der Westhuysen, H.M: Walter Battiss as Kunstenaar. Die Brandwag, 21 April 1950.

33) Rayner, J: Wood engravings by Thomas Bewick, 1947, pp.43-51.

veertjie van die voëls te graveer en het ook die agtergrond in fyn detail uitgewerk. Battiss daarenteen het gewoonlik slegs die essensie van die voëls daargestel en die agtergrond net gesuggereer.

Battiss se hantering van die tegniek is meesterlik. Die fyn lyn wat hy verkry, die stemming en atmosfeer wat hy met die minimum gebruik van lyn en deur slegs swart en wit kleure skep, is merkwaardig. Hierdie werkies is na my mening die beste in hierdie medium wat ooit deur 'n Suid-Afrikaanse kunstenaar uitgevoer is.

Die houtblokke waarop hierdie werke gedoen is, was reghoekig gesny, maar die oorspronklike ronding van die stam het op die hoeke behoue gebly om sodoende die grootste moontlike hoekige werksoppervlak te verkry. In later jare het Battiss die oorspronklike vorm van die stam behou en dit nie meer reghoekig gesny nie. In sommige gevalle is selfs die bas van die boom nie verwyder nie sodat die buiterand van die blok geriffel daar uitsien.<sup>34)</sup>

Gedurende 1969 het Battiss hom met groot ywer op die houtgravingstegniek toegelê.<sup>35)</sup> Meeste van die graverings uit hierdie tyd is op 'n ronde houtskyf gedoen, en baie van die afdrukke wys 'n V-vormige wig wat meesal die lengte van die straal van die blok is. Die hout was relatief nat toe dit gesaag is en om te verhoed dat dit skeef trek gedurende die droogproses, is 'n sny in die blok gemaak wat groter oopgetrek het, en as 'n wit wig op die afdrukke vertoon het. Aangesien die buitelyn van elke houtstomp verskil het van die ander en die wig ook in ag geneem moes word in die komposisie, was elke houtgraving opnuut 'n uitdaging vir Battiss. Voortreflike voorbeelde van graverings wat op sulke ronde houtskywe uitgevoer is, is Marine, Umpundulu

---

34) Umpundulu Bird, 1969.

35) In hierdie tydperk het ek heelwat bukshout-stompe van Port St. Johns na Battiss gebring, dit gesaag en vir hom voorberei.

Bird, Moeder en kind, Xenophon, Figure, Madala en Neolithic. Almal is samestellings van verlengde menslike figure in verwronge houdings en is slegs in twee dimensies uitgebeeld. Hier en daar het 'n voël of 'n bokkie deel van die komposisie uitgemaak en almal is hoogs dekoratief. In Xenophon het Battiss die styl gevarieer: die kop en skouers van 'n jong seun is uitgebeeld, en dit, sowel as die agtergrond is deur parallele strepies in verskillende rigtings opgebou.

In Battiss se latere houtgraverings was hy tot 'n groot mate gebonde deur die vorm van die houtskyf. Die uitgangspunt in 'n groot hoeveelheid van die werke was die wig in die skyf of die patroon van die omtrek. Dit het daartoe gelei dat die komposisie soms minder geslaagd was as dié van sy vroeër werke, byvoorbeeld Figure en Marine. Wanneer hy egter op blokke gewerk het waarvan die struktuur hom nie gebind het of sy aandag getrek het nie is hulle meer geslaagd, byvoorbeeld Moeder en kind, Vier Bokkies en Perde.

#### 4.4 Linoseë

In teenstelling met die ander grafiese tegnieke wat Battiss dikwels vir jare lank links laat lê en gladnie beoefen het nie, het hy deur die jare, met korter of langer tussenposes steeds linoseë uitgevoer. Ongelukkig is die werke nie gedateer nie en is dit dus moeilik om hulle chronologies te rangskik. Hy het die tegniek waarskynlik aan die Johannesburgse Kunsskool geleer. Hy het hiervoor 'n knipmes en ander standaard-gereedskap gebruik. Soos vir die houtseë het hy die ronde kant van 'n lepel gebruik om die afdrucke aan die agterkant te vryf. Afdrucke wat klaarblyklik deur middel van 'n pers gemaak is, is ook met linoseë deur ander kunstenaars vir Battiss gedoen.<sup>36)</sup>

---

36) Andrew Todd.

Battiss se eerste lino-sneë was in swart en wit afgedruk en het veral landskappe as onderwerp gehad.

Op die buiteblad van die katalogus van een van sy uitstallings in 1929<sup>37)</sup> is sy vroegste bekende lino-snee, Landskap afgebeeld. Kort daarna het hy 'n soortgelyke landskaps-toneel aan Erich Mayer gestuur: Bome - Rustenburg.<sup>38)</sup> In eersgenoemde werk is die afdruk oor die lengte ongeveer in die helfte verdeel: die voorgrond is oorwegend swart en die agtergrond oorwegend wit. In Bome - Rustenburg is slegs die krone van die twee bome en hul skaduwees in swart. Geen poging is aangewend om die groot swart vlakke deur wit ruimtes te breek nie. Beide landskappe het geen teken van mense of aanduidings van hul teenwoordigheid nie. Mens is egter bewus van 'n sekere beweeglikheid in die landskap, asof die bome deur die wind gebuig word, in teenstelling met die lino-sneë van Pierneef waarin die bome gewoonlik staties en sonder 'n teken van beweeglikheid staan.

In die dertigerjare het Battiss sy kopieë van petrogliewe en 'n aantal rotsskilderinge deur middel van lino-snee-afdrukke gereproduseer.<sup>39)</sup>

Ongeveer tien jaar later het hy 'n aantal gekleurde lino-sneë gemaak: Hottentotsgot, Bokkies en Familie. Hy het nog oorheersend swart ink, maar ook verskeie ander kleure, veral herfskleure, gebruik. Verskillende blokke is vir elke afsonderlike kleur gesny. Vir die agtergrond het hy egter die verskillende kleure ink gemeng en dié het hy met 'n roller op die linoblok aangewend, sodat hy, soos met die houtsneë, 'n nuanse van kleure verkry het wat inmekaar vloei. Battiss het nie die weggesnyde deel gebruik om 'n rol in die komposisie te speel nie, dit wil sê die wit vlakke word

---

37) Johannesburg, Lezard-kunsgalery, 25 Maart 1929.

38) Ook afgebeeld in Die Brandwag, 21 April 1950.

39) Sien ook hoofstuk 2.1; Battiss, W: South African Paint Pot.



nie met gekleurde ink wat op die uitgesnyde gedeeltes gerol is afgewissel nie. Die afgelope jare het hy geen kleur-linosneë meer gemaak nie.

In c. 1948 het daar 'n aantal afbeeldings van Battiss se linosneë in die Suid-Afrikaanse Toeristekorporasie se boekie South Africa - A portrait in colour verskyn. Die een wys twee bokke tussen die rotse waarop simbole aangebring is, die ander 'n aantal mensfigure in die mik van 'n boom. Hierdie twee werkies het duidelik die invloed van die prehistoriese rotskuns gewys: die bokkies, die mensfigure en die simbole. In 1970 het Etienne Stander, 'n handelskunstenaar, 'n linosnee onder sy eie naam in Bantu gepubliseer, wat duidelik op hierdie linosnee van Battiss gebaseer was.<sup>40)</sup>

Sy linosneë het mettertyd eenvoudiger geword totdat hy later slegs 'n enkele mens of dier as onderwerp uitgebeeld het en dit wel deur middel van 'n buitelyn: Bul,<sup>41)</sup> Naakfiguur, Seun en Hottentotsgot, Seuns op 'n tak en Bulle. Die gesnyde lyn varieer van 2 mm tot 0,5 mm in dikte en Battiss het groot vlakke swart gelaat sonder om dit met insnydings in die linoleumblok af te wissel. In Seun en Hottentotsgot het hy die twee elemente, naamlik die mensfiguur en die insek geïntegreer deur die seun se hare in die voelers van die hottentotsgot te laat oorvloei en die een been van die insek deel van die seun se skouers te laat vorm. Die vloeiende lyne in hierdie werk gee die indruk van vinnige kwashale. Daar is egter, ten spyte van die integrering van die twee elemente, tog 'n effektiewe verskil in die uitbeelding van die mens en die dier: die seun is staties en staar gehipnotiseerd na die manewales van die insek.

In sy portefeulje Fragments of Africa is 'n hele aantal van Battiss se linosneë afgebeeld: Boys collecting wild

---

40) Folklore an old tradition. Bantu, Mei 1970, pp.7-12.

41) Battiss het die oppervlak van die oorspronklike linoleumblok geel, en die ingesnyde lyn wit geverf en as sulks as kunswerk beskou.

fruit,<sup>42)</sup> Newborn Kid, Cattle Metamorphosis, The Locust Swarm, The African Bull. Hierin is die ontwerp heeltemal vorentoe gebring en daar is geen dieptewerking nie. Dit wil voorkom asof die figure in die lug dryf sonder dat 'n horisontale lyn aangedui word. Die mense en diere is gestileerd en is as simbole eerder as werklike figure voorgestel.

Battiss was waarskynlik die eerste Suid-Afrikaanse kunstenaar om inklose ge-embosseleerde of reliëf-drukke van sy lino-sneë te maak,<sup>43)</sup> byvoorbeeld: Olifant en Twee mans en 'n muur. Wanneer die lig op die ge-embosseleerde gedeeltes val, veroorsaak dit 'n skaduwee wat die ontwerp sigbaar maak. Die kunstenaar verlaat hom op die vloeiende lyne en komposisie van die werk, sonder enige gebruik van kleur. 'n Baie geslaagde eksperiment, maar met beperkte moontlikhede.

In 1971 het Battiss 'n aantal werke op plastiek uitgevoer, byvoorbeeld Bantoe-vroue en Stillewe met Meisie. Beide werke gee die indruk dat hulle houtgraverings is omdat die snylyne deurgaans ewe wyd is. Die Stillewe met Meisie herinner sterk aan Matisse en is duidelik Westers in benadering. Die dame het 'n Griekse neus en hoewel die werk perspektief behoort te hê aangesien die pot en kat agter die uitgestrekte mensfiguur geplaas is, het Battiss dit nietemin reggekry om die indruk van een plat vlak te skep. Hierdie werk vind weerklank in twee olieverfskilderye met dieselfde naam en onderwerp, maar waarin die kat nie gebruik is nie en wat van groter formaat is.

In die heel jongste werke, byvoorbeeld Bosveld, Seuns in die takke en Seuns agter die doringdraad het Battiss se komposisies samestellings van verwronge en verstrengelde diere- en mensfigure aangeneem. Hierdie figure is slegs

---

42) Een oorspronklike afdruk in besit van die Victoria and Albert Museum, Londen.

43) c. 1967; gedruk deur Andrew Todd.

deur 'n buitelyn aangedui en altyd net in swart en wit afgedruk.

Sover bekend het Battiss nooit abstrakte werk in lino-sneë gelewer nie. Na die vyftigerjare het sy benadering tot die lino-snee duidelik verskil van sy benadering tot die hout-snee: hy het die lino-snee feitlik soos 'n potloodtekening gebruik deur slegs die buitelyn van die voorwerp aan te dui en geen diepte- of skaduwerking te wys nie. In die hout-snee het hy die groot vlakke kleur behou om vorm en massiwiteit aan die voorwerp te gee. Die lino-sneë gee die indruk van 'n vinnige skets in 'n paar hale uitgevoer, teenoor die hout-sneë wat harde hande-arbeid verg. Die lyn in die lino-sneë is meer vloeiend en ritmies as in die hout-sneë, waarskynlik as gevolg van die vryer beweging van die gereedskap in die materiaal.

#### 4.5 Ets en verwante diepdrukprosesse

By die Johannesburgse Kunsskool het Battiss in 1928 die etstegniek aangeleer, waarskynlik onder andere by Emily Fern (1882-1953). Reeds op sy tweede kunsuitstalling in 1928 het hy van sy etse uitgestal. Dit was vir hom 'n natuurlike verloop om sy kunsonderrig met hierdie tegniek 'n aanvang te neem: sy ouers het gereeld die kunstydskrif Royal Academy Illustrated ontvang en die jong Battiss het heelwat afbeeldings van etse daarin gesien en hulle bewonder. Ook die prehistoriese petrogliewe waarin hy van jongs af so intens belanggestel het, het by hom die indruk van 'n grafeer-tegniek gewek<sup>44)</sup> en hom verder daartoe geïnspireer om hom op die grafiese kuns in die algemeen en die ets- en verwante metodes in die besonder toe te lê. Howard Pim se belangstelling in sy werk, asook dié se uitgebreide versameling kunswerke het verder daartoe bygedra om sy interesse gaande te maak.<sup>45)</sup>

---

44) Battiss, W: Limpopo, pp.28-32.

45) Sien hoofstuk 1.5. Battiss - E. & M. Mayer, 21 September 1932 en 30 November 1932.

Van sy eerste etse was reeds suksesvol: hy het aan Erich Mayer geskryf dat prof. Winter Moore van sy werkies sterk aangeprys het. Een van sy vroegste werke in dié medium wat opgespoor kon word, is 'n droënaaldets van 'n springbokkie: 'n pragtige klein werkie in baie detail uitgebeeld.<sup>46)</sup>

In twee landskap-tonele het hy in akwatint en mezzotint ge-eksperimenteer. Die een werkie is 'n bosveld-toneel wat mens baie aan die Rustenburgomgewing herinner, die ander moontlik 'n Europese toneel: 'n meer tussen die sneeubedekte Alpe(?) Beide werkies is in hul benadering uitgesproke skilderagtig. Die bosveldtoneel herinner sterk aan sy waterverflandskapskilderye van die vroeë dertigerjare.<sup>47)</sup> 'n Baie geslaagde ets is dié van 'n pelikaan — Ptolomaeus — by 'n drinkplek. In al hierdie gevalle is die tegniek foutloos toegepas.

Die etse wat ná hierdie periode volg is almal vryer en lossier tekeninge wat spreek van spontaneïteit: Landskap, Hondjie, Mev. Battiss by haar spinwiel en Zakkie Eloff met sy kitaar. Hierdie is impressionistiese werke uit die vroeë veertigerjare waardeur die indruk van 'n verbygaande oomblik vasgelê is. Almal is suiwer tekeninge sonder enige poging tot skaduwerking, detail of agtergrond.

Hierna het Battiss 'n nuwe benadering tot die etstegniek ontwikkel: hy voer sy werke op die gewone aanvaarde metode uit, maar die afdrukke is soos vir die hoogdrukproses gemaak.<sup>48)</sup> Sodoende het die inge-etste of gegraveerde lyn wit op die afdruk vertoon en herinner mens sterk aan

---

46) Battiss - E. & M. Mayer, 14 November 1929. Sien afbeelding, 1929: 4 x 3 cm.

47) Die etse is nie gedateer nie, maar is waarskynlik in die laat dertigerjare uitgevoer. Battiss, W: Lantern, September 1955, p.50: "I once found a thorn in the Karoo that made an excellent etching needle".

48) Sien hoofstuk 3.

skraapbordtekeninge. Die werkie, Mense, toon 'n aantal menslike figure in verskillende houdings aan. Die kunstenaar het waarskynlik met 'n kwassie die salpetersuur direk op die plaat geverf en dit so gelaat tot dit ingevreet het. Die resultaat is besonder aangenaam en verleen heelwat meer ritme en beweeglikheid aan die manlike en vroulike figure. Die tekenlyn het nie die kenmerkende dun, egalige skerpte van die etslyn nie, maar is plek-plek dikker en dunner. Fyn detail word nie aangedui nie en aan die ekstremiteite van die liggame word nie veel aandag gegee nie.

In die vroeë vyftigerjare het Battiss weer twee werkies uitgevoer waarin die agtergrond swart en die etslyn wit vertoon: Fietsgesprek en Lied van die voël. 'n Besoek aan die Noord-Transvaal in 1950/51 het waarskynlik as aansporing tot hierdie werke gedien. By laasgenoemde werk het hy geskryf: "I imagine the bird is the coucal and an ancient man is listening to his song. Two hungry boys are picking klappers. They are studded with crystals of sand."<sup>49)</sup> In beide hierdie werke is die benadering kubisties. In Fietsgesprek is alles hoekig en geen volledige sirkel word gevorm nie. Die mensfigure is duidelik van die rotskuns verleen.

'n Ongedateerde ets van 'n staande man volgens die konvensionele metode uitgevoer, dateer ook waarskynlik uit die middel vyftigerjare toe Battiss reeds die rotskuns deel van sy kuns gemaak het: hiervan getuig die klein, gestileerde kop en breë skouers. Die hande en voete is onvoltooid gelaat en dui daarop dat Battiss nog moontlik effens ontuis was in hierdie relatiewe nuwe kunsstyl. Die enkel figuur het die massiwiteit van 'n Moore-tekening:<sup>50)</sup> die mensfiguur wil, in sy frontaliteit en sonder agtergrondwerking uitgebeeld, as gevolg van sy oorheersing van die raamruimte byna uit die papier tuimel.

Na hierdie periode kon geen etse van Battiss gevind word nie en dit is redelik seker dat hy nie weer in hierdie

---

49) Battiss, W: Persoonlike skriftelike mededeling, 1951.

50) Henry Moore (1898-).

medium gewerk het nie totdat hy in 1973, sowat twintig jaar later, hom weer tot droëpuntafdrukke gewend het. Tydens sy besoek aan Londen in Julie 1973 het hy nege werke in hierdie metode voltooi. Die onderwerp van al hierdie drukke is die menslike liggaam in verskillende verwronge en verdraaide houdings. In twee gevalle het hy voëls saam met die figure gebruik. Een van die afdrukke met ses klein mensfigure het hy met waterverf ingekleur. Battiss noem hulle erotiese werke, maar die betekenis is nie heeltemal duidelik nie. Al hierdie werkies skep 'n neerslagtige stemming.

In sy etse en werke in verwante tegnieke uitgevoer, het Battiss bewys gelewer van sy meesterlike beheersing van lyn en sy briljante tekenvermoë. Hy is nie huiwerig om enige onderwerp aan te pak nie, hetsy menslike figuur, dier of landskap.

#### 4.6 Litografie

Battiss se eerste steendruk<sup>51)</sup> is 'n relatiewe eenvoudige, amateuragtige werk van 'n jong seun met sy linkerarm

---

51) Dit is dikwels moeilik om te oordeel of 'n spesifieke werk 'n oorspronklike steendruk is, of 'n werk wat meganies afgedruk is. Daar is talle meganiese prosesse wat byvoorbeeld 'n potloodtekening kan reproduseer sodat dit net soos 'n oorspronklike steendruk lyk. In 1964 het ek in die kamer waarin Battiss in Turffontein, Johannesburg gedurende die dertigerjare gewoon het, 'n afbeelding van 'n werk, Naby Rustenburg deur hom onderteken, van drie Bantoe-hutte, twee bome en 'n ry heuwels, gevind. Op die werk was gedruk: "Lithograph by Fineprint Prop. Ltd." Daar was na my mening, asook dié van kenners, onder andere dr. A. Werth en mev. K. Kempff, aan wie ek die werk getoon het, min twyfel dat dit 'n oorspronklike steendruk was. Later het ek egter 'n steendruk van Battiss gevind, gedateer 10 Maart 1944, waarop hy geskryf het: "My first lithograph". Die werk Naby Rustenburg het geblyk 'n potloodtekening te wees wat deur middel van die steendrukproses gereproduceer was. Dit is gedurende 1973 deur Battiss self bevestig.

bo sy kop en sy regterhand in sy linkerarmholte.<sup>52)</sup> Dit is duidelik dat Battiss op dié stadium na rigting in dié medium soek. Hierna het twee onbelangrike steendrukke gevolg: een van drie vrouefigure in groen en swart ink waarin die liggaamsdele besonder massief uitgebeeld is, maar tog vol lewe, en wat herinner aan die werke van Matisse. Die ander is in rooibruin ink gedoen en het fietse as onderwerp.

In 1947 het Battiss 'n stel van twaalf afbeeldings van rotsskilderinge en petrogliewe vir die firma R.L. Esson as illustrasies vir hulle 1948-kalender uitgevoer. Die agtergrondrots is in elk van die twaalf afdrucke verskillend uitgebeeld, byvoorbeeld 'n relatief gladde rots, 'n growwe onegalige rots of 'n rots met krapmerke. Dat daar so 'n tekstuurverskeidenheid voorgestel kon word met behulp van slegs een kleur en een tegniek getuig van meesterlike gebruik van die medium. Ook die voorbeelde van die rotskuns is voortreflik voorgestel sodat die gees van beweeglikheid en die essensie van die skilderinge tot uiting kom.

In c.1948 het Battiss weer 'n stel van twaalf steendrukke vir dieselfde firma gemaak en wel vir hulle kalender vir die daaropvolgende jaar.<sup>53)</sup> Hy het met sy reise deur Suid-Afrika in die voorafgaande jare, talle sketse gemaak van dorpe en landskaptonele oor die lengte en breedte van ons land. Vir die kalender het hy 'n keuse uit sy sketsboeke gemaak: Umtali; Zimbabwe; Burghersdorp; Queenstraat, Pretoria; Johannesburg vanaf die Universiteit van die Witwatersrand; Johannesburg van Braamfontein; Messina; Springfontein; Fauresmith; Louis Trichardt en Zastron.

Vir beide bogenoemde stelle steendrukke het hy die oorspronklike tekeninge self by die drukkery op 'n metaalplaat in plaas van 'n klip gemaak en dié is dan meganies

---

52) Sien afbeeldings. Battiss het die klippe wat hy gebruik het in 1972 aan die Departement Kunstgeskiedenis en Beeldende Kunste van die Universiteit van Pretoria geskenk.

53) Hierdie stel is by versamelaars uiters gesog en is in 1971 in Pretoria vir R80 op 'n veiling verkoop.

afgedruk. Die meeste oorspronklike tekeninge wat vir die kalender van c. 1949 ter plaatse gedoen was, kon met die uiteindelijke voltooide steendrukke vergelyk word. Die steendrukke is baie suksesvol, nie geforseerd of oordoen nie en niks van die varsheid en lewendigheid van die oorspronklike tekeninge het verlore gegaan nie. Afgesien van die kultuurhistoriese waarde van hierdie steendrukke is hulle esteties baie bevredigend. Hulle is almal in 'n impressionistiese trant uitgevoer maar die hooftrekke van die landskap- of dorptoneel is effektief vasgevang. In teenstelling met Pierneef, gebruik Battiss breë potlood-hale maar dié word plek-plek afgewissel met dunner lyne. Battiss se lyne is ferm en seker getrek en is baie meer vloeiend as byvoorbeeld dié van Pierneef. Selfs sy bome en ander plante pols van lewe en waar Pierneef se tonele as 'n reël sonder mensfigure is, skram Battiss nooit daarvan weg om die mens in die landskap uit te beeld nie. Hy bou hierdie steendruk-tonele in drie vlakke op. Die voorgrond is gewoonlik relatief leeg, die middel-ruimte swaarder belaaie met die meeste uitbeeldings en die agtergrond met minder detail. In Queenstraat, Pretoria, byvoorbeeld, het elke uithangbord in die straat benaminge op, 'n aanduiding van sy skerp waarnemingsvermoë. Dit is jammer, egter dat hy onder aan elke steendruk binne die kantlyn die titel van die werk groot en in swaar letters geskryf het. Sy handtekening is doeltreffend tussen die tekenlyne versteek, maar die dorpsnaam is oorheersend en dit doen afbreuk aan die ritme van die lyne en is vreemd aan die landskap.

#### 4.7 Monotipe

Slegs twee werke deur Battiss in hierdie medium kon opgespoor word, beide met skoolseuns as onderwerp, en dit is derhalwe uiters moeilik om 'n oordeel te vel oor Battiss se vermoë om homself in hierdie medium uit te druk.

Die een is 'n realistiese uitbeelding van slegs die kop en skouers van 'n seun wat 'n kleurbaadjie van die



Pretoria Boys' High School dra en reguit uit die afdruk kyk. Die werk is met 'n vinger en kwas in waterverf op die glas uitgevoer. Die kleure is ietwat gedemp en is later op die afdruk met potlood bygewerk: byvoorbeeld die skadu aan die neus, die een sy van die gesig, die wenkbroue en die omlyning van die lippe. Hierdie potlood-byvoeging doen afbreuk aan die werk en veral die spontaneïteit gaan daardeur verlore. Hierdie werk is nie onderteken nie en 'n mens vermoed dat Battiss besig was om te eksperimenteer.

Die tweede werkie is 'n naakte figuur van 'n jong seun in syaansig.<sup>54)</sup> Die seun sit in 'n normale, rustige houding met sy regterbeen gebuig, regter elmboog op die knie, gestut met sy linkerarm. Hierdie is 'n meer impressionistiese werk, weer eens in gedempte kleure: ligpienk met 'n grys agtergrond. Om die gedeeltes van die seun se liggaam waarop die son skyn voor te stel is die papier wit gelaat, terwyl die vorm van die borskas duidelik met die kwas geskilder is. Die werk gee die gevoel van 'n werk van A. Rodin waarskynlik meer as gevolg van die peinsende houding van die kind.

Battiss het in die twee werkies afgesien van die tekenagtige tegniek en hom meer bepaal by 'n skilderagtige tegniek wat 'n groter gevoel vir die massa van die liggaam gee. Geeneen van die twee is gedateer nie maar daar kan met 'n mate van sekerheid gesê word dat hulle gedoen is terwyl Zakkie Eloff (1925-) op hoërskool was<sup>55)</sup> en dat Battiss die skoolseuns as modelle gebruik het gedurende teken-na-die-lewe-klasse. Battiss het vir Eloff in die tegniek van die monotipe onderrig. Eloff se latere monotypes is van so 'n gehalte dat hy beskou kan word as een van die mees voor-  
aanstaande Suid-Afrikaanse kunstenaar in hierdie medium.

---

54) Onderteken regs onder lopende skrif Walter Battiss,  
sonder datum.

55) c. 1943.

#### 4.8 Syskermdruk

Hierdie tegniek is 'n twintigste eeuse ontwikkeling<sup>56)</sup> en dit is dus te verstane dat Battiss, vanweë sy begeerte om altyd aan die voorpunt van ontwikkelingsneigings in die kuns te staan, homself aangetrokke tot hierdie medium sou voel.<sup>57)</sup> Ook as gevolg van sy liefde vir kleur en beweeglikheid van vorm het hy homself tot 'n groot mate in hierdie medium uitgeleef.

Die impetus tot sy aanvanklike belangstelling is egter nie sondermeer te verklaar nie. Hy het wel aan die begin van Julie 1954 van sy olieverfskilderye in Lourenco Marques uitgestal. Daar het hy waarskynlik die kunstenaar Fernando Fernandes ontmoet, wat toe reeds van syskermdrukke gebruik gemaak het, en met sy werk kennis gemaak. Na sy terugkeer het Battiss 'n uitstalling van "auto-serigrawe"<sup>58)</sup> gehou en het hy sodoende waarskynlik die eerste Suid-Afrikaanse kunstenaar geword om syskermdrukke as kunsuiting te gebruik.<sup>59)</sup> In 'n artikel wat in Lantern in September 1955 verskyn het het Battiss die buiteblad van een van Fernando Fernandes se uitstillingskatalogusse afgebeeld as 'n voorbeeld van 'n syskermdruk.

Die eerste twee syskermdrukke wat Battiss gemaak het is deur Fred Schimmel van Johannesburg afgedruk. Die eerste

---

56) Sien hoofstuk 3.

57) Battiss, W: Graphic reproduction. Lantern, September 1955, pp.51-52: "The serigraph is the artist's cheapest printing medium and new effects can be obtained with it. It is a wonderful process for the industrial artist who can use the silk screen in a hundred different ways".

58) Pretoria, Galerie Nicol: Skilderye en auto-serigrawe, 14-30 September 1954. Battiss, W: The serigraph or screen print, De Arte, no. 1, Mei 1967, pp.22-23. "Way back in 1955 I became interested in 'hard-edge' art and experimented with the colours and screens being used commercially". Die datum waarna Battiss hier verwys het, was 1954 en nie 1955 nie.

59) Schoonraad, M: Walter Whall Battiss. De Arte, vol. 10, Oktober 1971, p.24. In hierdie artikel word gemeld dat Battiss "in 1956 ... reeds in hierdie kunsvorm gewerk" het. Dié datum moet as 1954 lees.

was gebaseer op 'n rotsskildering afkomstig van die plaas Van Zijlskraal, Dordrecht-distrik, en die ander was getitel Basoetoe-dorp.<sup>60)</sup> Laasgenoemde is 'n besonder geslaagde werk. Hierin word 'n Bantoetema weerspieël sonder 'n teken van die invloed van die rotskuns. Die huisies word almal ewe groot voorgestel, ongeag hulle posisie in die werk, en geen skaduwees word aangetoon nie. Sodoende word 'n toneel met weinig perspektief uitgebeeld, alhoewel daar deur Basoetoe-ruiters sowel as die garingbome in die voorgrond 'n mate van 'n drie-dimensionele effek geskep word. Die heuwel waarop die stat geleë is het 'n onverklaarbaar hoekige vorm en die simboliese wolgies is ietwat steurend aangesien hulle ook soos rotse lyk.

Uit dieselfde tydperk is Drie Leeus en Leeus en Rots<sup>61)</sup> "In these he has created animal abstractions which combined with the even colour of the silk-screen process has the effect of an African heraldry. In both examples the rocks are less original than the animal shapes which, I believe are in advance of Picasso's dog in his 'Las Merinas' (sic) cf 1957 and of which one is strongly reminded".<sup>62)</sup> Uit hierdie twee werke blyk dit duidelik dat Battiss genot daaruit put om die groot vlakke kleur langsmekaar te plaas, ongeag die vorm. Die vorm is dan ook uiters eenvoudig en die hoofsaak is kleur-speling. Dit is duidelik dat hy nog besig is om die moontlikheid van hierdie medium te ondersoek. Die ink is dik op die papier-oppervlak aangewend. Volgens Battiss self het die ink en sy skerms wat destyds beskikbaar was moeilik hanteer en het vir hom nie die gewenste resultate gelewer nie:<sup>63)</sup> "One of the serious drawbacks in 1955 was the

---

60) Afgebeeld in De Arte, vol. 10, Oktober 1971, p.25; en Meiring, A.L: Walter Battiss. Ons Kuns 2, 1961, p.3.

61) Uitgestal by die Imperial Institute, Londen, 1-14 Augustus 1956. Sien ook afbeeldings.

62) Scully, L: t.a.p., p.44.

63) Battiss, W: Persoonlike mededeling, 1973. Sommige van die kleure het inmekaar geloop wanneer hulle oormekaar gedruk is.

thickness of the stencil which gave a raised surface to each colour when printed on the paper and made overprinting a hazardous process. In 1955 the colours were limited and worked best only in certain temperatures".<sup>64)</sup> Al die syskermdrukke uit hierdie tyd is nog in relatief goeie toestand, alhoewel Battiss self glo dat sommige van die kleure verbleik het.<sup>65)</sup>

Hierna het hy die tegniek vir 'n aantal jare links laat lê, veral as gevolg van moeilikhede wat hy met die ink ondervind het. "In 1966 I took up the screen-printing process again and found the process could be used in the realm of Fine Art, and that it could lead to a new kind of creative art."<sup>66)</sup>

Na 1966 het hy doelgerig in hierdie medium begin werk en in 1968 het sy boek Nesos<sup>67)</sup> verskyn wat 54 handgedrukte syskermdrukke beslaan het, almal van hoogstaande gehalte. Selfs die teks van die boek was handgesny. Die feit dat hy nadruk daarop gelê het dat die boek eiehandig vervaardig was, wys op sy hunkering na 'n meer natuurlike lewenswyse, in teenstelling met die masjien-vervaardigingsprosesse wat geleidelik 'n groot rol in die kuns begin speel. Die naam Nesos is die Grieks vir "eiland" en die syskermdrukke is dan ook meesal uitvloeisels van die indrukke wat hy op die ses-tien Griekse eilande wat hy in 1966/67 besoek het en goed leer ken het, gekry het. Die werke getuig van die lewensvreugde wat hy daar ondervind het. Hulle is vrolik, kleurvol en vol spontaneïteit. Hy beeld ook moderne sportmanne uit, wat 'n weerklank is van die sporthelde van oud-Griekeland.

---

64) Battiss, W: The Serigraph or screen print. De Arte, no. 1, Mei 1967, p.22.

65) Persoonlike mededeling, 1973.

66) Battiss, W: The Serigraph or screen print. De Arte, no. 1, Mei 1967, p.22.

67) Sien Walter Whall Battiss: Bibliografie.

Battiss het in hierdie versameling drukke 'n hele aantal eksperimente uitgevoer. In enkele gevalle het hy die druk só uitgevoer dat die ink bo die papier opgehewe is. Hierdie aanwending van die verf was opsetlik en nie soos in die vroeë jare, as gevolg van die kwaliteit van die ink, onvermydelik nie. Dit is baie effektief, maar die gevaar bestaan steeds dat die ink sal afdop as die papier gebuig word. Voorbeelde van werke wat met hierdie tegniek uitgevoer is, is Warrior, Girl kicking a black rock, en Under the sea. In 'n aantal drukke het hy die ink op die skerm gemeng, byvoorbeeld in Skiathos, Archaic firstborn en Father and Son; in ander het hy die ink op die skerm laat droog word en daarna die volgende kleur deurgeforsaer sodat dele van die droë ink opgelos word. Op hierdie wyse word die groot vlakke kleur opgebreek en 'n gemarmerde effek verkry, soos in Sea en Homo Ludens. Ook wat die plasing van die kleure langsmekaar betref, het hy ge-eksperimenteer. Hy het dikwels die kleure oormekaar laat druk sodat dit, waar twee kleure mekaar ontmoet, feitlik 'n drie-dimensionele effek skep: Acrobats, Greek Sea, Girl and Bird. Alhoewel daar in Nesos feitlik deurgaans die invloed van Griekeland te bespeur is, is daar tog ook ander drukke wat die mens in die algemeen en sy aktiwiteite voorstel. So het hy byvoorbeeld op 'n keer besoek by 'n kollega, dr. M. Macnamara, afgelê, wie se seuntjie besig was om boom te klim en sy bene net-net deur die blaarkroon sigbaar was. Hierdie prentjie het Battiss beïndruk en hy het 'n vlugtige skets daarvan gemaak wat hy later tot die syskermdruk Boy in a tree verwerk het. Hierdie tema van seuns en bome het hy ses keer in ander syskermdrukke herhaal.<sup>68)</sup>

Die invloed van Griekeland spreek weer duidelik in 'n werk soos Timon of Athens waarin 'n voël op die kop van 'n jong seun uitgebeeld word. Die buitelyne van die kop en oë word slegs deur middel van 'n dun lyn aangetoon. Vir die agtergrond het hy die kleure op die syskerm gemeng en

---

68) Sien afbeeldings, 1966-1970.

met een of twee hale van die rubberstryker aangewend. In die gesig is 'n gemarmerde effek verkry. Hy het in hierdie werk naby gekom aan die effek wat hy in sekere van sy olie-verfskilderye verkry het: die seun se gesig herinner aan die olie-verfskilderye waar hy die olieverf op sy paletmes of glas meng en dik op die doek gesmeer het. Die omlýning van die voël en kop herinner aan daardie olie-verfskilderye waarin hy die buitelyn van die voorwerpe in die olieverf krap.

In 1969 was Battiss besonder aktief besig met sy eksperimentering met syskermdrukke. Hy het naamlik onder andere 'n afdruk gemaak deur middel van 'n aantal reken-outomaatbande, gekombineer met 'n realistiese voorstelling van 'n mansfiguur. Hierdie werk, getitel Apollo, is besonder geslaagd: die stippeleffek wat deur die verskillende kleure geskep word, is treffend teen die rondings van die menslike figuur en skep 'n lewendige stemming. Hy het hierin weer eens gepoog om die mens van die twintigste eeu in stryd teen die masjien-georiënteerde samelewing voor te stel.

Hy het in dieselfde jaar begin om van die dienste van kommersiële drukkers in München en Londen gebruik te maak.<sup>69)</sup> Hierdeur het hy 'n nuwe element in sy syskermdrukke gebring, naamlik fotografie. Hierdie werke is minder geslaagd en doen tot 'n mate afbreuk aan Battiss se ander werke in hierdie medium wat van uitmuntende gehalte is. In die werke waarin fotografie geïnkorporeer is, speel die kunstenaar se hand 'n ondergeskikte rol. Sy enigste bydrae is die neem van die foto, die bepaling van die ontwerp en die keuse van die kleure. Voorbeelde hiervan is Chalk Farm, London; Nagmusiek; Naakfiguur en Mystery. In laasgenoemde werk het Battiss 'n foto van 'n man in 'n deur gebruik en daarop geskryf, asof dit die persoon se gedagtes was: "How can I know where I am when I don't know who I am?" Hierdie werk is 'n weerspieëling van die onsekerheid van die twintigste-eeuse mens. Dikwels het hy ook 'n tekening gemaak en dit

---

69) Sien hoofstukke 1.8.1 en 2.4.

laat fotografeer en verklein om as agtergrond vir 'n syskermdruk te dien, byvoorbeeld Mythical Face, Tinguely and his Machine en Floating Goddess. In enkele gevalle het hy 'n gedeelte van een syskermdruk met 'n ander kleiner druk toegeplak om sodoende die effek van collage te kry: Four women. 'n Ander werk waarin hy van collage gebruik gemaak het is Seychelles que J'aime. Hierdie syskermdruk is saamgestel uit 'n foto van die Coco de Mer-vrug en seëls van die Seychelles-eilande wat daarop geplak is, en is deur Chris Betambeau in Londen gedruk.

Ook in 1969 het die "Graphic Club of South Africa" een van Battiss se olieverfskilderye, Limpopo, tot 'n syskermdruk gemaak. Dit is 'n onbevredigende toepassing van die tegniek: "Printed reproductions of art works in other media — gouache, watercolor, oil, and so on — no matter how aesthetically pleasing, are not to be considered original prints".<sup>70)</sup>

In 1970 het Battiss saam met sy kollegas by UNISA en Fred Schimmel, die eerste syskermdruk-uitstalling in Suid-Afrika gereël.<sup>71)</sup> In die inleiding tot die katalogus gee hy sy opinie van dié syskermdrukproses: "Dit is 'n veeleisende grafiese vorm aangesien afdrucke deur die kunstenaar gekontroleer moet word — veral gedurende die eerste proefprosesse: Litografie en die skermafdruk (sifdruk) maak albei van die gestippelde fotografiese skerm sowel as vlymskerp harde kante gebruik. Kunstenaars wat steun op newelkuns vir effek by monotypes, etse en akwatinte sal nie ver vorder in die skerp gedefinieerde proses nie".<sup>72)</sup>

Gedurende die afgelope twee jaar het hy hom veral op syskermdrukke toegespits en het weinig olieverfskilderye uitgevoer. Jong kunstenaars het hom op groot skaal bygestaan by die maak van die drukke: Melvyn Burger, Andries

---

70) Heller, J: Printmaking Today, p.4.

71) Sien hoofstuk 6.1.2.

72) W.B: Syskermuitstalling: katalogus, UNISA, 6-30 Junie 1970.

de Villiers, Andrew Todd, Jan van Vuuren en Robert Westenburg.<sup>73)</sup> Hy het veel minder van foto's gebruik gemaak, maar hom toegelê op groot vlakke helder kleure byvoorbeeld in Conversation, Bird, man, tree en Astarte. In die jongste tyd plaas hy 'n hele aantal afsonderlike voorwerpe in die drukke, sodat dit soms selfs die indruk skep dat hulle nie 'n integreerende geheel vorm nie, byvoorbeeld The problem of picking flowers while falling through space, Goodbye-goodbye, Windblown people, Man feeding his precious pet, Something like an elephant, Cat en Tarentaal. Battiss se kalligrafie het ook weer 'n rol in sy syskermdrukke begin speel sodat hy selfs die naam van die werk in sy eie alfabet daarop aanbring sodat dit soos deel van die komposisie lyk: Flesh in the pan en Desert. Tydens sy afgelope besoek aan Londen het hy sy eerste syskermdrukke in 'tricolour' gemaak wat die effek van glansryke verf gee: Die aktrise.

'n Aantal pornografiese poskaarte, wat hy as eroties beskou en wat hy van Griekeland af saamgebring het, het hy in sy syskermdrukke geïnkorporeer byvoorbeeld in Tinguely and his machine<sup>74)</sup> en Nude figure waarmee hy waarskynlik gepoog het om die Raad van Beheer op Publikasies uit te tart.<sup>75)</sup> Hy het hom in die jongste tyd veral op erotiese werk toegespits byvoorbeeld in 'n stel van ses syskermdrukke wat hy Island of Love noem, Horse and butterfly, Adolescent elephant and flower en ook Rare plant, Their fathers wanted them to be boys, Girl moving her legs en Orgy I en Orgy II. Hierdie werke bestaan veral uit verlengde en verstrengelde naakte figure in erotiese houdings. Daar het heelwat polemiek in die pers ontstaan oor die vraag of hierdie werke wel as erotiese kuns beskou kan word en of dit pornografiese

---

73) Battiss, W: Persoonlike mededeling, 31 Oktober 1973.

74) Hy het ook 'n foto van die kunstenaar Tinguely gebruik waar hy besig was om aan 'n beeldhoustuk te werk.

75) Battiss sê dat dié Raad nie kan onderskei tussen pornografie en Michelangelo se Dawid nie.



werk is.<sup>76)</sup>

Die hoofteema in sy syskermdrukke is die mens en sy aktiwiteit. Dié is in die meeste gevalle met uitbundige vrolikheid voorgestel. In enkele uitsonderlike gevalle skemer die invloed van die rotskuns nog deur soos in Safari, Mantis Dance, Winter Shepherd en Bushman Dance.

Die belangrikheid van Battiss se syskermdrukke lê juis in die groot vlakke helder kleure wat hy gebruik en die vrolike, lewendige en opgewekte stemming wat hy oordra, sowel dat hy hierdeur steeds met nuwe vorms en idees kon eksperimenteer.

#### 4.9 Fotografie

As jong skoolseun van agt jaar het Battiss reeds belangstelling in fotografie getoon.<sup>77)</sup> Hy vertel ook dat hy op Fauresmith as matriekseun die dorpsfotograaf was.<sup>78)</sup>

Sy belangstelling in die rotskuns het vereis dat hy oor 'n deeglike tegniese kennis van fotografie moes beskik. Hy het dan ook gedurende al sy jare van navorsing tot 'n groot mate van fotografie, tesame met kopiëring gebruik gemaak vir die dokumentering van die rotskuns. Party van sy voortreflike foto's het byvoorbeeld in sy boek The Artists of the Rocks verskyn.

---

76) Rudden, B: Battiss turns to 'wider areas of erotic art'. Sunday Times, 2 Desember 1973; Skinny dipper Battiss wants nude bathing. Sunday Times, 2 Desember 1973; Dis pornografie, sê kunskeners. Die Transvaler, 3 Desember 1973; Wessels, B: Orgy II laat my skaam kry. Die Vaderland, 5 Desember 1973; Konya, P: Erotic art is certainly not pornography. Pretoria News, 13 Desember 1973.

77) sien afbeelding, 1914: Foto van Battiss se broer en suster deur hom op agtjarige ouderdom geneem.

78) Bylaag 1.

Eers vanaf ongeveer 1960 het hy egter fotografie as volwaardige kunsvorm begin ondersoek.<sup>79)</sup> In sy boek Limpopo het hy vry algemeen van sy eie foto's gebruik gemaak.<sup>80)</sup> Die foto's is egter nie so geslaagd as sy skilderye of ander kunswerke nie. Ek glo dat die meeste amateur-fotografe onder dieselfde omstandighede dieselfde mate van sukses sou behaal het. As Battiss se foto's met dié van byvoorbeeld Emil Schulthess oor soortgelyke onderwerpe vergelyk word,<sup>81)</sup> kom die gebreke in Battiss se pogings baie duidelik na vore.

Op bladsy 92 van Limpopo verskyn 'n foto van die gesig van 'n seun. Om die effek van insekte — skoenlappers of vlieë — wat voor die persoon rondartel te verkry, het Battiss op die foto geteken. Wat oorspronklik 'n relatief swak foto was is deur die bytekening verder bederf.

Sy foto's van die Karoo<sup>82)</sup> is almal op growwe grein papier gedruk, waarskynlik om die effek van 'n dorre, droë landskap te verkry. Dieselfde effek kon egter deur 'n stel goeie verteenwoordigende foto's bereik word. Die foto's van die Limpoporivier is ewemin volgens standaard: onderbelig, uit fokus, swak gekomponeer en plek-plek met te veel kontras afgedruk. Waarskynlik die swakste foto in die boek is 'n saamgestelde foto wat Zimbabwe voorstel.<sup>83)</sup> Die foto's van kremetartbome<sup>84)</sup> vergelyk ook swak met soortgelyke foto's wat in Lantern afgebeeld is.<sup>85)</sup>

---

79) Battiss gebruik meesal 'n Hasselblad-kamera  $2\frac{1}{4} \times 2\frac{1}{4}$  dm, stadige film. Hy verkies kleur bo swart en wit.

80) The Cobbler who didn't stick to his last. News/Check, 24 September 1965, p.61.

81) Schulthess, E: Africa.

82) Battiss, W: Limpopo, pp.71, 75, 81, 84, 97 en 107.

83) Ibid., p.106.

84) Ibid., pp.77, 105 en 111.

85) Schoonraad, M: Die Kremetartboom of Baobab. Lantern, vol. 7 no. 3, 1958, pp.262-269.

Die kamera was egter vir Battiss 'n nuttige instrument om indrukke vinnig vas te lê, alhoewel hy nooit, soos die Impressioniste, vanaf foto's geskilder of grafiese werk gedoen het nie. Hy het meer onlangs wel begin om van sy foto's in sy syskermafdrucke te inkorporeer.<sup>86)</sup>

Alhoewel die kwaliteit van die foto's nie altyd na wense is nie, is die onderwerp wat hy wil vaslê gewoonlik interessant en skep hy tog 'n bepaalde stemming. So is sy landskappe meesal nie sonder die mens se teenwoordigheid daarin gefotografeer nie: hy wys 'n windmeul, 'n draadheining of voetspore. Hierdeur wil hy sê dat die mens deel van die landskap is. Ook boei die menslike liggaam Battiss, veral die afsonderlike ledemate: 'n oog, 'n hand, die rug van 'n man; of die verband tussen die mens en dier, byvoorbeeld 'n hand met 'n slang.<sup>87)</sup> Hierdie belangstelling in die menslike liggaam word ook in sy grafiese werk weerspieël.

#### 4.10 Illustrasies

Battiss het waarskynlik nooit daarvan gehou om illustrasies te doen nie,<sup>88)</sup> behalwe as dit vir sy eie boeke was wanneer hy dan vry was om sy eie inisiatief te gebruik en hy die illustrasies die vorm kon laat aanneem wat hom as kunstenaar ook bevredig het.

Battiss se eerste boek-illustrasies is in 1937 gedoen, naamlik dié in J. Albert Coetzee se boek In die Skadu van die Guillotine, wat in 1961 as Onder die Valbyl herdruk is, en dié in Nag deur Eugène N. Marais.<sup>89)</sup> Vir elk van die twee boekies het hy slegs een pen-en-ink tekening gedoen, wat relatief geslaagd was.

---

86) Sien hoofstuk 4.8.

87) Battiss, W: Limpopo, p.99.

88) Battiss, W: Brief, 16 Junie 1943: "... doing nasty little illustrations that nag at one's eyes like ants".

89) 1937.

In Stories vir Almal, 'n serie leesboekies deur A.K. Bot et al wat in 1938 verskyn het, het Battiss 30 illustrasies gedoen, en in Die ontwikkeling van Onderwys in Transvaal 1836-1951 deur dieselfde skrywer<sup>90)</sup> het hy by die aanvang van elk van die 22 hoofstukke 'n fynlyn pen-en-ink tekening gemaak.

Die illustrasies in die leesboekies is nie baie geslaagd nie en hy het hulle waarskynlik met die oog op die uiteindelijke kinder-lesers uitgevoer en nie as kunswerke benader nie. In hierdie serie slaag hy wel daarin om in die meeste illustrasies 'n atmosfeer wat aanpas by dié in die teks, te skep. In Stories vir almal, St. V, "Sondagskindjie",<sup>91)</sup> illustreer hy 'n seun en dogter wat na hul pasgebore sussie staan en kyk. In die tekening word 'n slaapkamer van 'n tipiese Afrikanerhuisgesin in die dertigerjare voorgestel: teen die muur hang 'n ovaalvormige foto van een van die voorouers en 'n bordjie met "God is liefde" in sierskrif. Die pasgebore baba lê egter in 'n groot bed van 'n volwasse persoon, met 'n donscombors toegemaak. Die gesigte wat uitgebeeld word in Stories vir Almal, St. IV en V<sup>92)</sup> is tipies van dié van die landelike volk van Suid-Afrika. Battiss het in die Oranje Vrystaat grootgeword, op Rustenburg gewerk en dikwels daarna plase in hierdie omgewing besoek. Dit het hom waarskynlik die agtergrond gegee om die inwoners van die platteland en hulle leefwyse so effektief te kon weergee. Die skooldogters in die St. V-boekie<sup>93)</sup> skep egter die indruk dat hulle op 'n Engelsmedium-skool is, waarskynlik as gevolg van die jurke en panamas en die kort reguit haarstyle. Die tekening van 'n baba in die St. IV-boekie kom baie ooreen met dié wat hy van dr. P. Bodenstein<sup>94)</sup> in 1927 gemaak het.

---

90) 1951.

91) Bladsy 74.

92) Bot, A.K. et al: Stories vir Almal, 1938, St. IV: p.171; St. V: pp.9, 157 en 170; St. VI: pp.21 en 77.

93) Ibid., St. V: pp.101 en 108.

94) Ibid., St. IV: p.31. Dr. P. Bodenstein, tans (1973) L.V. in Rustenburg.

Battiss het waarskynlik per geleentheid van foto's af gewerk om 'n gelykenis te verkry, byvoorbeeld die illustrasie van Alfred Nobel.<sup>95)</sup> Wanneer hy 'n skilderkunstenaar voorgestel het,<sup>96)</sup> was die tekening merkbaar minder geforseerd en die skilder toon 'n mate van ooreenkoms met Battiss self.

Alhoewel daar 'n aantal swak tekeninge in die boekies is, byvoorbeeld dié van 'n wolf op bladsy 85 van die St. IV-boekie en sommige styf en geforseerd, is die grootste aantal geslaagd, en daar is 'n aantal wat besonder suksesvol is en wat as kunswerkies beskou kan word byvoorbeeld Groenoog en Die myn.<sup>97)</sup> Die beste tekeninge is in die boekies vir die ouer kinders. Dit gee daartoe aanleiding om te dink dat Battiss in die boekies vir jonger kinders hom tot so 'n mate ingespan het om die tekeninge vir die kleuters aanvaarbaar te maak dat die tekeninge hul spontaneïteit verloor het. Sodra hy hom vry gevoel het om vir ouer persone te teken, het die kwaliteit van die werkies baie verbeter.

In Die ontwikkeling van Onderwys in Transvaal 1836-1951 is die illustrasies nie slegs as kunswerkies geslaagd nie, maar die inhoud wat uitgebeeld is, is kultuurhistories van belang: daar word byvoorbeeld gewys hoe die Uniegebou en die Staatsmodelskool in 1935 daar uitgesien het.<sup>98)</sup> Op bladsy 24 kom 'n tekening van die Akropolis in Athene voor. Aangesien Battiss op hierdie stadium nog nie die buiteland besoek het nie, is dit interessant om hierdie tekening met dié wat hy van dieselfde onderwerp in die sestigerjare gedoen het, te vergelyk.

Battiss het self melding gemaak van verdere illustrasies wat hy gedoen het: "The Basuto Morija Printing works have

---

95) Ibid., St. VI: p.96.

96) Ibid., St. IV: p.103.

97) Ibid., St. VI: p. 150 en p.70.

98) Ibid. pp. 74 en 28.

now sent me the 8 illustrations to do, with a request to illustrate two further books".<sup>99)</sup> Hierdie publikasies kon egter nie opgespoor word nie. Die sestien illustrasies wat hy in The Little Jacaranda Tree<sup>100)</sup> gedoen het, is baie in die trant van dié in die leesboekie-reeks, maar is in sommige gevalle effens kinderlik. In The Artists of the Rocks is Battiss se illustrasies baie meer suksesvol. Die elf tekeninge beeld almal prehistoriese mense uit wat in opgeruimde stemming besig is met hul dagtaak in die felle sonlig.

Hierna verloop 'n periode van 27 jaar voordat hy hom weer tot 'n illustrasie wend: hy doen die ontwerp vir die buiteblad van S. Beiles se digbundel Ashes of Experience in 1969. Dit toon die gesig van 'n man in vlamme gehul en is waarskynlik 'n houtsnee. Hy maak daarby die aanmerking dat "The artist's value is that he exists. Everything that he does is a part of his art. His visible art form may be the ashes of his genuine existence. His poem is the ashes of his experience".<sup>101)</sup>

In 1936/37 is van sy tekeninge as buiteblad-illustrasies vir Die Huisgenoot gebruik: Springbokke, Landskap naby Pretoria, 'n Kat met haar werpsel en Drie Klein Voortrekker-tjies.<sup>102)</sup> In die Springbok-ontwerp het hy foutieflik die ooie met horings aangedui. Hierdie fout het, interessant genoeg, geen reaksie van die lesers uitgelok nie en niemand het die aandag van die redaksie daarop gevestig nie.<sup>103)</sup> Hierdie illustrasies is besonder goed, veral as die kwaliteit drukwerk en papier, en die beperkte hoeveelheid kleure waarmee hy kon werk in gedagte gehou word.

---

99) Battiss, W: Brief, 13 Julie 1941.

100) Merritt, E.E: The Little Jacaranda Tree, 1942.

101) Beiles, S: Ashes of Experience, 1969.

102) Opeenvolgend op 26 Maart 1937, 15 Mei 1936, 12 Junie 1936 en 11 Desember 1936.

103) Administratiewe Redakteur, Die Huisgenoot — Schoonraad, 16 Mei 1973.

#### 4.11 Tekstielontwerp

Battiss het sy hand twee keer aan die tekstielontwerp gewaag en beide pogings was uiters suksesvol.

In 1948 het die Suid-Afrikaanse Delswa-fabriek 'n aantal rolle rokmateriaal laat druk, blykbaar in Ierland, waarvan Battiss die ontwerp gedoen het.<sup>104)</sup> Die agtergrond van die materiaal was effe geel en daarop is Boesmanagtige mensfiguurtjies in 'n blou enkel lyn aangebring. Die skaduwee van die figure is vol wit.<sup>105)</sup> Plek-plek het drie figure direk langsmekaar voorgekom, sodat hulle aan mekaar raak. Hierdie komposisie kom sterk ooreen met dié van mensfigure wat in 'n prehistoriese rotsskildering op die plaas Tandjiesberg, Ladybrand, O.V.S. aangetref word.<sup>106)</sup> Die materiaal is ook vervaardig in 'n agtergrond van effe rooi en groen, was baie gewild en is binne 'n kort rukkie uitverkoop.

Battiss het ook die ontwerp van die gordyne vir die Culemborg Hotel, Pretoria, behartig. Hy het weer eens die rotskuns as tema gebruik en stel vertikale rye bokke voor, een bo die ander, wat twee na links, twee na regs kyk en wat deur kleiner bokkies onder die mae van die groter bokke afgewissel word.<sup>107)</sup>

Deur die jare het hy altyd belanggestel in tekstielontwerp en hy het dan ook dikwels reeds voltooide, ligkleurige, effe materiaal met sy rotskuns en kalligrafiese motiewe gedekoreer. Terwyl hy op Pretoria Boys' High School skoolgehou het, het hy soms die seuns se dasse so met merking beskilder. In 1957 het hy 'n rok vir 'n dame versier wat sy

---

104) Battiss — Messrs. Jaff and Co., 16 September 1948; en Barbara Grace — Battiss, 15 Oktober 1948.

105) Sien afbeelding, 1948.

106) Battiss, W: The Artists of the Rocks, p.225.

107) Battiss — Schoonraad, 20 Februarie 1953.

na die opening van een van sy uitstallings gedra het.<sup>108)</sup>  
Hierdie ontwerp was oorwegend kalligrafies.

Baie van Battiss se kunswerke leen hulle goed daartoe om met modifikasie as tekstielontwerp gebruik te word. So het 'n mnr. Donigen van die V.S.A. in 1958 een van Battiss se olieverfskilderye, Beeste en wagers<sup>109)</sup> gekoop en dit met sy toestemming tot 'n tekstielontwerp verwerk.

Battiss se tekstielontwerpe was besonder geslaagd en hy sou hom waarskynlik meer daarop toegelê het as die geleentheid hom voorgedoen het.

---

108) Die Vaderland, 9 Oktober 1957.

109) Afgebeeld in die Rand Daily Mail, 10 Junie 1958.



## HOOFSTUK 5

## WALTER BATTISS AS GRAFIESE KUNSTENAAR

5.1 Bydrae van Walter Battiss tot die grafiese kuns in Suid-Afrika

Een van die grootste bydraes wat Battiss tot die Suid-Afrikaanse grafiese kuns gelewer het, is waarskynlik die bekendmaking en popularisering van die syskermdrukproses as suiwer kunsvorm. Hy was die eerste Suid-Afrikaanse kunstenaar om hierdie medium vry algemeen te gebruik, en die eerste kunstenaar om 'n volledige boek van syskermdrukke te maak, asook om 'n eenmanuitstalling, wat slegs uit syskermdrukke bestaan het, te hou.

Walter Battiss is een van die weinige Suid-Afrikaanse kunstenaars wat hom tot houtgraverings gewend het en werke van uitmuntende gehalte in hierdie medium gelewer het. Hy het die gebruik van Suid-Afrikaanse inheemse houtsoorte vir hierdie tegniek sowel as vir houtsneë ondersoek, die goeie kwaliteit van die houtsoorte vir dié doel herken en dit daarna konstant gebruik. Hy was die eerste kunstenaar in Suid-Afrika om 'n volledige uitstalling aan houtgraverings te wy en om 'n portefeulje kunswerke wat hoofsaaklik uit houtsneë bestaan het, die lig te laat sien. Bowendien is sy steendrukke oor die Suid-Afrikaanse platteland enig in hul soort. Hiervoor het hy 'n tegniek gebruik wat deur min kunstenaars in Suid-Afrika beoefen word.

Die inspirasie wat van Battiss na die jonger kunstenaars uitgegaan het is waarskynlik een van die belangrikste bydraes wat hy aan die kuns in Suid-Afrika kon lewer. Onder hierdie kunstenaars is Zakkie Eloff, Jack Lugg, M. Costello, Andrew Todd, Raymond Andrews, G. Hillhorst, P. Kolbe, W. Westbrook, C. Podlashuc, L. Scully, E. Labuschagne asook Gordon Vorster en Bettie Cilliers-Barnard.

Alhoewel Battiss feitlik van die staanspoor af as kunstenaar reeds sy eie idees gehad het, het hy hom aanvanklik by heersende, aanvaarde norme en standarde berus. Dit het egter gou geblyk dat hy nie gewillig sou wees om hom deurgaans aan hierdie omstandighede te onderwerp nie. Dit het aanleiding daartoe gegee dat hy in 1938 een van die medestigters van die Nuwe Groep geword het. Daarna was daar weinig kunsbewegings in Suid-Afrika waarin hy nie 'n vername rol gespeel het nie. Hy het die buiteland gereeld besoek en sodoende het hy die destydse moderne kunsbewegings leer ken, nuwe tegnieke aangeleer en deur middel van sy uitstallings hierdie nuwe gedagtes in Suid-Afrika bekend gemaak.

Toe hy in 1943 'n buitengewoon groot aantal grafiese werke in 'n verskeidenheid tegnieke uitgestal het, het hy 'n relatiewe nuwe veld betree. Die Suid-Afrikaanse publiek het op dié stadium geen groot waardering vir die grafiese kuns gehad nie en grafiese kuns was destyds hier ook nie op groot skaal beoefen nie. Feitlik slegs enkele werke van SÉNÈQUE (1896-1930) en Aschenborn (1888-1931) was beskikbaar, asook etse van Wenning en lino-sneë van Pierneef. Laasgenoemde twee kunstenaars was in hul benadering suiwer impressionisties-realisties, teenoor die werke van Battiss wat op hierdie stadium ekspressionisties georiënteer was. Na 'n periode van ontwikkeling het hy sy kuns gegrond op ons inheemse rotskuns, 'n benadering wat vir die dertigerjare ongehoord was. Sodoende het Battiss sy medekunstenaars beïnvloed om te besef dat 'n Europese benadering nie sondermeer op die Suid-Afrikaanse toneel oorgedra kan word nie. Battiss het hierdie belangstelling na die Bantoe-kuns oorgedra. Die inheemse kuns van Suid-Afrika maak derhalwe sy verskyning in Battiss se werk terselfdertyd as Preller (1911-) die Ndebele-kuns in sy werk begin gebruik het.

Na Battiss se tweede oorseese reis in 1949 het die Europese invloed weer vernuwing in sy kuns gebring. Deur middel van lesings en uitstallings het hy hierdie nuwe idees aan die jongere kunstenaars bekend gemaak. Hy was

dan ook waarskynlik die eerste kunstenaar om suiwer abstrakte werke in Suid-Afrika uit te stal.

Battiss het deur die jare sy styl so behou dat hoewel dit deur baie fases gegaan het en verander het, dit nogtans eg Afrika-gebonde gebly het. Sy gevoel vir kleur het baie jonger kunstenaars se oë laat oopgaan vir die moontlikhede van die Suid-Afrikaanse landskap.

## 5.2 Gevolgtrekking

Die grafiese kuns wat Walter Battiss gelewer het is deurgaans van uitmuntende gehalte. Ook sy teken-, waterverf- en gouache-werke waarop daar nie in detail in hierdie verhandeling ingegaan kon word nie, het 'n kwaliteit wat in sommige gevalle selfs dié van sy olieverfskilderye oortref. Sy grafiese werk is van so 'n hoogstaande gehalte waarskynlik juis omdat hy elke werk met groot sorg benader en uitgevoer het.<sup>1)</sup> Die uitvoering van elke grafiese werk is tydrowend: daar word op 'n relatief klein oppervlak gesny of gegraveer of geteken, elke proefdruk kan noukeurig bestudeer word en veranderings aangebring word indien nodig.

Daar moet verwag word dat daar in die kuns van enige kunstenaar hoogte- en laagtepunte sal wees. Daar het egter met die groei van Battiss se persoonlikheid ook in sy kuns verryking en verdieping gekom. Die duidelikste bewys hiervoor is dat hoe beter Battiss Afrika leer ken het, hoe meer het sy mensfiguur 'n simbool van die Afrika-mens geword en sy landskap die gees van Afrika aangeneem.

Toe Battiss in die twintigerjare sy loopbaan as kunstenaar begin het, het hy veral in die landskap belanggestel

---

1) Alexander, F.L: Kuns in Suid-Afrika sedert 1900, p.146: "Walter Battiss se gekleurde grafiek is van merkwaardige gehalte en lyk vir my beter as baie van sy skilderye wat ongelyk van kwaliteit is".

en hom grootliks op waterverfwerk toegespits. Hy het egter van die staanspoor ook in die grafiese kuns belanggestel. Alhoewel daar weinig persone was wat hom daadwerklik in hierdie rigting aangespoor het, het hy met tussenposes deur die jare die verskillende grafiese tegnieke beoefen, gaandeweg meer bedrewe daarin geraak en meer beïndruk deur die verskillende uitdrukkingsmoontlikhede. Hy het tot op daardie stadium geen kontak met die buiteland gehad nie en hy was dus toegewys op leiding wat hy hier ter plaatse kon ontvang. Hy het aanvanklik realisties en later impressionisties gewerk. Sy vroeëre lino-sneë is derhalwe suiwer uitbeeldings van die landskap soos hy dit waargeneem het. So het in sy werke vanaf 1922 tot ongeveer 1940 daardie onderwerpe voorgekom wat 'n mens in die Suid-Afrikaanse landskap meeste opval: beeste, skape en die diere van die veld, sowel as tekens van die invloed van die mens op die landelike toneel.

Na hierdie periode het Battiss die mens simbolies voorgestel en selfs die dier het vir hom 'n simbool van vergange dae geword. Hy het dan ook in sy grafiese kuns en skilderwerke vanaf 1940 tot ongeveer 1944 'n Boesmanagtige mens- en dierfiguur uitgebeeld wat sterk aan die rotskuns herinner het. Daar is gepoog om van hierdie figuurtjies direk in verband met soortgelyke figuurtjies op die rotse te bring. Daar kon egter nooit 'n doelbewuste nabootsing van 'n figuur wat in die rotskuns voorkom, in sy kunswerke gevind word nie. Hy het die rotskuns dus slegs as uitgangspunt gebruik en wat hy op die rotse gesien het, het hy versimboliseer en gestilleer, dit tot sy eie verwerk en in sy eie kuns toegepas. Hierdie werkwyse verskil van byvoorbeeld dié van Miró (1893-) wat die rotskuns van Spanje ook in sy kuns gebruik het, maar wat doelbewus elemente direk uit die rotskuns oorgeneem en dit in sy kuns oorgedra het.<sup>2)</sup>

---

2) Doepel, R: The Influence of Spanish art on Miro's development in Harmsen, F. (red.): Art and articles, 1973, pp.134-141.

In hierdie tydperk het hy ook 'n hoeveelheid keramiekstukke gedoen en uitgestal. Die potte, van klein formaat, het hy met Boesmanagtige figuurtjies en temas verfraai. In 1956 het hy 'n hoeveelheid geglasuurde teëls gemaak en dit gebruik om die badkamer van sy huis aan die Natalse kus te versier. Hierdie teëls is met nie-figuratiewe en kalligrafiese vorms gedekoreer. In 1970 het hy ook 'n teël vir die Mer-National Laboratoriums ontwerp. Die teël, wat 'n middel teen oorgewig geadverteer het, het 'n rotskunsmotief gehad.<sup>3)</sup>

- 
- 3) Die brosjure wat die teël vergesel het, het die ontwerp beskryf: "Die groot bultende sentrale figuur, wat swaarlywigheid verpersoonlik, domineer die geheelbeeld. Die swaar, swart omlýning, wat dien om gevange te hou sowel as om uit te sluit, beklemtoon nog meer die sentrale figuur se gewig, sy eensaamheid en afsondering.

Van alle kante is die figuur gebonde deur die sye van die teël. Die arms uitgestrek — 'n vergeefse gebaar van wanhoop en beweging is moeilik vir so 'n lompe massa. Die gesigsuitdrukking van die figuur weerspieël besonder sterk die angsvolheid van byna wanhopige hunkering.

Watter groter kontras met hierdie groot, geslagslose, swaarlywige wese kon professor Battiss gemaak het as juis die ligte, lenige Boesmanagtige stokfigure in sy komposisie in te bring? Die resultaat is om ons onmiddellik deur middel van skok onder die besef te bring van die ongelukkige benardheid waaronder 'n vet pasiënt verkeer.

Die slank stokfigure is natuurlik, lewenslustig en gesond. Hulle dans en bokkesprong met algehele vryheid van beweging en meer betekenisvol nog, in mekaar se geselskap.

In hierdie werk van Walter Battiss spreek die skelle kontras fel uit tussen *joie de vivre* en wanhoop, van energie met stadige, lomp beweging, van vreugde in die geselskap van 'n persoon se medemens met eensaamheid en afsondering, die probleme van oorgewig vanuit beide die mediese en sosiale oogpunte."

Na die periode waarin die rotskuns 'n groot rol in Battiss se kuns gespeel het, het sy kuns 'n ekspressionistiese uitbeelding aangeneem. In die laat veertigerjare het hy vir 'n kort tydperk suiwer abstrak geskilder. Vanaf ongeveer 1952 tot 1965 het hy sy kalligrafie gebruik in kombinasie met en af en toe afgewissel met figuratiewe kuns en wel die ekspressionisme.

Vanaf ongeveer 1965 het Battiss na 'n vorm van figuratiewe kuns teruggekeer, en wel suiwer ekspressionisme. Die inhoud van sy grafiese werk het die mens behels in al sy lewensfasette en -aktiwiteite, sowel as uitbeeldings van indrukke van sy kontak met die natuur: voëls, bokkies en akkedisse.

Hierdie kunsstyl is gevolg tot ongeveer die vroeë sewentigerjare wanneer sy mensfigure en diere simboliese vorms aanneem. Battiss se grafiese kuns bestaan in die jongste tyd dus uit lang, uitgerekte mensfigure in verstrengelde onnatuurlike houdings wat die hele oppervlak van die papier bedek. Die meerderheid van hierdie werke is erotiese uitbeeldings.

Hy het dus ontwikkel uit 'n suiwer realistiese stylvorm totdat hy vandag merendeels simbole uitbeeld.

Dit is nie moontlik om sy kuns streng in periodes in te deel nie. Hy sal dikwels byvoorbeeld op dieselfde dag 'n suiwer realisties/impressionistiese waterverfwerk en 'n simbolistiese syskermdruk doen. Hy noem homself wat dit betref 'n verkleurmanneling en vind daarin aansluiting by Picasso wie se werk ook moeilik in periodes afgebaken kan word.

Walter Battiss se styl kan opgesom word as plat uitgestrykte vorms sonder skadu- of driedimensionele werking en die gebruik van groot vlakke helder kleur.

## HOOFSTUK 6

### UITSTALLINGS, MUSEUMS EN OPENBARE VERSAMELINGS WAARIN WERKE VAN BATTISS VERTOON IS

#### 6.1 Uitstallings

##### 6.1.1 Inleiding

Met die oog op Walter Battiss se aftrede as professor en hoof van die Departement Beeldende Kunste van die Universiteit van Suid-Afrika, is 'n spesiale uitgawe van De Arte gepubliseer waarin onder andere 'n lys van uitstallings van Battiss verskyn het.<sup>1)</sup> Die lys van uitstallings in hierdie verhandeling is 'n hersiene en aansienlik aangevulde weergawe van die lys wat in De Arte verskyn het.

Die vorm wat sekere van Battiss se uitstallings aanneem is 'n bevestiging daarvan dat sy kuns nie onafhanklik van hom as mens gesien kan word nie. Sy "Ja-Nee" uitstalling<sup>2)</sup> het sommige kringe in Pretoria in beroering gebring. Die galery van die Suid-Afrikaanse Kunsvereniging was met die opening in donker gehul en die toeskouers het die kunswerke met flitsligte beskou. Die kunswerke het nie alleen olie- en waterverfskilderye, grafiese werke en briljante tekeninge ingesluit nie, maar ook onder andere ou verkeerstekens, koerant vertoon-opskrifte soos "Muis in baba se keel", 'n gips-vorm vir 'n gebreekte been, 'n broek, 'n graaf in sand gestek en 'n kroon van 'n Mapog-hoofman op 'n winkelkop. Daar was 'n skryfbord opgerig waarop die besoekers hul eie gedagtes en idees kon neerskryf. Battiss het gemeen om hierdeur die besoekers nouer by die uitstalling te betrek sodat hulle meedoeners kon word en nie slegs aanskouers sou bly nie. Op een stadium het almal op die vloer gesit, terwyl

---

1) Schoonraad, M: De Arte, vol. 10, Oktober 1971, pp.48-50.

2) Pretoria, Ou Nederlandse Bank-gebou, Suid-Afrikaanse Kunsvereniging: Ja-Nee uitstalling Deel I, 27 November - 9 Desember 1967.

Paul Behrens op sy kitaar getokkel en liedjies gesing het. Battiss het met twee projektors kleurskyfies wat hy in Griekeland geneem het, teen die plafon, mure, skilderye en mense vertoon.<sup>3)</sup>

By sy uitstalling in Pretoria in 1972<sup>4)</sup> het Battiss sy siening van die Seychelles-eilande gegee. Hy het nie slegs tekeninge en skilderye vertoon nie, maar die besoeker ook 'n kyk op die alledaagse lewe van die eilandbewoners gegee. Hy het onder andere 'n Toddy-boom<sup>5)</sup> uitgestal, landmetersvlae wat hy self beskilder het<sup>6)</sup> en 'n skildery van mev. Blanche M. Kokoroyannis met 'n beskrywing van sy indrukke van hierdie weduwee van La Digue.<sup>7)</sup> Op 'n bord is 'n aantal van die kunstenaar se eie spreuke geskryf. By sekere tekeninge het hy stukkies prosa geplaas wat hy self geskryf het, waarskynlik sodat die aanskouer sy werk beter kon verstaan. Hy het ook grafiti uitgestal: gekrabbel op die sinkmure van 'n bushalte-afdak.<sup>8)</sup>

Die eerste openbare kunsuitstalling waaraan Walter Battiss deelgeneem het was 'n eenmanuitstalling en het in Rustenburg in 1927 plaasgevind toe hy 21 jaar oud was.<sup>9)</sup> Op hierdie

- 
- 3) Reise na 16 Griekse eilande: Des. 1966 en Aug. 1967.
  - 4) Pretoria, Ou Nederlandse Bank-gebou, 30 Oktober - 11 November 1972.
  - 5) Toddy is 'n sterk drank verkry van die sap van die kokospalm en wat daagliks veral deur die werkers gedrink word. Battiss het 'n blaarloze boom in 'n tuin by 'n huis gesien waarvan die takke só afgesaag was dat die drinkers hul bekere, elkeen met die naam van die eienaar daaraan kon hang. Sien afbeelding van uitstalling, 1972.
  - 6) Landmetersvlae was vasgemaak aan mikstokke in plaas van enkel of gekruisde stokke. Sien afbeelding van uitstalling, 1972 en bylaag 8.
  - 7) Sien afbeelding: Blanche M. Kokoroyannis en bylaag 8.
  - 8) Ibid. Een van die sinkmure is op aanbeveling van die keurkomitee van die Suid-Afrikaanse Kunsvereniging voor die opening van die uitstalling verwyder, aangesien hulle sekere spreuke wat deur die publiek daarop aangebring is as onwelvoeglik beskou het.
  - 9) Rustenburg, Masonic-saal, 26-27 Augustus 1927.



uitstalling is sowel olie- as waterverfskilderye en tekeninge ten toon gestel. Sy eerste grafiese werk het Battiss op sy tweede uitstalling te Rustenburg vertoon en wel 'n aantal etse.<sup>10)</sup> In 1929 het hy vir die eerste keer houtsneë uitgestal, tesame met waterverfskilderye en tekeninge.<sup>11)</sup> Daarna moes elf jaar verloop voordat hy weer grafiese werk sou vertoon<sup>12)</sup>, alhoewel een van sy houtsneë in 1938 op die voorblad van die katalogus van die Oranje Vrystaatse Kunsvereniging se uitstalling te Bloemfontein verskyn het.<sup>13)</sup>

In 1943 het hy 'n besonder groot hoeveelheid grafiese werke uitgestal en dit is ook in dié jaar dat hy onder andere sy eerste monotypes<sup>14)</sup>, houtgraverings<sup>15)</sup>, gekleurde etse<sup>16)</sup> en gekleurde lino-sneë<sup>17)</sup> vertoon het.

In 1946, 1947 en 1950 het hy sporadies hout- en lino-sneë uitgestal<sup>18)</sup>, maar oor die algemeen het grafiese werk in die daaropvolgende elf jaar van 1943 tot en met 1954 'n relatief klein rol in die kuns wat hy uitgestal het, gespeel.

In 1954 het hy sy eerste serigrafie, tesame met 'n aantal skilderye uitgestal.<sup>19)</sup> Vir sover vasgestel kon word, was

---

10) Rustenburg, Masonic-saal, 27-30 Junie 1928.

11) Johannesburg, Lezard-kunsgalery, 25 Maart 1929.

12) Pretoria, Rutowitz-gebou, Maart 1940: Springbok (lino-snee), Zulu-girl (houtsnee); Port Elizabeth, Kunslokaal langs St. George-park, 26-30 Maart 1940: The Hunter (gekleurde lino-snee).

13) Bloemfontein, Stadhuis, OVS-vereniging vir Kuns en Kunsvlyt, 28 Maart - 2 April 1938.

14) Johannesburg, Gainsborough-galery, 8-17 Junie 1943.

15) Ibid.

16) Pretoria, Universiteit van Pretoria, MacFadyen-saal, 11-25 September 1943.

17) Durban, Munisipale kunsgalery, 5-17 Oktober 1943.

18) Pretoria, Christi-galery, 19 Oktober - 2 November 1946; Kaapstad, Argus-galery, 7-18 Oktober 1947; Pretoria, Galerie Vincent, 11-25 November 1950; Pretoria, Universiteit van Pretoria, Buitemuurse gebou, 17 Februarie 1950(?).

19) Pretoria, Galerie Nicol, 14-30 September 1954.

hy die eerste kunstenaar in Suid-Afrika wat werk in dié medium as kunswerk vertoon het. Tussen 1954 en 1969 het hy slegs enkele kere serigrawe en ander grafiese werk uitgestal.<sup>20)</sup> In 1969 het hy egter 'n totale uitstalling net aan houtgraverings gewy<sup>21)</sup> en in dieselfde jaar 'n ander uitstalling aan serigrawe.<sup>22)</sup> Van daardie tyd af was daar feitlik geen uitstalling van Battiss en veral geen eenman-uitstalling nie, wat nie ook grafiese werk bevat het nie. Hy het baie houtsneë en serigrawe uitgestal; die afgelope jare egter min lino-sneë en geen etse of monotipes nie. Litografiese werke het hy self nooit ten toon gestel nie, alhoewel 'n stel van twaalf wel te koop aangebied is.<sup>23)</sup>

Battiss het op datum aan sewe Biennale-uitstallings deelgeneem, naamlik vier in Venesië en drie in Sao Paulo.

'n Eenman-uitstalling in 1973 in Durban het slegs uit serigrawe bestaan net soos die uitstalling by Galery 21 in Johannesburg in dieselfde jaar.<sup>24)</sup> Gedurende die eerste helfte van 1973 het hy geen olieverfskilderye meer voltooi nie en het hy self slegs grafiese werk uitgestal.<sup>25)</sup>

---

20) Venesië: 27<sup>e</sup> Tweejaarlikse uitstalling, 1954; Johannesburg, Gainsborough-kunsgalery, 26 April - 9 Mei 1953; Pretoria, D.S. Vorster-galery, 5-16 Junie 1956 (uitnodigingskaartjie); Londen, Victoria and Albert Museum: International Colour Woodcut Exhibition, Junie 1956; Pretoria, Vorster-kunslokaal, 7-16 September 1961; Sao Paulo: Tweejaarlikse uitstalling, 1962; Johannesburg, Adler Fielding-galery, 31 Augustus - 11 September 1965; Pretoria, Ou Nederlandse Bank-gebou, 7-19 November 1966; Johannesburg, Adler Fielding-galery, 7 November 1967; Pretoria, Ou Nederlandse Bank-gebou, 27 November - 9 Desember 1968.

21) Durban, Walsh Marais-galery, 25 Februarie - 14 Maart 1969.

22) Johannesburg, Galery 101, 27 Oktober 1969.

23) Pretoria, Volks Afslaers, 4-6 Maart, 1970.

24) Durban, Walsh Marais-galery, 11-24 Maart 1973; Johannesburg, Galery 21, 24 Maart - 13 April 1973.

25) Geen olieverfskildery is meer vir uitstalling beskikbaar gestel nie en sover vasgestel kon word is geen olieverfskildery uit die kunstenaar se ateljee verkoop nie.

Hy het nooit enige rekord van sy uitstallings gehou nie. Daar vind deesdae selfs dikwels uitstallings plaas waarop van sy werke vertoon word, maar waarvan hy self nie bewus is nie. Kommersiële galerye wat van sy werke te koop aanbied, stel sulke werke soms vir spesiale uitstallings beskikbaar sonder om die kunstenaar daarvoor te raadpleeg.<sup>26)</sup> Sulke werke bly nog die kunstenaar se eiendom totdat dit verkoop is en dit is derhalwe reg dat hy sal weet waar sy skilderye uitgestal word. Battiss hou nie van groepuitstallings nie en dit behoort aan hom oorgelaat te word om te besluit of hy op 'n spesifieke uitstalling verteenwoordig wil wees al dan nie.<sup>27)</sup>

'n Aantal versamelings wat by afslaers te koop aangebied is, soos dié van Lezard en Kie. en Volks Afslaers, is by die hieropvolgende lys ingesluit, aangesien die versamelings in dié gevalle vir minstens twee dae voor die veiling, sowel as die dag van die veiling uitgestal is, en dit derhalwe as 'n uitstalling beskou is.<sup>28)</sup> Aangesien daar vroeër minder kunstgalerye was waar kunstenaars hul werke kon vertoon, het hulle dikwels van afslaerslokale gebruik gemaak om hul uitstallings in te hou.<sup>29)</sup>

Scully gee 'n lys van 24 uitstallings waaraan Battiss deelgeneem het vir die tydperk tot en met 1962.<sup>30)</sup> Die lys in hierdie studie kon vir die ooreenstemmende tydperk tot 132

---

26) Johannesburg, Galery 101: Die Mens, 27 Oktober 1969; Johannesburg, Galery 101: The Nude in 101; Johannesburg, Adler Fielding-galery: Dertiende Transvaal Academy, November 1966.

27) Rand Daily Mail, 11 November 1966; The Star, 9 November 1966; ook p.239 van hierdie verhandeling.

28) Johannesburg, Lezard & Co., 16 Augustus 1957; Pretoria, Volks Afslaers, 4-6 Maart 1970; Johannesburg, Duncan-saal, Currie Afslaers, 15-17 November 1971.

29) Johannesburg, Lezard-kunsgalery, 25 Maart 1929.

30) Scully, L: t.a.p., p.70

aangevul word, waarvan 45 eenman-uitstallings was. Hierdie lys behels in die totaal 241 uitstallings, waarvan 64 eenman-uitstallings was en 24 in die buiteland plaasgevind het. In die geval waar 'n uitstalling met dieselfde kunswerke van een sentrum na 'n ander rondgereis het is dit as een uitstalling beskou.

Daar is gepoog om uit koerant- en tydskrifverslae<sup>31)</sup>, sowel as uit katalogusse en bekendstellingskaartjies<sup>32)</sup> hierdie lys so volledig moontlik te maak. Die moontlikheid bestaan egter dat van Battiss se uitstallings my aandag ontglip het en nie by hierdie lys ingesluit is nie.

#### 6.1.2 Lys van uitstallings waaraan Walter Battiss deelgeneem het

- \* Eenmanuitstalling
- o Uitstalling in die buiteland

1927

- \* Rustenburg, Masonic-saal, 26-27 Augustus.

1928

- \* Rustenburg, Masonic-saal, 27-30 Junie.

1929

Johannesburg, Lezard-kunsgalery (met John Lawson),  
25 Maart-.

- \* Johannesburg, Herbert Evans & Co.-galery,  
4-8 September.

1931

Johannesburg, Selborne-saal: Twaalfde jaarlikse  
uitstalling van die South African Academy,  
16-28 Maart.

1932

Johannesburg, Lezard-kunsgalery, 22 Februarie-.

---

31) Sien Walter Whall Battiss : Bibliografie.

32) Name van uitstallings en lokale is in die lys sover moontlik verskaf soos aangegee op die oorspronklike katalogusse of bekendstellingskaartjies.

1934

Johannesburg: Vyftiende jaarlikse uitstalling van die South African Academy.

1936

Johannesburg: Rykstentoonstelling.

Pretoria, Pretoria Boys' High School : Aantal genooide Suid-Afrikaanse kunstenaars.

1937

Pretoria, Stadsaal: *Tentoonstelling van Suid-Afrikaanse Kuns*, Pretoria Musical Festival, 5-9 Oktober.

Johannesburg, Gainsborough-gallery: *Lente-uitstalling van Hedendaagse kuns, skilderye, beeldhou, tekeninge en etse*, 8-22 September.

\* Bloemfontein, Koffiehuis(?)

1938

Kaapstad: Eerste uitstalling van die Nuwe Groep, 4 Mei-.

Pretoria, Pretoriase Tegnieke Kollege, Pretoria Art Club, November 1938.

Pretoria, 'n Saal in Queenstraat: Tweede uitstalling van die Nuwe Groep, 23 November - 7 Desember.

1939

Johannesburg, Gainsborough-gallery: Nuwe Groep, 27 Februarie - 11 Maart.

Bloemfontein, Stadsaal: O.V.S.-vereniging vir Kuns en Kunsvlyt, 13-18 Maart.

Johannesburg, Selborne-saal: Twintigste Jaarlikse Uitstalling van die South African Academy.

1940

\* Pretoria, Rutowitz-gebou, Maart.

\* Port Elizabeth, Kunssaal langs St. George-park, 26-30 Maart.

Johannesburg, Selborne-saal: Een-en-twintigste Jaarlikse Uitstalling van die South African Academy, 6-18 Mei.

Johannesburg, Gainsborough-gallery: *Uitstalling van Suid-Afrikaanse Landskappe*, 4-29 Junie.

1941

Kaapstad, Argus-galery: Vierde Uitstalling van die Nuwe Groep, 5-19 Maart.

Pretoria, Libri-gebou (met Grace Battiss), 20-30 Augustus.

1942

Johannesburg, Gainsborough-galery (met Grace Battiss), 4-16 Mei.

Johannesburg, Duncan-saal, Stadsaal: Drie-en-twintigste Jaarlikse Uitstalling van die South African Academy, 10-22 Augustus.

Pretoria, Raworth-apteek, Kerkstraat 295 (met Grace Battiss), 26 September - 10 Oktober.

1943

\* Johannesburg, Gainsborough-galery, 8-17 Junie.

o Salisbury, Grand Hotel: Uitstalling van skilderye deur Maud Sumner en Engelse en Suid-Afrikaanse kunstenaars uitgesoek deur die Gainsborough-galery, 19-22 Julie. Hierdie uitstalling is ook na Bulawayo geneem, 24-31 Julie.

\* Pretoria, Universiteit van Pretoria, MacFadyen-saal, 11-25 September.

Johannesburg, Gainsborough-galery: Vyfde Uitstalling van die Nuwe Groep, 23 September - 9 Oktober.

Durban, Munisipale Kunsgalery, Natal Society of Artists (met Emily Fern), 5-17 Oktober.

Pretoria, Pretoriase Tegniese Kollege: Uitstalling van die Nuwe Groep onder beskerming van die Onderwysburo vir Volwasse en die Pretoriase Kunssentrum, 21 Oktober - 4 November.

1944

\* Kaapstad, Argus-galery, 5-19 Januarie.

\* Johannesburg, Gainsborough-galery (Sluit kopieë van pre-historiese rotsskilderinge in), 24 Oktober - 7 November.

1945

Port Elizabeth, Kunssaal: Maud Sumner en Gainsborough-galery, 21-26 Maart.

Kaapstad, Argus-galery: Sewende Uitstalling van die Nuwe Groep, 14-26 Mei.

Kaapstad(?), Suid-Afrikaanse Kunsvereniging-galery, Mei.

1945 (vervolg)

- \* Pretoria, Schweickerdt-gallery, 20 Augustus - 5 September.
- Johannesburg, Munisipale Kunsgalery Joubert Park: Ses-en-twintigste Jaarlikse Uitstalling South African Academy, 12-28 Oktober.
- \* Johannesburg, Gainsborough-gallery, 16-29 Oktober.
- Kaapstad, Argus-gallery: Lente-uitstalling van die Nuwe Groep, 4 Desember-.

1946

- Johannesburg, Gainsborough-gallery: *Hedendaagse kuns*, 7-25 Maart.
- \* Johannesburg, Gainsborough-gallery, 13-26 Augustus.
- \* Pretoria, Christi's, 19 Oktober - 2 November.

1947

- Kaapstad, Argus-gallery: Uitstalling van die Nuwe Groep, 21 Mei - 5 Junie.
- Johannesburg, Gainsborough-gallery: *Hedendaagse skilderye deur Suid-Afrikaanse kunstenaars*, 30 Sept. - 13 Oktober.
- \* Kaapstad, Argus-gallery, 7-18 Oktober.

1948

- Johannesburg, Gainsborough-gallery: Uitstalling van die Nuwe Groep, Maart.
- \* Pretoria, Schweickerdt-gallery, 16-31 Junie.
- o Londen, Victoria & Albert Museum: *Veertiende Internasionale Olimpiese Uitstalling*, 15 Julie - 14 Augustus.
- Pretoria, Kerkplein: Opelug-uitstalling, September(?).
- o Londen, Tate-gallery, Oktober.

1949

- \* Johannesburg, Constantia-gallery, 1-14 Oktober.
- o Rome, Galleria Nazionale d'Arte Moderna Mostra Internazionale dele Art Club, 6-30 November. (Ook Turyn)

1950

- Pretoria, Universiteit van Pretoria, Buitemuurse-gebou: *Uitstalling van hedendaagse Suid-Afrikaanse skilderye tekeninge en beeldhouwerk*, Suid-Afrikaanse Kunsvereniging, 17 Februarie (?).

1950 (vervolg)

- Kaapstad, I.D. Booksellers-gallery: Eerste uitstalling van die Kunsklub van Suid-Afrika, 25 April-31 Mei.
- o Londen, Thos. Agnew & Sons Ltd: *Nine South African Painters*, April-Mei.
- Johannesburg, Whippman-gallery: Eerste Transvaalse Uitstalling van Skilderye, Kunsklub van Suid-Afrika, 27 Junie-.
- Pretoria, Galerie Vincent, (met Maud Sumner en Alexis Preller), 3 Junie - 24 Junie.
- Kaapstad, I.D. Booksellers-gallery: Derde Uitstalling van die Kunsklub van Suid-Afrika, 28 Julie - 25 Augustus.
- o Salzburg, International Exhibition, Österreichischer Art Club, 17 Augustus - 10 September. Ook in Wenen 3 Oktober - 12 November.
- Bloemfontein, Stadsaal: 'n Keur-uitstalling van Suid-Afrikaanse skilderye en beeldhouwerke, 16-20 Oktober.
- Johannesburg, Whippman-gallery: Kunsklub van Suid-Afrika, Uitstalling van skilderye en beeldhouwerk wat oorspronklik deur die Internasionale Kunsklub in Rome en Turyn in 1949 vertoon is, 24 Oktober-.
- \* Pretoria, Galerie Vincent, 11-25 November.
  - o Venesië: Vyf-en-twintigste Tweejaarlikse Uitstalling.

1951

- Pretoria, Stadsaal: Kunsuitstalling van werke deur Suid-Afrikaanse Kunstenaars in privaatbesit van Pretorianers, 17 April - 1 Mei.
- \* Johannesburg, Gainsborough-gallery, 16-29 Oktober.
  - \* Pretoria, Galerie Vincent, 3-17 November.

1952

- Kaapstad, Suid-Afrikaanse Kunsvereniging-gallery, Kunsklub van Suid-Afrika, 5-15 Februarie.
- Pretoria, Galerie Vincent, Kunsklub van Suid-Afrika, 17 Junie-1 Julie.
- Kaapstad, Van Riebeeck - 300-jaar-fees: Uitstalling van hedendaagse Suid-Afrikaanse Kuns, deur die Suid-Afrikaanse Kunsvereniging vir die Sentrale- en Kunskomitees van die Van Riebeeckfees georganiseer.
